

**'n Missiologiese ondersoek na die rol van vaders
in die morele agteruitgang
van jongmense in die Dwarsrivier Vallei**

deur

Eugene Elmar Keet

2020881450

**Ingehandig in ooreenstemming met die vereistes vir die
graad**

Philosophiae Doctor

**aan die Departement van Praktiese en Missionale
Teologie**

Universiteit van die Vrystaat


Studieleier: Prof. Eugene Baron

Oktober 2023

VERKLARING

Hierdie werk is nie voorheen in die geheel of gedeeltelik ingedien vir die toekenning van enige graad. Dit is my eie werk. Elke betekenisvolle bydrae tot, en aanhaling in, hierdie proefskrif van die werk, of werke, van ander mense is toegeskryf, en is aangehaal en verwys.

Handtekening:



Datum:

23 Oktober 2023

Eugene Elmar Keet

ABSTRAK

Die afwesigheid van 'n vader of vaderfiguur binne die gesinsisteem is 'n groot probleem aangesien dit 'n vakuum in die ouerskapsrol laat ontstaan en 'n negatiewe invloed het op 'n gesin se vermoë om doeltreffend te funksioneer. Die navorsing fokus eerstens op die rol van biologiese vaders van jongmense tussen die ouderdomme van 12 tot 23 jaar. Die navorsing maak gebruik van 'n *World Café* navorsingsmetode, asook persoonlike onderhoude wat met leiers van vyf gemeentes gevoer is om die data vir die studie in te samel. Tydens die navorsing het die navorser ook vaderfigure ingesluit (moeders, voogde, ander agente wat die rol vertolk), wat toegelaat word binne 'n kritiese realis paradigma, en probeer vasstel hoe vyf gemeentes in die Dwarsrivier Vallei (DRV) vaders en vaderfigure bemagtig om hulle taak as missionale leiers en die bekamping van die morele verval van jongmense aan te spreek. Die bevinding van die studie sluit in: dat gemeentes 'n rol kan speel in die bemagtiging van vaders en vaderfigure deur onder andere die prediking, liturgie, en in wese 'n missionale gemeente te wees wat as 'n transformasieruimte vir vaders en vaderfigure kan dien.

DANKBETUIGINGS

God alleen verdien al die eer.

Aan my besonderse vrou Valencia en my pragtige kinders, Cara en Cullen.

My kollegas en vriende wat in my geglo het.

Aan my moeder Caroline Keet wat baie opgeoffer het om opvoeding vir al ons kinders moontlik te maak.

My oorlede broer Leon Keet wat baie opgewonde was aan die begin van my studies, maar ongelukkig nie die voltooiing hiervan kan sien nie.

My opregte dank gaan uit aan professor Eugene Baron wat my die geleentheid gegee het om my eie missiologiese denke te ontwikkel en my aangemoedig het om die navorsing betyds te voltooi.

My dank gaan uit aan die Universiteit van Vrystaat wat 'n beurs aan my toegestaan en my gedurende hierdie reis bygestaan het.

Ek wil graag erkenning gee aan my broers, susters en die groter Keet familie.

Diegene binne die geloofsgemeenskap van die Dwarsrivier Vallei wat my toegelaat het om impiriese werk binne hul ruimtes te doen.

Dankie aan die leiers van die verskillende kerke binne die Dwarsrivier Vallei vir hul entoesiasme rakende hierdie projek.

SLEUTELWOORDE

- Dwarsrivier Vallei
- Jongmense (12 tot 23 jaar)
- Missionale Kerk
- *missio Dei*
- *Missio Ecclesia*
- Missionale Vader
- Vaders
- Vaderfigure

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	I
ABSTRAK	II
DANKBETUIGINGS	III
SLEUTELWOORDE	IV
INHOUDSOPGAWE	V
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1. INLEIDING	1
1.2. AGTERGROND	2
1.2.1. Dwarsrivier Vallei.....	3
1.2.2. Vyf Gemeentes	8
1.2.2.1. Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika	8
1.2.2.1.1 Encounter Ministries	9
1.2.2.1.2 Anglikaanse Kerk.....	10
1.2.2.1.3 Congregational Kerk Pniel	12
1.2.2.1.4 Ou Apostoliese Kerk Kylemore	14
1.3. KONSEPTUALISERING VAN 'N AFRIKA-GESIN, VADERS, VADERSKAP EN VADERFIGURE	15
1.3.1. Gesin	16
1.3.2. Vaders	16
1.3.3. Vaderskap	17
1.3.4. Vaderfigure	19
1.4. LITERATUURSTUDIE	21
1.4.1. Morele verval van jongmense	21
1.4.2. Vaderloosheid.....	23
1.4.3. Missionale Taak.....	24
1.4.4. Missionale Vader en Vaderfigure in perspektief.....	28
1.5. PROBLEEMSTELLING	29
1.5.1. Navorsingsvraag.....	29
1.6. NAVORSINGSRAAMWERK EN METODOLOGIE	30
1.6.1. Navorsingsparadigma	30
1.6.2. Navorsingsontwerp.....	33
1.6.3. Praksissiklus van Magde Karecki.....	34
1.6.4. Dataversameling.....	36

1.6.4.1.	Semi-gestruktureerde onderhoude	36
1.6.4.2.	World Café.....	36
1.6.4.3.	Doelgerigte steekproefneming.....	39
1.6.5.	Data-analise	40
1.7.	ETIESE OORWEGINGS.....	42
1.7.1.	Rol van deelnemers	42
1.7.2.	Rol van navorser	42
1.7.3.	Aansporing vir deelname.....	43
1.8.	IMPAK VAN DIE STUDIE.....	43
1.8.1.	Samelewing	44
1.8.2.	Missiologies	44
1.8.3.	Ekklesiologies	44
1.9.	HOOFSTUK VERDELING	45

HOOFSTUK 2: DIE INVLOED VAN KONTEKSTUELE FAKTORE EN AFWESIGE VADERFIGURE

.....	48	
2.1.	INLEIDING	48
2.2.	KONTEKSTUALISERING.....	48
2.3.	KONTEKSANALISE	50
2.3.1.	Politiese faktore	52
2.3.1.1.	Apartheid	53
2.3.1.2.	Demokrasie.....	55
2.3.2.	Kulturele faktore	58
2.3.2.1.	Ubuntu	59
2.3.2.2.	Lobola.....	60
2.3.2.3.	Inhlawolo.....	61
2.3.2.4.	Inisiasie en besnydenis.....	61
2.3.3.	Ekonomiese faktore.....	63
2.3.3.1.	Werkloosheid	63
2.3.3.2.	Armoede	66
2.3.3.3.	Migrante arbeid.....	66
2.3.4.	Sosiologiese faktore	68
2.3.4.1.	Sosialisering	68
2.3.4.2.	Geslagsoriëntasie	69
2.3.4.3.	Vaders in Gevangenis-aanhouding.....	71
2.3.4.4.	Egskeidings	72
2.3.4.5.	MIV/Vigs	73
2.3.4.6.	Drankmisbruik/Dwelmverslawing	74
2.3.4.7.	Geweld.....	75
2.3.4.8.	Tienervaderskap	77
2.3.5.	Ekklesiologiese faktore.....	78

2.3.5.1.	Strukture binne die kerk.....	78
2.3.5.2.	Aanbidding en Liturgie.....	79
2.3.5.3.	Teologie van Kerke.....	81
2.3.5.4.	Patriargie.....	83
2.3.5.5.	Feminisme.....	87
2.4.	SLOTSOM.....	90

HOOFSTUK 3: N KONSTRUEERING VAN MISSIONALE VADERSKAP BINNE MISSIOLOGIESE

DISKOERS..... 91

3.1.	INLEIDING.....	91
3.2.	WÊRELSENDINGDISKOERS: EDINBURGH TOT WILLINGEN.....	91
3.2.1.	Die aanloop tot die Edinburgh Wêreldsendingkonferensie van 1910.....	91
3.2.2.	Die uniekheid van Edinburgh Konferensie van 1910.....	92
3.2.3.	Kritiese refleksie op die Edinburgh Konferensie van 1910.....	96
3.2.4.	Uitkomste en betekenis van Edinburgh Konferensie.....	97
3.3.	PARADIGMASKUIF IN WÊRELSENDINGDISKOERS.....	100
3.3.1.	Die aanloop tot die Willingen Wêreldsendingkonferensie van 1952.....	100
3.3.1.1.	Wêreldsendingkonferensie 1920: Cran, Switzerland.....	100
3.3.1.2.	Die Internasionale Sendingraad: 1921.....	101
3.3.1.3.	Wêreldsendingkonferensie 1928: Jerusalem.....	102
3.3.1.4.	Brandenburg Sendingkonferensie: 1932.....	103
3.3.1.5.	Wêreldsendingkonferensie 1938: Tambaram.....	104
3.3.1.6.	Wêreldsendingkonferensie 1947: Whitby, Kanada.....	106
3.3.2.	“missio Dei”: Willingen Wêreldsendingkonferensie van 1952.....	107
3.3.2.1.	Sentraliteit van die kruis.....	109
3.3.2.2.	God se solidariteit met die wêreld.....	110
3.3.2.3.	Sending is holisties.....	111
3.3.2.4.	Vestiging van die term missio Dei.....	113
3.3.3.	Die missionale impak van die Willingen Wêreldsendingkonferensie van 1952.....	113
3.3.3.1.	missio Dei: Klemverskuiwing.....	114
3.3.3.2.	Missio Ecclesia.....	116
3.4.	MISSIO DEI EN VADERSKAP.....	117
3.4.1.	missio Dei: Trinitêre Perspektief.....	118
3.4.1.1.	God die Vader in sending.....	121
3.4.1.2.	God die Seun in sending.....	121
3.4.1.3.	God die Heilige Gees in sending.....	122
3.4.2.	missio Dei: Vaderfigure.....	124
3.4.2.1.	Kenmerke van ‘n missionale vader.....	126
3.4.2.1.1.	Selfopofferende leefwyse.....	126
3.4.2.1.2.	Afhanklik van Heilige Gees.....	126
3.4.2.1.3.	‘n Lewe na buite gerig.....	127

3.4.3.	Missionale vaderfigure: shalom vir die stad	128
3.4.3.1.	Shalom as seën en algemene welstand	128
3.4.3.2.	Shalom as heelheid	129
3.4.3.3.	Shalom as God se normatiewe bedoeling	129
3.4.4.	Vaderfigure en Missionale bewustheid	130
3.4.4.1.	Vaderfigure as kwesbare mede-leerders	130
3.4.4.2.	Noodsaaklikheid van sterk onderliggende spiritualiteit	130
3.4.4.3.	Sendinggerigte leefwyse.....	131
3.5.	SLOTSOM	131

HOOFSTUK 4: N MISSIONALE EKKLESIOLOGIE IN VESTIGING VAN MISSIONALE VADERS 133

4.1.	INLEIDING	133
4.2.	MISSIO DEI EN MISSIONAAL: KONSEPTUELE BESPREKING	133
4.2.1.	Oorsprong van missionale diskoers	133
4.3.	HISTORIESE OORSIG: MISSIONALE KERK DISKOERS.....	135
4.3.1.	Noord-Amerika	136
4.3.1.1.	Die popularisering van die term missio Dei.....	136
4.3.1.2.	Gospel and Our Culture Network (GOCN) – die ontstaan	137
4.3.1.3.	Gospel and Our Culture Network (GOCN) - die impak	138
4.3.2.	Suid-Afrika	142
4.3.2.1.	Missionale Kerk in Suid-Afrika: Beginjare	142
4.3.2.2.	Missionale Kerk in Suid-Afrika: Tans	144
4.3.2.2.1.	Toenemende belangstelling.....	144
4.3.2.2.2.	Die Missionale Kerk as ontwrigtende beweging.....	146
4.4.	MISSIONALE EKKLESIOLOGIE	147
4.4.1.	Missiologie.....	147
4.4.2.	Ekklesiologie.....	148
4.4.3.	Missionale Ekklesiologie	149
4.4.3.1.	Definisie van Missionale Ekklesiologie	150
4.4.3.2.	Ontwikkeling van Missionale Ekklesiologie.....	151
4.4.3.3.	Missionale Ekklesiologie in Praktyk	152
4.4.3.3.1.	Missio Interupto	152
4.4.3.3.2.	Gemeentes as skeppings van die Gees	152
4.4.3.3.3.	Dissipelskap en Heiligmaking	153
4.4.3.3.4.	Sending as praxis	154
4.4.3.4.	Karaktertrekke van Missionale Ekklesiologie	154
4.4.3.4.1.	Sendinggefokus	154
4.4.3.4.2.	Familie van gelowiges	155
4.4.3.4.3.	Ondersoekend en dinamies.....	156
4.4.3.4.4.	Inkarnierend en kontekstueel.....	157
4.4.3.4.5.	Fokus op die Drie-Eenheid	158
4.4.3.4.6.	Relasioneel.....	158

4.4.3.4.7.	Gasvryheid.....	159
4.4.3.4.8.	Onderskeiding.....	160
4.4.3.4.9.	Kreatiwiteit.....	162
4.4.3.4.10.	Diakonia.....	163
4.5.	DIE MISSIONALE KERK EN DIE VORMING VAN VADERFIGURE	164
4.5.1.	Prediking as hulpmiddel vir vorming van vaderfigure.....	164
4.5.1.1.	Preekreeks.....	164
4.5.1.2.	Christus-gerigte prediking.....	164
4.5.1.3.	Praktiese prediking	165
4.5.2.	Aanbidding as hulpmiddel in die vorming van vaderfigure.....	165
4.5.2.1.	Korporatiewe aanbidding.....	165
4.5.2.2.	Aanbidding binne 'n veranderende kulturele konteks	166
4.6.	SLOTSOM	166

**HOOFSTUK 5: BEVINDING OOR DIE ROL VAN DIE VADER EN KERK IN MORELE VERVAL
BINNE DIE DWARSRIVIER VALLEI 168**

5.1.	INLEIDING.....	168
5.2.	INSAMELING VAN DATA.....	168
5.3.	ANALISERING EN BESPREKING VAN DATA: DIE PRAKSISIKLUS	168
5.3.1.	Die agentskap van vaders binne die konteks van die DRV	170
5.3.1.1.	Persepsie van die vaderrol	171
5.3.1.1.1.	Vaders se betrokkenheid is voordelig	171
5.3.1.1.2.	Pa is die rolmodel	174
5.3.1.1.3.	Vader is hoof van die huis.....	176
5.3.1.1.4.	Vaderrol is 'n funksie en nie 'n titel	178
5.3.1.1.5.	Nuwe geslag spandeer meer tyd aan kinders.....	179
5.3.1.2.	Historiese rol van kerk ten opsigte van vaderskap.....	180
5.3.1.2.1.	Hoof van die huis	180
5.3.1.2.2.	Rol van vader is 'n "goddelike roeping".....	181
5.3.1.3.	Samevatting.....	182
5.3.2.	Kontekstuele faktore wat vaderskap beïnvloed.....	183
5.3.2.1.	Probleme in die praktyk	183
5.3.2.1.1.	Diskonneksie tussen Christelike reël van vaderskap en praktyk.....	183
5.3.2.1.2.	Dominerende rol van moeders.....	185
5.3.2.1.3.	Vaders in gevangenis aanhouding en egskeidings.....	185
5.3.2.1.4.	Swak aardse vader skend kind se Godsbeeld binne Christelike konteks	187
5.3.2.1.5.	Ontoereikende leiding aan vaders	188
5.3.2.1.6.	Sosiale omstandighede beïnvloed gesonde vaderskap.....	189
5.3.2.1.7.	Gebrek aan rolmodelle	190
5.3.2.2.	Samevatting.....	191
5.3.3.	Deelnemers se teologiese refleksie rakende vaderskap.....	192
5.3.3.1.	Deelnemers se interpretasie van sekere Skrifgedeeltes.....	193

5.3.3.1.1.	Christen vaders is ondersteunend	193
5.3.3.1.2.	Vaders kan lei vanuit kwesbaarheid	193
5.3.3.1.3.	Vaders as priesters.....	194
5.3.3.1.4.	Vaders se geloof is oorerflik.....	195
5.3.3.1.5.	Nie-biologiese vaders vorm deel van God se plan.....	195
5.3.3.1.6.	Christen vaders vergewe, neem terug en omarm	196
5.3.3.1.7.	Geloof en daad	197
5.3.3.1.8.	Christen vaders gee leiding en struktuur	197
5.3.3.1.9.	Christen vaders rus kinders toe	198
5.3.3.1.10.	Geen voorkeurbehandeling.....	199
5.3.3.1.11.	Missionale bewustheid.....	200
5.3.3.2.	Samevatting.....	201
5.3.4.	Strategieë om positiewe vader/vaderfiguur betrokkeheid aan te moedig ten einde morele agteruitgang van jongmense teen te werk.	202
5.3.4.1.	Fokus op gemeenskap onder manne, kleingroepbesprekings.....	202
5.3.4.2.	Help vaders om hulle goddelikke roeping te verstaan	203
5.3.4.3.	Verduidelik dat ouerskapsrolle omruilbaar is	204
5.3.4.4.	Skep platvorms om vaders te bemagtig.....	205
5.3.4.5.	Ondersteuning aan geskeide en enkelvaders.....	208
5.3.4.6.	Ondersteuning aan enkelmoeders.....	211
5.3.4.7.	Mans bedien Woord en neem verantwoordelikheid.....	213
5.3.4.8.	Huweliksbegeleiding en ouerskap	214
5.3.4.9.	Samevatting.....	215
5.4.	SLOTSOM	217
HOOFSTUK 6: KONKLUSIE EN AANBEVELINGS.....		218
6.1.	INLEIDING	218
6.2.	MISSIOLOGIESE REFLEKSIE: VADERSKAP EN MORELE AGTERUITGANG VAN JONGMENSE	218
6.2.1.	Benadruk die priesterskap van alle gelowiges	218
6.2.2.	Omarm vroue-leierskap in kerke	220
6.2.3.	Vaders binne 'n vaderfiguurparadigma	221
6.2.4.	Missionale vaderskap as opofferende en onselfsugtige handeling.....	221
6.2.5.	Posisioneer kerk as shalomsoekende agent.....	223
6.2.6.	Missionale Ekklesiologie relasioneel in stede van hiërargies	224
6.2.7.	Gebruik kunsvorme as bewusmaking	225
6.2.8.	Vaderskap vanuit ekonomiese kwesbaarheid.....	227
6.2.9.	Verstaan konteks van jongmense	228
6.3.	TOEKOMSTIGE NAVORSING	229
6.4.	OORSIG VAN HOOFSTUKKE.....	230
6.5.	SLOTSOM	231

BRONNELYS.....	233
ADDENDUM A (ETIESE KLARING).....	274
ADDENDUM B (DEELNEMER PROFIEL: WORLD CAFÉ).....	275
ADDENDUM C (DEELNEMER PROFIEL: FOKUSGROEP).....	276
ADDENDUM D (VRAELYS AAN DEELNEMERS: WORLD CAFÉ EN FOKUSGROEP)	277
ADDENDUM E (VRAELYS AAN KERKLEIERS)	279

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1. INLEIDING

Morele agteruitgang of degenerasie is 'n wydverspreide uitdaging wat menige gemeenskap affekteer, ook in die Suid-Afrikaanse konteks. Die media berig voortdurend oor die toenemende agteruitgang wat duidelik sigbaar word in sosiale verval soos 'n gebrek aan dissipline en selfdissipline, geweld, armoede, stygende werkloosheid, hoë misdaadkoers, losbandigheid, vandalisme en korrupsie.¹ Literêre studies toon dat daar 'n duidelike verband tussen afwesige vaders en morele verval is, veral onder jongmense (Jansen, 2021:52). In hierdie studie sal die navorser probeer vasstel of die morele verval van jongmense in die Dwarsrivier Vallei (DRV) verbind kan word aan die fenomeen van die afwesige vader en vaderfiguur en die tradisionele rol wat van vaders verwag word. Die navorser sal vanuit gesprekke met vaders, vaderfigure en jongmense kan vasstel of vaders voldoende toegerus is om die rol van 'n vader te vertolk. Die rol van gemeentes in die aanspreek van die navorsingsprobleem geniet aandag in die studie, omdat gemeentes ook 'n missionale agent binne die *missio Dei*-paradigma is om sulke uitdagings die hoof te bied en vaders en vaderfigure te bemagtig.

In die lig van die bevindings voorspruitend uit die studie sal die navorser moontlike riglyne probeer ontwikkel wat vaders, vaderfigure, en gemeentes instaat kan stel om ten einde die uitdaging aan te spreek. Dit sluit in die rol van vaders as missionale leiers, bemagtiging van enkelmoeders, effektiewe dissipelmaking onder jongmense, en die belangrikheid van mentorskap. Die inligting wat verkry word uit die tesis sal die geloofsgemeenskap help om te reflekteer oor hulle rol rondom die ontwikkeling van jongmense en die bemagtiging van vaderfigure.

Die navorser maak gebruik van Karecki se praksissiklus (toepaslik in missiologiese studies) as teologiese metode om die studie en navorsingsvrae te konstrueer.

¹ <https://www.news24.com/news24/opinions/columnists/guestcolumn/opinion-moral-decay-is-here-to-stay-if-we-dont-rebuild-our-ethical-leadership-20230613>, <https://mg.co.za/thoughtleader/opinion/2023-04-18-do-we-want-schools-to-babysit-our-children-for-12-years-or-to-teach-them/>, <https://www-iol-co-za.webpkgcache.com/doc/-/s/www.iol.co.za/the-star/news/latest-crime-statistics-reveal-that-south-africa-has-become-a-violent-country-825c76ad-1c10-4b03-811d-4666b8c8c91b>

Volgens Kritzinger (2002:149) is die praksissiklus 'n kollektiewe, lewensveranderende aksie waarin besinning, gebed en aksie geïntegreer word (Kritzinger, 2002:149). In die konteks van die metodologie help die praksissiklus van Kritzinger die navorser eerstens om te verstaan hoe vaders tans hulle rol as God se agente (missionale leiers) in die wêreld verstaan en hoe hulle identifiseer of nie identifiseer nie met jongmense en morele vorming. Dit gaan dus hier oor hoe vaders hulleself verstaan en hoe hulle wil hê ander moet hulle rol en funksie verstaan (Baron, 2020:11). Kritzinger beskryf hierdie spanning as die “self-identifikasie en self-kennis” kontinuum (2008:76). Dit gaan tweedens oor hoe die kontekstuele faktore vaderskap beïnvloed. Derdens help die siklus die navorser om te reflekteer op die teologie van sending, die gestuurdheid van die kerk en uiteindelik ook die gestuurdheid van vaders en vaderfigure. Vierdens, met in agneming van die self-identifikasie en rol van vaders, die kontekstuele faktore en die teologiese besinning oor die vaderskapsrol (soos bo bespreek), hoe werkbare strategieë ontwikkel kan word om die probleem missiologies aan te spreek.

Die navorser gebruik 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp wat binne 'n kritiese realis paradigma geplaas word. Kwalitatiewe studies streef daarna om die komplekse ruimte van die respondent holisties te infiltrer. Hierdie benadering het die navorser gehelp om ten diepste ondersoek in te stel rakende die onderliggende redes vir die fenomeen en die probleem wat die studie wil aanspreek.

1.2. AGTERGROND

Die afwesigheid van 'n vader of vaderfiguur binne die gesinsisteem is 'n groot probleem. Dit skep 'n vakuum in die ouerskapsrol en het 'n negatiewe invloed op 'n gesin se vermoë om doeltreffend te funksioneer. Dit is duidelik, soos deur verskeie studies aangetoon (Strommen & Hardel, 2000:257; Freeks, 2019:692; Van der Walt, 2010:35-42), dat die vader se rol 'n invloed het op die vorming van jongmense. By nadere ondersoek word dit aan die navorser duidelik dat die afwesige vader of vaderfiguur direk verantwoordelik gehou kan word vir die morele verval in ons gemeenskappe, veral onder die jeug. Hierdie tesis sal die historiese en godsdienslike konteks van die Dwarsrivier Vallei bespreek, asook die politieke en ekonomiese invloede wat die ontwikkeling van die DRV beïnvloed het. Dit sal ook die

sosiale en kulturele dinamika van die vyf gemeentes in die DRV ondersoek en hoe hulle verbind is tot mekaar.

1.2.1. Dwarsrivier Vallei

Die Dwarsrivier Vallei (DRV) is 'n geografiese area wat bestaan uit vier nedersettings naamlik Kylemore, Johannesdal, Pniel en Lanquedoc. Die DRV is geleë tussen Stellenbosch en Franschhoek en word omring deur die Groot Drakenstein- en Simonsberge. Die standhoudende Dwarsrivier vloei verby al vier hierdie dorpie, vandaar die naam. Tydens die sensusopname van Statistiek SA in 2011 is die inwonertal van die Dwarsrivier gereken op 10 592 mense.² Die DRV is tipies plattelands, maar is terselfdertyd 'n paar minute se ry vanaf groot dorpe soos Stellenbosch en Paarl. Die DRV is relatief klein en baie mense is op een of ander manier aan mekaar verbind.

Die eerste verkenningstog in die Drakenstein-omgewing waarvan die DRV deel vorm, is gelei deur Abraham Gabbema in 1657 (Hayden & Phillips, 2015:15). Hayden en Phillips (2015:19) gaan verder deur te noem dat daar met die koms van die setlaars reeds Khoisan was wat die area bewoon het. Slawerny in die Kaap het begin kort ná die Nederlandse koloniserings van die Kaap. Drakenstein, die area wat vandag bekend staan as die DRV, het min slawe gehad, maar die aanvraag na slawe het toegeneem soos die landbou-aktiwiteite in die omgewing uitgebrei het. Stellenbosch, die tweede oudste dorp ná Kaapstad, is in 1679 gestig en is sedertdien die naaste groot dorp aan die DRV. Die verkenning van die DRV het na die vestiging van Stellenbosch as dorp begin. Die ontwikkeling van die DRV hou nouliks verband met Cecil John Rhodes wat ná sy bedanking as eerste Minister van die Kaap in vrugteverbouing begin belê het. Alhoewel wingerdverbouing tans die oorgrote meerderheid landbougrond in beslag neem, is daar nog steeds heelwat vrugteboorde in die omgewing. Stellenbosch is sowat 50 kilometer vanaf Kaapstad.


Na afloop van die plaaslike verkiesing in die jaar 2000 is Stellenbosch as munisipaliteit verklaar. Die munisipale area beslaan ongeveer nege miljoen vierkante meter en volgens die gemeenskapsopname van 2016 was daar sowat 176 543 inwoners en 52 374 huishoudings binne die munisipale grense (Stats SA, 2016). Die

http://www.statssa.gov.za/census/census_2011/census_products/WC_Municipal_Report.

Dwarsrivier Vallei vorm deel van die Kaapse Wynland Distrik Munisipaliteit met Stellenbosch as die plaaslike munisipaliteit soos aangedui in die onderstaande kaarte van die omgewing. Figuur 1 plaas Stellenbosch binne die konteks van die Kaapse Wynlande en Figuur 2 gee 'n aanduiding van die area wat Stellenbosch Munisipaliteit beslaan.



Figuur 1



Figuur 2

Die Dwarsrivier Vallei se ontstaan is voortspruitend uit dié van Pniel. Dit dateer terug tot 1834 en kan ten nouste verbind word met die vrystelling van slawe (Cyster et al.,

2008:6). Volgens Noble (1998:12) was die plaaseienaars, Pieter Isaac De Villiers en Paul Retief, simpatiek teenoor die vrygestelde slawe en het daarom besluit om grond beskikbaar te stel vir die oprigting van 'n skool wat ook as plek van aanbidding kon dien. Grond van die plaas De Goede Hoop is geskenk vir die konstruksie van 'n kerk en skool vir die werkers op die omliggende plase (Louw, 1950:6). Dit is op hierdie stuk grond en met die vestiging van die sendingstasie Pniel waar die Dwarsrivier Vallei sy beslag gekry het. Die dorpie Pniel was ten doel om bevryde slawe te huisves. Die bevryding van slawe in 1834 het die omliggende boere egter met 'n kopseer gelaat in terme van arbeiders. Om die wegbeweging van die vrygestelde slawe te keer, het die boere dit goedgevind om 'n kerk en skool aan die arbeiders te gee. Volgens Silberbauer (1943:8) was Pniel 'n sending-inisiatief wat georganiseer is tot voordeel van die bruin mense. Die doel was om inwoners op te lei in landboubedrywigheede sodat hulle nuttige arbeiders kon word wat maklik beskikbaar was vir die eienaars van naburige landgoedere, asook om hulle in die Apostoliese geloof op te voed.

J.F. Stegman is as hoof aangestel van die Pniel Sendingstasie. Volgens Cyster et al. (2008:34) is die naam Pniël baie insiggewend. Dit is gevestig na aanleiding van G.W. Stegman se inwydingsboodskap in 1843 met die hoofteks uit Genesis 32:42 waar die Bybel na Pniël verwys as “die aangesig van God”. Die skrywers gaan verder en noem dat PINU “aangesig” beteken en EL “God” beteken. In Latyns staan dit bekend as *Coram Deo* en in Engels beteken dit “Face of God”. Omdat die sendingstasie pas na die vrystelling van die slawe gestig is, word daar algemeen aanvaar dat die meeste families 'n slawe-afkoms het en hoofsaaklik van eilande soos Java, Madagaskar, Maleisië, Indonesië asook van die Mosambiekse kus gekom het (Cyster et al., 2008:35). Gedurende sy lang loopbaan van 65 jaar wat in 1909 ten einde geloop het, was J.W. Stegman die hoof van geestelike belange, die skoolhoof met toesig oor sekulêre opvoeding en die administrateur van algemene sake (Silberbauer, 1943:43). Soos in die geval van baie ander plattelandse dorpieë soos Pniel het die vinnig veranderende wêreld die sentiment van inwoners verdeel. Volgens Damon et al. (2003:7) is daar 'n groep inwoners wat glo dat slegs die kerk daartoe instaat is om tradisies te laat voortleef en 'n ander groep inwoners wat van mening is dat nuwe verwickelinge nie skade sal berokken nie.

Die geestelike leiers en boere wat aan die Apostoliese Unie behoort het, het direk tot

die ontstaan van Pniel gelei wat dan met verloop van tyd uitgebrei het tot die omliggende dorpie. Johannesdal wat direk langs Pniel geleë is, word deur baie gesien as 'n uitbreiding van Pniel nie net omdat dit geografies maklik verbind kan word nie, maar ook omdat dit min of meer dieselfde sosiale struktuur het (Hayden & Phillips, 2015:32). Kylemore wat sowat sowat vier kilometer suid van Pniel gelê is, is in 1898 gestig toe 25 inwoners van Pniel en Johannesdal gedeeltes van die plase Zorgvliet, Eensaamheid en Rust en Vrede gekoop het. Volgens Hayden en Phillips (2015:33) kan die naam Kylemore moontlik een van twee oorspronge hê. Eerstens kan dit na 'n kasteel in Connemara aan die weste van Ierland vernoem wees, andersins na die oorspronklike eienaar van die eiendom by wie dit gekoop is, naamlik Arthur Harrington Kyle. Ondanks aanvanklike sterk familiebande tussen Pniel en Kylemore het daar mettertyd 'n verwydering tussen die twee buurdorpie ontwikkel wat somtyds 'n vyandige aard aangeneem het (Hayden & Phillips, 2015:35).

Met die vestiging van Lanquedoc wat sowat twee kilometer noord-oos van Pniel geleë is, het Cecil John Rhodes vir Herbert Baker, 'n welbekende argitek opdrag gegee om huise te ontwikkel vir plaaswerkers met die verstandhouding dat hulle op die plase sal kom werk (Hayden & Phillips, 2015:35). Die inwoners van Lanquedoc was dus beperk tot plaaswerk en kinders so jonk as 13 jaar moes die skool verlaat om op die omliggende plase te gaan werk. Die ekonomiese landskap van hierdie gebied het oor die laaste paar dekades verander, aldus Van der Waal (2005:5). Boerdery in die omgewing het ook die afgelope paar dekades aansienlike veranderinge ondergaan. Sedert meganisering het die aantal plaaswerkers afgeneem, maar eiendomsverhoudings het ook sedert 1994 verander, wat baie grondeienaars bekommerd laat.

Die toevloei van werksoekers het verskerp ondanks die feit dat werkseleenthede drasties afgeneem het. Die herontwikkeling van plaasareas, spesifiek Boschendal in 2004, het die dinamika van 'n dorpie soos Lanquedoc drasties verander. Baie van die arbeiders op plase van die ou Anglo American Fruit Farms (Boschendal) het hul werk verloor en is ook in die proses na Lanquedoc verskuif waar sekere mense nie eens gekwalifiseer het vir 'n huis nie (Van der Waal, 2005:1). Die agterplaasbewoners in Lanquedoc het die hoogte ingeskiet wat meer sosiale probleme tot gevolg gehad het. Hierdie is geskiedkundige aspekte wat gebou was

rondom die belange van plaaseienaars eerder as die werkers en het sterk bygedra tot sosiale probleme en in die proses is kwesbare gesinne meer blootgestel.

Imbali Western Cape (Imbali, 2022), 'n nie-regeringsorganisasie wat kunsopvoeding aan minderbevoorregte landelike skole voorsien, beskryf Kylemore as 'n voorheen benadeelde gemeenskap met merkwaardige vaardighede en individuele talent, maar ten spyte hiervan is die inwoners ekonomies kwesbaar. Die werkloosheidsyfer onder volwassenes is 60% en daar is 'n groot gebrek aan gemeenskapfasiliteite. Die inwonertal is ongeveer 4 328 mense. Die gemeenskap is grotendeels afhanklik van seisoenale werk op plase. Werksgeleenthede op plase in aan die afneem as gevolg van meganisasie.

In Kylemore se buurdorp, Lanquedoc, wat deel van die Dwarsrivier Vallei vorm, kan die werkloosheidsyfer dalk nog hoër wees (Imbali, 2022). Skoolverlaters vind moeilik werk en matrikulante het min toegang tot tersiêre opvoeding weens finansiële beperkinge. Volgens Imbali verhoed die gebrek aan vaardighede die jongmense om die werksmark suksesvol te betree. Die sosiale infrakstruktuur in die DRV is beperk tot drie primêre skole, een hoërskool, sewe gevestigde kerke, sowat 15 informele kerkgroeperinge, een munisipale kliniek, drie kleuterskole, een biblioteek en vier nasorgsentrums. Van die grootste uitdagings in die DRV, soos in die geval van ander soortgelyke landelike nedersettings, is dwelmgebruik, drankmisbruik en werkloosheid. Vir baie families is dit 'n stryd om net in die basiese daaglikse behoeftes te kan voorsien. Baie is in 'n web van armoede vasgevang. Gevolglik is heelwat kinders en jongmense afhanklik van voedingskemas vir oorlewing, veral in Lanquedoc en Kylemore (Imbali, 2022).

Die oorgrote hoeveelheid mense in die DRV is toegewyde Christene en is betrokke in een of ander geloofsgroepering (Imbali, 2022). Gegewe die sterk kerkgebondenheid in die DRV handel die primêre vraag in hierdie werkstuk juis oor watter rol die kerke binne die DRV kan speel om die "afwesige vader" fenomeen die hoof te bied. Dit is derhalwe nodig om agtergrondkennis van die gemeentes betrokke by die studie te bied.

1.2.2. Vyf Gemeentes

1.2.2.1. Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika

Die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika, Kylemore Gemeente is geleë binne Kylemore. Die Kylemore Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk het in Kylemore tot stand gekom as 'n wyk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Stellenbosch. Sakramente is sedert 1905 bedien en hiermee saam is daar ook skoolonderrig ontwikkel. Volgens Van de Werken (1955:7) het kleurlinge in die area hulleself gemobiliseer in die Weldadigheidsgemeenskap en ook later in die Begrafnis Genootskap. Die oorgrote meerderheid van die lede was deel van die NG Sendingkerk. Die eerste kerkgebou is in 1923 gebou en het ook gedien as skool (Coetsee, 2021:138). Dit was een van die drie geboue wat vir skoolonderrig gebruik is. Die ander twee geboue was die Anglikaanse Kerk en die gebou van die Begrafnis Genootskap, ook bekend as die Losiesaal. Die kerkgebou as een van drie ruimtes waarbinne skoolonderrig plaasgevind het, het mettertyd te klein geword om die sowat 302 leerders en ses opvoeders te akkommodeer.

Die destydse Departement van Kleurlingsake het 'n monteergebou as klaskamer in 1967 opgerig sodat skoolbanke uit die kerk verwyder kan word om nodige opknappings te doen. 'n Nuwe skool word opgerig in 1969 wat uiteindelik daartoe lei dat die kerkskool gesluit is (Coetsee, 2021:133). Die kerkgebou is in 1971 opgradeer en her-ingewy. Die Kylemore wyk het sodanig gegroei dat dit op die naweek van 4 Oktober 1980 afgestig is. Jaco Coetsee is as proponent aangestel en was verantwoordelik vir die normale erdiens- en pastorale werk. Proponent Coetsee was tot einde 1982 in diens van die gemeente voordat hy beroep is na die Stellenbosch gemeente. Op 26 Augustus 1989 is proponent Lodewyk Allies beroep as die eerste voltydse predikant. Hy is opgevolg deur dr. Isak Potgieter wat as leraar bevestig is vanaf 12 Januarie 1991. Ná dr. Isak Potgieter het ds. Willie Koopstad die leiers oorgeneem vanaf 25 Maart 2006 tot Maart 2019. Die huidige leraar is ds. Cornelius Spannenberg wat op 21 November 2020 bevestig is.

Die gemeente is besonders trots op die oorspronklike kerkgebou omdat dit opgerig is deur vakmanne uit eie geledere. Volgens die skriba, mev. Marenize Fourie, is dit veral die preekstoel wat na aan die hart van gemeentelêde lê omdat dit deur een van die dorp se bekendste vakmanne, die uwe wyle Hendry Hendricks, gemaak is.

Volgens die skriba dui rekords van die gemeente aan dat daar bevestiging van katkisanter in 1980 plaasgevind het, dieselfde jaar waarbinne die gemeente afgestig het (Fourie, 2022).

Die gemeente is bekend vir hul goeie gemeentesang. Sang is volgens die skriba een van die dinge waarop die gemeente trots is. Die gemeente se kerkkoor het ook al 'n amptelike opname vrygestel en word gereeld uitgenooi na verskeie platvorms regoor die Wes-Kaap. Die gemeente is tussen 1980 en 1989 gelei deur 'n deelydse predikant wat ondersteun is deur 'n leierouderling.

Die gemeente het baie sterk strukture wat daartoe bydra dat 'n gesonde gemeentelewe gekultiveer word. Dit sluit in die kerkkoor wat 57 jaar gelede gestig is deur Caroline Keet en nog steeds tydens elke erediens hul bydrae in sang lewer. Daar is ook 'n baie aktiewe Sondagskool wat verantwoordelik is vir die Christelike opvoeding van kinders vanaf grondslagfase tot katkisasielklas. Verder is daar ook die CYM (Christian Youth Movement) wat toesien dat tieners en jongmense Christelik toegerus word ten einde 'n betekenisvolle rol binne die gemeente en buite in die gemeenskap te kan vertolk. Die gemeente het ook 'n CAB (Christelike Afhanklike Bond), 'n organisasie wat ten doel het om diegene te ondersteun wat dwelm- en drankprobleme beleef. Die gemeente het 'n prominente CVB (Christelike Vroue Bediening) wat die hartklop van die gemeente is. Laastens is daar die brigade, 'n organisasie wat deur middel van militêre presisie dissipline en paraatheid by jonger en ouer gemeentelede bevorder by wyse van marsmusiek en militêre oefening. Die gemeente bestaan uit sowat 600 belydende lidmate wat meestal vanuit Kylemore en ook omliggende plase afkomstig is (Fourie, 2022).

1.2.1.1 **Encounter Ministries**

Encounter Ministries se kerkgebou is binne Johannesburg geleë. Gedurende 'n semi-gestruktureerde onderhoud met pastoor Angelo Hendricks (Hendricks, 2022) maak hy melding dat Encounter Ministries beskou word as 'n lewendige, dinamiese kerk met die visie om verlorenes te evangeliseer en tot volwaardige dissipelskap te lei. Hulle doel is om elkeen wat tot geloof gekom het 'n leier te maak deur gebruik te maak van die leer van suksesbeginsel. Volgens hom glo die kerk nie net daaraan om God alleen lief te hê nie, maar God se liefde te demonstreer deur liefde aan ander te bewys. Daar word dus gebalanseerd gekyk na sterk vertikale en horisontale

verhoudings. Die kerk glo dat dissipelskap Bybel-gebaseer is en 'n goddelike verhouding is waarin gelowiges hul lewens aflê vir mekaar. Liefde neem nie net nie, maar gee ook, aldus pastoor Angelo Hendricks. Hierdie beginsel is volgens hom gebaseer op Johannes 3:16.

Die gemeenteleiers is oorspronklik van die Congregational Church Pniel. Nadat pastoor Angelo tot bekering gekom het in 2004 het hy en sy onmiddellike familie uit die Congregational Church beweeg. Hy het in 2005 tot die bediening toegetree en is vandag die voorsittende pastoor van Encounter Ministries. Hy beskryf hulle kerk as 'n mengsel van pinkster-, bevrydings-, welvaart- en genadebedieninge en klassifiseer Encounter Ministries as charismaties. Hulle assosieer met His Vision Church in Rustenburg onder leiding van Francois en Adri Burger (Hendricks, 2022).

Encounter Ministries bestaan uit sowat 230 lidmate wat in kleingroepe of selgroepe verdeel is. Wat geslagsverteenvoordinging betref, bestaan die gemeente uit sowat 60% vroue en 40% mans. Die gemiddelde bywoning tydens erdiensdienste is sowat 80 mense. Die oorgrote meerderheid lidmate kom vanuit Kylemore, Johannesdal, Pniel en Lanquedoc, maar daar is ook 'n takgemeente in Grabouw. Tydens spesiale geleenthede kan daar tot sowat 250 mense teenwoordig wees. Die kerk fokus baie op sosiale media en vind die platform as baie effektief. Hendricks (2022) glo dat 'n gemeente se bestaan daarop geskoei moet wees om lidmate as 'n geheel te bemagtig.

1.2.1.2 **Anglikaanse Kerk**

Die Anglikaanse Kerk in die DRV bestaan uit vier gemeentes, naamlik Kylemore (St Johns), Lanquedoc (St Giles), Simonduim (St Simon) en Lubeck (St Georges). Die Anglikaanse Kerk binne die DRV het ontwikkel vanuit die St George Parish in Groot Drakenstein wat ook gesien word as die moedergemeente. Die Anglikaanse Kerk staan ook in volksmond binne die DRV bekend as die "Ingelse Kerk". Hierdie verwysing hou direk verband met die feit dat die denominasie sy oorsprong in Brittanje het en dat dienste hoofsaaklik in Engels gehou is (Vermeulen, 2022).

Mnr. H.E.V. Pickstone het in 1899 in die DRV gearriveer. Hy was 'n agent van Cecil John Rhodes en sy hoof mandaat was om die vrugteboorde in die vallei te rehabiliteer. Met sy aankoms is kerkbyeenkomste in die vrugtepakhuis van Rhodes Fruit Farms (RFF) onder leiding van Eerwaarde C.E. Scratchley, Rektor van Paarl,

gehou. Driehonderd vierkante voet grond van die plaas Lubeck is deur RFF aan die Anglikaanse Kerk geskenk vir die oprigting van 'n kerkgebou. Die St George kerkgebou is opgerig met behulp van mildelike skenkings deur omliggende boere en is amptelik ingewy op 25 Julie 1906 deur eerwaarde William West-Jones. Die gemeente het in 1922 amptelike erkenning gekry en sou voortaan bekend staan as St George Parish. Die grense van die gemeente het gestrek vanaf Paarl tot in Franschhoek (History of St Giles, 2012:2).

Mettertyd het daar ook 'n behoefte ontstaan vir 'n kerk wat anderskleuriges kon akkommodeer. Die opdrag is aan Herbert Baker gegee om 'n gebou te ontwerp wat beide sal dien as skool en 'n plek vir geestelike byeenkomste in Lanquedoc, 'n nedersetting wat opgerig is om plaaswerkers te akkommodeer. In Maart 1932 is die Sendingkerk van Lanquedoc ingewy en sou voortaan as St Giles of Provence bekend staan. Eerwaarde G.R. Temba is as die eerste kleurling priester en skoolhoof aangestel. Hy het onder leiding van die Rektor eerwaarde N.J. Hill gewerk. Sondae het almal van die omliggende gebiede na Lanquedoc gegaan. Eerwaarde Temba is deur eerwaarde A.G. Barron opgevolg wat ook as hoof van die skool gefunksioneer het. Onder sy leiding is 'n sterk seuns- en dogtersbrigade gestig (History of St Giles, 2012:3). Na die afbreek van die kerk vir melaatses op Robbeneiland is die reredos en die altaar aan St Giles geskenk, maar hierdie items moes verwyder en vervang word as gevolg van kwekerbesmetting. Soos in die geval met die ander Anglikaanse kerke binne die DRV, staan St Giles ook onder leiding van eerwaarde Wilfred Meyer (rektor).

Die Anglikaanse Kerk van Kylemore, ook bekend as St Johns, het 'n baie sterk verbintenis met St Giles in Lanquedoc. Lidmate van die Anglikaanse geloofsgemeenskap wat in Kylemore en omliggende plase woonagtig was het dienste in Lanquedoc (St Giles) bygewoon toe daar nog nie 'n plek van aanbidding in Kylemore opgerig was nie. Lidmate is met donkie- en perdekarre aangery om die dienste by te woon. Bidure in Kylemore en omliggende plase is gedurende die week in verskillende huise gehou. Na verneem word het een van die plaaseienaars die behoefte vir 'n plek van aanbidding vir die pligsgetroue lidmate raakgesien en grond aan die Bisdom van Kaapstad (nou die Bisdom van Valsbaai) geskenk. Die droom vir 'n plek van aanbidding was in die vroeë dertigerjare bewaarheid toe 'n kerkgebou in 1944 voltooi is. Die byeenkomste op die Sondagoggende was bekend as "morning

prayer” en die byeenkomste op Sondagaande “evening song”. Die gemeente het op daardie stadium een keer per maand nagmaal ontvang (Ingelse Kerk, 2022:1).

Die kerkgebou het ook gedien as een van drie skoolgeboue. St John’s is ‘n kapel van die parogie van St Georges The Martyr, Groot Drakenstein wat eers geresorteer het onder die Bisdrom van Kaapstad, maar sedertdien onder die Bisdrom van Valsbaai resorteer. Die Anglikaanse kerk is eposkipaal wat onder die gesag van biskoppe, priesters en diakens fungeer. Die beleid van die kerk bepaal dat priesters slegs vir sekere tye aangestel word wat meegebring het dat die gemeente oor die jare verskillende priesters gehad het. Nieteenstaande die feit dat daar bepaalde liturgie en sakramente was, het elke priester sy unieke styl binne die gemeente laat geld. Daar was sekere tye dat die St John’s Parogie nie ‘n priester gehad het nie, maar met die hulp van sterk plaaslike leierskap (leke-predikers) het die gemeente sterk ontwikkel binne die gemeenskap van Kylemore (Ingelse kerk, 2022:2).

Onder leiding van eerwaarde W. van Zyl het die gemeente in 1979 ‘n geestelike herlewing ervaar wat meegebring het dat dit gegroei het in getalle wat die vergroting van die bestaande gebou genoodsaak het. Groot byeenkomste soos begrafnisse en eredienste is gehou in die geboue van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Kylemore en die AME St Peter’s. St John’s Parogie se nuwe, vergrote gebou is in 1988 in gebruik geneem. Die momentum van kerkgroei het begin afplat met die vertrek van eerwaarde W. van Zyl in 1989 en bywoningsgetalle het begin krimp. Plaaslike leierskap in die vorm van Winston Hendricks, August Carolisen, Abraham Hamilton en vele ander het egter verseker dat die kerk relevant bly binne die konteks van Kylemore. Die eerste priester wat die gemeente opgelewer het was eerwaarde Theodore Hendricks. Die gemeente het baie sterk strukture wat insluit ‘n vroue-vereniging, jeugvereniging, lofprys en aanbidding, Sondagskool, dansgroep en lekepredikers (Ingelse kerk, 2022:3).

1.2.1.3 Congregational Kerk Pniel

Pniel Congregational Kerk se ontstaan vloei uit die vestiging van Pniel as ‘n sendingstasie. Die kerk het ontstaan ná die vrylating van slawe in 1834 en is uiteindelik in 1843 geopen. Vrygesette slawe het grond bekom vir die daarstelling van ‘n kerk en skool. Onder die Apostoliese Sendingbeweging, is ‘n nienominasie beweging onder slawe begin en die eerste geordende leraar was

eerwaarde Johan Steggman (Klate, 2022). Buiten sy geestelike verpligtinge was hy ook verantwoordelik vir die vestiging van 'n skool (Damon et al., 2003:5).

Gedurende 'n onderhoud met eerwaarde Leon Klate op 2 Desember 2022 noem hy die volgende rakende die gemeente se geloofsoortuigings:

Die gemeente glo in die drie-enige God waarbinne almal genooi word om saam te deel in God se sending (*missio Dei*). Een van die belangrike grondbeginsels is die “priesterskap van alle gelowiges” wat dan ook 'n grondbeginsel is van Congregationalisme. 'n Belangrike aspek is ons belydenis dat “Jesus Here” is. Hierdie belydenis is belangrik wanneer ons kerklike leiding lei tot openbare aflegging van belydenis.

Die gemeente bestaan uit 2 600 belydende lidmate waarvan 55% vroue en 45% mans is. Die bejaardes binne die gemeente is sowat 230. Daar is 'n totaal van 455 jongmense binne die gemeente tussen 16 en 30 jaar oud. Die hoeveelheid kinders in die gemeente tussen geboorte en 15 jaar oud is 360. Die kerk het die afgelope paar jaar geweldig sterk gefokus op hul missionale roeping. Baie tyd is bestee aan die missionale identiteit van die gemeente. Volgens Klate (2022) was die kultuurskuif noodsaaklik vir die gemeente. In die proses het die gemeente toenemend vennootskappe gesluit met instansies en “saam met God” betrokke geraak in dit wat God besig is om te doen. Die sterk kultuurhistoriese konteks van die gemeente is ook belangrik en daarom is 'n Erfenistrust geregistreer wat hierdie aspek van gemeentelêre saam bestuur.

Wat uitdagings betref, noem Klate (2022) dat die Congregational Kerk in Pniel soos in die geval van baie ander historiese gemeenskappe, die uitdaging van gentrifikasie (ontwikkeling in en rondom hierdie gemeenskappe) in die gesig staar. Dit plaas volgens hom baie druk op ouer persone wat gevolglik verhoogde belasting moet betaal. Gevolglik word huise aan kinders oorgedra of verkoop aan mense van buite die gemeenskap wat dan ook noodwendig 'n invloed het op die gemeenskap se samestelling. Die dwelmmisbruik onder jongmense is aan die toeneem en werkloosheid onder jongmense is soos in die res van die land besig om skerp te styg. Die gemeente glo dat hulle geroepe is deur die drie-enige God en bly daarom optimisties oor die toekoms. Van die korttermyn doelwitte is om na en te midde van Covid-19 die bedieningstrukture weer te verstewig en te herbesin hoe om getrou aan

die gemeente se roeping en die konteks te wees. Hierdie planne sluit in die daarstelling van 'n jeugsentrum waar die gemeenskap se skoolgaande kinders geakkommodeer kan word en die nodige ruimte geskep word vir ondersteuning.

1.2.1.4 **Ou Apostoliese Kerk Kylemore**

Gedurende 'n onderhoud met 'n plaaslike leier van die Ou Apostel Kerk Kylemore, mnr. P. Lawrence (2022), het hy die volgende genoem rakende die ontstaan van die kerk. Die kerk in Kylemore het in die 1920's begin op die plaas Fresh Water. Daarna is 'n sinkgebou opgerig op die grond van mnr. Asia in Swartstraat. Nie lank daarna nie is 'n sinkgebou opgerig op die perseel waar die ou Klipkerk vandag staan. In 1936 is die Klipkerk amptelik in gebruik geneem. Priester November was die eerste "amp" van die gemeente.

Lawrence (2022) beskryf die kerk se geloofsoortuigings soos volg:

Ons glo in een God, die Almagtige Vader, Seun en Heilige Gees; en dat Hy één enige Here is. Een van die belangrike grondbeginsels is die Heilige Skrifte, die Ou en die Nuwe Testament, en die vervulling van die beloftes daarin vervat. Nog 'n belangrike aspek is die bediening van die drie Heilige Sakramente, naamlik: die Heilige Doop met water tot bekering, die Heilige Avondmaal waardeur ons vergifnis van sonde deur die bloed van Jesus Christus ontvang, en die Heilige Verseëling deur die handoplegging van 'n Apostel van Jesus Christus, waardeur ons die Heilige Gees ontvang.

Die sensus-opname van 2022 toon dat die kerk uit 1 377 belydende lidmate bestaan waarvan 60% vroue en 40% mans is. Jeuglede tussen die ouderdomme van 17 tot 36 jaar is 234 en kinders onder 16 jaar oud is 220 wat die groototaal van die gemeente op 1 831 bring. Lawrence (2022) noem dat die kerk se grootste fokus is om almal voortdurend te herinner dat die Heilige Gees in die lidmate se harte woon en dat dit sigbaar moet wees in die manier hoe hulle praat, werk en sosiaal verkeer. Verder fokus die kerk ook op die opbou en herstel van die huisaltaar (huisbiduur en gesprekvoering tussen alle lede van die huisgesin), die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus en die Apostoliese kultuur en leefwyse vir elke huisgesin.

Soos in die geval van baie ander gemeentes in die DRV, probeer die kerk om die gemeentelewe weer op pre-Covid-19 vlak te kry. Die gemeentelede is tydens die

pandemie verhoed om die Evangelie van Christus van deur tot deur te verkondig. Die dwelmgebruik en werkloosheid onder jongmense is ook 'n groot bron van kommer vir die kerk. Van die kerk se korttermyn doelwitte sluit in om alternatiewe metodes ná Covid-19 te vind, die evangelisasiewerk weer op koers te kry en om getrouheid aan die kerk se roeping aan te wakker. Dit sluit in pogings om die Sondagskoolkinders besig te hou met koorsang- en toneel oefeninge vir optredes op Saterdag- en Sondagaande (Lawrence, 2022).

1.3. KONSEPTUALISERING VAN 'N AFRIKA-GESIN, VADERS, VADERSKAP EN VADERFIGURE

In die tesis ondersoek die navorser nie net die rol van biologiese vaders in die lewe van jongmense nie, maar ook dié van ander rolspelers soos enkelmoeders en nie-biologiese vaders. Die navorser benader die studie vanuit 'n kritiese realis paradigma in plaas van 'n positivistiese paradigma. Kritiese realisme maak voorsiening vir die verkenning van hoe mense se ervarings en interpretasies van die Bybel in wisselwerking tree en dit hul begrip en verhouding met God vorm. Hierdie benadering kan meer insig gee in die kompleksiteit van hoe mense die rol van 'n vader beskou en hoe dit hul verhouding met God beïnvloed. Dit beteken dat die definisie van vaderskap nie staties is nie, maar eerder beïnvloed word deur individuele interpretasies van die Bybel sowel as deur die ervarings van individue met vaders. Daarom is dit belangrik om te verstaan hoe elke individu die konsep van vaderskap interpreteer en ervaar om 'n dieper begrip van die onderwerp te verkry. Met die uitvoering van sy pastorale pligte binne die DRV het die navorser opgemerk dat verskillende gesinne vaderskapsrolle vanuit verskillende perspektiewe beskou. Sommige gesinne beskou vaders as voorsieners en toepassers van dissipline, terwyl ander hulle as mentors en versorgers beskou. Verder het hy opgemerk dat die siening van vaderskapsrolle dikwels verander na gelang van die ouderdom van die kinders en die gesin se ekonomiese omstandighede. Navorsers bevestig hierdie tendens en noem dat verskillende gemeenskappe, samelewings, kulture en lande vaderskap op verskillende maniere verstaan wat ook 'n invloed het op die agentskap van vaders binne daardie spesifieke konteks (Morell & Richter, 2006:41).

1.3.1. Gesin

Die konsep van families waarbinne die vader fungeer word verskillend verstaan deur gemeenskappe. Westerse kulture sien die kerngesin (ouers, kinders, grootouers en kleinkinders) as die dominante familiepatroon wat ook die geval is vir baie swart kulture waarvan die DRV gemeenskap deel is (Makiwane & Palumuleni, 2007:2)

Sosiologies word die gesin dikwels gedefinieer as 'n groepinteraksie van persone wat 'n verhouding met mekaar herken, gebaseer op 'n gemeenskaplike ouerskap, huwelik en/of aanneming. Bevolkingsontleders en ekonome soos Belsey (2002:11) gebruik dikwels die "residensiële gesin" definisie: "'n groep van twee mense of meer (waarvan een die huisbewoner is) verwant deur geboorte, huwelik, of aanneming en saamwoon". Levine (1990:34) beskryf familie as individue wat deur geboorte, aanneming, huwelik en verklaarde verbintenisse gekonnekteer is aan mekaar en daarom geregtig is om te reken op die ondersteuning van familie, maar ook verplig is om ondersteuning te bied, veral in tye van nood. Gesinne word binne die konteks van Suid-Afrika soos volg verwoord:

'n gesin is 'n samelewingsgroep wat verwant is deur bloed (verwantskap), aanneming, pleegsorg of die huweliksbande (burgerlik, gebruiklik of godsdienstig), burgerlike verbintenis of saamwoon, en strek wyer as 'n bepaalde fisiese residensie (Staatskoerant, 2021:191).

As deel van hierdie tesis gebruik die navorser die uitgebreide definisie van 'n gesin soos gepubliseer in die Staatskoerant (2021:191) en bespreek die vader- en vaderfiguur binne hierdie konsep. Hierdie uitgebreide definisie sluit nie net die tradisionele kerngesinmodel in nie, maar ook uitgebreide familielede en ander figure wat bydra tot die gesin se dinamiek, soos 'n stiefouer, grootouer of ander mentor. Deur hierdie definisie te gebruik, is die navorser in staat om die belangrikheid van vaderskap in die breë binne die gesinseenheid te bespreek.

1.3.2. Vaders

Die rol van vader in Suid-Afrika word algemeen beskou as een wat verband hou met mans of manlikheid wat beide 'n menslike en kulturele verantwoordelikheid is. Hierdie persepsie is grootliks gebaseer op 'n geskiedenis van patriargie in baie Afrika-kulture, waar vaders as die primêre broodwinners en besluitnemers in die familie gesien word. Vaders word ook gesien as die beskermers en voorsieners van

die gesin, en hul teenwoordigheid en betrokkenheid word gesien as noodsaaklik vir die welstand en sukses van hul kinders (Meyer, 2018:4; Morrell, 2006:15).

Die Bybel het bepaalde sienings oor die vader se betrokkenheid in gesinsverband. Uit 'n Bybelse perspektief is 'n pa 'n instrument in God se hand, daarom moet sy keuse van instruksie en dissipline in lyn wees met wat God van hom verwag (Munroe, 2008:18). Navorsing toon aan dat vaders wat betrokke is in die lewens van hul kinders positiewe voordele inhou vir hulle wat nie geëwenaar kan word deur enige ander persoon nie (Eddy et al., 2013:20; Richter, Morrell, 2006:161). Vaders het 'n direkte invloed op die welstand van hul kinders. Hulle rol het nie net 'n beduidende invloed op die fisiese en emosionele lewe van jongmense nie, maar uiteindelik ook op die groter samelewing. Literatuur is dit eens dat die tradisionele gesin besig is om weg te kwyn en saam met dit ook God se idee van die gesin en die belangrike rol van vaders (Freeks, 2016:13–20; Richter, Morrell, 2006:219).

1.3.3. Vaderskap

Vaderskap behels die voorsiening in 'n kind se materiële behoeftes soos kos, skooling en klere, maar behels ook die verskaffing van emosionele en intellektuele ondersteuning en leiding. Vaderskap gaan daaroor om kinders reg van verkeerd te leer, hulle te help om 'n sin van moraliteit en etiese gedrag te ontwikkel, en 'n gevoel van waardigheid, sekuriteit en vertroue by hulle te vestig, aldus Dowd (2012:917–919). Omdat sosiale konstruksies van vaderskap oor historiese tydperke en kulturele kontekste varieer, sal die navorser die gedrag en ervarings van vaders en vaderfigure binne spesifieke ekologiese kontekste bestudeer. Dit word op verskillende maniere geïnterpreteer en is daarom sosiaal gekonstrueer. Die meeste kulture het 'n patriargale begrip van vaderskap wat die rol van voorsiening en beskerming benadruk (Meyer, 2018:1).

In die breë word vaderskap gedefinieer en verstaan as 'n magposisie oor kinders of aangenome kinders wat geregverdig word deur die vader se rol van voorsiening, beskerming en die toepassing van dissipline (Clare, 2010:184-185). Hierdie siening van vaderskap hou heelwat voordele in vir die familie, maar daar is gevalle waar die misbruik van patriargale mag lei tot die verwoesting van familie en nageslagte. God openbaar Homself oorwegend aan die Judeo-Christen tradisie deur die metafoor van die vader daarom is dit belangrik om te kyk na die beeld van vaderskap binne die

kontemporêre kultuur (Kiesling, 2017:88).

Tradisioneel word die biologiese aspek van vaderskap beklemtoon en die status van vaderskap word daarom aan 'n man wat 'n kind by 'n vrou verwek het, verleen. Volgens Morrell (2006:14) het die konsep van vaderskap in 'n Afrika-konteks 'n tweeledige betekenis wat ekonomies en sosiaal van aard is. Vanuit 'n ekonomiese perspektief voel vaders verantwoordelik vir kinders se materiële behoeftes. Uit 'n sosiale perspektief leef vaders saam met hulle kinders en versorg hulle emosioneel en sielkundig. In 'n studie van Meyer (2018:5) het deelnemers min of meer dieselfde begrip van vaderskap getoon deur dit te beskryf as 'n fisiese of ten minste emosioneel aanwesige persoon wat sy kinders kan verseker van sy liefde vir hulle en tegelykertyd die moeder of versorger finansiële ondersteun. Meyer (2018:7) gaan verder deur te noem dat vaderskap nie verstaan kan word buite die paradigma van patriargie nie omdat vaderskap groter is as die konsep van patriargale vaderskap.

Dit is duidelik dat vaderskap verstaan en uitgeleef kan word op verskillende maniere en dat daar nie 'n uniforme konsep of definisie daarvoor is nie (Rabe, 2006:25). Nieteenstaande die verskillende invalshoeke rakende vaderskap is daar heelwat navorsing wat bewys dat biologiese vaders steeds 'n baie belangrike rol in die familie speel (Vaughan, 2010). Meyer (2018:1) is van mening dat die begrip van vaderskap, ouerskap en die familie baie aan die verander is omdat mense 'n spanning ervaar tussen die tradisionele en kontemporêre verstaan van vaderskap en ouerskap in die breë. Die veranderinge in familiestrukture beïnvloed in 'n groot mate hoe die rol van vaders gesien word. Ondanks hierdie veranderinge hou positiewe vaderskap groot voordele vir kinders en moeders in. Die invloed van vaders is beide direk en indirek. Onder die direkte invloede is die tyd wat kinders op skool deurbring, akademiese prestasie, selfvertroue veral onder dogters, sowel as die vermoë van seuns om aan te pas en gedissiplineerd te leef. Indirekte invloede sluit in die ondersteuning aan moeders en die beïnvloeding van belangrike besluite rondom gesondheid, algemene welstand en opvoeding van kinders (Holborn & Eddy, 2011:4). Dit is waar dat fisies afwesige vaders tog emosioneel teenwoordig kan wees. Emosionele teenwoordigheid van vaders op 'n dag tot dag basis in die lewe van kinders en jongmense blyk meer belangrik te wees as fisiese teenwoordigheid (Holborn & Eddy, 2011:4).

Volgens Choi (2023) was daar 'n beduidende verskuiwing in geslagsverteenvoording in die werkplek 1948 tot 2001. Soos vroue die arbeidsmag begin betree het, het die persentasie werkende vroue of diene wat in diens wou wees, toegeneem van 33 tot meer as 60% persent, en sodoende die rol van mans as die enigste verskaffer van 'n gesin uitgeskakel. Namate geslagnorme en vaderskap in die twintigste eeu meer vloeibaar geword het, het die tradisie van pa-gebaseerde broodwinning uiteindelik verdwyn. Hierdie verskuiwing in rolle het vroue in staat gestel om meer onafhanklik en bemagtig te word. Dit het mans ook die geleentheid gebied om nuwe rolle binne die gesinsdinamiek te verken, soos om meer betrokke te raak by kindersorg en huiswerk. Dit het gelei tot 'n toename in geslagsgelykheid in die werkplek en verder (Choi, 2023). Die navorser neem hierdie paradigmaskuif in die verstaan van vaderskap in ag, en sluit dus vaderfigure ook in by die studie.

1.3.4. Vaderfigure

Die navorser is van mening dat vaderskap nie net beperk is tot biologiese vaders nie en dat daar baie ander gesagsfigure binne die gesinsisteem is wat so 'n rol kan vervul, insluitend moeders. Die konsep van sosiale vaderskap word deur Richter (2006) gedefinieer as enige van die talle maniere waarop 'n volwasse man in staat is om met 'n kind te skakel (Richter, 2006:54). Daar kan situasies wees waar opvoeders, priesters, grootouers en ooms moontlik in sekere omstandighede die rol van 'n vader kan vertolk (Richter, 2006:54). Sosiale vaderskap is 'n belangrike konsep omdat dit die baie uiteenlopende maniere erken waarop 'n kind liefde, leiding en ondersteuning van 'n volwasse mansfiguur kan ontvang. Dit kan veral belangrik wees vir kinders wat nie 'n vaderfiguur in hul lewens het nie.

Navorsing toon dat die huishoudings waar vroue aan hoof is aan die toeneem is (Richter & Morrell, 2006:53,183,240,246; Statistics SA General House Survey, 2022:14-15). Volgens Statistieke Suid-Afrika se Algemene Huishoudelike Opname het ongeveer een vyfde van alle kinders (18,8%) nie by hul ouers gewoon nie, terwyl een derde (33,8%) deur albei ouers grootgemaak is. Daarteenoor was 43,4% van kinders by hul moeders woonagtig terwyl 3,9% by hul vaders gewoon het. Die persentasie kinders wat sonder een van die ouers leef, was die meeste in die Oos-Kaap (32,3%), Vrystaat (22,0%) en KwaZulu-Natal (21,6%). Dit was die minste

algemeen in Gauteng (10,1%) en Wes-Kaap (13,7%). Daar is gevind dat Gauteng (50,7%) en Wes-Kaap (45,5%) die hoogste persentasie kinders het wat by albei biologiese ouers woon (Statistics SA General House Survey, 2022:12). Dit skets 'n somber prentjie van die toestand van Suid-Afrikaanse gesinstrukture en beklemtoon 'n groeiende behoefte om beter te verstaan hoe om enkelouerhuishoudings te ondersteun en noodsaaklike hulpbronne aan kinders sonder vaders te verskaf.

Volgens die navorser is dit noodsaaklik dat elke kind sorg en toegeneentheid ontvang terwyl daar terselfdertyd ook 'n orderlike omgewing geskep moet word waarbinne kinders opgroei. Dit sal onregverdig wees om 'n kind van hierdie voorregte te ontnem. Kinders moet kan opkyk na iemand as vaderfiguur wanneer die biologiese vaders afwesig is. Sonder hierdie voorregte kan 'n kind gevoelens van onsekerheid en 'n gebrek aan eiewaarde ontwikkel. Dit kan lei tot probleme met die vorming van verhoudings, akademiese uitdagings, gebrek aan lewensvaardighede en 'n algehele gebrek aan selfvertroue. Om 'n vaderfiguur te hê kan ook leiding, struktuur en stabiliteit bied, wat 'n kind kan help om sy of haar volle potensiaal te bereik.

Daar is 'n aantal individue wat die rol van 'n vader kan aanneem in die afwesigheid van 'n biologiese vader, onder andere:

- Ooms: 'n Oom wat biologies verwant is aan die vader, sal waarskynlik 'n beter begrip van sy gesinsisteem hê. Verder kan 'n getroude oom 'n alternatiewe ondersteuningstelsel bied asook 'n meer moderne en sosiologiese weergawe van hierdie rol verskaf. Dit is steeds belangrik om die verhouding tussen die nefie of niggie en die oom in ag te neem wanneer hieroor besluit word. Stiefpa: 'n Stiefpa mag die rol van vader vir sy stiefkind aanneem, ongeag of die biologiese vader lewe of nie. Hy kan ook 'n integrale rol in die kind se lewe speel deur 'n ligbaken vir hierdie kind te wees.
- Enkelmoeders: Om 'n enkelouer te wees, maak die ma outomaties die vaderfiguur in die gesin. As ma van 'n kind met 'n afwesige pa sou sy gedwing word om sy verantwoordelikhede op te neem.
- Familievriend: 'n Volwassene wat 'n vriend van die gesin is, kan ook 'n vaderfiguur word na wie die kind kan opkyk. In hierdie soort situasie moet die kind bereid wees om 'n sekere soort verhouding met so 'n individu te hê.

- Oupas: Dit is belangrik dat die oupa ook 'n deurslaggewende rol in die lewe van die kind speel. Hy kan dit dalk op homself neem om na die kind om te sien in die afwesigheid van die biologiese vader. Sodoende het hy 'n vaderfiguur vir die kind geword (Menstime, 2021).

Die empiriese werk waaroor later in die tesis uitgebrei word sluit die opinies en ervarings van enkelmoeders, biologiese vaders, jongmense en nie-biologiese vaderfigure in.

1.4. LITERATUURSTUDIE

1.4.1. Morele verval van jongmense

Daar blyk 'n sterk band te wees tussen misdaad en die afwesige vaders. In sy boek, *Seuns sonder Pa's*, vertel die skrywer Julian Jansen van 'n gevreesde bendeleier wat sy lewensverloop direk toeskryf aan 'n vader wat altyddeur afwesig was (2021:69-77). Die skrywer vertel ook van "probleemseuns" op skoolbanke in 'n spesifieke woongebied. Met nadere ondersoek het dit duidelik geword dat hierdie seuns nie sterk of geen vaderfigure in hul lewens gehad het nie (Jansen, 2021:81-86). Seuns wat uit 'n onstabiele familie-agtergrond kom, is baie kwesbaar en vatbaar om in bendebedrywighede betrokke te raak (Daniels & Adams, 2010:10).

Die algemene voorkoms van vaderloosheid binne minder gegoede gemeenskappe skep 'n geleentheid vir bendes om hierdie gaping te vul en bendeleiers wat hoofsaaklik mans is, word in die proses die vaderfiguur vir jong seuns (Thomas, 2017:75). Hierdie fenomeen stuur jongmense se lewens op 'n negatiewe trajek. Die skrywer benadruk dat bendes voordeel trek uit die vaderlose familiedinamika en hulle voordoen as beskermhere van die kwesbares. Die bendebedrywighede bied aan jongmense die geleentheid om finansiëel na hulle families om te sien te midde van die hoë werkloosheidsyfer en armoede (Thomas, 2017:80). Plattelandse omgewings met hoë werkloosheidsyfers is 'n perfekte teelaarde vir hierdie tendens. Die gedeeltelike finansiële sekerheid dien as groot lokmiddel. Jansen (2021:14) noem dat bendelede dikwels dien as vader- en broederlike figure vir dié wat by hulle aansluit en vul terselfdertyd ook die vakuum van gebrekkige rolmodelle in hulle lewens. Afwesige vaders kan lei tot verhoogde vlakke van angs, depressie en lae selfbeeld by dogters. Dit kan ook lei tot probleme om gesonde verhoudings te vorm,

'n groter risiko om intiemepaargeweld te ervaar, en 'n groter neiging om negatiewe emosies te internaliseer (Roberts, 2023, Kushner, 2023).

Navorsing toon dat disfunksionele families 'n wesenlike probleem in die Suid-Afrikaanse konteks is. Die grootste bydraende faktor tot hierdie probleem is afwesige vaders (Carstens, 2014:9-11; Freeks, 2016:67). Freeks (2020:3) noem dat daar in Suid-Afrika 'n gebrek is aan positiewe vaders wat as rolmodelle kan dien. Volgens Freeks word die persepsies van manlikheid opgetel vanuit rolmodelle en dat jong seuns eenvouding net nie genoeg manlike rolmodelle het nie. Freeks (2020:3) voeg ook by dat kenners en ontleders na vaderloosheid verwys as 'n "oorlose monster" en is dit daarom een van die belangrikste oorsake van sosiale agteruitgang in Suid-Afrika. Freeks ondersteun Feni (2016:2) se siening en noem dat Suid-Afrika vinnig besig is om 'n vaderlose gemeenskap te word en dat mans soos "monsters" teenoor kinders en vroue optree. Volgens die navorser word hierdie tendens bevestig deur die toename in geweld teen vroue en kinders binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Alhoewel vaderskap 'n kritieke rol in die geestelike vorming van kinders en jongmense speel, het die begrip van vaderskap met verloop van tyd baie verander. Hierdie verandering bring mee dat baie families 'n groot stryd met sosiale verval onder kinders en jongmense het. Die sosiale verval sluit tienerswangerskappe, dwelmmisbruik, swak gedrag en swak akademiese vordering in (Linn, Wilson & Fako, 2015:13-18).

Volgens Rictner en Morrell (2006:173) was die vader as patriarg 'n gerespekteerde individu in die Suid-Afrikaanse samelewing. Hy is beskou as die bewaarder van morele outoriteit binne sy familieverband en onder ander patriargale figure binne die gemeenskap. Die vader was die primêre voorsiener van die gesin se materiële behoeftes wat huisvesting tot voedselsekerheid insluit. Verder is die vader ook as die beskermmer van familie teen gevare van watter aard dit ook al mag wees, gesien en was hy 'n rolmodel veral onder seuns. Die afwesigheid van vaders laat blywende sielkundige letsels op die lewens van jongmense. Kovanen (2019) verwys na die fenomeen van die afwesige vader as "father wound" wat die volgende uitwerking op kinders en jongmense kan hê:

- Lae selfbeeld en lae selfvertroue
- Angstigheid

- Lae moraal en swak dissipline
- Woede-uitbarstings
- Die herhaling van die patroon van afwesige ouer.

Vanuit sosiaal-wetenskaplike kringe word die vraag gevra of die vader noodsaaklik is vir die welstand van kinders en of daar ander bronne is waar kinders voldoende sorg sal ontvang (Kiesling, 2017:86). Navorsing toon egter dat positiewe betrokkenheid van 'n vader in sy kind se lewe die volgende tot gevolg het:

- Vermindering van wetteloosheid, kriminaliteit en gedragkwessies veral onder seuns
- Hoër selfbeeld en laer sielkundige afwykings veral onder meisies
- Meer positiewe ingesteldheid teenoor skoolopvoeding
- Verbeterde geestelike gesondheid
- Hoër vlakke van opvoedkunde en inkomste
- Meer lewensbevrediging.

Volgens Freeks (2021:4) het aardse vaderskap sy oorsprong in die Vaderskap van God. God se eienskappe van beskerming, voorsiening, warmte, sagmoedigheid, vergewensgesindheid en betrokkenheid is daargestel sodat die konsep van aardse vaderskap daaruit moet vloei. Die Bybelse analogie waarin die aardse vader vergelyk word met God as vader is 'n aanduiding dat aardse vaderskap belyn moet word met dié van ons Hemelse Vader, aldus Freeks (2021:4).

1.4.2. Vaderloosheid

Alhoewel vaderskap belangrik vir alle rasse is, is die prentjie onder die swart bevolking ontstellend. Volgens Mkhize (2013) leef 33% van swart kinders saam met hulle vaders vergelykend met 87% van blanke kinders. Hierdie verskynsel van vaderloosheid veroorsaak 'n skerp toename in huishoudings waar moeders of kinders aan hoof is (Amoeteng et al., 2004:5). Die tendens van vaderloosheid herdefinieer families in so 'n mate dat die term vader nie eens meer prominensie geniet wanneer daar gepraat word van families nie (Ford et al., 2008:293). Bertelsman (2016) noem dat die kwynende beeld van vaders een van die belangrikste faktore is wat families negatief beïnvloed.

Vaderskap het oor die afgelope dekades baie verander. Kinnaman (2011:45) noem

in sy boek *You Lost Me* vanuit 'n Noord-Amerikaanse perspektief dat 5% van kinders in die sestigerjare buite die huwelik gebore is. Vandag is die persentasie 45% wat dui op 'n drastiese en kommerwekkende toename. Die gesinstruktuur het ook 'n nuwe vorm aangeneem. Dit sluit in saamgestelde gesinne, nie-tradisionele gesinne en selfdegeslag-verhoudings. Freeks (2013:3) noem dat die afwesige vader en vaderloosheid 'n wêreldwye probleem is en geensins beperk is tot 'n Suid-Afrikaanse konteks nie. Die erosie van die beeld van vaders hou verrykende gevolge in. Freeks (2013:8–18; 2011:1–4; 2004:1–6) en Freeks en Lotter (2009:520–524) ondersteun hierdie stelling deur te noem dat 'n studie wat in twintig lande gedoen is toon dat afwesige vaders en vaderloosheid geïdentifiseer is as die grootste probleem. Hierdie lande sluit in Brasilië, Suid-Afrika en Amerika onder andere. Volgens Freeks (2011:18) veroorsaak die onbetrokke vader dat daar geen of gebrekkige oordrag van familiewaardes is na kinders en dat die fisiese en geestelike implikasies daarvan sigbaar is. Die kinders wat hierdeur geraak word, vind dit moeilik om met God as hulle Vader te identifiseer omdat hulle nie in verhouding is met hul aardse of fisiese vader nie, aldus Warren (2005:53).

Volgens Richter et al. (2012:5) het Suid-Afrika die hoogste koers met betrekking tot afwesige vaders in die wêreld. Afwesige vaders word gedefinieer as hulle wat nie op 'n gereelde basis interaksie met hul lewensmaat en hul kinders het nie en daarom nie 'n belangrike rol in familie-aangeleenthede speel nie (Kimani & Kombo, 2010:1). Statistiek Suid-Afrika se nuutste Algemene Huishoudelike opname toon dat vroue aan hoof staan van 31,13% van huishoudings in die DRV (Statistics SA General House Survey, 2021:12). Hieruit kan die navorser aflei dat die afwesige vaderfenomeen ook 'n sterk verskynsel in die plaaslike konteks van die DRV is. Die navorser wil nietemin erkenning gee aan die belangrike rol wat moeders, veral enkelmoeders, in die grootmaak van kinders speel.

1.4.3. Missionale Taak

Soos vroeër genoem, is die inwoners van die DRV oorwegend Christene, daarom probeer die navorser in hierdie studie vasstel hoe vaders as agente 'n rol kan speel in morele verval van jongmense en hoe die kerk vaderfigure kan bemagtig om hul rol as vader uit te leef. Die rasionaal vir hierdie navorsing spruit uit die navorser se persoonlike ervaring van jongmense en huishoudings gedurende die uitvoering van

sy pastorale pligte in die DRV. Die navorser het opgemerk dat daar in baie huishoudings geen vaderfiguur is nie of in gevalle waar daar wel een is, is hulle betrokkenheid opvallend baie beperk.

Barker (2000:195) noem dat die verlange na 'n manlike figuur in die huishoudings besonders sterk is. Hy argumenteer dat in gevalle waar 'n vrou die rol van 'n vader vertolk, die soeke na 'n vaderfiguur nog steeds daar is. Volgens die navorser moet die vader daarvan seker maak dat sy gedrag konsekwent in die verskeie areas van sy lewe is. Freeks (2004:97) bevestig die siening van die navorser en noem dat die vader 'n volgeling van Jesus binne en buite die kerk moet wees en waardes soos nederigheid, sagtheid en geduld teenoor kinders moet betoon. Freeks (2011:132) noem ook dat indien vaders liefde en respek aan hul kinders betoon hulle daardeur mildelik in hulle kinders se lewens belê. Kinders sal as gevolg hiervan meer geliefd en gewaardeer voel. Freeks (2011:133) is van mening dat vaders dit nie as manlik beskou om kinders, veral seuns, te soen nie. Volgens hom sal hierdie eenvoudige aksie bydra dat die kind opgroei as 'n liefdevolle mens. Vaders moet hul priesterlike rol soos uiteengesit in die Bybel opeis, want verontagsaming daarvan dra by dat families begin wegbeweeg van Bybelse waardes (Freeks 2011:141).

Freeks (2011:133) noem dat dit tydens sy navorsing aan die lig gekom het dat daar by families 'n strenger vaderfiguur nodig is. Gedurende onderhoude tydens sy navorsing het sommige respondente genoem dat die woord van vaders in die verlede "wet" was. Hy noem dat die Bybel streng dissipline as deel van goeie vaderskap sien en haal Spreuke 22:15 aan wat lui: "As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit verwyder" (1983 Vertaling). Daar moet egter verseker word dat die toepassing van dissipline gepaardgaan met 'n sin van verantwoordelikheid (Bergh, 2002:120). Die toepassing van dissipline moet sorgvuldig plaasvind aangesien die verkeerde benadering beide ouer en kind sielkundig kan benadeel. Munroe (2008:123) benadruk dat dissiplinering nie 'n aksie moet wees wat uit woede toegepas moet word nie. Paulus waarsku vaders daarteen in Kolossense 3:21: "Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie" (1983 Vertaling). Die navorser is van mening dat die toepassing van dissipline gewortel moet wees in liefde en wedersydse respek.

Munroe (2008:123) is van die opinie dat dissiplinering ook dissipelmaking is. Dissipelmaking word deur hom beskryf as 'n proses waarin die betrokke persone na

'n florerende lewe op reis is en die vreugde wat daarmee gepaard gaan bevredigend vind. Hierdie stelling beklemtoon die rol van 'n betrokke vader in die lewe van hul kinders. Bosch (2008:9) beskryf dissipelmaking as 'n deelname aan die drie-enige God se omgee en beheer van lewe as 'n geheel. Gedurende hierdie proses word die grootste geskenk van God gevier: vryheid van alles wat mense onderdruk en hulle daarvan weerhou om God te ken. In die proses van dissipelmaking word kinders en jongmense volgelingen (dissipels) van goeie gedrag. Die rol van vaders is om kinders op hulle foute te wys en hulle te help om nie die foute te herhaal nie. Munroe (2008:26) meen dat die man tydens God se skeppingswerk geormerk was om 'n vader te wees en kan as gevolg daarvan aanspreeklik gehou word indien hy sy pligte abdikeer.

Die fisiese, sosiale en emosionele verantwoordelikheid van die vader teenoor die kind word gerealiseer deur die praktiese en fisiese interaksie tussen vader en kind. Coakley (2006:153-161) is daarom van mening dat gesamentlike deelname aan sport, gesinsaktiwiteite en uitstappies help om hierdie doel te bereik. Al hierdie aksies verwag van moderne gesinne om meer tyd met mekaar te spandeer. Die navorser voel sterk dat gemeentes meer kan belê in programme en inisiatiewe wat die verhouding tussen vader en kind kan versterk.

Freeks (2004:102) argumenteer dat die vader die ideale rolmodel vir kinders is en voeg by dat positief-betrokke vaders ook rolmodelle vir ander vaders kan wees. Vaders moet toegerus word om dissipline op 'n aanvaarbare manier toe te pas. In die lig hiervan noem Munroe (2008:123) dat die toepassing van dissipline deur die vader nie noodwendig straf beteken nie. Hy voeg ook by dat dissiplinerings 'n hoër vlak van onderrig is en dat die korreksie en instruksie die kind se karakter vorm. Volgens die navorser is dissiplinerings belangrik vir kinders se toekomstige sukses en welstand, aangesien dit help om karaktereienskappe soos veerkragtigheid, betroubaarheid en respek te bou. Dissipline help ook om die manier waarop kinders gesagsfigure beskou, te vorm, wat noodsaaklik is om gesonde verhoudings te ontwikkel. Vaders in die gemeente moet met goeie vaderskapvaardighede toegerus word. Hulle waarde word nie gemeet aan die bevrediging van finansiële en materiële nood nie, maar aan liefde en aandag wat hulle aan die gesin gee (Williams, 2008:18). Dit is omdat die emosionele ondersteuning en stabiliteit wat 'n vader aan sy gesin bied noodsaaklik is vir hul welstand en toekomstige sukses. Om 'n

vaderfiguur in 'n gesin te hê, verseker dat kinders die leiding en ondersteuning kry wat hulle nodig het om in sterk en onafhanklike individue te ontwikkel. Soos vroeër deur die navorser genoem, beteken dit dat gesinne ondanks die gejaagdheid van die lewe kwaliteit tyd moet maak vir mekaar.

Freeks (2011:143) voel sterk dat families moet terugkeer na die Bybel en dinge moet begin doen uit 'n Bybelse perspektief. Hierdie proses sal nie outomaties gebeur nie. Die kerk is verantwoordelik om vaders te ondersteun en te begelei sodat hulle geestelike volwassenheid kan bereik (Bergh, 2002:176). Hy noem ook dat dit van kardinale belang is dat vaders toegerus moet word vir hul goddelike rol. Die afwesige vader veroorsaak nie net probleme in die huis of in die gemeenskap nie, maar die totale bevolking word daardeur benadeel (Freeks, 2004:2-3). Van den Berg en Makhusa (2018:46) noem dat Suid-Afrika na strategieë moet kyk om vaders te bereik deur veldtogte soos Men-Care Fatherhood en mobiele applikasies soos DadConnect. Die veldtogte moet ook sosiale media-promosies, die advertering van positiewe vaderskap op kennisgewingsborde en die verspreiding van vaderskap boodskappe gedurende samekomste waar mans hulle sal bevind, insluit.

Die navorser is dit eens dat feitlik alle mense op soek is na 'n sin van aanvaarding. Gegewe die prominente verskynsel van die afwesige vader moet daar ingryping wees om betrokkenheid van vaders te versterk en te promoveer ongeag waar hulle woon, hul huwelikstatus, hul verhouding met die moeder en of hulle werk of nie (Van den Berg & Makhusa, 2018:71). Marcisz (2013:33) beskryf vaderskap as "an art, a skill and an integral part of life to which investigators of the human condition have long paid scant attention". Huidige navorsing skets 'n multi-dimensionele beeld van vaderskap en bied 'n groot verskeidenheid van perspektiewe en benaderings tot die onderwerp. Vaderskap kan verstaan word as 'n biologiese, sosiale en kulturele funksie (Cabrera et al., 2000:14). Nel en Van der Westhuizen (2015:125) is van mening dat die gemeente 'n bydrae kan lewer tot gemarginaliseerde jongmense met risiko-gedrag deur programme vir ouers aan te bied rakende jeugopvoeding, ouerskap en geloofsontwikkeling asook om hulle akademies te help.

Nel (2000:23) argumenteer dat gemeentes baie kan bied as gevestigde lidmate binne gemeentes kinders en jongmense wat nie in gesonde familiestrukture opgroei nie aan die hand neem. Volgens hom kan sulke lidmate selfs ook as alternatiewe gesinne dien waarbinne kinders en jongmense die tipe liefde, ondersteuning en

leiding kry om 'n veiliger reis na volwassenheid te verseker. Hierdie aksie sal ook 'n baie praktiese manier wees hoe die Christengeloof uitgeleef kan word. Bowers du Toit (2014:6) is van mening dat die uitroep van jongmense vir erkenning, identiteit en liefde noodsaaklike behoeftes is wat vervul kan word binne 'n geloofskonteks wat gevul is met liefde, genade en 'n begrip dat elke kind geskep is na die beeld van God (*Imago Dei*). Kinders sal dan kerk begin ervaar as 'n uitgebreide familie en 'n veilige vangnet.

Meyer (2018:9) argumenteer dat sy nie altyd gemaklik is met sommige Christelike inisiatiewe in Suid-Afrika wat ten doel het om vaders te bemagtig nie. Dit sluit onder andere in die Fatherhood Foundation of South Africa en die Mighty Men Conference. Hierdie organisasies se doelwit is om 'n beroep op mans te doen om te bekeer, terug te keer na hul gesin en hul rol as patriarg in die familie op te neem soos vereis deur God in Sy Woord. Daar is opponerende opinies vanuit feministiese kringe. Kampvegters vir feminisme is van mening dat patriargie nie die antwoord is op die wêreld se probleme nie en beskou dit as 'n sosiale siekte wat deur die kerk aangespreek moet word (Pillay, 2013:55). Pillay beskryf patriargie as 'n androsentriese omgewing waar mans regeer en aan die hoof staan (manlik-gesentreerde perspektiewe op verhoudings en lewensrealiteite). Nadar (2009:559-560) voeg haar stem by en is van mening dat die inslag van die Mighty Men Conference 'n verkeerde boodskap uitstuur. Volgens haar skep dit 'n verkeerde indruk by mans oor wat dit is om 'n man te wees deurdat dit geskoei is op 'n verouderde en destruktiewe opinie oor manlikheid. Daar bestaan 'n moontlikheid dat hierdie inisiatiewe geweld onder mans kan vererger in plaas daarvan om dit te verbeter. Nadar (2009:559-560) stel as oplossing voor dat daar na die volgende gekyk word: die dekonstruksie van manlikheid, die rekonstruksie van alternatiewe vorms van manlikheid en die identifisering van positiewe rolmodelle. Hierdie bespreking sal van nader bekyk word in die tesis. In die oorsig van vaderskap bring literatuur aan die lig dat daar groot tekortkominge is en dat die gebrek aan positiewe vaderskap geweldige implikasies vir jongmense en gemeenskappe inhou.

1.4.4. Missionale Vader en Vaderfigure in perspektief

Volgens Van Gelder (2007:73) is 'n kerk missionaal wanneer dit homself verstaan as 'n gemeenskap wat deur God geskep is en deelneem aan sy missie om die heelal te

verlos, en sy verstaan van homself is dié van 'n gemeenskap wat missionaal is. Dit beteken dat hulle hul rol erken in die sending van God; wat is om herstel en versoening na 'n gebroke wêreld te bring. Hierdie begrip van hul identiteit help om hul gedrag en optrede te vorm terwyl hulle die missie van God in hul eie lewens en gemeenskappe probeer uitleef. Vaderfigure, as deel van die geloofsgemeenskap, se kernfunksie is om as agente van God se shalom op tree in 'n gebroke wêreld. Die gees van missionale lewe word gekenmerk deur 'n diep toewyding om God se wil te vervul en God se liefde na die wêreld te bring. Dit is 'n holistiese benadering tot identiteit, een wat poog om individue, hul gemeenskappe en die wêreld rondom hulle op betekenisvolle en blywende maniere te transformeer (James, 2013:143).

Alhoewel mans tradisioneel as moontlike vaderfigure beskou word, wil die navorser in hierdie werkstuk probeer vasstel hoe die kerk nie-biologiese vaderfigure kan bemagtig in die afwesigheid van biologiese vaders. Die navorser is van mening dat vader- en moederskap nie geslagafhanklik is nie; beide kan deur moeders en vaders uitgevoer word. Vaders kan emosionele ondersteuning en versorging aan hul kinders bied net soos ma's kan. Net so kan moeders dieselfde tipe finansiële en praktiese ondersteuning aan hul kinders bied as wat vaders dikwels verskaf.

1.5. PROBLEEMSTELLING

Die afwesige vaderfiguur het 'n groot effek op die gemeenskap en die ontwikkeling van jongmense. 'n Sleutelveronderstelling van hierdie tesis is dat die uiteinde hiervan jongmense is wat sonder hoop is en wegsink in morele verval. Du Plessis (2009:91) noem dat die inwoners van die Dwarsrivier Vallei (DRV) oorwegend Christene is en dat hulle aan een of ander geloofsgemeenskap behoort. Die navorser is daarom van mening dat die kerk 'n sterk rol kan speel om die afwesige vaderfiguur en die impak daarvan aan te spreek. Dit is teen hierdie agtergrond dat die navorser van die opinie is dat die afwesige vaderfiguur en die morele verval van jongmense 'n missiologiese vraagstuk is omdat dit oor vaders en vaderfigure as agente van God tot die totstandkoming van shalom in 'n gewonde wêreld handel. Verder vra die studie hoe kerke as missionale gemeentes die vaderfigure kan bemagtig in hulle rol.

1.5.1. Navorsingsvraag

Teen die agtergrond van die bogenoemde navorsingsprobleem, vra die navorser in

hierdie tesis die volgende navorsingsvraag: **Hoe kan kerke in die Dwarsrivier Vallei die “afwesige vader” fenomeen en morele agteruitgang van jongmense binne die konteks van die Dwarsrivier Vallei aanspreek?**

Sekondêre vrae voorspruitend hieruit is:

1. Wat is die rol van Christelike vaders in die lewe van kinders?
2. Wat is die kontekstuele faktore wat aanleiding gee tot die probleem?
3. Hoe kan “afwesige vaderskap” missiologies, teologies en ekklesiologies aangespreek word?
4. Hoe kan “afwesige vaderskap” deur ‘n missionale ekklesiologie aangespreek word?

1.6. NAVORSINGSRAAMWERK EN METODOLOGIE

In hierdie afdeling gaan die navorser drie navorsingsparadigmas verduidelik wat insluit die positivistiese paradigma (binne ‘n modernistiese raamwerk), die sosiale konstruktivistiese paradigma (binne ‘n postmoderne raamwerk) en die kritiese realis paradigma. Elke persoon posisioneer hul binne ‘n paradigma, ‘n sekere wereldbeskouing wat gegrond word op ‘n stel oortuigings wat hul aksies rig (Creswell, 2014:19). ‘n Paradigma verwys na ‘n versameling van aannames, konsepte en proposisies wat logies met mekaar in verband gebring word en wat ‘n persoon se denke en navorsing oriënteer (Bogdan & Biklen, 2010:32). Die navorser sal dan motiveer hoekom ‘n kritiese realis paradigma gepas is vir hierdie missiologiese studie.

1.6.1. Navorsingsparadigma

Auguste Comte word beskou as die vader van die modernistiese paradigma (positivisme). Die positivistiese skool is ‘n stroom binne die filosofie wat ten gunste daarvan is dat wetenskaplike kennis en die wetenskaplike metode die enigste manier is om sinvolle betekenis van iets te kry (Hiebert, 1999:3). Volgens hierdie sienswyse het Comte geglo dat alle sosiale en morele kwessies met die wetenskaplike metode geanaliseer moet word. Dit beteken dat empiriese waarneming van verskynsels omgeskakel word in universele wette wat dit moet verklaar. Volgens Hiebert (1999:5) werk hierdie benadering doeltreffend in fisiese wetenskappe, maar lei in gebreke wanneer dit kom by antropologie of ander

navorsing binne die sosiale wetenskappe. Hy noem dat hierdie benadering die mens tot 'n materialistiese voorwerp reduceer en subjektief is omdat dit min ruimte laat vir mense om hul innerlike geloof en gevoel te kommunikeer.

Baie voorstanders van sosiale konstruktivisme (binne die postmoderne raamwerk) bevraagteken die era van die “Verligting” (*Enlightenment*) waarop modernisme geskoei was en is van mening dat alle kennis afhanklik van 'n bepaalde konteks is (Hiebert, 1999:52). Sosiale Konstruktivisme (binne die postmoderne raamwerk) verwerp die idee dat die hede ondergeskik is aan die verlede, en beskou wetenskap as 'n mite en sien die erfenis van die “Verligtingsera” as totalitêr en kultureel imperialisties. 'n Sosiale konstruktivistiese paradigma lê sterk klem op emosies, intuïsie, persoonlike en mistieke ervarings (Hiebert, 1999:52). Dit het baie te doen met die hier en nou en heg daarom min waarde aan geskiedenis. Verder streef 'n sosiale konstruktivistiese paradigma na 'n omvattende benadering tot kennis. Teologie word daarom gevorm deur kulturele en historiese kontekste (Hiebert, 1999:57). Pluralisme, 'n sienswyse wat sterk ondersteuning binne 'n sosiale konstruktivistiese paradigma geniet, heet dat alles, geloof ingesluit, as relatief gesien moet word. Dit het verreikende gevolge deurdat teologie nou nie net deur die bestudering van die Skrif ontwikkel word nie.

Gegewe die tekortkominge van die vorige twee paradigmas wil die navorser vervolgens die relevansie van 'n kritiese realistiese paradigma bespreek asook die redes hoekom dit gepas is vir hierdie studie wat binne die dissipline van missiologie gedoen sal word. Die kritiese realistiese paradigma erken dat kennis subjektief is. Alle pogings om die wêreld te verstaan begin by ons konsep daarvan. Hierdie paradigma kombineer wetenskapfilosofie (transentale realisme) met 'n filosofie van sosiale wetenskap (kritiese naturalisme). Gebaseer op Pierce se definisie van kritiese realisme, identifiseer Heibert (1999:69) dit as “critical common sensism” aangesien dit beide realisties en krities is. Kritiese realisme is gebaseer op die idee dat die werklikheid kompleks en veelsydig is. Dit beklemtoon die gebruik van bewyse om aansprake te ondersteun, en dit erken die belangrikheid van konteks in die verstaan van die werklikheid. Dit is ook gebaseer op die idee dat ons begrip van die wêreld onvolledig is, en dat ons ons begrip daarvan kan verbeter deur logiese redenasies en empiriese bewyse te gebruik. Deur bewyse uit verskillende bronne en perspektiewe in ag te neem, en deur die konteks van die situasie in ag te neem, stel

dit ons in staat om meer akkurate gevolgtrekkings te maak en meer ingeligte besluite te neem. Dit help ons om die wêreld rondom ons beter te verstaan en om meer ingeligte besluite te neem gebaseer op die beskikbare bewyse. Omdat dit ondersoek hoe mense kennis bekom en vind dat hierdie kennis nie letterlike een-tot-een ooreenstemming met die werklikheid is nie, is dit van kritieke belang vir die verstaan van die proses van hoe mense kennis verkry.

As een van die vaders van kritiese realisme argumenteer Pierce dat die karakter van werklike dinge heeltemal onafhanklik is van die mening wat ons daarvoor huldig. In die lig van die feit dat hierdie werklikhede ons sintuie beïnvloed volgens voorspelbare patrone, en ten spyte van die feit dat ons sensasies verskil in verhouding tot hoe ons daarmee verband hou, kan ons deur middel van redenasie vasstel hoe dinge werklik is deur voordeel te trek uit die beginsels van persepsie. 'n Individu met voldoende ervaring en redenasie sal tot die enigste ware gevolgtrekking kom (Pierce,1955:18). Deur hierdie proses kan ons die ware aard van die werklikheid verstaan. Ons kan ons begrip gebruik om die wêreld om ons te verduidelik en te interpreteer. Hierdie kennis kan dan gebruik word om beter besluite te neem en 'n meer betekenisvolle lewe te lei. Yip (2014:404) argumenteer dat die tradisionele sosiale teorie van antropologie en missiologie dikwels staatmaak op essensialistiese idees van kulturele verskille, wat onvoldoende is om die kompleksiteite van postmoderne en geglobaliseerde samelewings te verstaan. Ons moet die gedeeltelike en toevallige aard van ons kennis van die "ander" erken, terwyl ons ook die krag van kultuur erken om ons interaksie met die "ander" te vorm.

Kritiese realisme beskou kennis as beide subjektief en objektief en plaas daardeur kennis in beide 'n kulturele en historiese konteks. Dit kan as 'n nederige benadering beskou word omdat dit die mens in ag neem (Hiebert, 1999:69). Hierdie paradigma onderskei tussen realiteit en ons kennis, en is van die veronderstelling dat die wêreld ordelik is en in 'n sekere mate deur die mens verstaan kan word. Dit hou die standpunt dat kennis nie onpersoonlik is nie, maar dat dit idees is wat interaksie met gevoelens en waardes het (Hiebert, 1999:74). Die werklikheid kan nie geïsoleerd getoets word nie omdat dit afhanklik van menslike persepsies, teorieë en konstruksies is.

Vir die kritiese realis verskaf onderhoude nie net 'n belangrike basis vir die toegang tot mense se ingesteldheid en emosies nie, maar 'n dieper verstaan van

gebeurtenisse, ervaringe en onderliggende toestande wat verteenwoordigend is van die komplekse meerlaagse sosiale realiteit (Smith & Elger, 2012:14). Kritiese realisme maak ruimte vir 'n objektiewe, eksistensiële realiteit en die feit dat hierdie studie op die Bybel en geloof van Christene gebaseer is, maak dit 'n geskikte navorsingsparadigma vir hierdie studie. Waar die sosiaal konstruktivistiese paradigma net reken op subjektiewe ervaring, maak 'n kritiese realis ruimte vir 'n objektiewe realiteit en die Bybel wat verband hou met die deelnemers in die studie se hermeneutiek.

1.6.2. Navorsingsontwerp

Hierdie afdeling verduidelik die algemene metode van navorsing wat in hierdie verhandeling gebruik sal word. Metodologie verwys na die stappe wat geneem word asook die hulpmiddels en die plan van aksie wat gevolg word. Dit sluit in alle tegnieke wat mekaar komplimenteer sodat data na vore kan kom wat die navorsingsvraag sal aanspreek.

Bryman (2012:35-37) noem dat daar binne sosiale wetenskap basies twee benaderings van navorsing is naamlik: kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Kwantitatiewe navorsing kan gesien word as 'n navorsingstrategie wat klem lê op data-insameling en -analise deur gebruik te maak van kwantifisering. Dit beklemtoon ook 'n deduktiewe benadering tot die verhouding tussen teorie en navorsing, met die klem op toetsbare teorieë. Boonop integreer dit die praktyke en norme van natuurwetenskaplike teorie en positivisme spesifiek in 'n siening van sosiale werklikheid as 'n eksterne, objektiewe werklikheid. Kwantitatiewe navorsingsmetodes het sekere beperkings, soos steekproefvooordeel. Daarbenewens is kwantitatiewe navorsing beperk in sy vermoë om die nuanses en kompleksiteit van sosiale verskynsels vas te vang. Kwantitatiewe navorsing maak staat op numeriese metings en statistiese ontledings en gee dalk nie insig in subjektiewe perspektiewe en ervarings van individue nie.

In vergelyking met kwantitatiewe navorsing, fokus kwalitatiewe navorsing op woorde. Deur 'n induktiewe benadering te gebruik, word teorieë ontwikkel. As alternatief vir die natuurwetenskaplike model en veral positivisme, beklemtoon kwalitatiewe metodes hoe individue die sosiale werklikheid interpreteer. In wese beliggaam dit die idee dat sosiale werklikheid voortdurend ontwikkel (Bryman, 2012:35-37). Soos

beskryf deur De Roets (2020:186), sluit algemene metodes vir data-insameling in praktiese teologie semi-gestruktureerde onderhoude, in-diepte onderhoude en deelnemer waarneming in.

Die navorser het 'n kwalitatiewe benadering gevolg en van 'n *World Café*-gesprek met fokusvrae gebruik gemaak. Hiermee saam het die navorsing ook 'n fokusgroep gehad van Pniel Congregational Kerk met dieselfde stel vrae wat in die *World Café*-gesprek gebruik is. Soos beskryf deur De Roets (2020:244), is 'n fokusgroep 'n kwalitatiewe navorsingsmetode waar die navorser 'n klein groepie deelnemers met sekere ooreenkomste of kenmerke bymekaarmaak en dit gebruik om 'n bepaalde kwessie te bespreek.

Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude met gemeenteleiers gevoer. 'n Standaard stel vrae is vooraf aan elkeen voorsien. Die navorsing was dus kwalitatief van aard (Cohen et al., 2000:6-7). Kwalitatiewe studies streef daarna om die komplekse ruimte van die respondent holisties te infiltreer. Hierdie benadering help ons om betekenis te gee aan die navorsingsvraag en daarmee die prosedure te verskaf hoe die navorser die studie sal uitvoer (Anderson & Arsenault, 1998:119).

Die navorser maak gebruik van kritiese realisme as paradigma wat kennis as meer as net feitelike informasie sien, maar eerder as 'n kommunikasiemedium tussen denkpatrone en die realiteit waarbinne mense hulleself bevind. Hierdie paradigma beskou emosies en morele oordele as belangrike komponente van kennis en argumente (Hiebert, 1999:70). Met hierdie benadering sien ons die waardes, gevoelens, denke en die doel van mense as werklikheid wat die navorser in staat sal stel om mense se optrede beter te verstaan.

1.6.3. Praksissiklus van Magde Karecki³

Magde Karecki se praksissiklus is gebruik om die navorsingsvrae te beantwoord omdat die studie missiologies van aard is. Die term praksis gaan verder as praktiese toepassing, aldus Kritzinger (2002:149). Dit is 'n holistiese benadering wat die verstaan, interpretasie en handeling van die werklikheid insluit. Dit is 'n deurlopende siklus wat reflektiewe denke en 'n kritiese ontleding van die situasie behels en is

³ Dr Madge Karecki is 'n Franciskaanse suster wat liturgie en missiologie onderrig by die St John Vianney Seminary.

daarom 'n ideale model vir missiologiese navorsing. As sodanig het die navorser die siklus gebruik as 'n manier om teorie en praktyk te integreer, ten einde te verstaan hoe die Christelike geloof in die konteks van sending toegepas kan word. Die siklus bied 'n manier om die stappe in die navorsingsproses duidelik te omlin, van probleemidentifikasie en analise tot die evaluering van resultate. Hierdie siklus sluit identifikasie (agentskap), konteksanalise, teologiese analise, strategieë (planne) en spiritualiteit in. Identifikasie behels die erkenning dat 'n probleem bestaan en dat iets daaromtrent gedoen moet word. Konteksanalise behels die begrip van die politieke, sosiale en ekonomiese omgewing waarin die kwessie bestaan. Teologiese analise behels die begrip van die Bybelse, teologiese en etiese implikasies van die kwessie. Strategieë is planne van aksie wat ontwerp is om die kwessie te konfronteer.

Volgens Kritzinger het hierdie metode ten doel om transformasie aan te moedig en die mees kwesbare mense te bemagtig. Hierdie benadering sal help verseker dat ons teologie ons nie vervreem van mense nie, maar verbind (Kritzinger 2002:147). Uit die staanspoor moet hierdie metode as 'n kollektief benader word omdat dit ontwerp is vir 'n groep mense wat deur 'n verbond 'n verskil wil maak in die gemeenskap waarbinne hulle geplaas is. Teologie en missiologie moet binne die gemeenskap gedoen word en as 'n gemeenskaplike of gesamentlike poging gesien word (Pocock, Van Rheenen & McConnell, 2005:123). Missiologie moet volgens Kritzinger (2002:150) verstaan word as 'n aksie van die Drie-Eenheid deur die geskiedenis en die gemeenskap van gelowiges word genooi om saam met die Drie-Eenheid daaraan deel te neem.

In die konteks van die metodologie het die praksissiklus van Magde Karecki eerstens die navorser gehelp om te verstaan hoe vaders op die oomblik hulle rol verstaan as God se agente (missionale leiers) in die wêreld, hulle identifiseer of nie identifiseer nie met jongmense en morele vorming. Dit gaan dus hier oor hoe vaders hulself verstaan en hoe hulle wil hê ander hulle rol en funksie moet verstaan (Baron, 2020:11). Kritzinger beskryf hierdie spanning as die "selfidentifikasie en selfkennis" kontinuum (Kritzinger, 2008:76). Tweedens het die praksissiklus die navorser gehelp om te verstaan hoe vaders die konteks onderskei, of hulle enigsins bydra tot die probleem en of daar volgens hulle enige ander bydraende faktore is wat lei tot die morele verval onder jongmense in die DRV. Jesus het op aarde binne 'n werklike konteks met werklike mense geleef wat gelei het tot betekenisvolle verbintenisse met

mense deurdat Hy voorbeelde gebruik het binne die mense se eie konteks.

Konteksualisering verwag van ons om ander toe te laat om vir hulself te spreek. Sulke ontmoetings vind nie plaas binne 'n vakuum nie en daarom moet ons die gespreksgenote toelaat om hul eie perspektief binne die gesprek te bring (Labuschagne, 2019:8). Konteks beïnvloed daarom nie net ons vermoë om te verstaan nie, maar is die lens waardeur ons kyk om tot 'n spesifieke slotsom te kom (Labuschagne, 2019:5). Derdens is daar lig gewerp op oor hoe vaders teologies reflekteer op hul rol as vader. Die Bybel daag Christene uit om ondersoekende vrae te stel. In Markus 8:27, 29 vra Jesus onderskeidelik die vrae: “Wie sê die mense is Ek?” en “Wie sê julle is Ek?”. Hierdie twee vrae lê die basis vir teologiese refleksie wat ook dui dat deeglike konteksanalise 'n integrale deel van ons teologie vorm (Kritzinger, 2002:162). Vierdens het die praksissiklus gehelp om die toepaslike missionale strategieë te konseptualiseer ten einde die fenomeen so doeltreffend moontlik aan te spreek. Hierdeur kan die *shalom* van God binne die ruimtes van vaders, jongmense, geloofsgemeenskap en samelewing gebring word.

1.6.4. Dataversameling

1.6.4.1. Semi-gestruktureerde onderhoude

Die *World Café*-metode is deur semi-gestruktureerde onderhoude met kerkleiers voorafgegaan. Genoemde leiers was ook hekwagters vir hul gemeentelede wat deelgeneem het aan die studie. Gedurende semi-gestruktureerde onderhoude word daar gebruik gemaak van 'n gestandaardiseerde stel oop vrae wat soms opgevolg word met nuwe vrae om pertinente temas te verken. Semi-gestruktureerde onderhoude gee aan die navorser die geleentheid om waar te neem hoe deelnemers oor 'n spesifieke aspek van hulle lewens of ervarings praat. Hierdie benadering gee aan die deelnemers die geleentheid om 'n leidende rol in die verloop van onderhoude te speel (Greef, 2011:351-352; Cresswell, 2009:183).

1.6.4.2. World Café

Die *World Café*-metode funksioneer min of meer soos 'n fokusgroep. 'n *World Café* wentel om sewe hoofbeginsels: die skep van gasvryheid, die skep van die konteks, moedig deelname aan, ondersoek vrae wat saak maak, verbind diverse

perspektiewe, luister saam vir patrone, insigte en dieper vrae, oes en deel kollektiewe ontdekkings (Brown & Isaacs, 2005:174).

Dit het biologiese vaders, jeugdige, sowel as volwasse mans en vroue wat vaderlike rolle vertolk, ingesluit. Die vyf kerke waaruit die *World Café* sou bestaan sluit in die Congregational Kerk in Pniel (ses deelnemers), Encounter Ministries in Johannesburg (vyf deelnemers), Anglikaanse Kerk in Lanquedoc (vyf deelnemers), die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGK) in Kylemore (vyf deelnemers) en die Ou Apostel Kerk in Kylemore (vyf deelnemers). Die Pniel Congregational Kerk kon om verskeie redes nie deelneem aan die *World Café* nie en is later as 'n aparte fokusgroep hanteer. Hierdie seleksie van kerke is volgens die navorser 'n redelik verteenwoordigende stem van Christelike vaderfigure binne die konteks van die Dwarsrivier Vallei (DRV).

Die *World Café* is 'n innoverende metodologie wat ten doel het om die kapasiteit van gesamentlike gesprekvoering rakende kritiese kwessies te bevorder. Hierdie metode maak gebruik van 'n informele opset waartydens deelnemers 'n onderwerp verken deur dit in klein groepies rondom tafels te bespreek. Soos Fouché en Light (2011:1) aanvoer, fasiliteer die World Cafe kruisbestuwing van idees deur 'n kafee-styl sosiale konteks te gebruik en die vermoë om inligting op 'n nie-bedreigende en billike manier te deel.

Die *World Café* vestig 'n tuisgevoel deurdat die ontwerpbeginsels van gemeenskaplike deelname gronde skep vir beide deelnemers, die gasheer ingesluit, sonder streng regulering. Dit is gesprekvoering waartydens mense tot konstruktiewe dialoog, bou van verhoudings en 'n gesamentlike leerproses aangemoedig word (Steier, Brown & da Silva, 2015:211). Hierdie metode stel groepe in staat om gesamentlik deel te neem sonder om individuele insigte rakende ernstige lewenskwessies te ondermyn. Dit word teweeggebring deur die skakeling van klein en groot groepgesprekvoering. Gedurende die proses van gesprekvoering groei kennis van die kwessies en raak die geheelbeeld van die vraag ter sprake duideliker terwyl nuwe moontlikhede meer sigbaar word.

Soos vroeër genoem, maak die *World Café*-metode gebruik van 'n informele kafee-atmosfeer waarin klein groepe rondom 'n tafel vergader om spesifieke kwessies te bespreek. Die groot groep is verdeel in kleiner groepe (in hierdie studie vier groepe van ses deelnemers elk vir 'n totaal van 24 deelnemers) wat tussen vier tafels roteer.

Hierdie kleiner groepe het spesifieke vrae bespreek wat ingelei is deur 'n nie-roterende gasheer wat ook verantwoordelik was vir die opskryf van die data wat versamel is. Beide partye het idees uitgeruil en daardeur 'n beeld van die gewenste scenarios in die vooruitsig gestel (Steier, Brown & da Silva, 2015:211).

Die metode is 'n deelnemende proses wat daarop gerig is om gemeenskappe te transformeer deur die uitruil van idees en opvattinge rakende spesifieke kwessies (Löhr, Weinhart & Sieber, 2020:1). Dit is 'n proses van gesprekvoering wat groepe help om konstruktief in gesprek te tree oor kritiese kwessies, om persoonlike verhoudings te bou en 'n gesamentlike leerproses te versterk.

Die doel agter die metode is om 'n ruimte te skep wat goeie kommunikasie ondersteun en waar alle deelnemers in staat is om te praat oor dinge wat belangrik vir hulle is (Coghlan & Brydon-Miller, 2014:824). Die *World Café*-metode is gebaseer op die veronderstelling dat mense alreeds wysheid en kreatiwiteit het om die mees uitdagende omstandighede die hoof te kan bied. Dit berus op twee beginsels naamlik:

- Mense wil as 'n kollektief gesels oor sake wat hulle pla.
- Indien hulle dit doen skep hulle kollektiewe mag.

Daar moet seker gemaak word dat die ruimte waarbinne dit geskied gasvry is, elkeen se bydrae gewaardeer word en alle deelnemers die verantwoordelikheid neem om te luister en nuwe insigte saam te verken. Tesame hiermee moet daar seker gemaak word dat die vrae wat gevra word goed gekonstrueer is en dat dit die onderwerp sal aanspreek (Coghlan & Brydon-Miller, 2014:825-826). Alle deelnemers het die geleentheid gekry om alle vrae te beantwoord. Die navorser is van mening dat die data wat ingesamel is gelei het tot nuwe insigte en ontdekkings oor die onderwerp, wat nuwe moontlikhede en rigtings vir verkenning oopgemaak het. Dit kan ook 'n beter begrip van die dinamika binne die proses bied, wat meer doeltreffende en effektiewe benaderings tot probleemoplossing moontlik maak.

Die navorser het onderhoude met 'n groep van die bogenoemde populasie gevoer om 'n dieper insig tot die werklike wêreld van die deelnemers deur dialoog en nadere interaksie te kry. Dus het die navorser gebruik gemaak van 'n kritiese realistiese paradigma, waar die werklikheid aan die hand van die ervaring van die deelnemers getoets word, so ook hulle verstaan van die Bybelse tekste oor vaderskap. Hierdie

paradigma bied die moontlikheid om deur empiriese navorsing vas te stel wat die oorsake is, maar kan ook antwoorde tot die fenomeen bied. Dit het die navorser in staat gestel om data vir navorsingsanalise, etiese oorwegings, betroubaarheid en die geldigheid van die navorsing te versamel (Fujii, 2018:1; Padgett, 2017:28; 2019:63-64; Creswell, 2014:3; Babbie & Mouton, 2008:74). Die monster wat geneem is bestaan uit 'n groep diverse deelnemers wat volwassenes en jongmense (bo 18) insluit. Die rede hiervoor was om soveel moontlik opinies te verkry wat 'n verteenwoordigende beeld sal skep van die konteks waarbinne die studie gedoen gaan word (Creswell, 2011:156).

1.6.4.3. Doelgerigte steekproefneming

Die populasie van die navorsingstudie verwys na 'n bereikbare, duidelik afgebakende groep mense wat geïdentifiseer is as 'n toeganklike groep (Myburg & Strauss, 2015:73). Die navorser het gebruik gemaak van doelgerigte steekproefneming ("purposive sampling") binne die sosiale konteks van die deelnemers. Die logika van doelgerigte steekproefneming is dat deelnemers doelgerig uitgekies word (Mouton, 2013:134-140). Vir die navorsing om suksesvol te wees het die navorser seker gemaak dat die deelnemers kongruent met die navorsingsvrae sowel as die konteks van die studie is (Mouton, 2013:169). Deelnemers met geleefde ervarings is geskik geag vir doelgerigte steekproefneming en daarom word hierdie metode geag as die mees toepaslike een om voldoende inligting van deelnemers te verkry. Die steekproefneming wat toegepas is, word deur Creswell ondersteun (2013:205). Hy noem dat doelgerigte steekproefneming in kwalitatiewe navorsing gebruik word waar die navorser deelnemers en die agtergrond kies om doelgerig die navorsingsprobleem en die sentrale fenomeen van die studie te verstaan. Die vaderfigure en ander deelnemers wat ingestem het tot die navorsing was toeganklik (Gravetter & Forzano, 2018:97).

Die doelgerigte steekproefneming wat deur die navorser gebruik is, staan ook as oordeelsteekproefneming bekend. Die rede hiervoor is dat die deelnemers aan die studie oor die ervaring of spesiale kennis beskik wat die nodige inligting aan die navorser verskaf het (Whitefield, 2013:125). Steekproefneming identifiseer die karaktertrekke van die populasie wat in aanmerking kom om deel van die studie te wees (sien Addendum B en C). Dit is gedoen aan die hand van vooraf gekose

insluiting en uitsluiting. Insluitingskriteria is spesifieke karaktertrekke waaroor die persone of die populasie moet beskik terwyl die uitsluitingskriteria karaktertrekke identifiseer wat die deelnemer as onvanpas vir die studie ag (Whitefield, 2013:126).

Die spesifieke kriteria vir die keuring van gevalle was die volgende:

- Biologiese vaderfigure wat saam met hulle kinders woon.
- Nie-biologiese vaderfigure wat saam met jongmense woon.
- Biologiese vaderfigure wat nie saam met hulle kinders in een huishouding woonagtig is nie.
- Jongmense wat studente of werkend is.
- Alle deelnemers moet ouer as 18 jaar wees.

Die navorser het spesifieke vrae aan die deelnemers gestel om te verseker dat die navorsingvrae so effektief moontlik aangespreek word (sien Addendum D).

1.6.5. Data-analise

Die navorser het gebruik gemaak van Tesch (1990) se agt-stap raamwerk vir data-analise soos uitgespel deur Creswell (2009:9). Hierdie agt stappe sluit in:

1. Die navorser het begin deur eers 'n geheelbeeld te kry van die data voor hand en dit sorgvuldig deurgegaan. Terselfdertyd het hy ook idees neerskryf.
2. Hierna het die navorser een transkripsie geneem en homself afgevra waarom dit handel. Dit het hy gedoen sonder om te konsentreer op die betekenis, maar te let op die onderliggende bedoeling daarvan.
3. Nadat die navorser 'n aantal deelnemers se data deurgegaan het, het hy 'n lys van die verskillende onderwerpe gemaak en dit daarna gegroep. Die navorser het dan die onderwerpe as hoof, unieke en oorblywende onderwerpe getabelleer en geklassifiseer.
4. Die navorser het vervolgens die lys geneem en weer gefokus op die data. Daarna het die navorser die onderwerpe afgekort as kodes en dit langs die toepaslike gedeeltes van die teks geskryf. Hierdie stap het oorspronklik gegee aan nuwe kategorieë en kodes.
5. Die navorser het die onderwerpe op die bes moontlike manier probeer bewoord en dit dan gekategoriseer. Hierna het die navorser die kategorieë probeer verminder deur onderwerpe wat met mekaar verband hou te groepeer.
6. Die navorser het vervolgens finaal besluit op afkortings van elke kategorie en

dit alfabeties rangskik.

7. Ná die alfabetiese rangskikking het die navorser die data van elke kategorie in een plek versamel en dit voorlopig geanaliseer.
8. Die navorser het die res van die data herkodeer.

Barusch et al. (2011:11) haal Cuba en Lincoln (1985) aan wat noem dat daar vier kriteria is om die egtheid van data te verseker. Dit sluit in geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestiging. Die inligting is van deelnemers verkry deur middel van die invul van 'n vraelys, klankopnames en transkripsies deur aangewese persone.

Die klankopnames is sorgvuldig getranskribeer en daarna as geskrewe transkripsies wat die onderhoude verteenwoordig gestoor. Klankopnames en die stoor van onderhoude het die geloofwaardigheid daarvan bevorder (Anney, 2014:276). Met die *World Café* was daar vier persone wat onderhoude getranskribeer het. Die navorser het na die tyd met hierdie vier individue beraadslaag om seker te maak dat hulle weergawes van die onderhoude korrek was. Die Congregational Kerk in Pniel kon as gevolg van sekere redes nie deel vorm van die *World Café* nie. Die navorser het hulle as 'n aparte fokusgroep benader en was self verantwoordelik vir die transkribering van onderhoude. Die navorser het ook self die onderhoude met verskillende kerkleiers getranskribeer. Die studieleier was aktief betrokke in die proses van data-insameling en het alle transkripsies ge lees. Hierdeur is triangulasie verseker (Barusch et al., 2011:12).

Nadat die navorsingsmetodologie, teorieë, toepassings en bevindings uitgespel is, het die navorser gebruik gemaak van omvattende beskrywings ten einde oordraagbaarheid van data te verseker. 'n Onafhanklike kodeerder het die data ekstern kodeer wat betroubaarheid aan die proses verleen (Anney, 2014:278). Die navorser het aantekeninge in 'n joernaal gemaak om die bevestiging van die data te versterk. Volgens Barbie en Mouton (2008:492) word inhoudsanalise as twee tipes verdeel, naamlik konseptuele- en verhoudingsanalise. Konseptuele analise staan ook bekend as tematiese analise. Die navorser maak in hierdie studie gebruik van tematiese analise omdat dit in die algemeen 'n goeie benadering tot die analisering van kwalitatiewe data soos notules van vergaderings en transkripsies van onderhoude is (Coghlan & Brydon-Miller, 2014:240). Hierdie proses verloop soos

volg: Eerstens het die navorser kerntemas en subtemas wat daarmee assosieer, geïdentifiseer deur die data baie sorgvuldig deur te gaan. Nadat die kerntemas en subtemas geïdentifiseer is, is kodes aan die temas en subtemas toegeken. Hierdie kodes is dan gekoppel aan die teks/data wat geanaliseer is om die voorkoms van spesifieke temas in die verskillende transkripsies van onderhoude te identifiseer. Die temas en gepaardgaande inligting wat verkry is vanuit die data het die navorser gehelp om die fokusarea en teoretiese raamwerk beter te verstaan wat gelei tot 'n beter begrip van beide die situasie en vergelykbare situasies (Coghlan & Brydon-Miller, 2014:240).

1.7. ETIESE OORWEGINGS

1.7.1. Rol van deelnemers

Die navorser het etiese klaring vir die studie ontvang van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se Algemene/Menslike Navorsingsetiekkomitee: Etiese klaring nommer: UV-HSD2022/0191/22 (sien Addendum A). Die relevante etiese oorwegings vir die voorgestelde navorsing sluit in: vrywillige deelname, ingeligte toestemming, privaatheid en bekendstelling van die navorser. Alle deelnemers aan die navorsing is goed ingelig oor die doel van die navorsing en die uitkomst daarvan voordat daar met onderhoude en data-insameling begin is. Hiertydens is dit ook aan deelnemers duidelik gemaak dat deelname vrywillig is. Deelnemers het geskrewe toestemming aan die navorser gegee deur middel van die voltooiing van 'n toestemmingsbrief (Creswell, 2013:57). Die navorser is van mening dat ingeligte toestemming belangrik is omdat dit die deelnemer die geleentheid bied om die potensiële risiko's van die studie te verstaan en 'n ingeligte besluit te neem oor of hy of sy wil deelneem of nie. Dit het ook die navorser verhoed om voordeel te trek uit kwesbare mense wat dalk nie die risiko's wat met die navorsing verband hou, verstaan nie.

1.7.2. Rol van navorser

Die navorser het verseker dat metodes van anonimiteit toegepas is ten einde privaatheid te verseker. Dit sluit in die verwydering van private inligting en identifikasie, die vervanging van name met afkortings en die stoor van private inligting op 'n plek wat verwyder van die navorsingstekst is (Punch, 2014:48).

Aan die begin van die proses het die navorser hom voorgestel en die omvang van die proses aan die deelnemers verduidelik. Dit het verseker dat die deelnemers 'n duidelike begrip gehad het van wat van hulle verwag word en dat hulle 'n beter gevoel van vertrouwe en gemak met die navorser kon hê. Dit het ook verseker dat die navorser as betroubaar en professioneel gesien is. Die vertroulikheid van die inligting sal geprioritiseer word omdat dit persoonlik en ervaringsgebaseerd is (Grinnell & Unrau, 2011:84).

Die *World Café*-gespreksgroep en Pniel Congregational Kerk fokusgroep is uitgevoer in 'n goed geventileerde area met die nodige badkamergeriewe. Ligte verversings was te alle tye beskikbaar. Daarbenewens het die navorser 'n gekwalifiseerde berader en 'n mediese beampte op bystand gehad vir ingeval hierdie dienste tydens die onderhoude benodig sou word. Dit het verseker dat die deelnemers gemaklik was en dat hul veiligheid en welstand tydens die navorsing in ag geneem is. Dit het ook die navorser in staat gestel om 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir oop en eerlike reaksies van die deelnemers.

Geskrewe rekord van data sal vir 'n periode van vyf jaar veilig in 'n sluitbare kas/liasseerkabinet op die perseel van die Universiteit Vrystaat weggesluit word vir toekomstige navorsingsdoeleindes. Elektroniese weergawes van die data word gestoor op 'n wagwoord-beskermdre rekenaar. Die toekomstige gebruik van gestoorde data sal aan verdere navorsingsetiek-hersiening en goedkeuring onderworpe wees indien dit benodig word. Daar was geen nuwe-effekte of ongerief vir die deelnemers wat aan die studie deelgeneem het nie.

1.7.3. Aansporing vir deelname

Deelname was vrywillig en daar was geen finansiële vergoeding aan die deelnemers nie. Die deelnemers sal deur hul deelname aan die studie 'n sterk bydrae lewer om die vaderfunksie in die morele degenerasie van jongmense in die Dwarsrivier Vallei aan te spreek.

1.8. IMPAK VAN DIE STUDIE

Gegewe die wesenlike probleem van die afwesige vaders en vaderfigure binne die konteks van die Dwarsrivier Vallei (DRV) het hierdie studie ten doel om moontlike missiologies-teologiese oplossings te bied. Hiermee saam probeer die navorser die

rol van die aardse vader vanuit 'n missionale perspektief aanspreek aangesien vaders die beeld van God as Vader behoort te reflekteer en vaderskap as 'n Godgegewe roeping behoort te benader. Dit beteken dat vaders die voorbeeld van Christus moet modelleer en sy nuwe gebod ten opsigte van hulle familie en breër gemeenskap uitleef.

1.8.1. Samelewing

Die empiriese werk sal die navorser in staat stel om eerstehandse inligting rondom die impak van afwesige vaders en vaderfigure op die jeug van die Dwarsrivier Vallei te verkry. Van die navorsing kan dalk ook die persepsie dat vaders nie betrokke genoeg is nie weerspreek.

1.8.2. Missiologies

In die dissipline van missiologie sal die studie meer data tot die onderwerp oor die vader as missionale leier toevoeg. Om morele degenerasie onder jongmense in die Dwarsriviervallei aan te spreek, het die dissipline op die kerk en ander rolspelers gefokus, maar 'n groter klem op die vaders en vaderfigure binne die gemeenskap geplaas. Die tesis poog om vaders en vaderfigure bewus te maak van hul rol as missionale leiers. Die empiriese werk sal aandui tot watter mate vaders en vaderfigure werklik bewus is van hul missiologiese rol in die lewe van hul gesin en breër gemeenskap.

1.8.3. Ekklesiologies

Met die inligting wat uit hierdie tesis verkry is, sal die geloofsgemeenskappe strategies kan besin en beplan rakende hul rol in die bemagtiging van vaders en vaderfigure in die DRV en dus die morele degenerasie van jongmense aanspreek. Hierdie tesis probeer 'n in-diepte ontleding gee van die huidige stand van die vaderskapsrol binne die DRV en die implikasies daarvan vir die morele ontwikkeling van jongmense. Met die inligting wat verskaf is, sal geloofsgemeenskappe die huidige konteks kan verstaan en effektiewe strategieë kan ontwikkel wat sal help om vaders en vaderfigure in die DRV te bemagtig, en uiteindelik bydra tot die morele ontwikkeling van sy jeug.

1.9. HOOFSTUK VERDELING

Hoofstuk 1

In hoofstuk een gee die navorser die agtergrond van die studie. Dit sluit in die geografiese area waarbinne die studie geskied asook 'n beskrywing van die gemeentes wat betrek word by die studie. Die literatuurstudie probeer 'n prentjieskep van wat tans aan die gang is in terme van die morele degenerasie van jongmense en die probleem van vaderloosheid. Gegewe die feit dat meer as 90% van inwoners binne die DRV belydende Christene is, probeer die navorser dan die missionale taak van geloofgemeenskappe benadruk. Die probleemstelling, navorsingsvraag en sekondêre vrae word uiteengesit. Die navorser verduidelik dan drie navorsingsparadigmas wat die positivistiese paradigma (binne 'n modernistiese raamwerk), die sosiale konstruktivistiese paradigma (binne 'n postmoderne raamwerk) en die kritiese realis paradigma insluit.

As 'n volgende stap word die rasionaal vir die gebruik van 'n kritiese realistiese paradigma om hierdie studie uit te voer in meer besonderhede verduidelik. Dataversameling en data-analise asook die etiese kwesies rondom die studie word uiteengesit. Die navorser probeer ook verduidelik watter impak die studie in die samelewing, missiologies en ekklesiologies sal hê.

Hoofstuk 2

In hoofstuk twee kyk die navorser na die agentskap van vaders en vaderfigure en kontekstuele faktore wat hulle verhoed of help om 'n betekenisvolle rol in die lewe van jongmense te vervul. Die navorser gebruik die eerste twee dimensies van die praksissiklus naamlik agentskap en konteks om die hoofstuk te konstrueer. Gevolglik kan die navorser bepaal of vaders identifiseer met jongmense en hul morele vorming, en hoe hulle tans hul rol as God se agente (missionale leiers) in die wêreld ervaar. Deur die data wat uit die onderhoude ingesamel is te ontleed, kan die navorser 'n begrip kry van die vaders en vaderfigure se siening oor hul rolle as morele en geestelike leiers in hul gesinne en gemeenskappe. Dit kan insig gee in hoe vaders en vaderfigure hulself, hul geloof en hul vermoë beskou om hul gesinne op 'n Goddelike manier te lei.

Hoofstuk 3

In hoofstuk drie probeer die navorser om missionale vaderskap in die missiologiese diskoers te plaas. Dit begin met die tradisionele begrip van sending, die Edinburgh Konferensie van 1910 en dan die geleidelike paradigmaskuif voor en tydens die Willingen Konferensie van 1952. Die ontstaan en gesprek rondom die *missio Dei* word in diepte bespreek in die hoofstuk, waarin vaderskap in verband gebring word as 'n funksie van vaders en vaderfigure as God se agente in 'n gebroke wêreld.

Hoofstuk 4

In hoofstuk vier bespreek die navorser missionale ekklesiologie en bring dit in verband met "missionale vaderskap" om te bespreek hoe 'n missionale ekklesiologie ruimte bied vir die ontwikkeling van missionale vaderskap. Die beginsels van 'n missionale kerk word bespreek. Die oorsprong van die konsep van missionale kerk word van nader bekyk deur na te dink oor die Noord-Amerikaanse Navorsingsgroep, die Gospel and Our Church Culture Network (GOCN). Tweedens kyk die navorser na verskillende akademiese werke binne die Suid-Afrikaanse konteks oor die "missionale kerk" en wat dit vir die Suid-Afrikaanse konteks beteken. Die navorser poog dan om die rol van die kerk as 'n missionale kerk te bespreek en spesifiek te kyk na hoe hierdie verstaan en missionale ekklesiologie die vestiging van missionale vaders kan verseker.

Hoofstuk 5

In hoofstuk vyf bespreek die navorser die data wat ingesamel is tydens die *World Café* met die vier gemeentes, die data van fokusgroep asook die onderhoude met die verskillende gemeentelidmers. Die navorser stel dan vas hoe die deelnemers dink oor die rol van vaders en vaderfigure in die morele verval van jongmense in die Dwarsrivier Vallei (DRV). Tweedens wat dink hulle gee aanleiding tot die probleem, en hoe dink hulle die kerk kan 'n rol speel om vaders en vaderfigure te bemagtig om as agente op te tree en aktief betrokke te wees in die lewe van jongmense in die DRV en die probleem die hoof te bied. Die navorser bespreek dit dan in die lig van die vorige teoretiese hoofstukke en besprekings oor missionale ekklesiologie en missionale vaderskap. Die navorser bespreek die unieke bydrae wat deelnemers lewer ten opsigte van die rol van vaders en vaderfigure, asook die gemeentes om die probleem van morele agteruitgang van jongmense die hoof te bied.

Hoofstuk 6

In hierdie hoofstuk som die navorser die hoofbevindinge van die navorsing op en bespreek hoe die navorsingsvraag beantwoord word, asook hoe dit bydra tot die missiologiese diskoers oor vaderskap en morele verval van jongemense. Die navorser identifiseer ook enige beperkinge en maak voorstelle vir verdere navorsing. Laastens maak die navorser gevolgetrekkings en aanbevelings gebaseer op die bewyse en bevindings van die navorsing.

HOOFSTUK 2: DIE INVLOED VAN KONTEKSTUELE FAKTORE EN AFWESIGE VADERFIGURE

2.1. INLEIDING

Om rede hierdie probleem drasties toeneem, sal die navorser probeer om met 'n konteksontleding vas te stel wat die bydraende faktore is. David Bosch (2011:362) noem dat ons in die uitvoering van sending, net soos Jesus, diep betrokke moet raak by die werklike omstandighede van die armes, diegene in ballingskap, diegene wat blind is sowel as hulle wat onderdruk word (Lukas 4:18). Die konteksontleding help om te bepaal hoe vaders en jongmense hul eie sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele kontekste interpreteer, en of hulle bydra tot die probleem van morele agteruitgang onder jongmense in die Dwarsriviervallei. Die navorser poog om te bespreek hoe vaders en vaderfigure hul agentskap verstaan, sowel as die feministiese begrip van vaderskap en die *missio Dei* in die konteks van vaderskap en missionale leierskap.

2.2. KONTEKSTUALISERING

Mashoko (2005:10) noem dat gestuurdheid ("mission") verstaan moet word as kontekstualisering, aangesien dit uitgevoer moet word op 'n manier wat sin maak vir 'n groep mense binne hul konteks, deur gebruik te maak van simbole wat hulle sal verstaan sodat dit vir hulle sin kan maak. Basies gaan sending daarvoor om te onderrig, te preek, te evangeliseer, te help of die lewe te leef op maniere wat die plaaslike gemeenskap verstaan en waardeer. Missionale lewe behels ook om na die mense in die plaaslike gemeenskap te luister om hul kultuur, waardes en oortuigings te verstaan. Dit is belangrik om die konteks en die kultuur van die mense wat jy probeer bereik te verstaan om sending effektief uit te voer. Soos gedefinieer deur die Amerikaanse Katolieke teoloog Stephen Bevans, behels kontekstuele teologie denke oor die gees en boodskap van die evangelie, die tradisie van die kerk, die kultuur waarin 'n mens teologiseer, en sosiale verandering, of dit nou 'n gevolg is van Westerse tegnologie of uitdagings op voetsoolvlak (Bevans, 2002:27). Eerder as om uitsluitlik klassieke of tradisionele teologieë te bevorder, stel Bevans (2002:28) drie hoofbronne vir kontekstuele teologieë voor, naamlik die Bybel, tradisie en die sosio-

kulturele konteks waarin 'n mens teologiseer, wat almal in samehang met mekaar beskou moet word.

'n Gebalanseerde benadering tot kontekstualisering hou die voordeel in dat dit ons tot 'n nuwe verstaan van die kerk en teologie kan lei wat die gestuurdheid van die kerk positief kan beïnvloed. Bosch (2011:422) beaam hierdie stelling en noem dat kultuur en konteks in diens moet wees van die Evangelie omdat beide nie-noodsaaklik en veranderlik is. Akademici gebruik die terme kontekstualisering en inkulturasie in tandem as 'n poging om die ruimte waarbinne die Evangelie verkondig word so verstaanbaar moontlik te maak. 'n Omvattende aspek van die evangelieboodskap van bevryding moet in die spesifieke situasie en kultuur gehoor word, aldus Bosch (2011:384-386).

Bosch (2011:385) verduidelik die term kontekstualisering deur te sê dat dit die kerk "inkarneer in die lewe van die ontvangers." Dit is nodig dat die kerk met die gemeenskap omgaan sodat die Bybelse boodskap in die gemeenskap gestalte kan kry. Om dit te kan doen, is dit nodig dat die kerk vertrouwd raak met die kulturele dinamika van die gemeenskap wanneer die Bybelse boodskap in verband gebring word met die lewens van die mense (Bevans 1992:30). Soos hy verduidelik, hou die evangelie verband met 'n spesifieke situasie (konteks) en kultuur. Ten spyte van die feit dat hy duidelik die belangrikheid beklemtoon om kultuur te respekteer en die betekenis van kontekstualisering te besef en die belangrikheid daarvan te verstaan noem hy dat niks belangriker is as volkome bevryding nie.

Bosch (2011:385) verwys na inkulturasie as 'n dinamiese verhouding tussen die Christelike boodskap en diverse kultuur, 'n invoeging van die Christelike lewe in 'n kultuur, 'n wederkerige en kritiese proses van interpretasie en assimilasie wat in beide rigtings tussen hulle uitgevoer moet word. Konseptueel het die term ten doel om beide die integriteit van die Evangelie te beskerm en om sensitiwiteit vir verskeie kulturele kontekste aan te moedig.

Dit is nodig dat die kerk met die gemeenskap omgaan sodat die Bybelse boodskap in die gemeenskap gestalte kan kry. Om dit te kan doen, is dit nodig dat die kerk vertrouwd raak met die kulturele dinamika van die gemeenskap wanneer die Bybelse boodskap in verband gebring word met die lewens van die mense (Bevans, 1992:30). Alhoewel daar steeds 'n noue band tussen kultuur en die sosiopolitieke

konteks is, moet die fokus altyd op die kultuur wees in teenstelling met die sosiopolitieke konteks wanneer dit by inkulturasie kom. Dit beteken dat die belangrikheid van die kultuur prioriteit moet geniet wanneer inkulturasie oorweeg word, eerder as die sosiopolitieke konteks. Bosch (2011:385) definieer inkulturasie as die proses waarin inheemse kultuurwaardes getransformeer kan word as gevolg van die Christelike boodskap wat in plaaslike kulture geïnkorporeer word. Dit beteken dat daar 'n proses is om elemente van die Christelike kultuur in die plaaslike kultuur op te neem, sowel as 'n proses om die plaaslike kultuur te gebruik om elemente van Christenskap te vorm en in te lig. Dit skep 'n unieke sintese van beide kulture wat gesien kan word in die gedeelde gebruike en oortuigings van die mense in daardie area. Om 'n werklike, blywende verandering in 'n kultuur te maak, is dit belangrik dat 'n mens eers 'n begrip moet hê van hoekom die kultuur werk soos dit werk, en hoe dit deur moderniteit beïnvloed is. Sonder hierdie konteks is dit onmoontlik om effektief veranderinge in die kultuur aan te bring (Yung, 2014:64-76). In slotsom kan genoem word dat in die proses van inkulturasie die Evangelie deur die kultuur beïnvloed word en die kultuur op sy beurt deur die Evangelie beïnvloed word binne die konteks waarin dit geposisioneer is.

2.3. KONTEKSANALISE

Die konteks van 'n situasie verduidelik hoe, wanneer, waar en hoekom dit plaasgevind het. Dit help ons om sin te maak van dinge. 'n Kontekstuele analise het ten doel om 'n komplekse situasie of probleem te dissekteer ten einde 'n beter begrip daarvan te verkry (Suski, 2022). Deur na die konteks van 'n situasie te kyk, kan 'n mens insig kry in die motiverings en bedoelings van die betrokke persone, asook die potensiële gevolge van hul optrede. Dit help om besluite en strategieë te rig om die situasie op die mees effektiewe manier aan te spreek.

Gemeentes het interaksie met en word beïnvloed deur hul sosiale omgewing. Die omgewing sluit beide sigbare en onsigbare komponente in (Ammerman et al. 1998:41). Drie vlakke van organisasie word beskryf deur Ammerman et al. (1998:42): demografies, kultureel en organisatories. 'n Gemeente se teologiese of konfessionele identiteit word bepaal deur hul besondere teologiese tradisie, maar sy kulturele of sosiale identiteit word ook deur sy ligging bepaal. Sowel 'n teologiese tradisie as 'n sekulêre kultuur vorm gemeentes (Ammerman et al. 1998:79). Volgens

Schoeman en Nel (2015:99) is dit belangrik om in ag te neem dat gemeentes nie in 'n vakuum bestaan en funksioneer nie. Gevolglik moet ruimtes geskep word vir die stem van gemeenskapslede en die samelewing om gehoor te word, en dus vir gemeentelike teologie om plaaslik ontwikkel te word.

Volgens Hendricks (2004:50) is die inagneming van beide globale en plaaslike faktore in die analise belangrik omdat dit voorsiening maak vir 'n omvattende begrip van die gemeente se konteks. Globale faktore, soos die kulturele en godsdienstige landskap, kan 'n breër perspektief bied, terwyl plaaslike faktore, soos die spesifieke gemeenskap en konteks waarin die gemeente bestaan, waardevolle insigte verskaf. Deur beide in ag te neem, kan die ontleding 'n holistiese siening van die gemeente se invloed en werklikheid verkry. Schoeman (2015: 4-5) eggo hierdie sentiment en noem dat konteks waarin teologie geïnterpreteer word, die verstaan en toepassing van religieuse leerstellings grootliks kan beïnvloed. Faktore soos kulturele agtergrond, sosiale invloede en historiese gebeure vorm die manier waarop teoloë godsdienstige tekste waarneem en interpreteer. Daarbenewens kan die spesifieke historiese konteks waarin teologiese interpretasies gemaak word, die relevansie en toepaslikheid van hierdie leerstellings op hedendaagse kwessies en uitdagings beïnvloed.

Die ontleding van die konteks en kultuur is van kardinale belang om die rol van die kerk te verstaan, aangesien dit voorsiening maak vir 'n omvattende begrip van die leerstellings van die Bybel binne die spesifieke tyd en samelewing (Schoeman, 2014:4). Deur die konteks te ondersoek, kan die kerk die Skrif interpreteer en toepas op 'n manier wat relevant en impakvol is vir sy gemeenskap, wat 'n dieper begrip en verband tussen die geloof en die lewens van individue bevorder. Hierdie eksegetiese vaardigheid help die kerk om die kompleksiteite van moderne kultuur te navigeer en in lyn te bly met die waardes en geestelike beginsels waarop dit gebou is (Schoeman, 2014:4). Dit is belangrik om drie vlakke van gemeentelike konteks in ag te neem, aldus Hendriks (2004:76-79). Dit sluit in die groter wêreld vanuit 'n makro-perspektief. Op die mesovlak is 'n gemeente binne die distrik en gemeenskap geleë. Op die mikrovlak is die gemeente binne sy onmiddellike omgewing geleë. Benewens die mense en woonbuurt waar die gemeente geleë is, moet die gemeente ook daardie konteks weerspieël.

Volgens die navorser is daar baie uitdagings wat vaders in die gesig staar, wat insluit om nie saam met hul kinders te woon nie, hul eie oortuigings en traumageskiedenis, indiense neming en ekonomiese onstabiliteit, dwelmmisbruik en geestesgesondheidsprobleme, asook sistemiese rassisme. Betrokkenheid by kinders se lewens kan veral moeilik wees vir vaders van kleur en diegene wat in armoede leef. Dit is onmoontlik om die interseksionaliteit van ras, vaderskap en sosio-ekonomiese status te oorbeklemtoon. Dit kan daartoe lei dat vaders ontkoppel voel van hul kinders en nie in hul behoeftes kan voorsien nie. Vaders van kleur kan veral bykomende struikelblokke in die gesig staar in terme van opvoeding en werkseleenthede sowel as toegang tot dienste en sosiale stigmatisering. Verder kan die gebrek aan ondersteuning vir vaders en vaderfigure 'n bron van stres wees en kan dit lei tot 'n gevoel dat hulle nie in staat is om 'n goeie ouer te wees nie (Harris Professional Development Network, 2021:8).

Volgens die navorser help konteksanalise om potensiële risiko's en geleenthede beter te identifiseer, asook om die nuanses van die situasie beter te verstaan en te waardeer. Vervolgens gaan die navorser kyk na verskillende kontekste wat vaderskap beïnvloed en wat bydra tot hoe vaderfigure hulleself sien, hulle rolle vertolk en watter verband dit het met die morele agteruitgang van jongmen

2.3.1. Politieke faktore

Suid-Afrika is 'n Afrika-land en die sosiale strukture en denkwyses van koloniale Afrika-samelewings gaan voort om sy hede te vorm. Moderne gesinstrukture en idees oor die bestuur en handhawing daarvan het steeds baie te wyte aan 'n verlede. Suid-Afrika se vorm is bepaal deur die grense van koloniale verowering aan die einde van die negentiende eeu. Suid-Afrika was uniek in die sin dat dit tegelyk 'n kolonie van wit nedersettings, 'n kolonie van slawearbeid en 'n kolonie van heerskappy oor 'n groot inheemse bevolking was. In hierdie sin was dit 'n koloniale land in meer as een opsig waarin die ekonomiese ontwikkeling oorheers is deur kapitalistiese organisasies (Ross, 2008:2).

Die koloniale bestel van Suid-Afrika is gevestig deur die voorste kapitalistiese korporasie van die sewentiende eeu, die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, en is oorgeneem deur die Britte op die hoogtepunt van Brittanje se industriële rewolusie (Ross, 2008:2). Gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu is Suid-Afrika

getransformeer as gevolg van die ontdekking en, nog belangriker, die ontginning van sy massiewe mineraalafsettings, veral van diamante en goud. Die politieke, ekonomiese en sosiale landskap is grootliks hierdeur beïnvloed.

Mokhutso (2021:13-14) noem dat kolonisasie ook 'n negatiewe sielkundige effek gehad het op Afrika-mans. Afhangend van die situasie kon kolonisasie volwasse mans se denke tot so 'n mate beïnvloed het dat hulle die tradisionele leiers binne gemeenskappe, wat as leiers opgetree het, ondermyn het. Europese mans is nou gesien as kragtig en gesaghebbend, terwyl mans uit Afrika as minderwaardig en onderdanig beskou is. Dit het 'n magsdinamiek geskep waarin mans van Afrika as minderwaardig teenoor hul Europese eweknieë beskou is, en dus nie dieselfde regte en voorregte gegee is nie. Mokhutso haal Lindsay en Meischer (2003) aan wat van mening is dat daar in gedagte gehou moet word dat die term "seun" ("boy") histories geassosieer is met manlikheid, sosiale onvolwassenheid en minderwaardigheid voor volwasse mans, meestal blanke mans. Dit is gedoen om die magstruktuur van die dag af te dwing en om die idee te versterk dat Afrika-mans minderwaardig teenoor Europese mans is. Dit was ook 'n manier om Afrika-mans te keer om teen hul onderdrukkers op te staan, aangesien hulle gesien is as nie volwasse of verantwoordelik genoeg om so 'n taak op te neem nie.

2.3.1.1. Apartheid

Op 26 Mei 1948 het wit Suid-Afrika na die stembus gegaan. Die Nasionale Party het die verkiesing gewen onder die slagspreuk "apartheid" - letterlik "afsonderlikheid". Die kriteria waarvolgens verskillende rassegroepe afgebaken was het 'n intense rassistiese ondertoon gehad (Ross, 2008:123). Die Nasionale Party se ideologie het altyd die belangrikheid van etnisiteit beklemtoon wat daarop gesinspeel het dat veskeie nasies binne Suid-Afrika Godgeskape entiteite is en daarom hul eie model van Afrikanerdom moes skep wat ten alle koste bewaar moes word.

Die staat het onderneem om rassegroepe te skei en almal aan een van die nasionale bevolking se rassekategorieë toe te wys binne Suid-Afrika deur die proklamasie van wette. Dit sluit in onder andere: Die Bevolkingsregistrasiewet van 1950, die Gemengde Huwelikewet van 1949 en die Ontugwet. Die gevolge van hierdie maatstawwe het veroorsaak dat baie gesinne opgebreek is wat groot pyn en lyding meegebring het aangesien familieledede dikwels verdeel is binne verskillende

rassestatusse. Dit het ook oorsprong gegee aan baie hofsake vir herklassifisering. Die sosio-ekonomiese interpretasie van die slagspreuk van apartheid het veral betrekking gehad op die verstedeliking van Afrikane. Inderdaad, die hele ontwikkeling van apartheid, en die uiteindelijke ondergang daarvan was gesentreer rondom pogings om getalle en gedrag van Afrikane binne Suid-Afrika se stede te beheer (Ross, 2008:122-125). Afrikane binne die konteks van die tesis word gedefinieer aan die hand van die Bevolkingsregistrasiewet van 1950 wat vereis het dat alle inwoners binne die grense van Suid-Afrika geregistreer moes word in duidelike rassegroepe: blank, kleurling, Bantu (swart Afrikane) en ander (Boddy-Evans, 2020). Die navorser verwys na Afrikane as alle groeperinge met die uitsondering van blankes.

Van den Berg en Makusa (2018:34) is van mening dat geforseerde verplasing van swart, kleurling, Indiese en Asiatiese gemeenskappe die manlikheid van mans geaffekteer het en dat die effek daarvan steeds baie sigbaar is. Die skrywers meld ook dat wit rassisme en patriargale ekonomiese strukture families, kindwees, moederskap en vaderskap in hierdie gemeenskappe groot skade berokken het. Van den Berg en Makusa (2018:17) argumenteer dat rassieskeiding swartmense beperk het tot “Bantustans” of tuislande. Hierdie areas was landelik, afgeleë en in armoede vasgevang. Die gevolg hiervan was dat swart mans gedwing is om te migreer na “wit areas” as werkers in myne, fabrieke en boerdery-sektore. Hierdie beweging van manlike arbeiders het meegebring dat kinders in landelike omgewings sonder ‘n vaderfiguur gelaat is.

Die ontmagtiging van swart mans as individue se nalatenskap is duidelik te bespeur deurdat baie mans hulpeloos voel om te sorg vir hul kinders en uit die rol van vader padgee as ‘n selfverdedigingsmeganisme. Hierdie besluit van arm mans om hul verantwoordelikheid te abdikeer het ‘n rimpeleffek op jonger seuns omdat hulle min rolmodelle in die gemeenskap het om na op te kyk (Ramphela, 2002:103).

Edwards (2015:42) is van mening dat dit goed gedokumenteer is dat apartheid en sy strukture swart families se vermoë om ‘n ideale omgewing te skep vir die gesonde ontwikkeling van kinders baie nadelig beïnvloed het. Indien swart mans gelukkig was om ‘n werk te vind in hulle omgewing moes hulle soveel harder as hul Blanke ewekniëe werk, teen baie minder vergoeding. Edwards (2015:42) gaan verder deur te noem dat die sisteem van apartheid ‘n generasie van afwesige vaders geskep het

wat nie hul vaderlike rol kan vertolk nie. Die inperking van vaders in die era van apartheid het gelei dat hul kinders 'n agterstand het. Dit kan geteoritiseer word dat die verstrooide vaders 'n produk is van die apartheidsregering wat bygedra het dat soveel swart families verdeel is (Freeks et al., 2015:49). Dit het gelei tot die agteruitgang van familiestrukture wat 'n invloed het op huwelike en intimiteit binne verhoudings wat direk verbind kan word met die morele agteruitgang van jongmense. Hierdie werklikheid kan nie weg gewens word nie en daar moet meganismes gevind word om die uitwerking daarvan te versag.

Richter et al. (2010:362) haal Ntshoe (2002) aan wat van mening is dat apartheidsbeheer en tydperke van gewelddadige opstande kinders se koshuise en skoolopleiding ontwig het, wat daartoe gelei het dat gesinne hul kinders na stedelike gebiede gestuur het vir beter onderwys, of na landelike skole vir stabiliteit en veiligheid teen gewelddadige betogings en skoolsluitings. Hierdie verplasing het veroorsaak dat kinders hul verbintenis met hul tuisgemeenskappe verloor het, en het gelei tot 'n verlies aan gemeenskapsidentiteit, kultuur en taal. Dit het 'n blywende uitwerking gehad op die opvoeding van kinders in Suid-Afrika en verder.

Die rol van voorsiener van vaderskap was en het nog steeds 'n beduidende invloed op hul agentskap en het ook 'n spesifieke konteks. In Suid-Afrika dateer die vader-voorsiener-rol so ver terug as kolonialisme en die trekarbeidstelsel, waar vaders se betrokkenheid by kinders en gesinslewe ontwig is (Helman, 2015:64). Daar is van pa's verwag om die verskaffersrol op te neem en geld aan hul gesinne te stuur, terwyl moeders die huishouding versorg het deur die kinders emosioneel te ondersteun. Hierdie werklikheid is so geïnternaliseer dat selfs nadat kolonialisme geëindig het, idees van voorsiening en beskerming steeds ingebed is in betekenis en ervarings wat geassosieer word met vaderskap.

2.3.1.2. Demokrasie

Apartheid, die Afrikaanse naam wat die wit-regerende Nasionale Party in 1948 aan die land se harde, geïnternaliseerde stelsel van rassesegregasie gegee het, het in die vroeë 1990's tot 'n einde gekom in 'n reeks stappe wat gelei het tot die vorming van 'n demokratiese regering in 1994. Jare van gewelddadige interne protes, internasionale ekonomiese en kulturele sanksies, ekonomiese stryd, en die einde van die Koue Oorlog het die wit minderheidsregering in Pretoria tot 'n val

gebring (Ross, 2008:167). Met die aanbreek van die demokratiese bestel het progressiewe wetgewing die land binnegekom, insluitend die Grondwet, wat die hoogste stuk wetgewing is wat menseregte waarborg, gelykheid vir almal nastreef en die grondslag lê vir 'n Suid-Afrika wat vry is van rassisme en seksisme (Constitution of the Republic of South Africa, 1996).

Kultuur, sosiale stelsels en godsdienste het in die verlede patriargie en onderdrukking van vroue bevorder, volgens Susan Shabangu (2014), Minister in die Presidensie Verantwoordelik vir Vroue. Vroue het verskeie vorms van diskriminasie in die gesig gestaar, wat wissel van stemgeregtigheid tot mishandeling. Een van die oudste vorms van diskriminasie in die wêreld is patriargie, 'n filosofie wat vroue se ondergeskiktheid en manlike oppergesag verklaar. Ten spyte van hierdie demokratiese regering se pogings om vroue te bemagtig, bly dit 'n werklik internasionale verskynsel wat stelselmatig teen hulle diskrimineer, aldus Shabangu (2014). As gevolg van die apartheidstelsel in Suid-Afrika het vroue diskriminasie en onderdrukking in die gesig gestaar op grond van hul ras, geslag en klas. Dit is om hierdie rede dat vroue bemagtig moet word.

Die verspreiding van hulpbronne, kulturele regstelling en politieke verteenwoordiging, wat oorweeg word wie kan aanspraak maak op geslagsgeregtigheid, is alles nodig om geslagsgeregtigheid te bereik volgens Fraser (2005:21). Eerder as om mense bloot op gelyke voet te plaas, vereis geregtigheid die daarstelling van 'n sosiale skikking wat almal toelaat om as eweknieë aan sosiale interaksies deel te neem. Om onreg te beëindig, vereis die afbreek van geïnstusionaliseerde hindernisse wat sommige groepe verhoed om as gelykes aan sosiale interaksies deel te neem.

Wat gelykheid van regte betref, is die Handves van Regte duidelik. Elke individu is gelyk voor die reg en is geregtig op dieselfde beskerming en voordele kragtens die wet. Daardie individue teen wie onbillik gediskrimineer is, kan deur die Staat deur wetgewing en ander aksies beskerm en bevorder word. As gevolg van artikel 9 van die Handves van Regte, wat oor diskriminasie handel, word die Staat verbied om teen enige iemand op meer as een basis (direk of indirek) te diskrimineer, insluitend ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etnisiteit of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdien, gewete, geloof, kultuur, taal en geboorte (Rustin, 2012 :52). Sedert 1994 het verskeie stukke wetgewing die

Grondwet se gelykheidsbepalings afgedwing. Onder hulle is die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, die Wet op Gesinsgeweld, die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) onder andere. Ten einde hoofstuk 9 van die Grondwet te implementeer en demokrasie te bevorder, is die Kommissie vir Geslagsgelykheid ingestel.

As deel van 'n toespraak aan Suid-Afrika in Junie 2020 (Ramaphosa, 2020) het die President 'n beroep gedoen op sterker wetgewing wat handel oor minimum vonnisse en borgtogvoorwaardes vir skuldiges aan geslagsgeweld. As gevolg van die president se oproep is drie wetsontwerpe in die parlement ingedien: die Wetsontwerp op Strafreg (Seksuele Misdrywe) (B16-2020), die Wysigingswetsontwerp op Strafregtelike en Verwante Aangeleenthede (B17-2020), en die Wysigingswet op Gesinsgeweld, Wetsontwerp (B20-2020). Die wette het ten doel om die strafreg te hervorm, strenger strawwe vir gesinsgeweld daar te stel en 'n omgewing te skep waar slagoffers van hierdie misdade sonder vrees geregtigheid kan soek. In sommige samelewings, veral dié in Suid-Afrika, word vroue misken of staar hulle status differensiasie in die gesig as gevolg van patriargie en die waarde van androsentriese norme (Mofokeng, 2021:1). Geweld verhinder vroue om geslagsgelykheid te bereik. Terwyl wetgewing aangeneem is om vroue se ekonomiese toestande aan te spreek, bly armoede 'n voortdurende uitdaging vir Suid-Afrikaners. Armoede is ook geslagtelik (Stats SA, 2015). Arm vroue is oor die algemeen slegter daaraan toe as arm mans. Dit is ten spyte daarvan dat vroue se armoedekoerse hoër is as manlike armoede.

'n Kombinasie van verstedeliking, formele onderwysuitbreiding en die toename in openbare skoolinskrywings het geslagsrolle verander. Verskeie studies het bevestig dat baie jong mans gelyktydig tradisionele en rigiede sienings oor geslag huldig, saam met nuwe idees oor vroue se gelykheid. Dit is te wyte aan die feit dat hoewel onderwys gehelp het om die kennis en begrip van geslagsrolle uit te brei, tradisionele sienings en waardes oor geslagsrolle steeds diep in die kultuur ingebed is. Boonop versterk die media- en advertensiebedryf steeds tradisionele geslagsrolle (Barker & Ricardo, 2005:10). Die hervorming van vaderskap is 'n belangrike sleutel om geslagsgelykheid meer haalbaar te maak. Datta (2007:97) is van mening dat indien die geslagsrolle, verhoudings en verantwoordelikhede in die reprodktiewe

sfeer heroorweeg wil word of op 'n positiewe trajek gestuur wil word, manlikheid moet verander en vaders en mans sinvol in die huishouding en gesin geïnkorporeer moet word. Dit is omdat die tradisionele rol van die vader altyd was om finansieel te voorsien terwyl die rol van die moeder was om emosioneel te voorsien en vir die kinders te sorg. Deurdadig vaders meer van die verantwoordelikhede van moederskap opneem, kan geslagsrolle meer gelyk en gebalanseerd word.

Die koms van demokrasie het ook meegebring dat Suid-Afrika 'n sekulêre staat geword het. Godsdienstige oortuigings en praktyke neem af as gevolg van sekularisasie. Dit is te wyte aan 'n aantal faktore, ingesluit hierby die verhoogde toegang tot verskillende wêreldbeskouings en leefstyle, die voorkoms van wetenskaplike rasionalisme en die opkoms van individualisme. Hierdie tendense het gelei tot 'n groter klem op persoonlike keuse en individuele outonomie, wat gelei het tot 'n afname in tradisionele godsdienstige oortuigings en praktyke (Louw, 2009:46). Die grondslag van waardes vir baie mense is godsdiens, maar vir baie mense, veral die jonger geslag, speel godsdiens en positiewe waardes 'n minder belangrike rol.

2.3.2. Kulturele faktore

Die meeste lande suid van die Sahara het 'n baie breër definisie van wat 'n gesin is (Lesejane, 2006:14). Hierdie feit is verrykend, want kinders behoort binne hierdie konteks nie net aan hulle biologiese ouers nie, maar ook aan familieledede binne die uitgebreide familie wat die verantwoordelikheid het om 'n aktiewe rol te speel in die lewe van kinders. Hierdie kultuur het 'n groot invloed op die agentskap van vaders soos later bespreek sal word in hierdie hoofstuk. Dit is vir die navorser belangrik om hierdie twee verskillende sienings uit te lig. In die demografiese area en heersende kultuur waarbinne dit plaasvind word die kerngesin beskou as die familie. Omdat die navorser fokus op die vaderfiguur (wat nie-biologiese vaders insluit) sluit konteksanalise persone in wat in situasies van formele aanneming is, paartjies van dieselfde geslag, enkelmoeders, stiefvaders, sosiale vaders en enige lid van die uitgebreide familie wat verantwoordelikheid neem vir die versorging van kinders.

Eddy et al. (2013:19-21) het in hul navorsing gevind dat die onbetrokkenheid en betrokkenheid van vaders in die lewe van hul kinders toegeskryf kan word aan hoe mans uit sekere kulture tradisioneel hul rolle verstaan. Die skrywers noem dat sekere van die korrespondende uitdruklik genoem het dat betrokkenheid in kinders

se lewens meer die taak is van hul vroulike vennote. Verder is daar ook die kwessie van kinders se vanne, veral wanneer kinders buite die huwelik ontvang is. Volgens heersende kulturele praktyke is die toeskrywing van die pa se van baie belangrik aangesien dit tot 'n groot mate bepaal hoe die kinders binne die familie geplaas word. Die toeskrywing van die pa se van plaas hulle in konteks van die familiestamboom in volle verhouding met ander voorvaders of voorouers.

Ten spyte van die feit dat die algehele idee en konsep van vaderskap in die proefskrif dié van biologiese manlike vaders is, oorweeg die navorser ook 'n breër begrip van die konsep van vaderskap. Dit sluit stiefpa's, ooms, oupas, enkelma's of enige ander familielid in wat in 'n vaderlike rol mag optree. Die navorser erken dat vaderskap nie beperk is tot die tradisionele definisie nie, maar enige individuele of gesinsituasie kan insluit. As sodanig kan die idee van vaderskap aangepas word om by enige situasie en enige gesinstruktuur te pas.

2.3.2.1. Ubuntu

Lehlokwe (2017:23) meld dat die filosofiese fondasie van ubuntu in Afrika-kulture kollektiewe sosiale verantwoordelikhede in die gemeenskap aanmoedig. In beginsel is dit 'n baie goeie uitgangspunt, maar dit impakteer in 'n mate die manier hoe vaders in die Afrika-kultuur hul rol as vaders sien. Lehlokwe noem dat die vaders hierom nie 'n aktiewe ouerskapsrol speel nie, maar dit oorlaat aan die moeders en ander manlike familielede wat nadelig is vir die kind se holistiese ontwikkeling.

Die kern van die Afrika-filosofie van ubuntu moet holisties verstaan word eerder as die optrede van een individu wat verband hou met die ander individu (Mkhize, 2006:99–107). Hierdie inslag het bepaalde voordele. Mansfigure binne die gesinstruktuur wat insluit broers, ooms en oupas tree op as vaderfigure vir kinders wat as gevolg van verskillende omstandighede vaderloos gelaat is. Hierdie praktyk het groot ooreenkomste met sosiale vaderskap wat soos volg beskryf word: 'n sosiale vader is 'n persoon wat die verantwoordelikheid neem om die rol van 'n vader te vertolk in die lewe van 'n kind. Die status van vaderskap is dus 'n sosiale status eerder as 'n biologiese een, en kan aktief gesoek word deur en/of toegeskryf word aan die persoon deur hul familie of gemeenskap. Een persoon kan 'n biologiese vader wees vir een kind en 'n sosiale vader vir 'n ander (Van den Berg et al., 2021:8). Die sosiale inklusiwiteit van ubuntu het die voordeel dat kinders meer

geborge voel binne die familiesisteem en nie uitgesluit word as gevolg van 'n afwesige biologiese vader nie.

Van den Berg et al. (2021:154) noem dat aksioma wat gebruik word om ubuntu te omskryf naamlik "ek is omdat ons is" oor etniese en kultuurgroepe gebruik kan word om die geestelike gesondheid van vaders aan te spreek. Die begrip van ubuntu is geskoei op die idee van omgee, solidariteit, liefde en onbaatsugtigheid. Deur die fokus van vaders se geestesgesondheid te plaas binne die morele heelal van ubuntu/*botho* kan dit baie mans verskuif om meer sorg teenoor ander te beoefen; teenoor kinders en vennote asook vir hulself. Hierdie versorgingspraktyk sal tot voordeel wees van ander en vir vaders self.

2.3.2.2. Lobola

Yi en Nel (2019:2) argumenteer dat 'n kulturele faktor soos lobola 'n rede kan wees vir die afwesigheid van vaders. Lobola beteken eiendom in kontant of iets soortgelyks wat 'n voornemende man of hoof van sy familie onderneem om aan die familiehoof van die voornemende vrou te bied wanneer 'n kulturele troue oorweeg word en kan etlike duisende rande beloop. Ná die betaling van lobola word die huwelik gewettig. Wanneer die kind gebore is voor die voltrekking van die huwelik word mans verhinder om die kind te sien alvorens lobola betaal is. Dit bring mee dat die vader daarvan ontnem word om fisies 'n konstruktiewe rol te speel in die grootmaak van kinders. Praktyke soos *ilobolo* ("bruidrykdom") en die betaling van skadevergoeding (bevrugting van 'n ongetroude vrou) belemmer mans se vermoë om finansiële verantwoordelikheid vir hulle gesin te neem, veral in die huidige ekonomiese klimaat waar baie mans werkloos is. Omdat finansiële versorging 'n sterk aanduiding is van jou manlikheid binne die Suid-Afrikaanse konteks veroorsaak 'n gebrek daaraan dat mans ook nie emosioneel betrokke wil raak by hul gesinne nie.

In gevalle waar moeders, voogde of ander versorgers, insluitend grootouers, vaders redelike toegang tot hul kinders weier, kan dit moontlik hul verhouding met hulle beskadig. Ouervervreemding raak alle betrokke partye, insluitend die kinders en geassosieerde volwassenes. Die impak van sodanige vervreemding kan wissel van sosiaal, sielkundig tot ekonomies. Vaders wat onwillekeurige vervreemding van hul kinders ervaar, mag hoë vlakke van nood ervaar (Van den Berg et al., 2021:43).

Richter et al. (2010:2) argumenteer dat lobola wat voorheen in vee betaal is, gemonetiseer en gekommersialiseer word. Dit is nie ongewoon dat jong mans wat onsuksesvol is om gereelde werk te kry nie die huwelik kan bekostig nie. Daar is 'n lae koers van huwelike, soos 'n mens kan verwag, as gevolg hiervan. Dit veroorsaak baie stres en spanning in die gemeenskap, aangesien jong volwassenes sukkel om betekenisvolle verhoudings te vind en met gesinne te begin. Dit kan lei tot verdere maatskaplike kwessies, soos 'n styging in misdadaisyfers en die afbreek van tradisionele waardes onder jongmense wat uiteindelik bydra tot morele degenerasie.

2.3.2.3. Inhlawolo

Inhlawolo in Swazi/Zoeloe-reg, is 'n boete of skadevergoeding wat betaal word. In die Zoeloe-kultuur verwys *inhlawolo* na skadevergoeding wat betaal is aan die familie van 'n vrou wat buite-egtelik deur die vader van die toekomstige kind swanger gemaak is. Ten spyte van bewyse van modernisering in hierdie kulturele groep, is *inhlawolo* een van die praktyke wat in baie Zoeloe-families gehandhaaf word of gehandhaaf wil word deur mans wat ongetroude vroue bevrug het. *Inhlawolo* het tradisioneel betaling behels in die vorm van beeste, wat die koste verteenwoordig het wat aan die hoof van die huishouding veroorsaak is en aan die vrou se breër huishouding (Dlamini, 1984:18-35).

Die Zoeloe-kultuur sien hierdie praktyk as 'n teken van respek teenoor die vrou wat swanger is en moedig ook die man wat die vrou bevrug het aan om verantwoordelikheid te neem vir sy betrokkenheid. Hierdie praktyk kan as positief gesien word omdat die betaling van *inhlawolo* 'n verband en ooreenkoms inlui tussen die moeder-en-vaderfamilies van die kind. Hierdie praktyk kan verder lei tot positiewe vaderlike sorg omdat *inhlawolo* vir gesinne die geleentheid bied om te ontmoet en verantwoordelikhede uit te klaar. Indien sulke ooreenkomste gestand gehou word kan dit in beste belang van die kind wees.

2.3.2.4. Inisiasie en besnydenis

Die historiese veranderinge in Suid-Afrika het ook die idee en praktyk van vaderskap binne die Suid-Afrikaanse konteks verander. Kolonisering en sending-inisiatiewe het kulturele praktyke soos inisiasieskole ondermyn deur dit as heidense praktyke te verklaar. Dit het gelei tot die ontwrigting van stabiele kulturele voorbereiding en

ondersteuningstelsels wat in baie gevalle die praktyk gereduseer het tot weinig meer as 'n tradisie (Richter & Morell, 2006:178).

Inisiasie en tradisionele manlike besnydenis (ITMC) is lank reeds beoefen as 'n oorgangsritueel wat die oorgang van seunskap na manlikheid aandui onder die Nguni- en seSotho-sprekende etniese groepe in die Oos-Kaapprovinsie. Besnydenis of sirkumsisie staan sentraal binne die inisiasieproses (Nyembezi et al, 2014:2). Besnydenis, 'n verwydering van manlike voorhuid, het deur die menslike geskiedenis bestaan, en dit blyk dat dit sal bestaan totdat die mensdom eindig. Die redes vir sirkumsisie het ook met verloop van tyd baie vorms aangeneem. Dit sluit in onder andere kulturele, tradisionele, godsdienstige en tans mediese redes (Mwashambwa et al., 2013:1)

In Afrika-kultuur word inisiasie gesien as 'n geestelike geleentheid in 'n jongmens se lewe aangesien dit wedergeboorte simboliseer. Besnydenis word beklemtoon wanneer seuns adolessensie of puberteit bereik, maar die ouderdom word bepaal deur die konteks van verskillende stamme. Tydens die proses van inisiasie word die praktiese kennis oor kultuur en lewensvaardighede oorgedra aan jongmense (soos byvoorbeeld kook en jag). Die reg van toegang gaan nie bloot oor die jong persoon nie, maar oor die hele gemeenskap. Jongmense kry die respek van hul gemeenskap deurdat hulle hierdie proses ondergaan (Weber, 2021:142). Dit is tradisionele kulturele praktyk onder beide mans en vroue. Meisies gaan deur wat genoem word maagdelikheidstoetsing terwyl seuns besny word. Jong seuns wat nie die inisiasieproses ondergaan nie word as uitgeworpenes hanteer en as nutteloos geag vir die gemeenskap en gesin. Die meeste jong seuns gaan deur hierdie proses om erkenning te kry dat hulle volwasse is en ook die vermoë het om pyn te verduur. Die navorser is van mening dat hierdie inslag daartoe bydra dat mans nie vaderskap as 'n funksie vanuit 'n kwesbare posisie beskou nie. Gedurende die proses ondergaan die seuns onderrig en dissiplinerig van 'n spesifieke groep volwasse mans wat ook die proses ondergaan het (Maiko, 2007:70).

Ulwaluko is 'n Xhosa-woord wat na 'n ontgroeningsritueel verwys. Die doel is om seuns in mans te omskep. Besnydenis is een van die rituele wat uitgevoer word. Die ritueel het ten doel om goeie morele en sosiale waardes te vestig. Weber (2022:144) noem dat die besnydenis ("circumcision") ook verstaan moet word as die voorbereiding van jongmense vir die huwelik. Inisiasie word beskou as 'n

noodsaaklike reg van toegang wat 'n ontwikkelingsfase vir seuns tot volwassenheid merk onder die amaXhosa, Bapedi, Basotho, Batswana, amaNdebele, VhaVenda, VaTsonga en amaSwazi etniese groepe. Die inisiasieproses word tipies deur die familie bestuur, met die seun se pa wat die verrigtinge rig (The Conversation, 2015). Dit het ten doel om seuns te leer hoe om die hoofskap van hul gesin uit te oefen en berei meisies voor vir die pyn wat gepaard gaan met geboorte van kinders. Meisies word aangemoedig om maagde te bly terwyl seuns aangemoedig word om aan seksuele omgang deel te neem. Weber (2022:144) argumenteer dat hierdie inslag gekritiseer word deur geslagsaktiviste omdat dit patriargie bevorder in 'n samelewing waar geweld teenoor vroue en kinders hoogty vier.

2.3.3. Ekonomiese faktore

Die huidige stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie blyk nie te rooskleurig te wees nie. 'n Brose Suid-Afrikaanse ekonomie is deur die COVID-19-krisis verswak. Suid-Afrika se ekonomiese groei het die afgelope paar jaar onderpresteer en die Bruto Buitelandse Produk (BBP) per capita was reeds laer in 2019 as in 2008. Daar is steeds hoë werkloosheid, sowat 35%, en selfs hoër werkloosheid onder die jeug. Intussen neem druk toe om die finansieringsgaping vir gesondheid, infrastruktuur en hoër onderwys te verklein (OECD ECONOMIC SURVEY, 2022:8).

Terwyl Suid-Afrika dringend van die COVID-19-krisis moet herstel om sy mededingendheid en aantreklikheid te behou, het sy kragvoorsiening 'n ernstige impak op ekonomiese groei en werksgeleenthede. Die nommer een struikelblok vir ekonomiese groei en indiensnemingsgroei is beurtkrag. As gevolg van beurtkrag is daar 'n aantal maniere waarop dit die ekonomie op 'n negatiewe manier kan beïnvloed. Dit sluit in swakker verbruikersvertroue wat kleinhandelsbesteding beïnvloed, laer sakevertroue wat beleggingsbesluite beïnvloed en swak internasionale persepsies wat buitelandse beleggings raak (PricewaterhouseCoopers, 2023). Ten spyte van sy natuurlike rykdom, staar Suid-Afrika steeds sosio-ekonomiese uitdagings in die gesig, onder andere hoë werkloosheid, armoede, ongelikheid en beperkte toegang tot openbare dienste.

2.3.3.1. Werkloosheid

Ramphela (2002:103) argumenteer in haar boek *Steering at the Stars* dat die ontmagtiging van swart mans as individue se nalatenskap duidelik te bespeur is

deurdat baie mans hulpeloos voel om te sorg vir hul kinders en uit die rol padgee as 'n selfverdedigingsmeganisme. Die sosiale dilemma van werkloosheid is aan die toeneem. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2023) was die Suid-Afrikaanse werkloosheidsyfer in die eerste kwartaal van 2023 op 32,9 % aangeteken, en is van die hoogste ter wêreld. Die besluit van arm mans om hul verantwoordelikheid na te laat as gevolg van werkloosheid het 'n rimpel-effek op jongmense omdat hulle min rolmodelle in die gemeenskap het om na op te sien.

Werkloosheid speel 'n groot rol in vaders se onvermoë om finansieel vir hulle kinders te sorg en om teenwoordig te wees. Baie vaders wat in armoede vasgevang is leef sonder hul kinders omdat hulle voortdurend aan die beweeg is op soek na werk (Yi & Nel, 2020:2). Volgens Statistiek SA (2021) staan die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika op 27% met 5.98 miljoen mense wat werkloos is. Hierdie syfer het drasties toegeneem as gevolg van die Covid-19 pandemie en swak ekonomiese vooruitsigte. Op die oomblik staan die werkloosheidsyfer op 34% en onder die jeug tot so veel as 70% (Stadler, 2022).

Die werkloosheidskoers onder jong swart mans beperk hulle vermoë om vir hul gesinne te sorg, volgens Marcisz (2013:36). Daar is ook 'n spreekwoord wat lui: *“A man is a man because he can provide for his family”*. Hierdie stelling word ondersteun deur Van den Berg en Makhusa (2018:39) wat noem dat die beperkte konsep van vaderskap in terme van finansiële voorsiening die betrokkenheid van vaders in families ondermyn. As gevolg hiervan distansieer armer mans hulle om sodoende kritiek te vermy. Twee derdes van kinders onder die ouderdom van 18 jaar leef in 'n huishouding waar feitlik almal werkloos is. Daar is genoegsame bewyse dat kinders wat in armoede grootword se toekoms maar bleek is (Holborn & Eddy, 2011:6). Gesinne wat in armoede leef en werkloosheid ervaar is meer geneig tot 'n disfunksionele omgewing.

Vaderskap word geassosieer met werk. 'n Werklose pa wat nie in staat is nie om vir sy gesin te voorsien nie, sien homself as ontman en nie in staat om vaderskap ten volle te aanvaar nie (Eddy et al., 2013:22). Werkloosheid is groot in Suid-Afrika. Jong swart en township bewoners word buite verhouding geraak deur die gebrek aan werkseleenthede in die ekonomie. Navorsing het getoon dat werkloosheid en armoede in Suid-Afrika nou verwant is aan die mate waarin werk 'n sleutelfaktor is om armoede te vermy. Werklose vaders leef origns in armoede en word tot 'n groot

mate gemarginaliseer van die hoofstroom ekonomie (Mavungu, 2013:73). Hierdie sienswyse word deur Marcisz (2013:28) bevestig. In sy studie het hy bevind dat mans indiensneming sentraal plaas ten opsigte van die uitvoering van hul vaderskap. Hy noem verder dat die meeste mans finansiële bydraes tot die lewens van hul kinders meer ag as sosiale betrokkenheid of enige ander wyse van ondersteuning. Soos vroeër genoem plaas Suid-Afrikaanse mans 'n hoë premie op hul rol as broodwinner in die uitvoering van hulle rol as vader. As navorser is ek van mening dat vaderskap veel wyer strek as net finansiële versorging en definieer 'n ideale vader soos volg:

Die ideale vader is 'n instrument in God se hand en sy instruksies en dissipline moet daarom voortspruitend wees uit die Woord van God. Hy moet eerlik en deursigtig wees en 'n balans handhaaf tussen troos, koestering en manlikheid. Daarby moet sy persoonlike lewe van so 'n aard wees dat kinders dit navolgenswaardig vind (navorser se eie idee/opinie).

Ekonomiese stres wat verband hou met die wêreldwye resessie, werkloosheid en onderindiensneming onder mans het nadelige sielkundige gevolge (Mokhutso, 2021:7). Daar is gevind dat 'n beduidende aantal mans aantoon dat hulle skaam is vir hul gesinne of dat hulle gestres of depressief voel as gevolg van te min inkomste of dat hulle werkloos is. Finansiële onstabieleit kan dus 'n nadelige impak op mans se geestesgesondheid hê en tot gevoelens van waardeloosheid en skaamte lei. Die uiteinde hiervan is gebroke verhoudings tussen vader en kinders.

Werk is 'n belangrike deel van die volwasse ervaring, en daarsonder sukkel jong mans om hulself en hul identiteit te vestig. Hierdie gebrek aan sosiale erkenning kan lei tot gevoelens van skaamte, sowel as 'n gebrek aan doelgerigtheid, wat kan lei tot depressie en ander geestesgesondheidskwessies. Sonder werk kan jong mans hulle tot ander aktiwiteite wend wat nadelig kan wees vir hul welstand en die welstand van hul gemeenskappe. In sommige gevalle speel die indiensnemingstatus van 'n individu 'n sleutelrol om te bepaal wanneer hy in staat gestel word om 'n gesin te vorm, of hy finansiëel tot die gesin kan bydra en, in sommige gevalle, of hy toegelaat word om by sy gesin te woon (Mokhutso, 2021:7).

2.3.3.2. Armoede

Armoede hou jongmense kluisenaar en kweek gevoelens van mislukking en verwerping. Dit maak hulle kwesbaar en soekend na sosiale aanvaarding binne bendes (Daniels & Adams, 2010:54). Navorsing toon dat bendes jongmense so jonk as 13 jaar oud werf (Maphalala & Mabunda, 2014:64). 'n Groot bydraende faktor tot die afwesige vaderfiguur fenomeen is seuns wat in hul vroeë jeug en adolessente stadium vaders word sonder beplanning. Van den Berg en Makusa (2018:37) noem ook dat die kans skraal is dat jong vaders, veral dié wat skoolgaande is, dieselfde huis deel as die van die moeder. Hulle noem ook dat diegene in die meeste gevalle werkloos is en nie die vermoë het om 'n finansiële bydrae te lewer nie.

Die gebrek aan hulpbronne en werkloosheid het onvermydelik armoede tot gevolg. Oor die algemeen voel mans in die Suid-Afrikaanse konteks baie onder druk indien hulle nie finansiële ondersteuning kan gee aan kinders nie. Dikwels gebeur dit dat mans hierdie situasie as 'n skande sien en word daardeur weggedryf van hulle gesinne (Morrell, 2006:20–21). Armoede en vaderloosheid het 'n sterk verbintenis. In die Suid-Afrikaanse konteks en stellig ook in baie ander wêrelddele word die monetêre aspek van vaderskap baie beklemtoon. Desmond en Desmond (2006:226–236) se navorsing beaam hierdie siening. Die skrywers het gevind dat in gevalle van huishoudings waar daar minder as R400 per maand in die algemeen bestee word vaders se teenwoordigheid op slegs sowat 38% bereken word. In huishoudings waar daar meer as R10 000 per maand bestee word het die teenwoordigheid van vaders gestyg tot 93% persent. Hierdie statistieke dui daarop dat armoede meer algemeen in huishoudings kan voorkom sonder 'n pa en dat sosio-ekonomiese status dalk ook gekoppel is aan pa-betrokkenheid. Eddy et al. (2013:22) noem dat werkloosheid en armoede van mans nie op sigself 'n rede moet wees vir vader-afwesigheid nie. Dit is eerder die wisselwerking van hierdie sosio-ekonomiese toestande met oorheersende verwagtinge wat 'n pa behoort te doen ten opsigte van finansiële voorsiening.

2.3.3.3. Migrante arbeid

Die vasteland van Afrika is ryk aan minerale wat gelei het tot koloniale okkupasie. Die ontdekking en ontginning van mineraalstowwe het 'n groot migrasie van Afrika-mans na die stede teweeggebring. Hierdie toeloop van Afrika-mans het beteken dat

die mynbousektor oor genoegsame goedkoop arbeid beskik het (Barker, 1995:1). Die migrasie van mans na stede het veroorsaak dat heelparty swart families sonder 'n vaderfiguur gelaat is in die landelike omgewing. Hierdie myners was gekontrakteer en kon slegs huiswaarts keer wanneer hul kontrakte voltooi is.

Die omstandighede waarin hierdie mans gebly het was swak en dikwels oorbevolk, onhigiënies en ongesond (Richter en Morrell, 2006:192). Hierdie situasie het dit vir swart immigrant werkers feitlik onmoontlik gemaak om saam met hulle families te woon, hulle te versorg en 'n betekenisvolle rol in die grootmaak van hulle kinders te speel. Hulle was beperk tot die ruimtes waar hulle woonagtig was met streng kontrole oor hulle privaat lewe, sosiale lewe en tye van ontspanning. As ontvlugting het mans hulle gewend tot die rook van dagga, oormatige drinkery en spandabelrige uitgawes op vroue wat gelei het tot seksueel oordraagbare siektes. Die geldelike spandering het dit moeilik gemaak vir mans om geld te spaar en hulle families tuis finansieel te ondersteun (Richter en Morrell, 2006:4-5). Trekarbeid het gelei tot verwonde swart gemeenskappe en die ontwikkeling van ernstige sosiale probleme. Dit sluit in onder andere:

- Die skeuring van familiestrukture.
- Die oornome deur vroue en kinders vir leiding van landelike huishoudings.
- Mans se verwestering en vevreemding van landelike kultuur, as gevolg van hulle emigrasie na stede.
- Die opbreek van stamme en tradisionele gemeenskappe.⁴

Die “vaderwond” op seuns word soos volg deur Eldredge (2001:60) omskryf:

Every boy in his journey to become a man takes an arrow in the centre of his heart, in the place of his strength. Because this wound is rarely discussed, and even more rarely healed, every man carries a wound. And the wound is nearly almost always given by his father.

Dit is duidelik dat die skeiding van vaders en kinders as gevolg van migrante arbeid tragiese gevolge ingehou het. Baie vaders het opgeëindig met twee gesinne: een vrou om sy onmiddellike seksuele behoeftes te bevredig en een vrou terug by die

⁴ Sien (www.sahistory.org.za)

huis om stabiliteit te verleen aan die familie. Lae besoldiging het teweeggebring dat families wat in die platteland agtergelaat is finansieël aan die kortste end getrek het (Richter & Morrell, 2006:73). Statistieke toon dat trekarbeid nog geredelik voorkom in Suid-Afrika. Sowat 81% van kinders wat aan hoof staan van huishoudings se moeders leef nog. Een van die redes hiervoor mag wees dat hierdie ouers na ander provinsies migreer het op soek na werk (Holborn & Eddy, 2011:3).

Migrante arbeid het 'n vernietigende effek op die struktuur en stabiliteit van 'n huishouding, beide in landelike en in stedelike gebiede. Daarom is dit ook nie abnormaal in landelike en stedelike gebiede om meer as een gesin te onderhou nie. Vanselfsprekend hou hierdie situasie finansiële gevolge in omdat een salaris nou vir beide huishoudings moet sorg. Daar is ook die gevalle waar mans wat nie vroue in landelike gebiede het nie net so onbetrokke is by hul kinders se lewens in stede. Hierdie kinders wat deur enkelouers grootgemaak is, sit dikwels hierdie siklus voort deur ook enkelouers te word (Wilson, 2006:31).

Die familiekonteks is baie versteur tydens die era van trekarbeid aangesien vaders hulle onmiddellike familie moes verlaat om in stede en myne te gaan werk. Vaders het dan slegs teruggekeer na hul families rondom die Kersseisoen (Frazier, 2015). Hierdie aspek is bydraend tot die skokfeit dat Suid-Afrika die hoogste koers van vadersloosheid het op die vasteland van Afrika ná Namibië (Richter et al., 2010:360-365). Volgens Frazier (2015) probeer moeders, veral binne swart Suid-Afrikaanse families, hard om die gaping van 'n passiewe of afwesige vader te vul maar dikwels tevergeefs, veral in die geval van seuns. Gedurende die era van trekarbeid het tot sowat 50% van vaders nie daaglikse kontak met hul kinders gehad nie. Die prentjie van vaderloosheid binne die Suid-Afrikaanse konteks het in 2011 toegeneem van 42% tot 48% (Frazier, 2015).

2.3.4. Sosiologiese faktore

2.3.4.1. Sosialisering

Staiger et al. (2020:2) argumenteer dat die oorgrote meerderheid mans gesosialiseer is tot die idee dat geestestoestand teken van magteloosheid en gebrek aan beheer is, wat nie met die meerderheid mans in Afrika geassosieer word nie. Hierdie idee is veral skadelik deurdat dit onwaarskynlik is dat Afrika-mans die ondersteuning

en leiding sal ontvang wat hulle nodig het om geestesgesondheidskwessies aan te spreek, en sodoende sal die siklus van stigmatisering voortduur.

Daar is bewyse dat mans wat depressief is op so 'n manier gesosialiseer word dat hulle vermy om hulpeloos te voel, hulle sterk voorkom, en hulle huil as gevolg daarom nooit, volgens Staiger, et al. (2020:4). Die feit dat manlike norme bepaal dat sekere mans nie geestesgesondheidsprobleme kan bespreek nie, stuur ook daardeur die boodskap uit dat sulke probleme nie onder mans bestaan nie. Hierdie inslag bepaal ook dat "regte mans" nooit huil nie en kwesbaarheid moet toon nie, selfs wanneer hulle pyn ervaar. Indien sulke uitdagings nie aangespreek word nie kan vaders hulle pligte teenoor hulle gesin nalaat sonder dat hulle werklik daarvan weet of die impak daarvan verstaan.

2.3.4.2. Geslagsoriëntasie

Soos vroeër genoem in hierdie hoofstuk word die mees dominante rolle van vaderskap gesien as dié van verskaffing en versorging en is vaders tradisioneel as voorsieneres beskou. Hierdie historiese posisie van vaderskap word vandag baie uitgedaag met die toenemende toetreding van vroue tot die werksmag. Hierdie verskuiwing vra vir 'n nuwe vaderskapsmodel wat beklemtoon dat vaders emosioneel meer betrokke moet wees in die lewe van kinders. Volgens Khunou (2006:42) toon navorsing dat ons samelewing en maatskaplike beleid nie altyd regverdiging gee aan beide die rolle van voorsiener en versorger nie. Navorsing het getoon dat die samelewing en maatskaplike balans dikwels die een beklemtoon bo die ander.

Volgens Richter en Morell (2006:8-14) is daar in Suid-Afrika twee faktore om in ag te neem wanneer daar oor mans en vaderskap in die konteks van manlikheid gepraat word. Eerstens die volharding van hoë vlakke van werkloosheid wat jong swart mans buite verhouding raak. Tweedens die historiese nalatenskap van die minderwaardigheid waarmee nie-blanke mans hanteer is. Manlikheid word nie biologies bepaal nie en ontwikkel ook nie outomaties nie. Dit is eerder 'n produk van sosiale konstruksie, kan verskillende vorms aanneem en kan ook verander oor tyd. Daar is baie verskillende, kultureel-geïnkonsioneerde maniere om 'n man te wees en manlikheid uit te leef. Seuns en mans kies hoe om op te tree en hierdie keuse word gemaak uit 'n aantal beskikbare repertoriums binne 'n sekere konteks. Hulpbronne

waaruit manlikheid gebou word verskil van konteks tot konteks omdat die hulpbronne wat gebruik word om manlikheid te bou oneweredig versprei is.

Connell (2005:71) voer aan dat manlikheid nie as 'n objek gedefinieer kan word nie maar dat eerder 'n resultaat van prosesse en verhoudings is wat mans en vroue se seksuele ervarings vorm. Om haar definisie van manlikheid te konstrueer, stel sy dit soos volg voor:

[It is] simultaneously a place in gender relations, the practice through which men and women engage that place in gender, and the effects of these practices in bodily experience, personality and culture (Connell, 2005:71).

Gevolglik kan manlikheid gedefinieer word as 'n kombinasie van die verhoudings en praktyke van geslag en die uitwerking wat hierdie verhoudings en praktyke op die liggaam, die persoonlikheid, die kultuur en die sosiale gedrag van 'n individu het, ongeag hul geslag. Sy voer aan dat manlikheid nie net gaan oor sterk en gespierd wees nie, maar ook oor die manier waarop mans hulself dra en hoe hulle fisies met die wêreld omgaan. Connell (2005:52-56) verwys na twee praktyke waar die prestasie van die liggaam besonder belangrik is, naamlik sport en werk. Dit is soos 'n verhoogstuk – die manier waarop die akteurs aantrek en op die verhoog optree help die gehoor om menings te vorm oor die storie en temas wat aangebied word. Op dieselfde manier vorm dit ook 'n invloed oor hoe mans hul liggame gebruik en met die wêreld omgaan en hoe hul manlikheid deur die samelewing waargeneem word.

Volgens Morrell (2006:17) is die konsep van vaderskap in die meeste samelewings gelaai met die ideologie van manlikheid aangesien so 'n rol geassosieer word met die status van "hoof" van die huis. Hierdie ideologie hou sterk verband met die konsep van ⁵hegemoniese manlikheid en die mag van die patriarg in sy gesinshuis wat kan funksioneer tot die nadeel van die vrou en kinders in die huishouding. Die rol van die vader as voorsiener word dikwels ook saam ge lees met sy rol as stryder

⁵ Die term het in die 1980's in die sosiologie ontstaan. Dit verwys na 'n tipe manlikheid wat dominerend is in die samelewing en daardeur enige ander vorm van manlikheid oorheers. Dit is 'n praktyk wat mans se dominante posisie in die samelewing legitimeer en die ondergeskiktheid van die gewone manlike en vroulike bevolking regverdig. Hierdie praktyk onderdruk ook enige ander gemarginaliseerde maniere om 'n man te wees en kan beskou word as 'n konfigurasie van geslagspraktyke wat tans die aanvaarde antwoord op die probleem van die beliggaming en legitimitet van patriargie is.

(“warrior man”) wat meer verband hou met die beveiliging van sy belange eerder as die koestering van en omgee vir daardie belange (Van Leeuwen, 1993:246).

Daar is ‘n toenemende hoeveelheid bewyse vanuit die mediese en wetenskaplike gemeenskappe dat mans benadeel word in vergelyking met vroue, in terme van relatiewe robuustheid (Jacobsen, 2002:7). Dit is te wyte aan die feit dat mans meer geneig is om aan chroniese siektes te ly, ‘n hoër sterftesyfer het en meer geneig is om leefstylverwante siektes soos hartsiektes en diabetes te ontwikkel. Daarbenewens is mans meer geneig om betrokke te wees by riskante gedrag, soos rook en oormatige drinkery, wat tot verdere gesondheidskomplikasies kan lei.

Sommige literatuur dui daarop dat manlikheid geassosieer word met gewelddadige optrede en konflik, sowel as die sosialisering van seuns in rigiede geslagsnorme, wat dikwels geassosieer word met die deelname van jong mans aan gewelddadige gebeurtenisse. Dit is te wyte aan die feit dat tradisionele geslagsrolle dikwels die idee bevorder dat mans taai, aggressief en oorheersend moet wees. Dit kan daartoe lei dat jong mans geweld as ‘n aanvaarbare manier sien om konflik op te los en hul krag te wys (Mokhutso, 2021:6). Geslagstereotipering skep ‘n omgewing wat onderdrukkend is en die potensiaal van beide seuns en meisies beperk. Dit versterk ook die idee dat sekere rolle en gedrag slegs geskik is vir sekere geslagte, wat kan lei tot gevoelens van skaamte of ontoereikendheid wanneer daardie verwagtinge nie nagekom word nie, aldus Phillips (2019).

2.3.4.3. Vaders in Gevangenis-aanhouding

Afwesige vaders as gevolg van aanhouding in die gevangenis is ‘n realiteit en dit is vinnig aan die toeneem (Muntingh, 2009:203). Hierdie toename is duidelik in studies van Christian (2009:3) wat daarop dui dat die gevangenisbevolking in Suid-Afrika vanaf 120 000 in 1995 gegroei het tot 180 000 in 2005. Dit verteenwoordig ‘n 50% toename oor daardie tydperk. Suid-Afrika se gevangenisbevolking is van die hoogste in die wêreld (Peté, 2015:1).

Frazier (2015) noem dat ‘n derde van die Suid-Afrikaanse gevangenispopulasie in die ouderdomsgroep van 18 tot 25 jaar oud val en vaders is van kinders buite die gevangenis. Hierdie aspek bring baie onstabiliteit in die lewe van kinders. Sy noem in dieselfde artikel dat selfmoord onder jongmense skerp aan die toeneem is en dat soveel as 63% van die slagoffers uit vaderlose huishoudings kom.

Die feit dat mans in aanhouding is maak dit uiters moeilik vir hulle om 'n gesonde, betekenisvolle verhouding met hulle familie te behou. McGrath (2007:42) bespreek in fyner besonderhede die omvang hiervan en noem dat aktiwiteite soos die toepassing van dissipline, finansiële ondersteuning, fisiese liefde en die deel van spesiale oomblikke belangrik is vir mans se vaderskapsrol en dat aanhouding in die gevangenis dit moeilik en in sommige gevalle onmoontlik maak. Western en McLanahan (2000:312) noem dat die stigma van gevangenis-aanhouding 'n skaamte en woede by die familie van die aangehoudene veroorsaak.

Vaders in die gevangenis lei ook tot die verbrokkeling van verhoudings wat moeilik is om te herstel (Hobson, 2002:6). Omdat die jong vaders in aanhouding is tydens kinders se vormingsjare word daar nie 'n baie sterk verhouding tussen vader en kind gebou nie wat dikwels daartoe lei dat beide partye mekaar in sekere gevalle verwerp. Studies toon dat vaders wat in die gevangenis is dieselfde drome en aspirasies vir hul kinders het as mense wat nie in hierdie situasie is nie (Hairston,1998:617). Die uiteinde hiervan is dat kinders sulke vaders as afwesig beleef en baie meer vatbaar is om hulle skuldig te maak aan morele wanpraktyke.

2.3.4.4. Egskeidings

Parke (2003:3) noem dat vier uit tien kinders blootgestel word aan egskeidings van hul ouers en dat een miljoen kinders jaarliks egskeidings beleef. Parke (2003:4) maak ook die aanname dat kinders van geskeide ouers akademies swakker presteer en dat hulle kanse groter is vir sosiale, emosionele en sielkundige probleme in vergelyking met die kinders wie se ouers nog bymekaar is.

Volgens Yi en Nel (2020:2) is die egskeidingskoers binne die Suid-Afrikaanse konteks vinnig besig om toe te neem as gevolg van ontrouheid, mishandeling, alkoholmisbruik en finansiële probleme. Die toename in egskeidings dra sterk by tot die toename in afwesige vaders. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir rasseverhoudinge het bekend gemaak dat 56% van egskeidings plaasvind tussen paartjies waar daar kinders betrokke is. Statistiek SA (2015) noem ook dat 42% van swart paartjies geskei het in 2015. Hierdie verskynsel het bygedra tot 3.95 miljoen vaderlose kinders in 2010. Frazier (2015) bevestig hierdie sentiment en noem dat 'n skokkende getal van nege miljoen kinders in Suid-Afrika grootgeword het sonder 'n vader in 2015.

Egskeidings het 'n uiters negatiewe impak omdat hierdie traumatiese proses die seun laat met onbevredigde behoeftes (Steydler & Strydom, 2005:39). Verder bring die proses ook groot verwarring, onsekerheid en 'n gebrek aan vertroue veral in die lewe van seuns. Soos in die geval van die meeste egskeidings word die kinders in die moeder se sorg gelaat (Havenga, 2002:68). Hierdie kinders word in die meeste gevalle sonder enige vaderfiguur groot. Dit kan vir vaders moeiliker wees om ten volle aan die lewens van hul kinders deel te neem wanneer die verhouding broos is. Gurian (1998:49) noem dat seuns in hul middel na later kinderjare besig is om hul eie identiteit te ontwikkel en terselfdertyd ook 'n strewe het na onafhanklikheid. Die proses van egskeiding veroorsaak dat seuns psigologies getraumatiseer word en in die proses ontwikkel hy 'n drang na die sorg van sy moeder. In sy strewe na onafhanklikheid distansieer die seun hom van volwassenes. Hierdie distansieëring van alle volwassenes veroorsaak dat sulke seuns nie in kontak is met senior rolmodelle wat hulle positief kan beïnvloed nie. In die afwesigheid van positiewe beïnvloeding word die kans skraal dat sulke seuns in sterk vaderfigure sal ontwikkel.

2.3.4.5. MIV/Vigs

Volgens Makusha, Richter en Chikovore (2013:74-75) veroorsaak die MIV/vigspandemie 'n hoë sterftekoers onder mans. Hierdie verskynsel het 'n groot impak op vroue, kinders en gemeenskappe. Die skrywers noem dat sowat 5,7 miljoen mense in Suid-Afrika leef met die pandemie. Hierdie syfer sluit 300 000 kinders in. Die statistieke toon dat daar 3,7 miljoen weeskinders in Suid-Afrika is, van wie sowat die helfte weeskinders is weens MIV-verwante sterftes. Hierdie domino-effek van die pandemie het meegebring dat kinders aan hoof staan van sowat 150 000 huishoudings. Volgens Geffen (2008) leef meeste mense in Suid-Afrika wat met MIV/vigs geïnfecteer is in informele nedersettings. Hierdie statistieke toon dat daar 'n verband is tussen swak sosio-ekonomiese omstandighede en die voorkoms van MIV/vigs. Amoateng & Heaton (2007:8) argumenteer dat hierdie situasie jongmense dwing om hulleself te onderhou op wyses wat ontwettig en bydra tot morele agteruitgang.

2.3.4.6. Drankmisbruik/Dwelmverslawing

Suid-Afrika tel onder onder die top 20 lande in die wêreld wat alkoholverbruik betref wat op sy beurt aanleiding gee tot baie sosiale probleme. Dit kan toegeskryf word aan Suid-Afrika se hoë bevolking van jong volwassenes, 'n kultuur van sosiale drinkery, en die relatiewe bekostigbaarheid van alkohol. Boonop is Suid-Afrika se hoë werkloosheidsyfer gekoppel aan mense wat hulle tot alkohol as 'n hanteringsmeganisme wend (Mbandlwa & Dorasamy, 2020:3). Ramphele (2002:158) argumenteer dat mense as ouers en wederhelftes “sterf” deur drankmisbruik, dwelmmisbruik en gevolglike reaksieloosheid teenoor hulle families, aangesien hulle gedurigdeur onder die invloed is en nie werklik weet of belangstel wat rondom hulle gebeur nie. MacMaster (2010:86) benadruk die voorkoms van dwelmmisbruik en noem dat die euwel van Methamphetamine, alom bekend as “tik”, besig is om gemeenskappe, veral jongmense, te vernietig. Die vernietigende Methamphetamine is redelik maklik bekombaar binne die Wes-Kaap en gevolglik ook die DRV. Vroeë sterftes van ouers laat kinders agter met 'n sombere toekoms. MacMaster is van mening dat kerkgemeenskappe nie toegewyd genoeg is om die probleem aan te spreek nie.

Meer as 11% van Suid-Afrikaners is vasgevang in dwelmmisbruik en daar is wetenskaplik bewys dat dwelmmisbruik sterk verbind kan word met misdaad, seksuele geweld en onveilige seksuele praktyke. Hierdie elemente gee oorsprong aan ongewensde swangerskappe en vaderverlating wat baie enkelmoeders en afwesige vaders tot gevolg het (Sevim, 2015). Daar is verskeie aspekte wat verband hou met middelgebruiksversteurings, soos die onvermoë om die gebruik van alkohol of dwelms (of albei) te beheer, versuim om verantwoordelikhede by die werk, huis of skool na te kom, swak gesondheid en die besteding van 'n buitensporige bedrag geld en tyd om die middele te bekom, te gebruik en om van die nagevolge daarvan te herstel. Baie ouers met dwelmgebruiksversteurings is nie in staat om hul werk te behou nie, wat lei tot finansiële stres wat 'n bedreiging vir hul kinders se welstand kan inhou. Hierdie gebrek aan hulpbronne kan lei tot verdere stres op die gesin, sowel as 'n verhoogde risiko van mishandeling en verwaarlosing (Lipari & Van Horn, 2017). Sonder behoorlike ondersteuning kan die kinders van dwelmgebruikende ouers langtermyngevolge ly, insluitend geestesgesondheidskwessies en probleme op skool. Daarbenewens kan die fisiese en geestelike nagevolge hiervan daartoe lei

dat ouers emosioneel of fisies onbeskikbaar is vir hul kinders, wat lei tot direkte verwaarlosing (Lipari & Van Horn, 2017).

Dwelmmisbruik kan lei tot 'n verbrokkeling in kommunikasie, verhoogde konflikvlakke en gevoelens van verraad en skuld. Daarbenewens kan dit ook lei tot finansiële spanning en 'n onvermoë om gesinsrolle en verantwoordelikhede na te kom (Howard et al., 2010:469). Dwelmgebruik lei dikwels tot wisselvallige gedrag, argumente en intense emosies, wat 'n omgewing kan skep waarin gesinslede voortdurend in konflik is. Volgens Hoeck & Van Hal (2012:1) kan dit lei tot sielkundige nood, fisiese gesondheidskwessies en 'n toename in gesondheidsorgkoste vir almal in die gesin. Simptome van korttermynstres sluit gevoelens van eensaamheid, isolasie, uitputting, gebrek aan ondersteuning, angs, skuldgevoelens, bekommernis en verwarring vir familieledede in. Langtermyngevolge sluit maagsere of hoë bloeddruk in, sowel as depressie, gedragsversteurings, paniekaanvalle en senuwee-ineenstorings. Boonop het familieledede 'n verswakking in gesinsverhoudings, 'n toename in gesinsgeweld en 'n negatiewe impak op hul sosiale en finansiële lewens gerapporteer. Hierdie probleme spruit voort uit die feit dat familieledede dikwels lang periodes van skeiding moet verduur, wat kan lei tot misverstande en seergemaakte gevoelens wat moeilik kan wees om te versoen. Verder kan die finansiële las van die instandhouding van veelvuldige huishoudings sy tol op die gesin eis (Hoeck & Van Hal, 2012:1).

2.3.4.7. Geweld

Wat gesinsgeweld teen vroue en kinders betref, word Suid-Afrika gereken as een van die nasies met die hoogste vlak van gesinsgeweld teen vroue en kinders (Thobejane & Luthada, 2019:12). Die mishandeling van vroue en kinders in baie dele van die wêreld is steeds algemeen, soos Ngubane (2010:1) uitwys, wat 'n gevolg is van die kultuur en tradisie van manlike oorheersing wat al eeue lank bestaan. Daar is steeds baie plekke waar vroue hul menseregte ontsê word, steeds as minderwaardig teenoor mans beskou word en dikwels by die werk, in die gemeenskap en selfs in hul persoonlike verhoudings mishandel word. Baie vroue word eerstens as die eiendom van hul vaders en mans beskou.

'n Groot komponent van toksiese manlikheid vind plaas wanneer mans gewoon raak aan geweld op geweld wat deur ander mans gepleeg word. Terwyl Bruce (2019) uitbrei oor sommige van die oorsake van gewelddadige gedrag onder mans,

beklemtoon hy dat mans nie net gewelddadig teenoor vroue en kinders optree nie, maar ook teenoor mekaar. Dit versterk die kringloop van geweld wat kan lei tot 'n kultuur van aggressie en 'n gebrek aan respek vir menselewe. Daar is 'n vervaging tussen slagoffer en oortreder in baie gewelddadige situasies waar twee mans betrokke is. Die persoon wat as die oortreder gedefinieer word, kan uiteindelik die een wees wat die oorhand in die konfrontasie kry. Mans is ook geneig om meer bang te wees vir geweld vanaf ander mans as vanaf vroue. Hierdie geweld kan in die media, in sportkultuur en selfs in die werkplek gesien word. Dit normaliseer aggressiewe gedrag en versterk die idee dat mans sterk moet wees en nie emosie toon nie. Dit skep 'n kultuur van toksiese manlikheid wat nadelig is vir mans en diegene rondom hulle (Mokhutso, 2021:2).

Daar is waargeneem dat geweld buite verhouding deur mans gepleeg word, en dat geweld buitensporig deur mans ervaar word (behalwe in gevalle van gesinsgeweld).

Suid-Afrika is gereken as een van die mees gewelddadige lande ter wêreld, veral weens huishoudelike geweld teen vroue en kinders (Thobejane & Luthada, 2019:12). Volgens Jacobsen (2002:11) maak geweld tussen mans 'n groot impak op die gesondheid van jong mans wat fisiese en sielkundige letsels kan laat wat 'n leeftyd kan hou. As 'n man pyn het, kan hy nie sy angste in die openbaar wys nie, soos Thobejane en Luthada (2019:11) verduidelik. As gevolg van die patriargale aard van ons samelewing, word geglo dat mans nie huil nie, wat hierdie sentiment nog sterker maak.

Daar is talle uitdagings wat jong volwassenes wat as kinders aan gesinsgeweld blootgestel is in die gesig staar, insluitend interne en eksterne sosio-emosionele impakte, beskadigde verhoudings, psigologiese nagevolge, fisiese nagevolge en die intergenerasie-siklus van mishandeling (Rzepka, 2007:2). Hierdie ervarings kan langtermyn-implikasies hê wat nie net die individu raak nie, maar ook hul familie (pa-kind verhouding) en sosiale verhoudings, wat 'n rimpel-effek van trauma skep wat moeilik kan wees om te breek. Dit is getoon dat herhalende ouerkonflik en/of gesinsgeweld binne die huis toksiese vlakke van kinderstress en aanhoudende vrees tot gevolg kan hê, wat beide kan lei tot langtermyn skade aan die kind op 'n ontwikkelings- en emosionele vlak (Neilsen, 2018:6). Blootstelling aan geweld in die huis kan lei tot 'n afname in morele ontwikkeling en morele volwassenheid by kinders, sowel as 'n verhoogde waarskynlikheid om betrokke te raak by kriminele

aktiwiteite. Dit is dikwels as gevolg van die gevoel van vrees en magteloosheid wat die kind ervaar as gevolg van hul ouer se geweld. Dit is waarskynlik dat baie van die mans wat weens geweld sterf kinders agterlaat wat gevolglik sonder 'n vaderfiguur opgroei (State of South-African Fathers, 2021:66).

Jongmense wat interouerlike geweld aanskou, kan meer geneig wees om geweld te gebruik om konflikte in hul eie lewens op te los, of om geweld as 'n normale reaksie op dispuete te sien. Net so kan 'n chaotiese gesinslewe en inkonsekwente dissipline lei tot 'n gebrek aan struktuur en grense, wat kan lei tot impulsiewe of destruktiewe gedrag. Hierdie faktore kan lei tot 'n verhoogde waarskynlikheid van kriminele gedrag in die jeug (Bushman, 2016:21). Bushman argumenteer ook dat die woonbuurt 'n rol speel om geweld onder mense te bevorder. Jongmense wat in arm gebiede met hoë vlakke van kriminele aktiwiteite woon, sal waarskynlik baie gereeld mishandeling en wreedheid in die gesig staar, en hulle kan sterk daardeur beïnvloed word.

Geweld lei tot meer geweld. Volgens Lovegrove en Cornell (2016:6) raak jong individue ongevoelig vir geweld en neem 'n meer aggressiewe houding teenoor ander aan. Dit verhoog op sy beurt die waarskynlikheid van toekomstige gewelddadige gedrag. Verder kan adolessente ervarings van geweld ook bydra tot volwasse misdadige gedrag. As gevolg van afknouery en verwerping gedurende hul skooljare is studente geneig om later in hul lewe plegers van mishandeling te word (Bushman, 2016:24). Dit versprei geweld oor die hele samelewing; beide as oortreders sowel as slagoffers.

2.3.4.8. Tienvaderskap

Baie seuns word in hul vroeë jeug en adolessente stadium vaders sonder beplanning. Van den Berg en Makusa (2018:37) noem ook dat die kans skraal is dat jong vaders, veral dié wat skoolgaande is, dieselfde huis deel as die van die moeder. Hulle verduidelik dat sulke jong vaders in die meeste gevalle werkloos is en nie die vermoë het om 'n finansiële bydrae te lewer nie. Die onvermoë om finansiëel by te dra ontnem ook in baie gevalle die vaders die geleentheid om enigsins 'n rol te speel in die lewe van hul kinders. In die Afrika-konteks word daar baie druk op jong mans geplaas om in meer as een seksuele verhouding met meisies betrokke te wees om sodoende hul manlikheid te bewys (Meyer, 2018:4). Volgens haar bewys

hulle hul manlikheid deur meisies swanger te maak. Die jong mans is in die meeste gevalle werkloos en kan nie finansieel en emosioneel tot die kind se grootmaak bydra nie. In 'n studie van Van den Berg en Makusa (2018:53) word getoon dat 42% van vaders een of meer kere 'n kliniek tydens swangerskap besoek het en dat 47% van vaders aanwesig was tydens bevalling.

Groepsdruk onder jong mans word ook deur Gqola (2009) benadruk. Hy noem dat jong mans in Afrika onder druk geplaas word om verskeie seksmaats te hê as deel van 'n ontgroeningsproses en as teken van hul manlikheid. Jong mans se vermoë om meer as een seksmaat te hê is skynbaar 'n aanduiding van hulle aantreklikheid. Hierdie tienervaders is onder sorg van hul eie ouers en vind dit daarom moeilik om finansieel en emosioneel te sorg vir hul kinders wat gebore word uit sulke verhoudings. Kinders van tienermoeders is geneig om te onderpresteer op skool, maak hulle skuldig aan alkoholmisbruik en raak self vroegtydig seksueel aktief wat hulle kanse om kinders as tieners te kry baie verhoog. Volgens die navorser gee vroegtydige swangerskappe oorsprong aan oningeligte ouers wat eenvoudig net nie weet wat van hulle verwag word nie. Soos Verkuyl (1979:169) tereg opmerk: onkunde is 'n euwel wat nie net die individu nie, maar ook die samelewing verlam.

2.3.5. Ekklesiologiese faktore

2.3.5.1. Strukture binne die kerk

Die ontevredenheid van vroue rakende die manlik-gedomineerde ekklesiologiese strukture het oorsprong gegee aan feministiese aktivisme in die vorm van die Women-Church Movement in die vroeë tagtigs. Hierdie inisiatief het momentum gekry uit die bevrydingsbewegings van daardie tyd. Mettertyd het die groep hulle beywer vir hul eie teologiese taalgebruik en hermeneutiek van die Skrif asook die verandering van tradisionele simbole binne die kerk (Hovorun, 2015:143). Vroue wil nie noodwendig voorkeur behandeling kry nie, maar verdien om op gelyke vlak as mans hanteer te word. Vroue wat in billike, gesonde verhoudings met mans staan wat aktief en positief bydra tot die familielewe is geneig tot minder gesondheidsprobleme en kry ook meer bevrediging uit hulle rolle as moeders (Richter et al., 2011:58).

Volgens Meyer (2018:3) is die inslag van inisiatiewe soos die *Mighty Men Konferensie*⁶, gelei deur Angus Buchan, onder die sambreel van Shalom Rust⁷ en Promise Keepers⁸ baie problematies. Beide hierdie inisiatiewe het ten doel om mans geestelik te bemagtig en hulle te oorreed om hul plek in die huisgesin in te neem as broodwinner. Manlike leierskap word benadruk en die man as hoof van die huisgesin word gesien as 'n Goddelike hiërargie. Volgens Promise Keepers vloei krag van nature van God na mans en daarna na hul vroue en kinders. Vroue word ook aangemoedig om hulle aan mans te onderwerp in ruil vir 'n "Goddelike Man". Die problematiek van so 'n siening, wat in konserwatiewe Evangeliese kerke deel vorm van hul ekklesiologie, verkondig aan mans wat nie aan die hierdie vereistes voldoen nie dat hulle geen reg het om 'n vaderfiguur te wees nie. Dit ten spyte van die feit dat daar dalk ernstige ekonomiese of sosiale redes daarvoor kan wees. Volgens Meyer (2018:4) verkondig hierdie inslag ook die idee dat mans en vaderfigure slegs kan liefhê en omgee vanuit 'n magposisie wat gekoppel word aan 'n inkomste. Baie mans word in die proses gemarginaliseer en die kans ontnem om broodnodige ouerskapvaardighede aan te leer. Hiermee saam word hulle geestelik in die steek gelaat deur die kerk.

2.3.5.2. Aanbidding en Liturgie

Aangesien gelowiges nie hulself of die kerk as profete sien nie, en hulle dit nie as sodanig reël of struktureer nie, het die kerk sy hoof funksie verloor – om profeties te wees. Volgens sommige kerkelede is profesie nie 'n gawe wat aan alle lede van die kerk verleen word nie, maar eerder 'n voorreg wat aan 'n uitgesoekte groep kerkelede toevertrou word (Baron & Maponya, 2020:2). Kontekste is egter veranderend en vloeibaar en daarom moet kerke gedurig deur die proses van herverbeelding gaan. Bosch (1991:456) noem dat die kerk as "inkarnerend" verstaan moet word.

Daar is 'n argument wat deur Guder (2015:17) geopper word dat ons ekklesiologie van institusionele instandhouding en die versorging van geredheid nie voldoende is vir die taak wat ons in hierdie moderne tyd in die gesig staar nie. Ten einde 'n effektiewe "epistemiese" gemeenskap te wees waarin lede van die breër gemeente

⁶ <https://mightyomen.org/>

⁷ <https://www.angusbuchan.co.za/>

⁸ <https://promisekeepers.org/free/>

en "kerkbank" kan deelneem deur aktiewe betrokkenheid en betrokkenheid by die herbesinning (hervorming) van Jesus Christus se kerk, moet die kerk sinvolle en respekvolle ruimtes skep. Daarom moet die kerk nie net fokus op "profetiese" geestelikes om die verhoog en openbare platforms (liturgiese ruimtes) te nader nie, maar moet 'n nuwe waardering vir die gemarginaliseerdes, die onderdrukte en die stemlose lidmate binne die kerk gekweek en bevorder word, aldus Guder (2015:17). Dit is 'n oproep om veilige ruimtes te skep waar diversiteit gevier en gerespekteer word. Dit kan gedoen word deur die doelbewuste insluiting van gemarginaliseerde stemme in kerkleierskap, besluitneming en aktiwiteite.

Dit is ook belangrik om gemeentelede toe te rus met die regte hulpbronne en gereedskap om te pleit vir geregtigheid en om onderdrukking te beveg. Dit bly aangrypend wanneer "kerkbanklede" ontmagtig word deur die strukture van 'n kerk en nie genoeg ruimte vir betrokkenheid en dialoog gegun word nie (Baron, 2020:16). Baron bepleit die bevordering van "missionale bewustheid" van lede op die grondvlak en dat hulle meer betrek moet word by die besprekings, konstruksie en vorming van die kerk - hetsy in sy teologie, sy leer of sy belydenisskrifte.

Ten spyte van die feit dat aanbidding op 'n Sondag in die kerk begin, duur dit deur die week in die alledaagse lewe en in die breër wêreld voort (Van der Merwe et al., 2019:360). Dit is dus uiters belangrik om te vra of die hoop wat gelowiges koester praktiese uitdrukking kry in die liturgie. Die antwoord op hierdie vraag lê in hoe mense hul geloof in hul alledaagse lewe uitleef. As hulle hul geloof uitleef op 'n manier wat die waardes van die liturgie weerspieël, dan sal die hoop wat gelowiges koester, uitgespreek word. As hulle egter nie hul geloof uitleef op 'n manier wat die waardes van die liturgie weerspieël nie, dan sal die hoop wat gelowiges koester nie uitgespreek word nie.

Pillay (2015:567) argumenteer dat die erediens die aanbiddingsgemeenskap die geleentheid bied om in die regte rigting te kyk om hul denke, oortuigings, houdings en gedrag te (her)vorm. Christelike eredienste bied aan Christene die geleentheid om patriargie te "sien" soos dit werklik is. Geestelikes, beide manlik en vroulik, moet egter tyd neem om na te dink oor hoe hulle dalk anders na die wêreld wil kyk, want daar is 'n gevaar dat dit heeltemal gemis kan word. Sy noem dat Christelike aanbidding die vermoë het om die manier waarop mense dinge sien te verander maar die teendeel word ook bewys: dit verhoed mense om te sien.

2.3.5.3. Teologie van Kerke

Daar is baie kritiek op die Christelike kerke onder vroulike Afrika-teoloë. In Oduyoye se woorde, "hulle gaan voort om die Hebreeuse Geskrifte en die Briewe van Paulus te gebruik om die norme van tradisionele godsdiens en kultuur te versterk" (Van Klinken, 2011:110-111). Godsdienstige leerstellings oor geslag het 'n groot invloed op 'n samelewing, veral op die lewe van jong meisies en vroue. Gevolglik het Christene 'n verantwoordelikheid om Bybelse leringe oor geslag akkuraat te verstaan. Hierdie begrip van geslagsrolle is noodsaaklik om te verseker dat die Kerk 'n voorstander is van geregtigheid en gelykheid vir alle geslagte.

Ademiluka (2017:1) argumenteer dat daar in die konteks van die Nigeriese kerklandskap geen direkte eksegeese van 1 Korintiërs 14:33b-36 is nie, maar daar is egter indirekte reaksies op die teks, veral van kerkleiers, wat beïnvloed word deur houdings teenoor vroue se deelname aan kerkleierskap. Dit is omdat die teks baie verskillend geïnterpreteer word op grond van die kulturele konteks. In sommige dele van Nigerië word vroue nie toegelaat om in die kerk te lei nie, so die interpretasie van hierdie teks is meer beperkend as wat dit in ander dele van die wêreld sou wees. Gevolglik is kerkleiers in Nigerië meer geneig om hierdie teks te interpreteer op 'n manier wat hul bestaande houdings teenoor geslagsrolle versterk. Ten spyte van wat sommige mag dink, is Paulus nie in hierdie teksgedeelte van plan om 'n leerstelling te vestig wat vroue distansieer van aktiewe betrokkenheid by kerksake, of in kerkleierskap, soos sommige dalk dink nie; hy verkies bloot dat hulle stilbly eerder as om die sake van die kerk te ontwrig. In die vroeë kerk het vroue se rolle ekstatische openbare toespraak, prediking, onderrig, leiding van gebed en miskien selfs die uitvoering van die eucharistiemaal ingesluit (Ademiluka, 2017:6).

Godsdienste soos Judaïsme en die Christelike geloof speel 'n sterk rol om mans te motiveer om by hulle gesinne betrokke te wees. Navorsing toon dat godsdiens 'n positiewe invloed het op gesinslewe in gevalle waar mans, vroue en kinders godsdienstig is. Godsdiens verhoog die fisiese, ekonomiese en emosionele welstand van volwassenes en kinders. Daarmee saam is daar ook bewyse dat godsdienstige mans wat aktief besig is met godsdienstige aktiwiteite meer betrokke is in die lewe van hulle kinders en meer liefdevol is teenoor hulle gesinne in vergelyke met mans wat geensins affilieer met godsdienstige tradisies nie (Rosenberg & Wilcox, 2008:11).

Volgens Ademiluka (2017:7) was daar min of geen geleentheid vir vroue om 'n rol te speel in die godsdienstige leierskap in die geskiedenis van die Jode nie. Die bediening van Jesus, aan die anderkant, het 'n beduidende verandering in die manlik-gedomineerde sosiale struktuur teweeggebring. Hy het vrylik met vroue omgegaan en hulle op gelyke voet met mans behandel. Paulus het dit as fondasie gebruik en sy bediening was gebaseer op die idee dat vroue gelyke toegang tot geestelike kennis moet hê. Dit was rewolusionêr vir sy tyd, aangesien vroue oor die algemeen van godsdienstsake uitgesluit is. Deur vroue toe te laat om aan die huiskerke deel te neem, kon Paulus 'n meer inklusiewe omgewing skep wat oop was vir alle gelowiges, ongeag geslag.

Nieteenstaande hiervan is manlike dominansie steeds algemeen in kerkleierskap in Nigerië, wat 'n weerspieëling kan wees van die patriargale aard van die Nigeriese samelewing in die algemeen sowel as dié van Afrika in die algemeen. Dit is te wyte aan die idee van manlike oorheersing wat ingebed is in die kulturele, godsdienstige en politieke stelsels van Nigerië en Afrika. Baie godsdienstige leiers het hierdie ideologie geïnternaliseer en dit word weerspieël in hul optrede en in die manier waarop hulle kerke en gemeenskappe lei, aldus Solomon (2017:2).

Ademiluka (2021:1) voer aan dat Efesiërs 5:22-24 vir sommige Afrika-Christene 'n basis is wat die tradisionele siening van die man-vrou-verhouding regverdig wat al vir eeue verskans is. Volgens Efesiërs 5:22-33 moet vrouens hul mans eer en onderdanig wees. Mans is aanspreeklik teenoor hulle vrouens op dieselfde manier as wat Christus aanspreeklik is vir sy Kerk. Adams (2003:1) bring hierdie opdrag in verband met die Afrika-patriargale siening van die huwelik, waar die man gesag beklee terwyl die vrou haar aan hom moet onderwerp.

Om 'n inklusiewe ruimte binne kerke te skep, moet daar gepoog word om die sistemiese magstrukture van patriargie wat in plek gestel is, af te breek. Dit kan gedoen word deur doelbewus meer regverdige leierskapstrukture te skep en 'n kultuur van respek en dialoog te daar te stel. Daar moet probeer word om die maniere waarop patriargie gebruik is om mense te onderdruk en sekere groepe mense uit te sluit van deelname aan die kerklike lewe, te erken en uit te daag (Pillay, 2015:567). Deur die vooroordele en kulturele beperkings wat patriargie op individue plaas, te erken, kan daar insig verkry word in hoe om 'n samelewing te bevorder waarin almal gelykwaardig gerespekteer en behandel word. Dit kan ook die kerk help

om nuwe geleenthede te identifiseer wat mense kan help om 'n lewenstyl uit te leef wat strook met die beginsels van Christenskap.

Uiteindelik is teologie 'n kontekstuele dissipline. Dit behels om te kyk na beide die wêreld waarin ons leef en die Skrif waaruit ons leiding soek, waarna Stott (1992:14) beroemd verwys het as "dubbel luister". Die doel van teologie is om die twee te oorbrug deur die waarhede wat God in die Skrif geopenbaar het te sintetiseer met die realiteite van ons wêreld. Hierdie sintese is 'n noodsaaklike stap om te verstaan hoe om die Bybel vandag op ons lewens toe te pas.

2.3.5.4. Patriargie

Die term hegemoniese manlikheid soos vroeër in die tesis bespreek, beskryf hoe patriargie bevoordeel word as gevolg van die feit dat die hegemonie geldigheid verleen aan patriargie waarbinne die mag slegs by mans berus en die vroue en kinders hul onderdane is. Connell (2005:77) wys egter daarop dat openlike draers, dit wil sê diegene wat hegemoniese manlikheid verteenwoordig, nie noodwendig die mees invloedryke individue is nie. Volgens Khan (2018:31) hou hegemonie verband met 'n man se nakoming van sosiale norme wat verband hou met manlikheid (soos gedefinieer deur hegemonie), en dit neem twee vorme aan: eksterne hegemonie, wat die ondergeskiktheid van vroue behels, en interne hegemonie, wat die marginalisering van mans behels.

Patriargale teologie bevorder die hiërargiese magsverhouding van manlike dominansie oor vroue en gesinne. Die media van hierdie patriargale dinominasies het ook ten doel om die beeld uit te dra van 'n vader wat teenwoordig is by sy huis, besig met kinders en ander huislike aktiwiteite (Koenig-Visagie & Van Eeden, 2013:11). Op die oog af skets so 'n prentjie 'n ideale situasie. Die probleem met 'n patriargale teologie is dat dit die siening huldig dat mans mag moet hê om gerespekteer, geliefd en aanvaar te word en om 'n positiewe impak op hul kinders se lewens te maak. Hierdie diskoers dra by dat geïnstitusioneerde patriargale strukture in sekere Christelike godsdienkskringe voortduur. Die boodskap word ook dan uitgedra dat mans nie kan leiding neem vanuit 'n kwesbare posisie nie, in plaas daarvan dat mans aangemoedig word om responsief te word en hulle verantwoordelikhede as toegewyde vaders op te eis. Die gevolg is ook dan dat mans van hulle gesinne ontkoppel word (Meyer, 2018:10). Volgens Meyer (2018:6) staar

mans 'n "male problematic" in die gesig en skep hierdie diskoers in die Christelike geloof die idee dat mans nie 'n bydrae kan lewer wanneer hulle gestroop word van mag nie.

Positiewe vaderlike betrokkenheid gedurende kinders se grootwordjare en uitvoering van huishoudelike pligte bevorder ekonomiese gelykheid onder vroue omdat hulle nou meer ruimte het om hul opvoeding en loopbane te ontwikkel (Kiesling, 2017:88). Meyer (2018:10) vra met bogenoemde in gedagte die volgende vraag: wat is die rol en voorregte van 'n vader wat geskei is van of ongetroud is en nie saam met die moeder in een huis woon nie? Sy noem dat daar uit die patriargale godsdienstige diskoers afgelei word dat 'n ongetroude of selfs werklose vader nie gelegitimeer kan word as die hoof van die gesin nie en verloor daarom alle regte en voorregte met vewysing na sy vaderskap. Hierdie vaders word dan gemarginaliseer deur geloofsgebaseerde instellings wat weier om miljoene gesinne wat hulle in hierdie posisie bevind in die oë te kyk.

In 'n studie van Eddy et al. (2013:22) is bevind dat 'n aansienlike aantal vaders voortgaan om tradisionele sienings oor vaderlike rolle te huldig. Hulle is geneig om geslagsrolle te naturaliseer en stereotipes voort te sit oor verskille tussen manlike en vroulike rolle. Die rigiditeit wat met so 'n dualistiese en digotomistiese siening rakende geslagsrolle gepaardgaan beperk aanpassings en die ontwikkeling van 'n nuwe vaderskapsmodel (Eddy et al., 2013:22) Die kulturele belangrikheid van 'n vader wat as 'n sleutelspeler beskou word in 'n kind se identiteit en 'n skakel na voorouers, asook bronne van sukses en geluk, is 'n nuttige fondament vir aksies wat positiewe vader-betrokkenheid bevorder.

Meyer (2018:10) stel voor dat 'n nuwe konstruksie van vaderskap in die voortuitsig gestel moet word. Hierdie nuwe konstruksie moet volgens haar nie die konsepte van gesinseenheid, ouerlike gesag en gelyke verhoudings, die verantwoordelikhede van die moeder en biologiese vader teen te staan nie. Dit moet vir beter en egter verhoudings tussen die vader en die kinders vra asook die verhouding tussen vader en moeder. Dit moet ongetroude, werklose en gewillige vaders 'n regmatige sê laat kry in die lewe van hulle kinders, aldus Meyer (2018:10). So 'n inslag moet ook ruimte skep vir vaders om ondersteuning te kry van godsdienstige instellings. In die proses word hulle omarm en kom sodoende tot die besef dat hulle deel vorm van 'n

gemeenskap van gelowiges wat verantwoordbaar is teenoor die Christelike gesin as geheel, hoe kwesbaar dit ook al mag wees.

Van Aarde (1999:113) het meer as twee dekades gelede reeds voorgestel dat vaderskap gedepatrialiseer word. Daarmee bedoel hy dat die idee van mag uit vaderskap verwyder word en dat 'n pa daarom nie geld of 'n werk hoef te hê of getroud te wees om 'n regmatige plek in die lewe van sy kinders te hê nie. Hy voeg by dat 'n vader meer as 'n toepasser van dissipline en materiaalvoorsiener moet wees. Volgens die skrywer het Jesus spontaan anti-patriargale gedrag beliggaam en meelewend opgetree teenoor almal, veral met die kwesbares in die gemeenskap (Van Aarde, 1999:113). Daar was in die verlede kollektiewe verantwoordelikheid vir die grootmaak van kinders. Hierdie beginsel het die moontlikheid geskep dat vaderlose kinders surrogaatvaders verkry wat hulle kan lei, mentor en aanmoedig.

Hoofskap is nie net 'n kwessie wat Afrikane raak nie, maar word ook in die Bybelse perspektief aangespreek. Volgens sommige Afrika-Christene het Efesiërs 5:22-24 die tradisionele siening van man-vrou-verhoudings vasgelê (Ademiluka, 2021:1). Hierdie siening word versterk deur Paulus wat uitwei oor die verhouding tussen Christus en die Kerk. Hy stel dat mans hul vrouens moet liefhê soos hulle hul eie liggame liefhet en dat die verhouding Christus se liefde vir die Kerk moet weerspieël, waarvoor hy homself uiteindelik opgeoffer het (v. 25). Dit versterk die idee dat die man die leier in die verhouding moet wees, aangesien hy bereid is om sy vrou se behoeftes voor sy eie te stel. Adams (2003:1) noem dat die letterlike vertolking van hierdie Skrifgedeelte die patriargale siening in Afrika van die huwelik en huweliksverhouding weerspieël waarin die vrou se rol is om aan haar man se gesag te onderwerp, terwyl die man gesag oor die vrou in die verhouding behou.

Afrika-samelewings is sterk gegrond op die oortuiging dat mans die broodwinners is, en dat daar van hulle verwag word om vir hul gesinne te voorsien. Aan die anderkant word vroue as hulpmaats beskou en word daar van hulle verwag om die rol van 'n meer gedomestikeerde bestaan te aanvaar. In baie gevalle lei dit daartoe dat daar teen vroue gediskrimineer word omdat hulle as minderwaardig teenoor mans beskou word en nie geregtig is op dieselfde regte en voorregte wat hulle geniet nie (Casmir et al., 2014:170).

Toenemende burokrasie het gelei tot 'n meer onsensitiewe houding teenoor geslag. Priesters en priesteresse is byvoorbeeld nie oorspronklik deur die kerk gebruik nie omdat hulle uit heidense kulture afgelei is. Later is bygevoeg dat die kerk die titel priester bygevoeg het, maar nie priesteres nie, terwyl vroue die titel diakones gekry het, wat dui op die kerk se siening oor vroue. Die burokrasie het hoofsaaklik bestaan uit mans met tradisionalistiese sienings. Vroue is nie dieselfde titels as mans toegeken nie weens hul oortuiging dat mans die hoogste magposisies moet beklee, terwyl hulle ook geen titels aan vroue wou gee wat gelykheid met mans voorstel nie (Wood, 2019:4). Volgens Pillay (2020:2) word kennis van geslag tot geslag oorgedra, en is dikwels gebaseer op 'n tradisionele siening van die rolle van mans en vroue in kerklike ruimtes. Dit beteken dat die kennis- en magdinamika dikwels ten gunste van mans bevooroordeel is, wat die vermoë van vroue om toegang tot magposisies te verkry, beperk.

In die Christelike geloof word geslagsverskille gesien as deel van God se skepping en goddelike ontwerp van mense. Hierdie oortuiging is gebaseer op die interpretasie van sekere gedeeltes in die Bybel wat na geslagsrolle verwys, soos in die boek Genesis. Hierdie gedeeltes word gesien as bewyse van God se plan vir die mensdom en 'n verwerping van homoseksualiteit as iets wat teen daardie plan ingaan (Koenig-Visagie, 2012:164). Gevolglik noem baie Christene die idee van manlike hoofskap as die rede vir hierdie idee, aangesien hulle aanvoer dat God die idee dat mans onder sekere omstandighede vroue moet lei of in beheer van vroue moet wees, goedgekeur het. Die Bybel dui ook aan dat beide God en Jesus mans is, wat die idee van manlike hoofskap ook versterk (Koenig-Visagie: 2012:164).

Stereotipering verhoed vroue om toegang te verkry tot basiese menseregte, soos onderwys, indiensneming, gesondheidsorg en ekonomiese geleenthede en beperk hul vermoë om deel te neem aan besluitneming en toegang tot wetlike beskerming. Stereotipering van vroue versterk ook geslagsongelykhede en word 'n teelaarde vir geslagsgebaseerde geweld, aldus Wood (2019:3). Die kerk het 'n verantwoordelikheid om die vernietigende uitwerking van mag en beheer oor ander mense in God se skepping te konfronteer. Geslagsongelykheid is een van daardie vernietigende kragte wat oorkom moet word om vroue te transformeer en te genees van die plaag van geslagsongeskiktheid in die kerk (Wood, 2019:3). Die stelsels van mag en beheer wat geslagsongelykhede geskep het, moet uitgedaag word en

daar moet doelbewus gepoog word om 'n ruimte van genesing en transformasie vir vroue in die kerk te skep.

Patriargie as 'n gevestigde sisteem in die samelewing het 'n impak op vaderskap en en morele agteruitgang van jongmense. Tradisioneel word manlikheid dikwels met krag en stoïsimisme⁹ geassosieer, en dit word gesien as 'n teken van swakheid vir 'n man om te erken dat hy hulp nodig het, aldus (Wood, 2019:4). Gevolglik is baie jong mans huiwerig om hulp te soek wanneer hulle geestelik sukkel, al kan dit voordelig wees om dit te doen. Ramphele (2002:103) noem dat vaderlose seuns 'n vaderfiguur wat veronderstel is om outoriteit en verantwoordelikheid te neem in 'n patriargale samelewing mis. As gevolg hiervan voel jongmense verlate en moet hulle hul eie weg navigeer tot volwassenheid. In sekere gevalle word verkeerde besluite in die proses geneem. 'n Patriargale sisteem het 'n groot invloed op die tyd wat vaders met hul kinders spandeer. Hierdie beperking van tyd is grootliks te wyte aan die strukture van werkplekke en instellings, sowel as geslagtelike aannames in baie beleide, wat voortgaan om vroue as primêre versorgers vir kinders te posisioneer. Dit gee aanleiding tot 'n beperkte siening van die rol van die vader as voorsiener, ondersteuner van hul lewensmaat, en opsionele versorger (Bailey, 2015:13). Dit lei daartoe dat vaders aansienlik minder tyd as moeders het om in hul kinders te belê, wat lei het tot verminderde betrokkenheid by ouerskap en minder betekenisvolle verhoudings, asook swakker ontwikkelingsuitkomst vir kinders.

2.3.5.5. Feminisme

Feministiese ekklesiologie het ten doel om die Christelike kerk as ruimte te herwin waarbinne vroulike diskoerse van geloof meer prominensie sal geniet. Dit kan ook gesien word as 'n bewuste keuse om die kerk as ruimte vir die beoefening van geloof te eis vir vroue. Feministe ervaar die magstrukture binne die kerk as manlik dominerend en reken dat hierdie patriargale strukture binne die kerk teenstrydig is met die essensie van die kerk wat gelyke insluiting van mans en vroue behoort te reflekteer (Hovorun, 2015:142). Ordinerings van vroue in leierskaprolle word alreeds wyd aanvaar in Protestantse kringe, maar dit kry nog heelwat teenstand binne die

⁹ 'n Benadering tot die lewe wat positiewe emosies maksimeer, negatiewe emosies verminder en individue help om hul deugde van karakter te ontwikkel.

konteks van die Rooms-Katolieke en Ortodokse Kerke. Die uitbeelding van vroue as bruid van Christus, Maria as die moeder van gelowiges en 'n diensmaagd word deur feministe as verwarrend beskou en ook as bevestiging van vroue se onderdanige posisie binne die kerk (Hovorun, 2015:142).

Dikwels word bedieninge met spesifieke geslagte geassosieer - die gasvryheidsbediening word byvoorbeeld dikwels met vroulikheid geassosieer, so ook die kunste en handwerkbedieninge. Leierskap en onderrigbedieninge in hierdie kerke word oor die algemeen met manlikheid geassosieer. Die idee dat daar 'n fundamentele manlikheid en 'n fundamentele vroulikheid is, elk met sy eie funksie om te vervul, kan toegeskryf word aan die kerk se beheptheid met geslagsrolle, aldus Koenig-Visagie (2012:167).

Gedurende die laaste paar dekades het feministe en lesbiese/gay-bevrydingsbewegings baie druk op patriargie geplaas. Ons kulture word steeds oorheers deur patriargale houdings en gedrag, waar geslagsongelykheid voortduur met ernstige gevolge. Patriargale houdings is gewortel in toksiese manlikheid, wat 'n geloofstelsel is wat tradisionele geslagsrolle versterk en 'n aanspraak maak op manlike voorreg. Landman (2009:91) huldig die standpunt dat die patriargale diskoers die liggaam van Christus, die kerk, uitbeeld as manlik en is van die oortuiging dat die Bybel vroulike en gay leierskap uitsluit. Hierdie sosiale ingesteldheid lei tot 'n kultuur van diskriminasie en geweld teen lede van die LGBTQ+-gemeenskap, wat 'n gevaarlike omgewing skep waarbinne hulle die risiko van mishandeling en haatmisdade loop. Volgens Nadar (2009:2) is die erkenning en stryd teen hierdie stelsel noodsaaklik om die veiligheid van LGBTQ+-individue te verseker.

Koenig-Visagie (2012:168-169) noem ook die volgende rondom veldtogte binne sekere Afrikaanse kerke. Daar is talle uitbeeldings van mans as avonturiers, as sakemanne met werk, en as vaders wat tyd saam met hul kinders deurbring terwyl hulle kampeer of op avontuur. Omgekeerd word vroue uitgebeeld as dekoratiewe voorwerpe, simbole van spiritualiteit en goddelikheid, en as moeders wat na babas omsien. Dit kan moontlik wees om hierdie voorstellings self as binêre konstruksie te sien en vroue uit te beeld as "beduidende ander". Hierdie uitbeeldings, hoewel oënskynlik skadeloos, kan 'n blywende impak hê op hoe die samelewing geslagsrolle beskou en kan uiteindelik lei tot 'n versterking van tradisionele

geslagsrolle. Dit kan gevolglik lei tot 'n voortsetting van geslagsongelykheid en die marginalisering van sekere groepe.

Die aanvaarding of wegwys van vaderskap is 'n keuse. Vaderskap kan daarom nie slegs volgens 'n biologiese verbintenis gedefinieer word nie (Meyer, 2018:4). Vaderskapsinisiatiewe in Suid-Afrika, onder andere *The Fartherhood Foundation of South-Africa* en die *Mighty Men Conference* probeer 'n spesifieke teologiese perspektief van vaderskap voorhou. Beide hierdie twee inisiatiewe se kern idee is dat mans moet terugkeer en hulle rol as patriarg inneem in lyn met God se roeping (Meyer, 2018:5). Die siening van beide organisasies is dat mag en beheer vanaf God vloei na mans, vroue en dan kinders. Hierdie filosofie beklemtoon dat mans op sosiale en ekonomiese vlak die voortou moet neem. Indien hulle nie daarin slaag nie, diskwalifiseer hulle hulself as waardige leiers binne die familiekonteks. Hierdie uitgangspunt is teologies baie problematies omdat vaderskap in die Bybelse konteks veel wyer strek as net materiële voorsiening en die uitoefening van mag (Meyer, 2018:6).

Mazza en Perry (2017:14) beweer dat die feminisiebeweging gesprekke oor die herdefiniëring van die vroulike rol en die veranderende rol van vaders ontketen het. 'n Studie deur Mazza en Perry (2017:22) erken dat kulturele konteks in ag geneem moet word, soos hoe die industriële rewolusie en burgerregtebeweging die vaderlike rol as broodwinner beïnvloed het. Deur feminisme word die tradisionele rol van vaders as broodwinners uitgedaag. Hierdie tradisionele rol moet vervang word deur 'n meer emosioneel ondersteunende en koesterende rol, wat 'n positiewe impak op gesinsverhoudings sal hê, aldus Arnone (2021:15). Deur te verstaan wat dit beteken om 'n pa te wees en geslagsongelykheid aan te spreek, kan die samelewing as 'n geheel daarby baat.

Fiorenza (1993:220) voer aan dat die vroeë kerk se klem op patriargale strukture nie in lyn was met die leerstellings van Jesus nie, en dat 'n benadering tot kollektiewe dissipelskap en inklusiwiteit aanvaar moet word om ware gelykheid binne die Christelike gemeenskap te skep. Sy glo dat hierdie patriargale strukture teenstellend is tot Jesus se leringe, wat gelykheid en inklusiwiteit onder alle mense ongeag geslag beklemtoon. Verder voer sy aan dat die evangelieboodskap 'n bloudruk bied vir kollektiewe dissipelskap waarin alle lede van die Christelike gemeenskap kan saamwerk om 'n sterk, gelyke en inklusiewe gemeenskap te skep.

2.4. SLOTSOM

Dit is duidelik dat die huidige konstruksie van die idee oor vaders hoofsaaklik op finansiële en materiële ondersteuning geskoei is wat veroorsaak dat alternatiewe vaderskapsrolle onderdruk word. Literatuur toon ook dat oorheersende vader-rolle verskuif het van die morele leermeester en gids, na verantwoordelikheid as broodwinner, om 'n rolmodel vir veral seuns te wees, en uiteindelik om 'n koesterende en aktiewe vader te wees. Hierdie veranderinge is beïnvloed deur prosesse soos industrialisasie, ekonomiese ontwinging, arbeidsmarkverandering en eise vir geslagsgelykheid. Omdat vaderfigure rolmodelle vir kinders en jongmense is, is dit grotendeels hulle wat die waardes en oortuigings van hul kinders en jongmense sal vorm. Hulle kan leiding en ondersteuning verskaf wat noodsaaklik is vir jongmense om die vaardighede en selfvertroue te ontwikkel wat hulle nodig het om morele besluite te neem. Hierdie tesis ondersoek die sosiale konstruksie van vaderskap en hoe dit in die DRV manifesteer. Deelnemers se persepsies van vaderskap speel 'n belangrike rol gespel in hoe hulle vaderskap in die Bybel waarneem het en hoe hulle daarmee omgaan. Die navorser brei meer hieroor uit in hoofstuk vyf wat spreek tot die bevindinge.

In hoofstuk twee het die navorser probeer om die kontekstuele faktore wat vaderskap negatief of positief beïnvloed te bespreek, asook hoe hierdie invloede uitspeel op die morele agteruitgang van jongmense. In die volgende hoofstuk bespreek die navorser missionale vaderskap en hoe dit vaderfigure en jongmense beïnvloed.

HOOFSTUK 3: N KONSTRUEERING VAN MISSIONALE VADERSKAP BINNE MISSIOLOGIESE DISKOERS

3.1. INLEIDING

In hoofstuk drie poog die navorser “missionale vaderskap” posisioneer binne die konteks van die missiologiese diskoers. Dit begin met die Wêreldsendingkonferensie in Edinburgh van 1910 waartydens die Protestantse Sendinginisiatiewe struktuur begin verkry het en ook ná die totstandkoming van die International Missionary Council in 1921 waarin daar verskeie wêreldsendingkwessies bespreek en op gereflekteer is. Tydens hierdie era is sending gesien ten diepste as evangelisasie en as sending vanaf die Weste na die “res van die wêreld”. Die navorser sal dan bespreek wat die teologie van sending was tydens die Willingen Konferensie in Duitsland waartydens die konsep van *missio Dei* meer eksplisiet bespreek is (nie noodwendig die term nie, maar die konsep), waartydens die sendingparadigma vanaf die Edinburgh Konferensie van 1910 (natuurlik ook voor sulke formele sendinggesprekke), en ander sendingkonferensies geproblematiseer is. Nadat hierdie radikale sending-paradigmaskuif verduidelik is, sal die navorser verder gaan om te bespreek hoe vaderskap binne so ‘n paradigma verstaan kan word.

3.2. WÊRELDSENDINGDISKOERS: EDINBURGH TOT WILLINGEN

3.2.1. Die aanloop tot die Edinburgh Wêreldsendingkonferensie van 1910

Die wêreld-ekumeniese beweging kan terugdateer word na die Wêreldsendingkonferensie van 1910 wat in Edinburgh, Skotland gehou is. Die Wêreldsendingkonferensie in Edinburgh is voorafgegaan deur ander sendingkonferensies. Meer as ‘n eeu vroeër het William Carey, die pionier Baptiste-sendeling in Indië, voorgestel dat daar elke tien jaar ‘n wêreldsendingkonferensie gehou moet word. Alexander Duff, wat later professor in Evangelistiese Teologie aan New College in Edinburgh geword het, was die eerste voorsitter van sendingstudies in die Engelssprekende wêreld en het die idee van ‘n wêreldsendingkonferensie bevorder tydens sy reeks van lesings in die VSA gedurende 1854 (Thomas, 2015:1). Grootsekaalse konferensies is in Liverpool in 1860 en Londen in 1878 en 1888 gehou.

Die dringendheid om te vergader om sending in die wêreld te bespreek het momentum begin kry.

Hierdie momentum en opgewondenheid is in die sendingveld opgetel en samewerking onder kerke was duidelik sigbaar in die ekumeniese byeenkoms wat in 1900 in New York in die Verenigde State van Amerika gehou en bygewoon is deur sowat 50 000 afgevaardigdes. Op 29 Januarie 1907 het 29 afgevaardigdes van 20 Skotse buitelandse sendings ooreengekom dat 'n sendingkonferensie gehou moet word in Edinburgh in Junie 1910 (Grillo & Cameron, 2006:1). Die 1 200 sendelinge en sendingleiers wat byeengekom het in Edinburgh het nie bloot gekom as passievolle individue vir sending nie, maar was amptelike afgevaardigdes van meer as 170 sendinggenootskappe en kerklike sendinggrade.

Die Edinburgh Wêreldsendingkonferensie was 'n geleentheid van aansienlike belang vir beide die sendingonderneming sowel as die ekumeniese beweging. Dit was die hoogtepunt van sendingleiers se verenigde poging om sendelinge, inheemse leiers, sendingverenigings en direksies tot 'n gemeenskaplike gevoel van eenheid vir universele evangelisasie te bring. Edinburgh 1910 word dikwels as die "eerste" Wêreldsendingkonferensie beskou. Dit was inderdaad die eerste internasionale sendingkonferensie, nie soseer oor die getal mense wat dit bygewoon het nie, maar die wye verskeidenheid van belangegroepes wat die byeenkoms bygewoon het (Thomas, 2015:1). Die konferensie was ook die katalisator van baie ander Wêreldsendingkonferensies in die latere twintigste eeu en het in baie opsigte struktuur aan die Protestantse Sending gegee.

3.2.2. Die uniekheid van Edinburgh Konferensie van 1910

Die gees van die konferensie is gedryf deur die wagwoord van die destydse Protestantse Christelike Sendinggemeenskap: "The Evangelization of the World in this Generation." Gevoelens van verpligting en dringendheid het dus baie van die kommissieverslae, besprekings en toesprake by die konferensie gedryf (Thomas, 2015:3). Hierdie konferensie het daarna gestreef om die verskillende sendingagentskappe onder een dak te bring sodat hulle saam die volgende stappe kan beplan om die Evangelie wêreldwyd te verkondig. 'n Baie opmerklieke kenmerk van Edinburgh 1910 was die omvang en organisasie. Die omvang daarvan was dat feitlik alle Protestantse sendinggenootskappe en -organisasies teenwoordig was om

die uitreiking na die “nie-Christelike” (baie Europese sendingorganisasies se verstaan) wêreld te bespreek.

Die organisasie was uitstekend: agt studiekommissies (elk met tien lede van elke kant van die Atlantiese Oseaan) het twee jaar lank gewerk om elkeen ‘n verslag van meer as 200 bladsye te produseer as basis vir die konferensie se besprekings, en hierdie verslae van honderde bladsye het die bydraes weerspieël van feitlik al die sendingvelde van die wêreld. Die besprekings was hoogs gedissiplineerd, en die middelpunt van alle verrigtinge was die biduur elke dag om twaalfuur wanneer alle ander verrigtinge van die konferensie gestop is om te konsentreer op wat die noodsaaklikste was, naamlik die leiding en intervensie van die Heilige Gees (Fiedler, 2010:4).

In teenstelling met voorafgaande internasionale sendingkonferensies wat gefokus het op ‘n demonstrasie van entoesiasme, het Edinburgh beoog om ‘n werkskonferensie te wees met die oog daarop om uitdaging met sendingwerk na die “nie-Christen”¹⁰ wêreld te bestudeer en om moontlike oplossings daarvoor te kry.

Met die opstel van die konstitusie van die konferensie is die volgende besluite geneem rakende die bestek en omvang van die konferensie: die konferensie sou slegs handel oor sendingwerk onder nie-Christelike volke; dit sou slegs die dringende en onmiddellike probleme wat die Kerk in die gesig staar aanspreek; dit sou nie menings uitspreek oor kerklike of leerstellige vrae nie (Grillo & Cameron, 2006:2). Vorige byeenkomste was nie werklik internasionaal nie, maar dit het duidelik geword dat hierdie konferensie anders was. Die konferensie was meer ambisieus as vorige byeenkomste en het gepoog om verteenwoordigers van alle dele van die wêreld; beide Protestantse en Katolieke lande ingesluit, bymekaar te bring. Dit was ‘n groot stap in die rigting van die skep van ‘n werklik internasionale byeenkoms van godsdienstige leiers (Thomas, 2015:2).

Daar kan met baie min twyfel gesê word dat die konferensie ‘n geweldige impak op die gebied van sending gehad het (Rowdon, 1967:1-4). Die belangrikheid van die konferensie kan toegeskryf word aan ‘n paar faktore, onder andere:

¹⁰ Hierdie term word tussen aanhalings geplaas omdat die navorser nie in ooreenstemming is met die konsep wat die wêreldorganisasies gebruik het vir lande buite die westerse geografiese landskap van sy tyd, en die wat nie deur hulle westerse lens as Christene beskou is nie.

- Daar was 'n groot sin van dringendheid. Aan die begin van die 1900's was die bestaande wêreldorde aan die verander. China was besig om te ontwaak en Japan het vir Rusland verslaan gedurende die oorlog van 1905. Die verwickelinge in die Ooste het die Christen-kerk genoodsaak om alle beskikbare bronne te mobiliseer om die doelwit van wêreldewangelisasie te bewerkstellig. Hierdie dringendheid word gereflekteer deur die teenwoordigheid van die aartsbiskop van Canterbury en 'n boodskap aan konferensiegangers deur die monarg van Engeland sowel as groot mediadekking.
- Verteenwoordiging het wyer gestrek as net die Britse sendinggemeenskap deurdat die konferensie bygewoon is deur ander Evangeliese gemeenskappe en sendinggemeenskappe van ander lande. Hogg (1952:135) beskryf dit as 'n reddende element van heterogeniteit. Hierdie diverse deename het baie bygedra tot die legitimiteit van die konferensie.

Die aard en doel het verdere stukrag verleen aan die oorspronklikheid van die konferensie. Daar is vooraf besluit dat die konferensie raadgewend van aard sou wees. Kommissies is twee jaar voor die aanvang van die konferensie aangestel om intensiewe navraag en studie te doen oor agt onderwerpe wat insluit: "Verspreiding van die Evangelie na die nie-Christen wêreld", "Die Evangelie en die Sendingveld", "Onderrig in verband met die Christenisering van Nasionale lewe", "Die Sending boodskap met betrekking tot die nie-Christen Gelowe", "Voorbereiding van Sendelinge", "Tuisbasis vir Sending", "Sending en Regerings", "Samewerking" en "Die bevordering van Eenheid". Die kommissies het twee jaar voor die aanvang van die konferensie met hul werksaamhede begin deur opinies en inligting van sendelinge te versamel. Hierdie werksaamhede is omskep in agt volumes wat gedien het as basis vir besprekings tydens die konferensie (Rowdon, 1967:4) Dit het die aartsbiskop van Canterbury genoop om die konferensie in te lig dat die konferensie byeengeroep is vir "die ernstigste poging wat die Kerk nog aangewend het om die nie-Christelike wêreld bestendig te ondersoek, om die betekenis en sy uitdagings te verstaan!". Die konferensie was ten doel om die behoeftes en oortuigings van nie-Christene te verstaan en om te bepaal hoe om hulle beter te dien in die lig van hul oortuigings en praktyke. Verder het die ondervoorsitter van een van hierdie kommissies, prof. E.C. Moore, aangevoer dat dit 'n deurslaggewende

oomblik in beleidsontwikkeling was, een wat die begin van 'n belangrike dialoog tussen die verskillende belanghebbendes beteken het (Rowdon, 1967:4).

Walls (1987:38) wys daarop dat dit die sendinggenootskappe was wat die wêreld geëwangeliseer het, en dat die Heilige Gees saamgewerk het met diegene wat gewillig en geïnteresseerd was. Deur die rol van die kerke te vergroot het Edinburgh 1910 die weg gebaan vir die integrasie van sending en kerk (Walls, 1987:38).

Terwyl die sendingtaak in 1910 opgeneem is as een waarin die Evangelie van die Christelike wêreld in die Weste na die nie-Christelike wêreld geneem is, het die situasie drasties verander. In die loop van 'n eeu het die geografie van die Christendom met byna 180 grade gedraai en het die Weste nou die nuwe sendingveld geword. Die agente van Christelike sending kom toenemend voor onder die swakkes, die gebrokenes en die weerloses. 'n Nuwe patroon van sendingaktiwiteit is besig om na vore te kom waarin die armes die evangelie bring na die rykes. Die Christelike geloof se geloofwaardigheid lê daarin om 'n bediening van versoening aan te bied. Die innerlike persoonlike ervaring van versoening met God deur Christus moet uitdrukking vind in geestelike praktyke wat ruimte skep vir waarheid, geregtigheid, genesing, en vir nuwe weë (Ross, 2010:12).

Thomas (2015:4) maak die volgende opmerkings wat volgens hom die Edinburgh Konferensie van 1910 uniek maak. Eerstens het die konferensie 'n platform gebied vir die verskillende agentskappe om hul ervarings te deel, idees uit te ruil en 'n verenigde strategie vir ewangelisasie te ontwikkel. Dit het hulle ook toegelaat om tot 'n ooreenkoms te kom oor gemeenskaplike doelwitte en hulpbronne wat nodig was om hul missie te vervul. Tweedens het die organiseerders spesiale aandag gegee om te verseker dat die sewentien nie-westerse afgevaardigdes 'n gelyke stem kry wanneer dit by besluitneming kom en dat hul standpunte in ag geneem word. Hulle het ook verseker dat die afgevaardigdes voldoende verteenwoordiging in die verskillende afdelings van die konferensie kry. Derdens was Edinburgh 1910 'n doelbewuste poging om alle Protestantse kerke bymekaar te bring, ongeag hul verskille, en om die gedeelde oortuigings en waardes tussen hulle almal te erken. Deur die Anglo-Katolieke in te sluit, was dit 'n manier om die gaping tussen die twee kerke te oorbrug en 'n verenigde front te skep. Laastens is daar aangeneem dat die Protestantse sendelinge van Latyns-Amerikaanse nasies reeds 'n sterk Christelike geloof gehad het en is daarom nie genooi nie.

3.2.3. Kritiese refleksie op die Edinburgh Konferensie van 1910

Met die voordeel van terugskouing raak dit duidelik dat die konferensie sekere tekortkominge en beperkings gehad het deurdat dit gegrond was op 'n territoriale idee van Christelike sending. 'n Sleutelonderskeid is getref tussen geëvangelizeerde lande en lande wat nog nie ten volle geëvangelizeerd was nie. Die taak van sending was om die Evangelie van die "Christen-wêreld" oor te dra na die "nie-Christen-wêreld". Daar word ook deur ander bronne verwys na hierdie inslag as "taking the gospel from the west to the rest". Hierdie model van Christen-uitbreiding sou binne 'n halfeeu uitgedien wees. Verder het die konferensie hom nie genoegsaam gedistansieer en afstand verkry van Westerse imperialisme wat teen daardie tyd 'n hoogtepunt bereik het nie (Ross, 2010:7).

Edinburgh 1910 het die verwagting geskep dat daar 'n verdubbeling sal wees van sendingpogings van die nie-Rooms Katolieke kerke van die weste na die res van die wêreld en daardeur die koninkryk van God regoor die wêreld te vestig. Die verslae en toesprake was vol metafore soos "weermag", "kruistog", "oorlogsraad", "verowering", "voorskot" en "optogbevele". Die aggressiewe en konfronterende begrip van Christen-wees behoort nie aangeprys te word in die Christen geloof nie aldus Ross (2010:9). Daar was ook 'n teenstrydigheid jeens die begrip van die "kerk op die sendingveld". Aan die eenkant was die doel van die sendingbeweging die opkoms van selfregerende, selfonderhoudende en selfpropagerende kerke. Aan die anderkant was die sendelinge wat hulle gebied van invloed wou beskerm en in beheer wou bly. Ten einde die wydste moontlike deelname te verkry, was dit aanvanklik 'n goeie besluit om leerstellinge en kerklike kwessies uit te sluit by die konferensie. Dit het egter meegebring dat die bespreking van sending uit 'n teologiese perspektief verhinder is asook die ekklesiologiese debat oor die aard en roeping van die kerk. Hierdie inslag was hoofsaaklik daarop gemik om eenheid onder kerke te bevorder, maar het in later jare tot fragmentasie eerder as integrasie gelei (Ross, 2010:8-11).

Deur bespreking van teologie uit te sluit, het die besluitnemers implisiet 'n bepaalde teologiese siening van sending aanvaar: dat sending 'n verpligting is wat deur Jesus Christus opgelê is. Dit het lede van die Anglo-Katolieke kerk toegelaat om aan die beplanningsproses deel te neem, aangesien dit hulle in staat gestel het om by hul eie teologiese sienings te bly (Stanley, 2009:50-51).

Omdat die konferensie in sy beraadslaging beperk was tot sendingwerk onder nie-Christene het dit geïmpliseer dat om 'n Christen te wees sakramenteel gedefinieer word, en dat die doop genoeg bewys daarvoor was. Dit was problematies omdat Evangeliese kerke, hoewel hulle nie die noodsaaklikheid van die sakramente ontken nie, Christen-wees definieer in die tradisie van die groot herlewings en as persoonlike geloof (Fiedler, 2010:5). Volgens Kim (2010:5) was Edinburgh 1910 sterk Christosentriek waar daar aan God gedink is as Jesus Christus, maar selde as die Heilige Gees of as die Drie-Eenheid.

Die fundamentele oortuiging van die Edinburgh Konferensie dat die goeie nuus van Jesus Christus wortels kan skiet in elke kultuur en vrugte kan produseer is bevestig in die twintigste eeu en is vandag nog steeds 'n werklikheid. Dit kan toegeskryf word aan sade wat gesaai is deur sendelinge op alle vastelande onder leiding van die Heilige Gees. Sommige Evangeliese missioloë sien Edinburgh 1910 as die hoogwatermerk en daarna het agteruitgang gekom. Daar is 'n gevoel dat sendingywer geleidelik vervang word deur sosiale besorgdheid, intergodsdienstige dialoog en politieke betrokkenheid. Ander sien Edinburgh 1910 as die begin en aanvanklike stukrag van die strewe na Christelike eenheid, wat uitloop het op die vorming van die Wêreldraad van Kerke (WRK) in 1948 (Fiedler, 2010:2). Mapala (2015:71) ondersteun hierdie sentiment en noem dat eenheid onder kerke 'n deurslaggewende rol gespeel het om Edinburgh 1910 'n landmerk-oomblik in die Protestantse sendinggeskiedenis te maak. Gedurende Edinburgh 1910 het Christene God se doel vir eenheid in diversiteit gedemonstreer, waar verskillende tradisies en leerstellings nie sigbaar was nie, maar algemene getuie van Christus was. Deur die belangrikheid van ekumene te beklemtoon en die krag van eenheid onder Christene te demonstreer, het Edinburgh 1910 'n nuwe era van Protestantse sendinggeskiedenis gesmee en 'n blywende impak gemaak.

3.2.4. Uitkomst en betekenis van Edinburgh Konferensie

Edinburgh 1910 het daarin geslaag om 'n groter verskeidenheid van Protestantse Christene bymekaar te bring as wat ooit tevore saamgewerk het. Dit het ook die moontlikheid aangedui om die skeiding tussen Protestantse Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk aan te spreek. Ten spyte van sy selfopgelegde beperkings, veral met betrekking tot leerstellige en kerklike vrae, het die konferensie nietemin 'n visie van

die eenheid van die kerk in die vooruitsig gestel en die weg gebaan vir toekomstige samewerking. Die konferensie het die dringende gevoel geskep dat sending slegs deur aksie sy regte uitdrukking kon vind. Hierdie stelling word onderskryf deur die bekende woorde van die konferensie se voorsitter, dr. J.R. Mott: "The end of the Conference is the beginning of the conquest. The end of the planning is the beginning of the doing" (World Missionary Conference, 1910:345).

In die lig van een van die kommissieverslae was die gevolgtrekking dat die kerk op die sendingveld nie meer bloot as 'n neweproduk van sendingaktiwiteit beskou word nie, maar eerder as "die mees effektiewe element in Christelike propaganda". Die verslag, alhoewel nie in teologiese terme nie, het die beginsel wat in die tussenoorlogse tydperk 'n aanname vir die Protestantse sendingteorie geword het, uiteengesit, naamlik dat die kerk nie bloot 'n sendinginstelling was nie, maar ook sy instrument. Hierdie beginsel het aangevoer dat die kerk daarvoor verantwoordelik was om nie net mense na Christus toe te bring nie, maar ook om hulle te leer hoe om in ooreenstemming met sy leerstellings te lewe. Daar is geglo dat dit slegs bereik kan word deur die aktiewe betrokkenheid van die kerk by die lewens van mense in sendingvelde (Stanley, 2009:139).

Ross (2010:1) verwys na die woorde van Andrew Walls om die belangrikheid van Edinburgh 1910 te beklemtoon:

Die Wêreldsendingkonferensie Edinburgh 1910 het 'n legende geword in die Christen-wêreld, veral op die gebied van sending. Dit was 'n landmerk in die geskiedenis van sending; die beginpunt van die moderne teologie van sending; die hoogtepunt van die Westerse sendingbeweging en die punt waarvandaan dit gedaal het; die wegspringplek van die moderne ekumeniese beweging; die tydstip waarop Christene 'n wêreldkerk in vooruitsig begin stel het.

Tydens Edinburgh het Christene meer verenig geraak. Verskeie nasies, rasse en skakerings van godsdienstige oortuigings het verteenwoordiging geniet in die wêreldwye Christendom. Hierdie unieke samekoms van gelowiges van regoor die wêreld het 'n gees van Christelike eenheid gedemonstreer wat nog nie voorheen ervaar is nie (Thomas, 2015:5). Edinburgh 1910 weerspieël die verandering van sending na kerk wat ons nou losweg hooflyn-denominasies noem; daarom is dit heel

gepas om die konferensie te sien as die geboorteplek van die Ekumeniese Beweging, die Wêreldraad van Kerke (WCC), wat gekenmerk word deur die samewerking van kerke. Nog 'n beduidende impak van die Wêreldsendingkonferensie was die stigting van die Internasionale Sendingraad in 1921 en die Faith and Order Movement. Hierdie twee bewegings het uiteindelik gelei tot die vorming van die Wêreldraad van Kerke. Dit was die logiese gevolg van die ontwikkelings wat weerspieël is in Edinburgh 1910 wat in 1961 in New Delhi daartoe gelei het dat die Internasionale Raad van Sending sy bestaan beëindig en 'n departement van die Wêreldraad van Kerke geword het (Fiedler, 2010:13).

Botha (2005:4-5) argumenteer dat die Edinburg Konferensie 'n groot keerpunt in die geskiedenis van Christelike sending was, aangesien dit die behoefte aan 'n meer verenigde, samewerkende benadering tot globale sending erken het. Die konferensie het ook die toon aangegee vir 'n nuwe era van sendingwerk, met die klem op samewerking en wedersydse ondersteuning. Botha (2005:4-5) gaan verder en noem dat die beraadslagings by Edinburgh 'n onderskeid getref het tussen die "meer agtergeblewe rasse van die mensdom" en die "meer gevorderde rasse". Daar is geglo dat God Amerika en Europa gekies het om die wêreld in vooruitgang en ontwikkeling te lei, en dat hulle voortreflike krag, geloof en karaktersterkte gewes van Hom was. Dit is gesien as bewys van sy goddelike wil. Bosch (2011:202) beskryf op sy beurt die konferensie as nuuskierige mengsel van post- en premillennialisme, sosiale evangelieverkondigers en sielredders, hoofsendingagentskappe en evangeliese sendelinge gekombineerd.

Edinburgh het die hoogtepunt van Westerse sending-entoesiasme verteenwoordig, die hoogtepunt van 'n pragmatiese en optimistiese benadering tot sending. Volgens van 't Hof (1972:34) het toekomsgerigte eerder as eskatologiese gevoelens by Edinburgh geheers. In tradisionele denke is die toekoms beskou as 'n verlengstuk van die hede en kon dit deur menslike ingryping ingelei word. Hierdie benadering tot die toekoms het gefokus op die krag van menslike agentskap in die vorming van die toekoms, eerder as op goddelike ingryping. Dit was 'n progressiewe manier van dink, een wat mense se potensiaal om hul eie lot te vorm beklemtoon het. Bosch (2011:317) haal Gunther (1970) aan wat van mening was dat Edinburgh 'n gebrek aan missionêre entoesiasme in die kerke van die Weste gesien het en dat die verhouding tussen kerk en sending selde aangespreek is. Günther (2000: 521) noem

in een van sy latere werke dat die Edinburgh Konferensie Christene aangespoor het om "hulle verantwoordelikeheidsin teenoor die Almagtige God te verdiep vir die groot vertrouwe wat Hy ons gegee het om sy sending van evangelisasie uit te voer".

‘n Sleutelkenmerk van die Edinburgh Wêreldsendingkonferensie, wat algemeen beskou word as die geboorteplek van die moderne ekumeniese beweging, het te make gehad met ‘n ywer vir evangelisasie, alhoewel dit in ‘n groot mate in Westerse koloniale terme verstaan word. Daar is aangevoer dat die konferensie ‘n belangrike keerpunt in ekumeniese beweging was. Histories het dit gedien as ‘n simbool van die begin van die moderne ekumeniese beweging, sowel as die vermyding van leerstellige en strukturele kwessies wat potensieel verdelend en omstrede was. Een van die belangrikste bekommernisse van die konferensie was die gebrek aan sendingywer in die Weste. In die teologie van sending het die veroweringsmentaliteit van die koloniale era die ontwikkeling daarvan gevorm (Geevarghese, 2010:7-8).

3.3. PARADIGMASKUIF IN WÊRELDSENDINGDISKOERS

Alhoewel Edinburgh 1910 nog geskoei was op die konserwatiewe begrip van sending vanaf die weste (Christen) na die res (nie-Christen) van die wêreld was daar ‘n geleidelike paradigmaskuif wat ‘n hoogtepunt bereik het tydens die Willingen Konferensie van 1952 waar die term *missio Dei* amptelik beslag gekry het. Die ontwikkeling en ontstaan van die term *missio Dei* is ‘n kulminasie van gebeure wat strek oor die verloop van sowat 25 jaar.

3.3.1. Die aanloop tot die Willingen Wêreldsendingkonferensie van 1952

Die omvang van die begrip *missio Dei* het oor die verloop van ‘n paar konferensies duideliker begin word. Die navorser reflekteer op ‘n paar van hierdie sendingkonferensies wat uiteindelik gelei het tot Karl Hartenstein se definisie van *missio Dei* tydens die Willingen Wêreldsendingkonferensie in 1952. Vanaf die Edinburgh Konferensie tot die Willingen Konferensie in 1952 was daar ‘n reeks ander wêreldsendingkonferensies wat elkeen ‘n unieke bydrae sou lewer tot die teologie van sending en gevolglik ook die ontwikkeling van die term *missio Dei*.

3.3.1.1. Wêreldsendingkonferensie 1920: Cran, Switserland

Voor die stigting van die Internasionale Sendingraad in 1921 was daar ‘n tussentydse internasionale sendingkonferensie te Cran in Switserland in Junie 1920

(Thomas, 2015:7). Lede by Cran het probeer om die misverstand wat veroorsaak is deur die Eerste Wêreldoorlog uit te sorteer. Hulle het ook eenparig saamgestem en aanbeveel dat Nasionale Christenrade 'n internasionale sendingkomitee moet vorm en dit finansiëel ondersteun. Die sukses van hierdie onderneming was duidelik in die stigting van die Internasionale Sendingraad.

3.3.1.2. Die Internasionale Sendingraad: 1921

Die heersende model van sending ten tye van hierdie byeenkoms was gebaseer op die idee dat Westerse lande die beste kennis en kundigheid gehad het om met die res van die wêreld te deel, en dat enige ander weergawes van kennis of benaderings minderwaardig was. Gevolglik was baie van die inisiatiewe wat in die ontwikkelende wêreld geïmplementeer is op hierdie verouderde wêreldbeskouing gebaseer, aldus Jukko (2022:13).

Thomas (2015:7) som die funksies van die Internasionale Sendingraad soos volg op:

- Die Internasionale Sendingraad kan deur oop dialoog en bespreking die begrip van die verskillende aspekte van sendingwerk verhoog. Dit sou op sy beurt ook help om probleme en areas van verbetering te identifiseer en innoverende oplossings te skep om dit aan te spreek.
- Koördinerende deur die Internasionale Sendingraad sal behels die skep van 'n verenigde strategie en plan wat deur elke organisasie en samelewing geïmplementeer kan word, met inagneming van hul onderskeie plaaslike kulture en kontekste. Dit kan die skep van 'n gemeenskaplike stel standaarde en riglyne behels, asook die verskaffing van hulpbronne en ondersteuning om te verseker dat elke organisasie en samelewing die strategie effektief kan uitvoer. Dit kan gedoen word deur 'n aantal inisiatiewe, soos die bevordering van bewustheid van globale menseregtekwesties en die pleit vir gedeelde godsdienstwaardes wat die belangrikheid van menswaardigheid en respek vir alle mense beklemtoon.
- Die Internasionale Sendingraad moes Christelike organisasies help om dialoog tussen verskillende gelowe en kulture te bevorder en saam te werk om globale kwessies aan te spreek.

3.3.1.3. Wêreldsendingkonferensie 1928: Jerusalem

Gedurende Paasfees 1928 is 'n internasionale sendingkonferensie op die Olyfberg in Jerusalem gehou. Dit was die eerste internasionale sendingkonferensie sedert die stigting van die Internasionale Sendingraad in 1921. Die doel van die konferensie was om die afgevaardigdes van regoor die wêreld bymekaar te bring om die stand van sendingwerk te bespreek en om te beplan vir toekomstige sendingpogings. Dit was 'n geskiedkundige oomblik in die geskiedenis van die wêreldwye Christendom en was die begin van 'n hernieude klem op sendingwerk (Thomas, 2015:7).

Thomas (2015:8) argumenteer dat daar tydens die 1928-konferensie van die International Missionary Council (IMC) gepoog is om die begrip van Christologie duidelik te formuleer teenoor heidense gelowe en sekularisme in die heidendom sowel as sekularisme binne die Christendom. Die onderwerpe wat bespreek was, is as belangrik beskou vir die internasionale Christelike gemeenskap omdat daar probeer is om kwessies van armoede, ongelykheid en sosiale geregtigheid aan te spreek. Daarbenewens was daar 'n doelbewuste poging om begrip en samewerking tussen verskillende kulture en gelowe te bevorder om sodoende vrede en wedersydse respek te bewerkstellig, aldus Thomas (2015:8). Daar was kritiek teenoor hierdie inslag, veral vanaf Europese afgevaardigdes. Hierdie vrees was gebaseer op die oortuiging dat die sosiale evangelie 'n afgewaterde vorm van Christenskap was wat kan lei tot 'n samesmelting van verskillende godsdienstige oortuigings in een, wat die eiesoortigheid van elkeen in die gedrang bring (Thomas, 2015:8).

Bosch (1980:163) noem dat die teologie van sending tydens die Jerusalem Konferensie geskoei was op die sentraliteit van die kruis en die holistiese begrip van sending. Hy argumenteer dat die kruis in Edinburgh gesien is as simbool van verowering (in Konstantynse terme) terwyl dit in Jerusalem 'n simbool geword het van opoffering, diensbaarheid en verantwoordelikheid. Deur te glo dat sending die Koninkryk dien, was Jerusalem besorg oor die Evangelie se sosiale dimensie. Bosch (1980:164) reken dat die Jerusalem Konferensie in terme van sosiale vernuwing nie die algehele strukture in die samelewing gekritiseer het nie, maar gefokus het op die verbetering van mikrostrukture. Die konsep van "Omvattende Benadering" is in Jerusalem geskep en het 'n beduidende vooruitgang vanaf vorige definisies van sending gemerk, aldus Bosch (2011:431). Deur hierdie benadering te gebruik, is

sending se doel en verwagte uitkomst duideliker omskryf, wat 'n groter begrip van hoe om die verlangde doelwitte te bereik, moontlik gemaak het.

Volgens Geevarghese (2010:8) het die wêreldkonferensie in Jerusalem in voeling gebly met God se sending deur te konsentreer op Jesus Christus as die bringer van die boodskap en deur meedoënlose selfkritiek. Enige poging om die missionêre saak vir bydoelings te gebruik is verwerp omdat daar geen begeerte was om die Evangelie met vaste kerklike vorme te verbind nie. In stede hiervan het die ware en dwingende motief gelê in die aard van God, aldus Geevarghese (2010:8). By nadere ondersoek kan hierdie inslag gesien word as 'n kompromie tussen twee verskillende denkrigtings wat gedreig het om die konferensie uitmekaar te skeur. Die Anglo-Saksiese sendingwêreld is minder geskud deur die wêreldoorlog, en die intellektuele benadering van die sosiale evangelie is wyd daar aangeneem. Verder was daar geen werklike konsensus oor die verhouding tussen die evangeliebodskap en ander godsdienste asook die teologiese interpretasie van Christelike sosiale en politieke betrokkenheid nie (Geevarghese, 2010:8).

3.3.1.4. Brandenburg Sendingkonferensie: 1932

'n Groot deel van die 20ste-eeuse missiologiese vernuwing bekend as *missio Dei* het in 1952 by Willingen gewild geword deur Karl Hartenstein se pogings, maar die konsep is 20 jaar vroeër deur Karl Barth by die Brandenburg Konferensie uitgedink. Barth se idee van God se sending van selfopenbaring en van die kerk se sending as die draer van daardie openbaring was fundamenteel tot Hartenstein se eie missiologiese vorming. Daar kan dus tereg gesê word dat die ontwikkeling van die term *missio Dei* momentum gekry het met die voorlegging van Karl Barth se dokument tydens die Brandenburg Sendingkonferensie van 1932. Hierin beskryf Karl Barth dat sending 'n aktiwiteit van God self is (Bosch, 2011:133).

Volgens Barth (1932:1) beteken sending dat die kerk geroep is om gehoorsaam te wees aan Jesus Christus se leringe en daarna te streef om in ooreenstemming met sy wil te lewe. Die kerk se optrede is dus 'n poging om in harmonie te leef met die boodskap van Jesus Christus as die Skepper, Versoener en Verlosser van die mensdom. Die kerk se missie is om God se selfopenbaring in Jesus Christus te versprei na diegene wat nog nie sy stem gehoor het of Hom leerken het nie. Hierdie sending word uitgevoer deur die ambassadeursdiens van die kerk, wat ook gerig is

op diegene wat nog nie lidmate van die kerk is nie, en deur die teken van die doop wat die Here se wil vir alle mense bevestig. Die kerk is 'n instelling wat deur God geskep is, en dit is God wat mense in die kerk inbring en aan hulle doel en missie gee (Barth, 1932:1). Dit is nie die kerk self wat die bron van lewe en transformasie is nie, maar eerder God wat die bron van lewe en transformasie is. Terwyl die term *missio Dei* nog nie geskep was nie, het hierdie oproep in wese die konsep van *missio Ecclesiae* oorgedra van die kerkgedrewe sending na die sending wat deur God gedryf word.

Barth (1932:9) het aangevoer dat sendingteologie gewortel is in die karakter van God en die aard van die Drie-eenheid, en dus nie afhanklik is van enige spesifieke menslike optrede nie. Hy het aangevoer dat God se sending uiteindelik deur God se eie selfopenbaring gedryf word en dat dit nie gekeer kan word nie, al is die kerk ontrou. Dit verskaf 'n gevoel van sekerheid en hoop vir mense wat aan sending deelneem, met die wete dat God se sending sal voortduur ten spyte van die kerk se tekortkominge.

3.3.1.5. Wêreldsendingkonferensie 1938: Tambaram

Die derde IMC-konferensie is in 1938 naby Madras in Tambaram gehou. Aangesien vrede toenemend deur fascistiese regimes (Duitsland, Italië, Portugal, Spanje, Japan) bedreig is, was die bespreking van die belangrikheid en sentraliteit van sending in die kerk (veral die plaaslike kerk) besonder relevant (Thomas, 2015:7).

Die belangrikste aspek van Christus se rol volgens Tambaram is dat hy 'n profeet was, terwyl Edinburgh en Jerusalem Christus se rol as 'n koning en priester as die belangrikste beskou, aldus Botha (2005:10). Benewens Christus se profetiese amp, was die klem op getuieniswerk. Volgens Botha (2005:12) moet daar gelet word dat Tambaram getuienis nie noodwendig slegs as mondelinge verkondiging beskou het nie, maar eerder as die manier om die Evangelie aan die wêreld voor te stel.

Tambaram (1938), het die Kerk verstaan as "die goddelike samelewing wat deur Christus en Sy apostels gestig is om die wil van God in die wêreld te vervul". By Tambaram is die klem geplaas op die getuigende kerk wat na die Koninkryk van God gewys het. Die konferensie te Tambaram (Tambaram, 1938a:130) het geargumenteer dat die profetiese idee van God se heerskappy rassisme, kulturele chauvinisme en seksisme uitsluit. Volgens verklarings sou onderdrukkende magte

soos rassisme, kulturele chauvinisme en seksisme nie by die heerskappy van God ingesluit word nie omdat dit onregverdig is en nie betekenisvolle vooruitgang of vrede moontlik maak nie. Die Duitse afvaardiging het die belangrikheid om die missie van die kerk te verstaan beklemtoon as een van die totstandkoming van die Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde. Hulle het aangevoer dat deur voortdurend na daardie doel te kyk, die kerk gefokus kan bly op sy missie en vermy om te verskans in die sekulêre wêreld te raak (Bosch, 2011:333).

Küster (2010:40) argumenteer dat daar tydens Tambaram 'n paradigmaskuif was wat sending toegelaat het om weg te beweeg van 'n bekering-gefokusde benadering na 'n meer holistiese begrip van sending wat nie net geestelike behoeftes aangespreek het nie, maar ook fisiese, geestelike en sosiale behoeftes. Dit het toegelaat dat sending gesien word as 'n holistiese strewe wat gedien het om transformasie op alle terreine van die lewe teweeg te bring.

Günther (2000: 526-528) beskryf die tema van die Tambaram Konferensie as: "Die opbou van die jonger kerke as deel van die historiese universele Christelike gemeenskap". Hierdie tema het gebaat by die gewildheid van die kerkgesentreerde opvatting van sending. Inheemse uitdrukkings van die Christelike godsdiens het begin vorm aanneem as gevolg van Afrika-, Chinese, Japannese en ander inheemse groeperinge teenwoordig op die konferensie. Hierdie kerke sou met nuwe tale van dieselfde Evangelie getuig, wat hul kulturele en godsdienstige erfenis weerspieël. Die afgevaardigdes het die universele "broederskap" van die kerk ervaar by die eerste werklik wêreldwye (ekumeniese) vergadering van die Christendom in sy byna 2 000 jaar van geskiedenis, en was aangeraak om te sien hoe deelnemers uit Japan en China saam nagmaal neem. Die Duitse konferensieverslag was getiteld, *Das Wunder der Kirche unter den Völkern der Erde*, en dit beskryf hoe die kerk selfs nou sy roeping vervul om in homself 'n voorsmakie te wees van die verlore familie van God (*The miracle of the Church among the nations of the world*). Die konferensie is sterk beïnvloed deur die debat oor die (relatiewe) waarde van godsdienste.

By Tambaram is die fokus op die verhouding tussen kerk en sending hernu en die geldigheid van die Christelike evangelie in teenstelling met ander godsdienste bevestig. Die algemene oortuiging dat die Christendom en die Westerse beskawing integraal met mekaar verband hou, het die Jerusalem en Tambaram Konferensies oorleef en het ook sy invloed op missionêre denke uitgeoefen. Die sentraliteit van die

kerk is weereens beklemtoon by Tambaram. Noord-Amerika en Europa is ook as sendingvelde beskou, wat 'n afwyking was van die koloniale begrip van "sending van die Weste na die Suide" (Geevarghese, 2010:9).

3.3.1.6. Wêreldsendingkonferensie 1947: Whitby, Kanada

Die Whitby Konferensie was 'n poging om al die verskillende nasies bymekaar te bring om 'n vreedsame, na-oorlogse wêreld te herbou. Aangesien die letsels van oorlog ten tyde van die Whitby Konferensie nog duidelik sigbaar was, merk Bosch (2011:379) op dat dit in 'n "atmosfeer van verleentheid plaasgevind het." Günther (2000:528) noem dat dit die eerste verteenwoordigende internasionale kerkvergadering nà die Tweede Wêreldoorlog was. Die onmiddellike bekommernis was om bestek te neem van die vernietiging wat deur die oorlog veroorsaak is, maar die ervaring van 'n verenigde, wêreldwye gemeenskap van broers en susters in Christus het hierdie konferensie 'n "Pinkster"-ervaring gemaak. Whitby het ook rigting gegee aan die skenker-ontvanger-mentaliteit alhoewel dit vandag nog steeds op verskeie maniere manifesteer.

Die hooffokus was om die behoefte van samewerking tussen lande aan te spreek ten einde 'n meer billike en regverdigde wêreld te skep. Die slagspreuk, "vennootskap in gehoorsaamheid," was 'n oproep tot aksie vir lande om saam te kom, saam te werk en saam te staan om 'n beter toekoms te skep (Thomas, 2015:7). Tydens Whitby se konferensie is die konsep van sending uitgebrei om meer as net evangelisasie in te sluit, insluitend *kerygma* en *koinonia*, en later het Hoekendijk, 'n Nederlandse missioloog, 'n derde komponent, *diakonia*, bygevoeg (Bosch 2011:431).

Om die kerk en sy missie te bespreek, is die volgende gesê: "Eerstens was daar 'n herontdekking van die plaaslike kerk, en die jonger kerke is as gelykes met die oueres gesien." Tweedens is die treffende konsep van "vennootskap in gehoorsaamheid" geskep in nadenke oor die samewerking in sending tussen ouer en jonger kerke (Jukko, 2022:226). Die gebeure vanaf 1928 het die gronslag gelê vir die Willingen (Duitsland) Konferensie van 1952 (Bosch, 2011:333). Whitby se klem op 'n wêreldwye kerk het sending en kerkeenheid onlosmaaklik gemaak (Küster, 2010:40). Alhoewel die Whitby-vergadering se frase "vennote in gehoorsaamheid" wyd gebruik is, was daar groot gebreke in die uitvoering daarvan, beide in

sendingraadbeleid en administrasie, sowel as in jonger kerke se verantwoordelike optrede (Goodall, 1952:135-136).

3.3.2. “*missio Dei*”: Willingen Wêreldsendingkonferensie van 1952

Die Willingen Konferensie van die IMC se tema was “The Missionary Obligation of the Church”. Dit is bygewoon deur 200 deelnemers uit 42 lande. Die konferensie se hoof doelwit was om ‘n Bybelse grondslag vir sending te bespreek en te formuleer. Die samekoms was dit eens dat sendingverpligting nie begin met teologie nie, maar met die Evangelie (Goodall, 1953:10). In soeke na ‘n teologiese grondslag vir sending het tussentydse verslae sending beskryf as ‘n versoenende optrede deur God en dat sending “deel is van God se natuur” (Van’t Hof, 1972:157). Die Bybelse verwysingpunt vir hierdie benadering was 2 Petrus 1:4:

Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur (Afrikaans 1983-Vertaling).

Volgens Van’t Hof (1972:158) dui hierdie teksgedeelte op persoonlike en fisiese deelname.

Die Willingen Konferensie is gesien as ‘n bestekopname, ‘n goeie tyd vir gesamentlike refleksie en bespreking rondom teologiese navraag en beleidsreformulasie (Goodall, 1953:13). Tydens die konferensie is die volgende standpunte rakende sending gehuldig:

- Die inisiatief van sending het sy oorsprong in God en dit is definitief nie ‘n uitvloeisel van enige menslike poging nie.
- Die mens bring eer aan die sturende God deur hom of haar te verbind tot God se sending.
- Daar kan slegs na sending verwys word as dit in die hande van ‘n lewende God is. Ons sending het geen lewe van sy eie nie en regte sending kan slegs beleef word deur ‘n persoonlike verhouding met God.
- Die verpligting en motivering van sending is ‘n uitvloeisel van ons reaksie toe ons God ontmoet het in geloof. Dit is in antwoord op God se openbaring deur Christus en ons verhouding met die sturende God. Ons verantwoordbaarheid

teenoor sending kan dus nie gesien word in die vorm van deelname nie, maar eerder 'n spontane reaksie op ons geloof in God en ons antwoord op Sy uitnodiging.

- God is in wese 'n God van sending en die sturende God gaan die gestuurde kerk vooruit (Van't Hof, 1972:158-159).

Die Willingen Konferensie van 1952 het afgesluit met die belydenis teenoor die drie-enige God en dat Hy die bron moet wees waarop sending aangewese is.

As gevolg van die Willingen Wêreldsendingkonferensie is daar baie vordering gemaak om hierdie krisis te oorkom deur te erken dat sending hoofsaaklik op God se inisiatief berus, en dat sending uiteindelik die optrede van die drie-enige God is. Ten spyte van die organisasie van 'n studieprojek oor teologie van sending, kon Willingen nie konsensus hieroor bereik nie (Geevarghese, 2010:9). As deel van die konferensie-"bagasie" by Willingen, het drie denkrigtings bymekaargekom en sou voortgaan om latere interpretasies van die konsep van *missio Dei* te beïnvloed. Volgens Richebacher (2009:591-592) het Hoekendijk 'n denkrigting voorgestaan waarin God se sending op meer as een manier uitgedruk kan word. Deur die 1960's was Hoekendijk en sy kollegas geneig om byna uitsluitlik op sending as beweging binne die Drie-Eenheid te fokus. Richebacher (2009:592) noem dat hierdie denkrigting deur die Duitse afvaardiging in Willingen teëgestaan is, omdat hulle met histories geïnspireerde openbarings van God op rampspoed te staan gekom het. Georg Vicedom het aangevoer dat *missio Dei* 'n deurslaggewende hermeneutiese kategorie is, hoewel sy refereer nie polarisasie tussen *missio Dei* en *missio Ecclesiae* onder diegene wat volgens Hoekendijk dink, verhoed het nie. Hoekendijk se interpretasie van die *missio Dei* as die historiese werk van God in die wêreld het krag gekry as gevolg van die sterk Noord-Amerikaanse afvaardiging by Willingen (Richebacher, 2009:591-592).

Volgens Günther (2000:529) is daar gepoog om die verskillende grondslae van sending saam te trek, maar hulle deel almal een belangrike element: sending het uiteindelik hul oorsprong in God self. Kerke is eenvoudig deelnemers aan God se sending. Dit is die Gees van Jesus, wat deur God uitgestuur is, wat ons deelgenote gemaak het in sy verlossingsending na die wêreld, wat die bron van ons sendingwerk is.

Günther (2000:530) meld dat daar geen melding gemaak is van die *missio Dei* regdeur die konferensie nie. Hartenstein skryf reeds dat die *missio Ecclesiae* uit die *missio Dei* alleen afkomstig is, en daarom is hierdie sending binne die wydste moontlike historiese raamwerk van verlossing geplaas. Gevolglik is *missio Dei* later as 'n triomfistiese frase gekritiseer. Volgens Bassham (1978:332-333) het Karl Hartenstein die term *missio Dei* geskep, wat beteken "deelname aan die stuur van die Seun", maar die betekenis van hierdie frase was oop vir verskillende interpretasies. Die hoofstandpunt het God se sending hoofsaaklik met sy evangelisasieaksie deur die kerk verbind. Die frase *missio Dei* het in die 1960's die fokuspunt van ekumeniese sendingteologie geword, en die teologiese probleem wat by hierdie bespreking betrokke is, is erken as een van die onopgeloste vrae. Die Willingen Konferensie het die wêreld geïdentifiseer as die arena vir sending, en beklemtoon die noodsaaklikheid vir die kerk om met die mensdom te identifiseer. Die eskatologiese aard van sending het 'n plek gevind in verskeie verklarings wat by Willingen onderskryf is. Die betekenis van die verhouding tussen eskatologie en sending het 'n punt van skerp uiteenlopende menings gebly, veral met betrekking tot die tema: "U Koninkryk kom", aldus Bassham (1978:332-333). Volgens Günther (2000: 521) is 'n kenmerk van alle sendingkonferensies die deelnemers se vertroue dat God hulle geroep het om by sendingwerk betrokke te raak. 'n Verklaring is gemaak by die Willingen Konferensie in 1952 wat beweer dat sending altyd God se saak is, en dat ons aan God se sending deelneem. As 'n groep het al die vroeëre konferensies geglo dat hulle uiteindelik met die taak van sending deur God toevertrou is.

3.3.2.1. Sentraliteit van die kruis

Sending word deur Van't Hof (1972:160) beskryf as 'n deelname aan God se solidariteit met die wêreld. Deur hierdie "vertikale solidariteit" word die geïnkarneerde Jesus aan die wêreld verkondig. Die kruis staan sentraal in hierdie verkondiging. Omdat Jesus se kruis sentraal staan in die geskiedenis moet ons die geskiedenis ernstig opneem en aanvaar. Van't Hof (1972:161) noem dat dit selfopofferende liefde is wat Jesus Christus aan die kruis laat sterf het en kan ons daarom nooit 'n punt van selfvoldaanheid bereik in sending nie. Voorts noem Van't Hof dat die kruis as 'n analogie van nederigheid en gehoorsaamheid dien en daarom moet sending met dieselfde ingesteldheid benader word. Deur sending met nederigheid te benader

vereenselwig ons onself met die Seun van God. Hierdie nederige ingestelheid kom oor met krag en beslistheid deurdat ons Christus verkondig as “*De Gekruisigde is de Oorwinnaar*”. Ons nederige benadering teenoor sending kom dus nie met kragteloosheid en karakterloosheid nie. Die boodskap van Jesus se opstanding, hemelvaart en wederkoms moet saam met die verkondiging van die kruis bekend gemaak word (Van’t Hof, 1972:161). Amstrong (2016:236) haal die Cape Town Commitment (CTC) aan wat noem dat die kruis se reddende oorwinning en God se sending die kern is van die kerk se gestuurdheid, wat die hele wêreld insluit.

3.3.2.2. God se solidariteit met die wêreld

Die Willingen Konferensie het gevolg ná die hartseer gebeure en die aansienlike dodetal tydens die Tweede Wêreldoorlog. Daarom was daar ‘n sterk fokus op die mensdom en haar voortbestaan (Van’t Hof, 1972:162). Die konferensie het in diepte gekyk na “God se deernis teenoor die mens”. Soos vroeër genoem het die Willingen Konferensie sending gesien as “God se solidariteit” met die wêreld. Indien die kerk wil deelneem aan hierdie sturende God se werk moet sy haarself dus verbind tot God se solidariteit met die wêreld. Die kerk kan nie ontvlug uit die wêreld nie en moet in broederskap saam met God betrokke wees in die verlossing van die wêreld (Van’t Hof, 1972:162). Van’t Hof beskryf dat die term solidariteit militant van aard is en dat ons daarom gesamentlik moet stry teen “vyandige geestelike magte”, “valse hoop”, “apatie”, “onverskilligheid en wanhoop”.

Die kerk is nie ‘n groep mense wat deur hul solidariteit met mekaar moet probeer ontsnap van die wêreld nie, maar is ‘n gemeenskap waardeur God en mens gesamentlik aktief besig is om hulle te beywer vir die verlossing van die wêreld (Goodall, 1953:26). Elke Christen is in wese ‘n sendeling en die getuienis van Christus is elkeen se verantwoordelikheid wat nie geabdikeer kan word nie (Van’t Hof, 1972:164). Die Willingen Konferensie het hierdie verantwoordelikheid uitgebrei met die stelling dat die kerk in al haar fasette sending gerig moet wees en dat sending nie ‘n toevoegsel moet wees tot kerklewe nie. Die kerk moet sterk na buite gerig wees, uitreik na die wêreld en vry wees van haarself. Die konferensie het konsensus bereik dat sending nie net ‘n verpligting is nie, maar “onvermydelik” is.

Die sending van die kerk is om die evangelie van Jesus Christus aan alle mense te versprei, en om hulle in ‘n verhouding met Hom te bring. Dit is ook om die Koninkryk

van God aarde toe te bring, en die heerskappy van Christus te sien gevestig in elke aspek van die lewe, sodat die hele skepping vir Hom verlos is (Hartenstein, 1952:62).

3.3.2.3. Sending is holisties

Voor die Willingen-konferensie is die kerk voorgehou as een op 'n pelgrimstog. Soos in die geval van Abraham vra God die kerk om die "tent" af te breek en voort te beweeg (Van't Hof, 1972:167). Hierdie analogie stel die kerk voor as 'n dinamiese, soekende groep mense wat die getuienis van God op 'n tasbare manier uitdra. Dit vra van die kerk om nie te stagneer nie en gedurigdeur na nuwe maniere te kyk in haar deelname aan die *missio Dei*.

Volgens Goodall (1953:26) hou ons vereenselwiging met God se missie implikasies in vir die gestuurde kerk. Eerstens aanvaar ons die geskiedenis as iets wat ons verbind aan die verlede. Hierdeur word ons bewus dat God nog nooit verander het nie en aanvaar ons die Bybel as sleutel tot die verstaan van God se openbaring. Tweedens aanvaar ons die huidige tydperk waarin ons onself bevind en erken ons dat dit deel is van God se heerskappy. Derdens aanvaar ons verantwoordelikheid vir die verlede. Indien ons glo dat die verlede in God se hande is moet ons nooit twyfel in die waarde van ons pogings nie. Geen demoniese magte, owerstes van die duisternis of die sondige toestand van hierdie wêreld kan God se plan ontspoor nie. Vierdens aanvaar ons betrokkenheid in hierdie wêreld deur die Gees van die geïnkarneerde en gekruisigde Christus. Die feit dat Jesus 'n vloek kom word het in die vorm van 'n kruisdood dwing feitlik die kerk tot betrokkenheid in hierdie wêreld en sondige mensdom (Goodall, 1953:26).

Die kerk moet elke sfeer van die mens se bestaan infiltreer deur die evangelie met die gedemonstreerde waarheid dat God die mens van elke area in sy lewe wil verlos (Goodall, 1953:26). Die kruis is die gebeurtenis waardeur God duidelik demonstreer dat Hy Hom identifiseer met die rebelse en goddelose wêreld. Deur die kruis word Christus blootgestel aan die owerstes van duisternis en die goddeloosheid van sondaars (Goodall, 1953:51). Deur die kruis ontmoet God die mens te midde van die tragiese realiteite van die lewe. Die kruis verteenwoordig ook 'n oordeel oor die mens se selfgenoegsaamheid waarmee ons ons pligte en take vermy. Uiteindelik verteenwoordig die kruis ook versoening tussen God en die mens (Goodall,

1953:52). Die kruis bepaal grootliks die vorm, lewe en missie van die kerk. Die kerk onder die kruis neem 'n dienskneg gestalte aan van Jesus wat hoof daarvan is deur ten alle tye simpatiek te staan teenoor die armes, ellendiges en siekes (Goodall, 1953:53).

Soos in die geval van Jesus word die kerk geroep om buite haar eie grense te kyk en randfigure te omarm. Die kerk se rede vir bestaan is vir die wêreld, in die wêreld maar nie soos die wêreld nie (Goodall, 1953:62). Die kerk se missie is gegrond in Christus se groot opdrag, daarom het die kerk geen lewe as sy nie God se verlossingsplan aan die wêreld verkondig nie (Goodall, 1953:95).

Die skrywer Goodall (1953:126) verwys na Debeluis wat stel dat dit die grootste ding op aarde is vir die mens, 'n sondige mens, om die geleentheid te hê om aan die sy van die ewige en heilige God te staan en vir hulself te sê: ons is medewerkers van die Vader. Hierdie merkwaardige stelling druk 'n kragtige konsep uit - dat ons, selfs in ons onvolmaakte toestand, steeds in God se werk kan deel. Soos beskryf deur Goodall (1953:127), het Charles Spurgeon besef God is in staat om die wêreld sonder hom te red, maar toe God Spurgeon meedeel dat hy dalk kan help, het Spurgeon God gedank vir die eer en voorreg om aan hierdie goddelike sending deel te neem. Hierdie twee stellings beklemtoon die feit dat gestuurdheid uit die natuur van God self voortvloei en word aan ons bekend gemaak deur die Bybelse openbaring van die werk en doel van God in Christus. Dit dui op God se liefde en aktiewe verhouding met die mens. 'n Stelling deur die IMC (1952:2) ondersteun hierdie gedagte met die volgende woorde:

Out of the depth of His love for us, the Father have sent down His own beloved Son to reconcile all things unto Himself, that we and all men might, through the Spirit, be made one in Him with the Father in that perfect love which is the very nature of God.

Deur die *missio Dei* vra God sy kerk om 'n werktuig te wees vir sy verlossingsplan (IMC, 1952:19). Ons roeping as Christene is 'n oproep tot totale oorgawe en toewyding aan die kerk se missionale taak. Dit word van elke individu, vaders en vaderfigure ingesluit, verwag om deel te hê aan die holistiese missie van die kerk deur 'n getuie te wees in elke opset van daaglikse lewe.

3.3.2.4. Vestiging van die term *missio Dei*

Ware kerksending is in reaksie op God se sending. Ten einde hierdie idee van die *missio ecclesiae* te onderskei; die sending van die kerk, het Hartenstein die term *missio Dei* geskep. In 1952 is die konsep van *missio Dei* volledig by die Willingen-vergadering van die Internasionale Sendingraad uitgebrei. In Hartenstein se opsommings van die Willingen-vergadering is *missio Dei* genoem, maar nie eintlik by die vergadering gebruik nie. Deur die konsep van *missio Dei* bekend te stel, het Hartenstein gepoog om die idee te beklemtoon dat God 'n missie vir die kerk en vir die wêreld het wat verskil van die sending van die kerk (Bevans & Schroeder 2011:57). Hierdie idee is verder ontwikkel by die Willingen-vergadering waar daar geargumenteer is dat die sending van God die verkondiging van die evangelie sowel as die werk van geregtigheid en versoening in die wêreld insluit.

3.3.3. Die missionale impak van die Willingen Wêreldsendingkonferensie van 1952

Die Willingen Konferensie het die opvatting van wêreldsending in 'n nuwe rigting ingestuur. Hierdie paradigmaskuif is soos volg bewoord: "The age of missions is at an end; the age of mission has begun" (Van't Hof, 1972:164). Hierdie nuwe inslag sal voorts geweldige gevolge inhou oor hoe die kerk haar sending voortaan sal verstaan. Hierdie benadering van sending moet in wese 'n aanduiding wees van God se koninkryk en mense voorberei vir die komende Ryk van God (Van't Hof, 1972:164). Die begrip van sending is nou verbreed tot maatskaplike en ekonomiese uitdagings, sosiale geregtigheid en die soeke na wêreldvrede. Die impak van hierdie verskuiwing in denke op sending was fenomenaal. Dit het toegelaat dat sending gesien word as 'n uitdrukking van God se werk in die wêreld en nie net die werk van die kerk nie. Die konsep van *missio Dei*, of sending van God, het 'n groot invloed gehad in die ontwikkeling van sendingteologie en -praktyk.

Volgens Richebacher (2009: 594-595) het die term *missio Dei* in die 1960's en 1970's onakkuraat geraak, en is gebruik om alles en niks te beskryf, en het nie die ware aard van sending of van die kerk vasgevang nie. Sendingteologie is beïnvloed deur die ontwikkeling van bevrydingsteologie, ander kontekstueel, polities en kultureel geïnspireerde teologieë, en die inkulturasie van evangelie en kerk. Inkulturasie is die invloed van tradisionele kulture en gelowe op die lewens van kerke

en hul teologie, en God se sending deur die kerk van die armes word gesien as die sleutel tot God se missionêre teenwoordigheid, aldus Richebacher (2009:595). Christene wat hul kulturele erfenis omhels, word vrygestel van die beperkings van hul ou geboortegemeenskap en beskerm teen die verlies van hul historiese identiteit as hulle dit as deel van hul godsdienstige ervaring aanvaar. 'n Integrale deel van die beliggamingproses van die kerk moet die vryheid wees om nuwe en breër vorme te ontwikkel. Deur middel van inkulturasie het *missio Dei* ontwikkel tot 'n missionêre teologie, waarin die kerk deur die krag van God se Heilige Gees leef om die wêreld en die mensdom te dien (Richebacher, 2009:595).

3.3.3.1. *missio Dei*: Klemverskuiwing

Volgens die navorser is dit veilig om te sê dat die Willingen Konferensie die sosiale, ekonomiese en politieke strukture van daardie tyd verstaan het. Die konferensiegangers het die geleentheid as selfondersoekend ervaar (Van't Hof, 1972:169). Die vraag "waarom zending?" wat 'n sterk fokus was tydens die konferensie het uiteindelik die weg gebaan vir die begrip van *missio Dei*. Die sendingbegrip van die vorige eeu is afgesluit en 'n nuwe missiologiese tydperk is ingelei. Die term *missio Dei* het begin prominensie kry binne teologiese kringe en verskillende teoloë het sterk bydraes gelewer tot die verdere ontwikkeling en verstaan van die nuwe begrip.

Die klassieke verstaan van die *missio Dei* dat God die Vader sy Seun stuur en God die Vader en God die Seun die Heilige Gees stuur is nou verbreed tot 'n nuwe "beweging" waarin die Vader, Seun en Heilige Gees die kerk die wêreld instuur. Die beeld van sending het nou beweeg na 'n sending van God waaraan die kerk genadiglik deelneem. Moltmann (1977:64) ondersteun hierdie sentiment en noem dat die kerk nie die sending van God se verlossingsplan die wêreld inneem nie, maar dat dit 'n sending is van die Seun en Heilige Gees deur God die Vader en die kerk vorm deel daarvan. Aagaard (1973:13) voeg sy stem tot hierdie siening en noem dat sending 'n beweging is van God en die kerk is 'n instrument in die uitvoering daarvan. Om hieraan deel te hê vorm ons deel van God se beweging van liefde teenoor mense, omdat God die fontein is van geestelike liefde. Hierdie uitnodiging van Drie-Enige God aan die mens kan ook gesien word as ryke genade wat God aan die mens betoon.

Soos Goheen (2001:117) opmerk, het Willigen twee nuwe klemverskuiwings by sosiologiese denke ontwikkel. Eerstens is sending God se sending. Die kerk het geen eie missie nie, maar fokus eerder op God se werk vir herdemonstrasie van die wêreld. Hierna word die kerk se betrokkenheid by God se verlossende sending bespreek. Tweedens word God se missie gedefinieer in terme van die drie-enige karakter en werk van God. God se sending word gesien as die fundamentele doel van Christelike sending en daardie sending is 'n uitdrukking van God se liefde vir die wêreld. Goheen (2001:117) is ook van mening dat die kerk, as 'n verlengstuk van God, geroep is om betrokke te wees by daardie sending en om genesing, vergifnis en versoening in die wêreld te bewerkstellig.

Kim (2010:40) noem dat 'n beduidende deel van die verandering van 'n Christosentriese perspektief na 'n Ortodokse een spruit uit die herlees van die Oosterse kerkvaders en interaksie met die hedendaagse Ortodokse teologie. Volgens *missio Dei* is God se stuuraktiwiteit in die wêreld die prioriteit, en die kerk en sy sendingaktiwiteite is daarvan afhanklik. Die skrywer gaan verder en noem dat die *missio Dei* meebring dat die fokus op die kerk is soos dit werklik in die wêreld bestaan, met al sy onvolmaakthede en historiese gebeurlikheid, eerder as die kerk as 'n ideale, volmaakte en tydlose instelling. Dit is gemoeid met die kerk se aktiwiteit en missie in die wêreld eerder as sy interne strukture en werksaamhede (Kim, 2010:41). Sendinggesentreerde kerk het kerkgesentreerde sending vervang. Westerse kerke het tradisioneel daarop gefokus om sendelinge na ander kulture te stuur. Godgesentreerde sendings het in die 20ste eeu ontstaan wat die kerk se sending in God se globale werk gevind het. Die kerk se missie is om aan daardie sending deel te neem, aangesien dit van God die Vader deur Jesus Christus en van Jesus Christus deur die Heilige Gees en sy dissipels na die wêreld gestuur is, aldus Youn (2018:225-226). Shalom moet in 'n geïntegreerde daad van evangelisasie in die wêreld verkondig, geleef en gedemonstreer word, want die wêreld vorm die hoofarena vir die verkondiging van die koninkryk.

Deur sy kritiek en konstruktiewe voorstelle het Hoekendijk (1952:330) ander uitgedaag om te kyk na wat die kerk werklik doen en wat dit behoort te doen in sy sendingfunksie. Die Nederlandse studie het klem gelê op sowel die gerealiseerde as die toekomstige aspekte van eskatologie:

Die Koninkryk van God het inderdaad deur Christus gekom. Maar sy Koningskap is verborge en sal eers aan die einde van die tyd geopenbaar word. 'n Mens kan nie hierdie spanning tussen 'reeds' en 'nog nie' ontsnap nie, en wat meer is, mens behoort nie te kan nie.

Een van die belangrikste insigte wat uit die omvattende Noord-Amerikaanse studie na vore gekom het, was die voorstel dat die rigting van sendingteologie beweeg het "van kragtige christo-sentrisiteit na deeglike trinitarisme". Gevolglik het sendingverpligting sy basis gevind in "die versoenende optrede van die drie-enige God", wat behels het "die sensitiewe en totale reaksie op wat die drie-enige God in die wêreld gedoen het en besig is om te doen" (Bassham, 330-331).

3.3.3.2. Missio Ecclesia

Die *missio ecclesia* (sendingaktiwiteite van die kerk) gaan nie net oor die vestiging van kerke en die redding van siele nie, maar moet in diens wees van die *missio Dei*. Dit verteenwoordig God in en teenoor die wêreld, wys mense na God en stel aan die wêreld Jesus as Seun van God voor (Bosch, 2011:334). In haar sending getuig die kerk van die volheid van God se beloofde heerskappy en die voortdurige stryd tussen die heerskappy en magte van die duisternis (Scherer, 1987:84). Omdat God besorg is oor die hele wêreld (Johannes 3:16) moet die wêreld dus die teater wees van die *missio Dei*. Dit affekteer alle mense in elke aspek van hulle bestaan.

Sending (*missio Dei*) beteken die dien, genesing en versoening van 'n verdeelde, gewonde mensdom (Bosch, 1991:417). Holistiese en integrale benaderings is nodig, maar hoe dit geïmplementeer word hang af van die spesifieke konteks. Bosch se definisie van sending word in die volgende saamgevat (Bosch, 1991:512).

Mission is a multifaceted ministry, in respect of witness, service, justice, healing, reconciliation, liberation, peace, evangelism, fellowship, church planting, contextualisation, and much more.

Hy het geargumenteer dat sending verstaan moet word as 'n reaksie op die inisiatief van God, waarin God die mense nooi om aktief deel te neem aan sy sending van verlossing. Die sending van die Kerk is om die goeie nuus van God se verlossing in Jesus Christus aan alle mense te verkondig, sodat almal die geleentheid kan kry om God se aanbod van genade en die ewige lewe te aanvaar.

Woolnough en Ma (2010:249) beskryf die konsep van die *missio Dei* as die bewuswording dat dit God se werk is wat die hele wêreld insluit en dat ons as mens bevoorreg is om daaraan deel te neem. Ons is daarom nie in staat om voor te hou dat ons God se werk kan doen nie omdat Hy dit self kan doen. Dit is juis hierom dat ons gehoorsaam moet wees aan sy opdragte en sy voorbeeld volg.

Ajulu (2010:166) is van die opinie dat die *missio Dei* alles insluit wat God doen om sy koninkryk in die hele wêreld in sy volheid te vestig. As geloofsgemeenskap moet ons hierdie beweging van God toelaat om sy krag te toon oor die geskiedenis heen. Ons gehoorsaamheid aan hierdie uitdaging moet manifesteer in die praktyk soos ons in vennootskap gaan met die mense teenoor wie ons diensbaar is, in woord en daad (Wright, 2006:62). Met die term *missio Dei* moet ons as geloofsgemeenskap bewus wees daarvan dat God alreeds werksaam is binne gemeenskappe en dat ons as deelnemers aan die *missio Dei* strategieë moet ontwikkel om mense se kapasiteit te ontwikkel ten einde in hul eie behoeftes te voorsien deur self-onderhoudende inisiatiewe (Erasmus & Mans, 2010:368). Knoetze en Kozhuharov (2020:13) beskryf die *missio Dei* as 'n aksie waar God aktief is in alle lewens. Die kerk moet daarom haar dienswerk holisties benader en aandag gee aan die sosiale, ekonomiese en spirituele lewe van alle mense. Indien die kerk net aandag gee aan 'n spesifieke groep mense en slegs daardie spesifieke groep mense laat welkom voel is daar groot fout met die kerk (Bosch, 2008: 456). Die kerk is geroep om missionaal te wees en moet daarom alles in haar vermoë doen om so inklusief moontlik te wees. God gaan vooruit en die kerk moet dan aansluit by die proses van dissipelmaking deur gesprekvoering wat alreeds deur God begin is (Knoetze & Kozhuharov, 2020:13).

3.4. MISSIO DEI EN VADERSKAP

Die *missio Dei* dien as 'n herinnering aan die belangrikheid van sending en evangelisasie as 'n kernwaarde van die Christelike geloof, selfs in 'n sekulêre en pluralistiese samelewing. Dit help ook om sending en evangelisasie te herformuleer op 'n manier wat resoneer met postmoderne waardes, terwyl dit steeds getrou bly aan die Bybelse narratief (Dowsett, 2001:449). In slotsom is die navorser van mening dat die begrip *missio Dei* meebring dat God reeds in die wêreld aan die werk is en sy sending van verlossing en herstel uitvoer. Gevolglik word menslike

evangelisasie nie meer gesien as 'n enkele opinie wat probeer om iemand te oorreed om iets te glo nie, maar eerder as om by die sending van God aan te sluit en te help om dit tot uitvoering te bring.

3.4.1. *missio Dei*: Trinitêre Perspektief

Omdat die *missio Dei* 'n aksie is wat in beweging gebring word deur 'n drie-enige God, is dit belangrik om dit kortliks te bespreek vanuit 'n Trinitêre perspektief. Cilliers (2021:21) maak die volgende opmerking hieromtrent: die sending van God begin nie met die eerste koms van Christus nie, maar aan die begin van die skepping toe God sy Woord gestuur het om die wêreld in bestaan te roep. Hy beklemtoon hierdie perspektief en noem dat God se sending die skepping is en dat die skepping God se sending is. Tweedens noem Cilliers (2021:23) dat die koms van Christus nie God se sending weerspreek nie; intendeel, dit word daardeur bekragtig. Die inkarnasie van Christus was ter wille van 'n gebroke, kwesbare mensdom. Jesus se sending, wat ook God se sending is, was ter wille van randfigure en kwesbares wat hulleself as "godverlate" beskou. Die morele agteruitgang en gebrekkige vooruitsig van jongmense gekoppel aan vaderfigure wat nie altyd genoegsaam bemagtig en betrokke is in hul lewens nie, dra by tot 'n groeiende groep kwesbares. Derdens noem Cilliers dat die koms en uitstorting van die Heilige Gees nie die skepping sending nietig verklaar nie, maar dit bekragtig soos in die geval met Jesus se inkarnasie. Cilliers (2021:24) noem dat die Gees wat uitgestort is alle vlees heilig en ons daaraan herinner dat ons geskape is deur God wat heilig is.

Arthur (2015) argumenteer dat die *missio Dei* 'n aantal swakhede het wanneer dit kom by 'n kosmosentriese begrip. In die verstaan van die Koninkryk van God wat die hele menslike geskiedenis insluit, impliseer dit blykbaar nie dat die Koninkryk deur sy bediening "nader gekom het" nie. Net so dien die siening dat ander godsdienste gelykstaande is aan die kerk se sending nie as regverdiging vir Jesus se uniekheid of vir God se Trinitariese aard nie. Daarbenewens slaag die kosmosentriese siening van sending nie daarin om die belangrikheid van God se mense, die kerk, in die uitvoering van die sending te weerspieël nie. Jesus het spesifieke opdragte aan die kerk gegee om uit te gaan en dissipels te maak, en hierdie verantwoordelikheid word nie met enige ander groep gedeel nie, aldus Arthur (2015). Verder is die kerk toegerus met die Heilige Gees wat hulle lei in die uitvoering van God se sending.

Kosmosentrisme se grootste swakheid kan sy oortuiging wees dat God se koninkryk ingewy sal word deur voortdurende verbetering in sosiale en etiese toestande oor 'n leeftyd.

Bosch (2011:367) pleit ten gunste van die konsep van *missio Dei*, ten spyte van die wye reeks interpretasies wat daarop toegepas word. Hy noem dat dit nie ontken kan word nie dat die *missio Dei* begrip gehelp het om die oortuiging te verwoord dat nóg die kerk nóg enige ander menslike agent ooit as die outeur of draer van sending beskou kan word. Sending is volgens Bosch (2011:367) “primêr en uiteindelik, die werk van die drie-enige God, Skepper, Verlosser en Heiligmaker, ter wille van die wêreld.”

Die Trinitariese aard van sending word deur Kirk (1999:47) beklemtoon. Volgens hom definieer Christelike gemeenskappe God as Vader, Seun en Heilige Gees per definisie. Daar is eenvoudig geen ander God nie. Daarom impliseer die vermelding van *missio Dei*, sonder enige kwalifikasie, die *missio Trinitatis*. Hierdie begrip van God het belangrike implikasies vir sending, aangesien dit die belangrikheid van samewerking tussen die drie persone van die Drie-Eenheid in sending beklemtoon, en die noodsaaklikheid dat sending in die lewe en werk van elk van die drie persone gegrond moet wees. In die Trinitariese aard van *missio Dei*, word al drie persone van die Godheid in missionêre teologie saamgebring. Dit was egter nie altyd die geval nie. Goheen (2001:129) voer byvoorbeeld aan dat Leslie Newbigin geen aandag gegee het aan die rol van die Vader in sending voor Willingen nie. Newbigin se sendingteologie was hoofsaaklik gefokus op die rol van Jesus Christus as die enigste weg na verlossing, terwyl hy min aandag aan die rol van die Vader gegee het.

Willingen 1952 was die eerste om die Vader terug te bring in die missiologiese diskoers en om die Trinitariese aard van sending te beklemtoon. Volgens Suess (2003:57) beklemtoon die trinitariese fokus van *missio Dei* God se liefde vir die wêreld en die teenwoordigheid van God se Koninkryk as die uiteindelike bron van transformasie en hoop. Hierdie begrip van sending stel die kerk in staat om sosiale verandering te bevorder, terwyl dit ook gefokus bly op evangelisasie, en om te werk aan transformasie op beide geestelike en fisiese vlakke. As deel van die *missio Dei*, moet Christene die voorbeeld van Jesus volg. Hy het groot sorg getoon vir die fisiese en geestelike behoeftes van die mense wat Hy teëgekom het (Guder, 2000:120).

Deur ons evangelisasie moet ons ook dieselfde sorg vir ander toon en aan hulle die liefde van Christus wys.

Robb (2013:217) haal Barth aan wat noem dat God se sending 'n uitdrukking van sy goddelike natuur is, en is sy selfgewende natuur aan die wêreld 'n weerspieëling van die Drie-eenheid se verhouding met mekaar. Deur God se sending van liefde en genade te verstaan, kan ons die aard van God en die Drie-Eenheid beter verstaan. Youn (2018:227) sluit by hierdie gedagte aan en noem dat sending teruggevoer kan word na die drie-enige aard van God. Die kerk is deur Christus gestuur, en die inisiatief van sending lê nie by die kerk nie, maar eerder by die drie-enige God. Nadat Christus apostels gestuur en hulle opdrag gegee het om sy sending te volbring, het God nie van die wêreld onttrek nie. God se aktiwiteit in die wêreld word gereduseer tot die aktiwiteite van die kerk, en God word gereduseer tot die beeld van 'n residensiële godheid wanneer die sending van God uitsluitlik op die sending van die kerk staatmaak, aldus Youn (2018:227).

Die leerstelling van die Drie-eenheid leer ons dat God 'n gemeenskap is van drie persone (Vader, Seun en Heilige Gees) wat in ewige verhouding en wedersyds verkeer (Venter:2015:5-6). Dit beklemtoon die belangrikheid van gemeenskap en wederkerigheid in God se aard, wat daarop dui dat hierdie eienskappe inherent is aan wie God is. Dit impliseer dat gemeenskap en wederkerigheid ook noodsaaklike aspekte van menslike bestaan is, aangesien ons na die beeld van God geskape is en geroep is om hierdie eienskappe in ons verhoudings te weerspieël.

Volgens Volf (1998: 208-209) is die konsep van perichoresis die intieme verhouding tussen die drie persone van die Drie-eenheid: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dit dui daarop dat elke goddelike persoon beide subjek en objek in die verhouding is, wat 'n dinamiek van wedersydse inwoning en selfgee skep. Hierdie konsep van perichoresis help om die komplekse aard van die Drie-eenheid te verduidelik en hoe die drie persone in perfekte harmonie en eenheid bestaan. 'n Drie-enige God se eenheid kan nie verklaar word deur óf die numeries identiese stof óf die toevallige bedoelings van sy persone nie, maar eerder deur hul wedersydse innerlike wese. Soos Volf (1998:210) aantoon, is eenheid die teenoorgestelde van innerlikheid en katolisisme van goddelike persone.

3.4.1.1. God die Vader in sending

Volgens Guder (2000:32) is sending 'n uitvloeisel van die liefde en deernis van God vir sy skepping, en die eindresultaat van die sending is die heerskappy van God oor sy volk as koning. In *missio Dei* vestig hierdie tweeledige temas die beweging en houding van die kerk in sending. Gevolglik is sending 'n reaksie op die liefde van God, wat in die wêreld uitgedruk en gemanifesteer moet word, terwyl God se uiteindelijke doel om koning oor sy volk te wees, vervul word (Guder, 2000:32).

'n Kerk wat deur God se liefde gemotiveer word, moet nie poog om ander mense, organisasies of groepe te oorheers of sy wil af te dwing nie, en onafhanklike kerkgroepe of organisasies moenie hul regte uitoefen ten koste van ander of God se sending nie. Om 'n mens se wil te oorheers of op ander af te dwing, is 'n vorm van trots en arrogansie, wat in stryd is met God se karakter van liefde. Hierdie soort aksies verhinder ook die kerk om sy sending te vervul deur God se liefde na die wêreld te bring (Guder, 2000:32).

God se heerskappy is nie gebonde aan die grense van menslike begrip of vermoëns nie. Dit oortref menslike begrip en word nie beperk deur die tipe denke wat mense gebruik om sin te maak van die wêreld nie, aldus Guder (2000:32). Dit is 'n geestelike, goddelike en absolute krag wat buite menslike beheer is. God se verlossing en redding van die mensdom behels die herstel van die wêreld tot sy oorspronklike, beoogde toestand van harmonie en vrede. Dit is binne hierdie raamwerk waarin God vaders en vaderfigure wil gebruik as agente van sy shalom, 'n vrede wat die menslike begrip oortref.

3.4.1.2. God die Seun in sending

Volgens Guder (2000:47) het Jesus God se liefde en genade aan die wêreld getoon en vir ons gewys wat dit beteken om as God se mense te lewe. Deur sy voorbeeld en leringe het Jesus ook vir ons gewys hoe ons God se sending in ons eie lewens en in die wêreld moet navolg. Deur die geskiedenis heen was die boodskap van die Evangelie nog altyd die Goeie Nuus, wat ons deur Israel se ervaring in God se Woord sien, wat lei tot die klimaks en hoogtepunt van dit alles in die persoon van Jesus Christus deur die eeue heen, aldus Guder (2000:47). God se plan van verlossing deur Jesus is in die Bybel geopenbaar en verduidelik, van die wette wat

aan Moses gegee is, tot die profesieë van die komende Messias, tot Jesus se eie leringe en wonderwerke, wat 'n hoogtepunt bereik met Sy dood en opstanding.

Jesus se lyding is die primêre verwysingspunt om die lyding van ander, sowel as van God se mense, te verstaan. In die uitlewing van sy sending word die kerk dus geroep om die pad van Christus te volg deur deel te neem aan sy lyding, in die mate dat dit deel is van God se plan vir die redding van die wêreld (Suess, 2003:558). Suess (2003:558) argumenteer dat Jesus gedemonstreer het dat God se hart vir die armes is en dat Hy hulle net soveel waardeer as wat Hy enigiemand anders waardeer. Hy wou wys dat die kerk dit moet prioritiseer om diegene in nood te help, net soos Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. Literatuur toon dat daar 'n morele verval is onder jongmense en dat dit verbind kan word aan afwesige vaders en vaderfigure. Die navorser is van mening dat hierdie situasie een van nood is en dat geloofsgemeenskappe vader, vaderfigure, kinders en jongmense kan ondersteun ten einde morele agteruitgang aan te spreek.

Die konsep van die Drie-eenheid binne 'n Afrika konteks verhoog die begrip van Christus deur die erkenning van die drie afsonderlike persone van God - die Vader, die Seun (Jesus Christus), en die Heilige Gees - as naasbestaande en mede-ewig (Van Der Westhuizen, 2022:331). Hierdie veelsydige verstaan van Christus laat hom omhels word as nie net 'n enkele rol of eienskap nie, maar as die beliggaming van God se hele plan vir die mensdom. Dit verdiep die waardering vir die kompleksiteit en grootsheid van Christus se rol in verlossing en geestelike groei, aldus Van Der Westhuizen (2022:331). Verkuyl (1979:169) noem dat sending gemotiveer word deur die idee dat Jesus self gesê het dat "die blindes sal sien en die kreupeles sal loop" toe hy sy sending aankondig. Deur hulp te verleen aan diegene wat in nood is, volg ons in Jesus se voetspore en gaan ons voort met sy sending.

3.4.1.3. God die Heilige Gees in sending

Die Gees lei die kerk in God se sending en verskaf die krag en hulpbronne wat nodig is om sy sending te vervul. Dit sluit in die gee van wysheid en onderskeidingsvermoë vir besluitneming, sowel as die toerusting van geestelike vrugte soos liefde, vreugde en vrede (Newbigin, 1995:57). Die Gees help ook die kerk om 'n positiewe impak op

die wêreld te hê, deur dit in staat te stel om van die liefde van God te getuig en die goeie nuus van die evangelie te versprei.

Deur die Gees se werk word die kerk in staat gestel om oor sy eie grense te gaan en aan die wêreld beskikbaar gestel te word, sodat dit nie meer beperk is tot sy eie konteks en kultuur nie, maar werklik 'n verskil in die wêreld kan maak. Op hierdie manier is sending nie net 'n aktiwiteit nie, maar 'n transformasie van die kerk self (Newbigin, 1995:57). Die kerk moet daarom sensitief wees vir die werking en leiding van die Heilige Gees. Die Gees van God is die Heilige Gees, 'n duidelike persoon van die Drie-Eenheid. Dit is die Gees van die drie-enige God, gestuur deur die Vader en die Seun om ons in 'n verhouding met God in te trek en ons te bemagtig om soos Christus te wees in ons lewe en liefde.

Deur ons oë vir God en die wêreld oop te maak, fasiliteer die Heilige Gees relasionaliteit, wat ons in staat stel om mekaar en Christus te ontmoet. Die Heilige Gees is die kern van ons verhouding met mekaar en ons gemeenskap met God. Ons is slegs in staat om sinvol verband te hou met die wêreld deur die Gees, en ons is slegs in staat om Christus te ontmoet deur die Gees se werk (Whitmore, 2018:120).

Die *Evangelii Gaudium*¹¹ (2013, paragraaf 119) beklemtoon die sentraliteit en die belangrikheid van die Heilige Gees en noem: As gesturdes is dit belangrik dat gelowiges 'n diep geloof in die Heilige Gees het. Hy kan hulle help as hulle swak is (Rom 8:26). So 'n geloof moet egter voortdurend gekweek word, daarom moet ons voortdurend die Gees om hulp aanroep. Deur die Heilige Gees ons te laat lei en verlig in plaas daarvan om alles tot in die fynste besonderhede te probeer beplan en beheer, kan ons ons oorgee aan die Heilige Gees se leiding, wat Hom toelaat om ons te rig en lei waar Hy ook al wil. Op elke tyd en plek weet die Heilige Gees presies wat nodig is. In kort beteken dit dat gelowiges die Heilige Gees moet onderskei, in die Heilige Gees moet glo en hulle deur die Heilige Gees laat lei. Vir vaders en vaderfigure om effektief hul rol te vertolk is 'n diepe afhanklikheid van die Heilige Gees noodsaaklik, aldus die navorser.

¹¹ *Evangelii gaudium* (Die Vreugde van die Evangelie) is 'n 2013 apostoliese vermaning deur Pous Franciskus: "Oor die verkondiging van die Evangelie in vandag se wêreld". In sy openingsparagraaf het pous Franciskus die hele kerk aangemoedig "om 'n nuwe hoofstuk van evangelisasie aan te pak". Volgens die vermaning moet die Kerk homself verstaan as 'n gemeenskap van sendingdissipels, wat "permanent in 'n staat van sending verkeer".

3.4.2. *missio Dei: Vaderfigure*

Christen vaders en vaderfigure moet die liefde van ons Hemelse Vader reflekteer asook hul eie verlange na God se liefde. Volgens Bogardus (2020) word vaders deur God geroep om die volgende redes:

- Om te reproduseer;
- Om kinders te seën en te beskerm;
- Om kinders te dissiplineer;
- Om liefde op 'n tasbare manier uit te leef teenoor kinders;
- Om 'n navolgenswaardige voorbeeld te stel vir kinders.

Die navorser brei kortliks uit op hierdie paar aspekte. Volgens Bogardus (2020) is die Kulturele Mandaat in Genesis 5:1-3 en die Groot Opdrag in Matteus 28:19-20 om te reproduseer en te vermenigvuldig, beide biologies en spiritueel. Die skrywer noem dat hierdie twee mandate eenvoudig voorkom maar nie vanselfsprekend gebeur nie. Kultureel plaas mans hoë premies op hul loopbane ten koste van kinders. Die hoeveelheid jongmense wat hul geloof versak is 'n direkte gevolg van ouers en kerke se onvermoë om dissipels te reproduseer. (Bogardus, 2020). Dit is daarom noodsaaklik vir Christelike vaders om in doelgerigte gesprek te tree met hul jong dogters en seuns.

Christelike vaders is veronderstel hul kinders te seën en te beskerm. Lukas 11:11-13 lui:

“Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra” (Afrikaans, 1983).

Hierdie Skrifverwysing moedig Christelike vaders aan om altyddeur die beste vir hul jong dogters en seuns te gee. Indien vaders werklikwaar wil weet wat ware seën is moet hulle die Bybel raadpleeg. Bogardus (2020) noem dat oningeligte vaders beweeg tussen die twee uiterstes naamlik, bederf of weerhou. Indien Christelike vaders hul seuns en dogters seën en beskerm sal hulle 'n veilige hawe in hom vind.

Christelike vaders moet seker maak dat die toepassing van dissipline op 'n Bybelse manier geskied. Dissiplinering moet beide regstellend en formatief wees. Verder moet dissiplinering rigtinggewend en waarskuwend wees. In 1 Tessalonisense 2:11-12 skryf Paulus die volgende:

Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op julle hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in Sy koninkryk in te gaan en so aan Sy heerlikheid deel te hê (Afrikaans, 1983).

Paulus verduidelik in hierdie gedeelte hoe hy individueel met die gelowiges gewerk het. Hy het hulle bemoedig, aangespoor en op hulle harte gedruk om hulle lewens te rig tot God. Dit was nie woorde om hulle te vlei nie, maar eerder 'n aanduiding van die reguit en liefdevolle pad wat vaders met hulle kinders loop. Christelike vaders moet in liefde reguit en eerlik wees en daardeur die toepassing van dissipline sien as 'n geleentheid om te onderrig onderwyl daar gekyk word na die regstelling van verkeerde gedrag (Bogardus, 2020).

Christelike vaders moet onvoorwaardelike liefde aan jongmense toon. Hierdie liefde demonstreer deernis met geduldige aanvaarding. Vaders moet daarom nie liefde aan hul kinders betoon wat gebaseer is op akademiese prestasie, sportprestasie of enige ander positiewe noemenswaardigheid nie. Verder moet hulle ook bereid wees om jongmense se ruimtes te betree ongeag hoe ongemaklik dit mag wees. Hulle moet daar wees wanneer jongmense seerkry, in hulle oomblikke van geluk en in hulle oomblikke van nood (Bogardus, 2020).

Die mees treffende wyse waarop Christelike vaders 'n betekenisvolle rol kan speel in die lewe van jongmense is deur 'n navolgingswaardige voorbeeld te stel. Ouers kan kinders teoreties leer wat hulle kan, maar kinders het die geneigtheid om die gedrag van ouers na te boots eerder as om op hulle woorde ag te slaan. Die moeilikste, maar mees impakvolle voorbeeld wat vaders aan jongmense kan stel, is om hulle van verkeerde optrede te bekeer en ook om vergifnis te vra waar nodig (Bogardus, 2020). Christelike vaders en vaderfigure moenie skroom om hulle sondes, mislukkings en dwase optrede te erken nie. Deur dit te doen toon hulle dat almal Jesus se genade, liefde en vergifnis nodig het (Bogardus, 2020). Christelike missionale vaders sal hierdeur baie duidelik aan jongmense kommunikeer dat die

geloofsreis persoonlik maar ook kollektief is van aard en dat beide partye mekaar se ondersteuning nodig het. Ten slotte wil die navorser die volgende noem: omdat ons Hemelse Vader seën, beskerm, dissipliner, 'n perfekte voorbeeld stel en onvoorwaardelike liefde bewys is daar meer as genoeg rede vir Christelike vaders en vaderfigure om dieselfde te doen.

3.4.2.1. Kenmerke van 'n missionale vader

3.4.2.1.1. Selfopofferende leefwyse

Volgens Cousineau (2013) toon 'n missionale vader spesifieke kenmerke en noem hy spesifieke eienskappe wat sigbaar is in 'n missionale vader. Eerstens noem hy dat gestuurheid ("mission") onbaatsugtig is. Die vader moet aan sy gesin verduidelik dat die maak van dissipels 'n onbaatsugtige onderneming is waarvan die grootste voorbeeld Jesus is wat homself aan ander gegee het. Verder moet kinders verstaan dat Christus Homself gegee en uitgegiet het vir ander. Vaders moet hierdie voorbeeld volg deur 'n lewe te leef wat gefokus is op ander en daardeur ook eer aan God die Vader bring. Hierdie voorbeeld wat deur vaders gestel word sal 'n sendinghart by kinders stimuleer wat uiteindelik ook kan lei dat hulle Christus se voorbeeld sal volg. Op hierdie manier leer vaders hul kinders hoe om te leef, aldus Cousineau (2013). Verder moet vaders ook leer om gebroke te wees voor hulle kinders en daardeur kinders aanmoedig om medelye te hê met diegene in nood. 'n Missionale vader leef Christus-gefokus. Dit is noodsaaklik dat kinders moet sien dat hulle vader se inspirasie gevind word in Christus.

3.4.2.1.2. Afhanklik van Heilige Gees

Freeks (2020:5) argumenteer dat 'n vader leiding moet vra van die Heilige Gees in al sy weë, besluite, raad en leefstyl. Hy moet met sy kinders die getuigenis deel van hoe die Heilige Gees hul gebede verhoor as gesin. Missionale vaders is vrygewig en seën voortdurend ander met die seën waarmee Christus hom geseën het. Dit beteken dat tyd, geld en energie gebruik moet word om ander te seën. Om te verseker dat hulle gedrag deur hul kinders nageboots word moet vaders hul kinders aanmoedig om hul bronne (tyd, geld, geskenke) te deel met ander in die gemeenskap. Volgens Freeks (2020:5) moet missionale vaders die ingesteldheid hê dat hulle lewe nie aan hulleself behoort nie, maar 'n gawe en seën van bo is.

Missionale vaders moet uiteindelik ook dissipelmakers binne hulle eie gesinne en ander gesinne wees.

3.4.2.1.3. 'n Lewe na buite gerig

Volgens (Waresak, 2013) beteken missionale vaderskap dat die vader leiding neem binne die gesinstruktuur en 'n spesifieke rol vertolk. Dit beteken om 'n opofferende lewe te lei ter wille van die gesin maar ook om te voorsien in ander se behoeftes. Missionale vaders fokus dus na binne en na buite. In die post-moderne samelewing van vandag is die uitdaging juis om verby persoonlike behoeftes te kyk en positief by te dra tot die breër samelewing. Die hart en lewe van 'n missionale vader is verbind tot 'n Godgegewe sending en die vaderskap van God. Deur dit te modelleer sal hy die liefde van Christus in die harte van sy kinders inskerp en ook sy tyd opoffer om die gemeenskap te help (Waresak, 2013).

Missionale gesinne is God se doelwit. 'n Missionale gesin bring as 'n eenheid eer en lof aan God. Soos telkemale genoem in hierdie werkstuk is die ignorering van die afwesige vader nie die oplossing nie, aangesien dit groot hartseer veroorsaak by kinders en jongmense. Die navorser is daarom van mening dat die mees diepgaande verandering in die begrip van vaderskap en die hantering van vader-afwesigheid sal kom wanneer vaders God as Vader ken en ervaar. God roep vaders tot 'n goddelike doelwit om toesig oor hul huishouding uit te oefen in ooreenstemming met Bybelse waarheid.

Volgens (Waresak, 2013) beteken missionale vaderskap dat die vader leiding neem binne die gesinstruktuur en 'n spesifieke rol vertolk. Dit beteken om 'n opofferende lewe te lei ter wille van die gesin maar ook om te voorsien in ander se behoeftes. Missionale vaders fokus dus na binne en na buite. In die post-moderne samelewing van vandag is die uitdaging juis om verby persoonlike behoeftes te kyk en positief by te dra tot die breër samelewing. Die hart en lewe van 'n missionale vader is verbind tot 'n Godgegewe sending en die vaderskap van God. Deur dit te modelleer sal hy die liefde van Christus in die harte van sy kinders inskerp en ook sy tyd opoffer om die gemeenskap te help (Waresak, 2013).

3.4.3. Missionale vaderfigure: shalom vir die stad

Bosch (2008:400-403) noem dat die verantwoordelikheid van God se sending (*missio Dei*) nie beperk is tot 'n sekere groep geestelikes nie, maar tot die geloofsgemeenskap as 'n geheel. Hierdie gemeenskap van missionale agente sluit vaders en vaderfigure in. Volgens die navorser kan vaders as missionale agente die shalom van God bring binne die konteks van die DRV.

3.4.3.1. Shalom as seën en algemene welstand

Gillet (1975:82) beskryf shalom as algemene welstand en 'n gevoel van bevrediging. Van die kenmerke van God se shalom sluit in dat dit positief, gemeenskaplik en godsdiensdig is. Eerstens is dit positief in die sin dat dit nie noodwendig afwesigheid van oorlog beteken nie maar oorwinning in die oorlog. Tweedens is dit gemeenskaplik deurdat dit dui op 'n verhouding eerder as 'n toestand. Derdens is dit godsdiensdig van aard deurdat dit spreek van rustigheid (Gillet, 1975:83).

Coetsee en Viljoen (2021:2) haal Van der Walt aan wat die konsep vrede aan die hand van Jesaja en Miga omskryf. Hy merk op dat Jesaja en Miga nie vrede beskryf in terme van die afwesigheid van 'n modaliteit soos oorlog nie, maar in terme van verhoudings. Vrede spruit uit 'n verhouding wat by God begin en wat dan in 'n verhouding met die medemens geleef word. Coetsee en Viljoen (2021:2) haal ook Viljoen aan wat die opdrag van vrede in Matteus tydens Jesus se bergpredikase ondersoek. Hier word Jesus se volgelinge uitgedaag om vredemakers te wees te midde van 'n onverdraagsame samelewing. Die vertrekpunt word geneem uit die sewende saligspreking, "geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (Mt 5:9, 1983 Afrikaanse Vertaling). Uit hierdie twee argumente is dit duidelik dat dit vir vaderfigure belangrik is om as agente van God se shalom op te tree en daardeur jongmense te help om hul lewens te navigeer met al die uitdagings wat hulle in die gesig staar.

Newbigin (1978:54) probeer die betekenis van shalom vereenvoudig. Hy noem dat die mees eenvoudige, dog omvattende stelling wat die visie en missie van die kerk beliggaam, gevind word in die woorde van Jesus: "vrede vir julle". Hy gaan voort en noem dat shalom, die mees omvattende seën van YAHWEH, sentraal staan binne die koninkryk van God. Volgens Newbigin (1978:54) is die kerk 'n beweging wat God se gawe van vrede aan die wêreld betoon.

3.4.3.2. Shalom as heelheid

Shalom spreek ook van heelheid. As 'n konsep van heelheid word gesondheid gedefinieer in die lig van die Bybelse visie van shalom, dit wil sê redding, wat God se koninkryk beliggaam (WCC, 2010:2). Heelheid word dus nie as 'n statiese balans van harmonie beskou nie, maar as 'n manier om met God, ander mense en die omgewing te leef. Hierdie konsep van gesondheid wat onlosmaaklik gekoppel is aan 'n verhouding met God en ander is gebaseer op die idee dat God begeer dat ons in harmonie met onself, mekaar en die omgewing moet lewe. Om in gesondheid te leef beteken om daardie verhouding te eer (WCC, 2010:2). Wanneer ons die holistiese aard van gesondheid verstaan, kan ons sien dat genesing nie net gaan oor die behandeling van fisiese simptome nie, maar ook oor die herstel en koestering van verhoudings wat beskadig is. Die herstel van hierdie verhoudings kan lei tot 'n groter gevoel van welstand en konneksie, en kan ons nader aan God bring.

3.4.3.3. Shalom as God se normatiewe bedoeling

Vaders en vaderfigure as deel van geloofsgemeenskappe kan 'n dinamiese rol speel in die verkondiging van God se vrede, veral onder jongmense maar ook binne die groter samelewing. Volgens Sherman (2022:14) is shalom God se normatiewe bedoeling vir die mens. Shalom is wat ons in sy oorspronklike skepping vind, en shalom is wat die nuwe hemel en nuwe aarde in sy voleindigde koninkryk sal kenmerk. Anders gestel, God het die mens geskape om te floreer. God begeer dat ons in shalom leef – vrede, harmonie en heelheid – sodat ons die florerende en oorvloedige lewe wat hy vir ons beplan het, kan ervaar (Sherman, 2022:14) . Deur die kerk as 'n shalom-soekende agent te verstaan, vra dit 'n holistiese benadering tot die missie van die kerk, wat beide verkondiging en sosiale aksie insluit. Hierdie ekklesiologie beklemtoon die belangrikheid daarvan om te werk na vrede en geregtigheid in die wêreld, wat die kerk in staat stel om sy missie uit te leef om 'n getuie van God se liefde en barmhartigheid te wees. Die kern van hierdie ekklesiologie is die oortuiging dat die kerk se "bestaan nie 'vir homself' is nie, maar eerder 'vir ander'" (Gutierrez, 1998:147).

3.4.4. Vaderfigure en Missionale bewustheid

3.4.4.1. Vaderfigure as kwesbare mede-leerders

Zscheile (2012:19) argumenteer dat die praktyk van missionale vaderskap berus op die beginsels van kwesbaarheid en is nie aangewese op dwang of swakheid nie en is nie aangewese op wêreldse krag, solidariteit en diens eerder as oorheersing en welwillendheid nie, en omhels ander eerder as om hulle uit te sluit. Dit is gewortel in 'n geloofsvervulde verhouding met God en is gebaseer op liefde en vertroue in God se plan. Missionale vaderskap gaan daaroor om saam met kinders te stap, hulle te koester en hulle te help om te groei in hul geloof en verhouding met God.

In die opvoeding van jong seuns moet vaders daarteen waak om 'n nuwe, verbeterde uitgawe van die "ou man" te skep, maar eerder die seun help om te ontdek wat hy het of nie het nie. Met hierdie benadering sal die vader die seuns help om in unieke individue te ontwikkel. Verder moet vaders jongmense leer om uitdagings te hanteer omdat uitdagings in die lewe 'n gegewe is. Die kernvraag gedurende so 'n gesprek is of uitdagings aangepak gaan word met eerlikheid en waardigheid; of sal daar na ontvlugting gesoek word deur die gebruik van drank, dwelms en ontverantwoordelike seks (Gallo, 2023).

Malan Nel (2021:24) noem dat konteks die kern is van missionaliteit en dat enige missionale kredietwaardigheid bekom word deurdat gemeentes kontekstueel relevant is. Hiermee word gesuggereer dat missionale bewustheid slegs gekultiveer kan word wanneer daar 'n sterk begrip is van die konteks waarbinne gemeentes funksioneer. Missionale bewustheid begin by die verstaan van missionaliteit.

3.4.4.2. Noodsaaklikheid van sterk onderliggende spiritualiteit

Volgens die navorser impliseer deelname van Christelike vaders en vaderfigure aan die *missio Dei* 'n geestelike reis met 'n sterk onderliggende spiritualiteit asook 'n onderskeidingsvermoë wat gesien word as die eerste stap in sending. Die missionale kerk, waarvan Christelike vaders en vaderfigure deel behoort te vorm is 'n gemeenskap van volgelingen wat geroep is deur God se Gees op 'n reis van onderskeiding. Volgens die navorser is dit daarom noodsaaklik vir vaders as missionale agente om streng volgens God se Woord te wandel en genoegsame tyd in gebed te spandeer om hulle te help met onderskeidingsvermoë ten einde

jongmense te navigeer in die uitdagende tye wat hulle in die gesig staar. Baron en Maponya (2020:9) stel voor dat sending vanuit 'n hedendaagse Suid-Afrikaanse perspektief in die vorm van 'n getuienis moet wees as 'n profetiese visie vir die gemeenskap as geheel. Die skrywers gaan verder en noem dat die onus op kerklidmate rus om beter burgers te word en beskermers te wees van die omgewing. Verder moet die lidmate, wat insluit vaders en vaderfigure, finansiëel opgevoed word ten einde ingeligte finansiële besluite te maak en hiermee saam moet daar ook 'n politieke bewustheid gekweek word.

3.4.4.3. Sendinggerigte leefwyse

Freeks (2019:3) noem dat om soos Christus te wees, is om aktief te wees in sending wat beteken om die Evangelie oral te verkondig, hetsy by die huis, kerk of in die gemeenskap. Dit behels om doelbewus in interaksies en gesprekke te wees, asook om 'n lewe te lei wat die leringe van Jesus Christus en sy liefde vir alle mense uitbeeld. Dit vereis ook om vrygewig te wees met hulpbronne en tyd, en aktief in diens te wees sodat die Evangelie deur ons daede, sowel as ons woorde, versprei word.

Gesinne, wat vaders en vaderfigure insluit, kan missionaal wees op 'n aantal maniere, soos om hul bure te ken, betrokke te wees by hul kinders se skole, deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite, om behoeftiges te help, hetsy fisies of geestelik, en om te bid, veral vir diegene wat nog nie die Evangelie aangehoor het nie (Magruder, 2014). Dit help om nie net om die goeie nuus van Jesus Christus aan ander te versprei nie, maar dit dien ook as 'n voorbeeld van God se liefde en deernis vir diegene wat kyk. Dit bied 'n tasbare, werklike voorbeeld van hoe om 'n lewe van geloof te leef en hoe om diegene rondom ons lief te hê en hulle in so 'n mate te beïnvloed dat hulle lewens God gerig sal wees.

3.5. SLOTSOM

In hierdie hoofstuk het die navorser probeer om die ontwikkeling van die term *missio Dei* te verduideik deur die Edinburgh Wêreldsendingkonferensie van 1910 as 'n vertrekpunt te gebruik. Hierdie konferensie het oorsprong gegee aan vele daarna wat geleidelik ook 'n paradigmaskuif rakende sending teweeggebring het. Die vestiging van die term *missio Dei* tydens die Willigen Wêreldsendingkonferensie van 1952 het sending op 'n totale nuwe trajek gestuur. Die konsep van die sending van

God is krities teenoor die konsep van die kerkgesentreerde en imperialistiese sending. Dit beklemtoon dat die finale doel van die sending die vestiging van God se heerskappy is. Die konsep van die sending van die drie-enige God brei die horison van sending na die sekulêre wêreld uit, en die kerk word geroep om deel te neem aan die werk van God in elke openbare sfeer van die menslike lewe (Youn, 2018:228).

In hierdie hoofstuk is gedemonstreer dat sending in wese gesien is as evangelisasie van “weste na die res”. Die geleidelike verandering in die missionale teologie oor die afgelope paar dekades het getoon dat God se sending (*missio Dei*) nie tot sekere geografiese gebiede beperk of aan 'n spesifieke groep mense toegewys kan word nie. As deel van God se sending om die mensdom aan Homself te herstel (deur die stuur van Jesus), roep Hy sy Kerk, wat vaders en vaderfigure insluit, op om aan die sending deel te neem.

Die paradigmaskuif van die wêreldsendingdiskoers plaas die vaderfiguur sentraal binne God se plan om sy shalom na jongmense te bring in 'n stukkende, verwonde wêreld. Vaders en vaderfigure speel 'n kritieke rol om waardes in kinders en jongmense se lewens te vestig en te ontwikkel. Hulle moet doelbewus vir kinders en jongmense die Woord van God leer en saam met hulle stap in hul geestelike reis. Hulle moet ook goddelike gedrag modelleer, sodat hulle kinders kan sien hoe dit lyk om in gehoorsaamheid aan God te lewe.

HOOFSTUK 4: N MISSIONALE EKKLESIOLOGIE IN VESTIGING VAN MISSIONALE VADERS

4.1. INLEIDING

Die hoofstuk bespreek die oorsprong van die konsep missionale kerk, die betekenis daarvan in die konteks van Suid-Afrika, en hoe om missionale vaders te vestig en te ontwikkel. Christelike geloof word gekenmerk deur 'n eiesoortige, anderse lewenstyl wat moontlik gemaak word deur die genadige optrede van die Heilige Gees en is die uitkoms van gemeenskaplike aktiwiteite wat deur lede van die Christelike gemeenskap onderneem word in die konteks van hul samekoms, opbou en sending. 'n Belangrike aspek van missionale ekklesiologie is geloofsvorming en geestelike ontwikkeling binne die kerk. Dit beklemtoon die betekenis van die kerk as uitdrukking van God se lewe.

4.2. *missio Dei* en Missionaal: Konseptuele bespreking

Dit is waar dat die meeste mense glo dat sending 'n instrument van die kerk is, 'n manier om die kerk te laat groei. Sending is egter 'n instrument van evangelisasie en uitreik wat ver buite die mure van die kerk strek tot in die lewens van individue en gemeenskappe. Alhoewel Christene gereeld sê: "Die kerk het 'n sending," maar volgens missionale teologie sou 'n meer korrekte stelling wees "die sending het 'n kerk" (Hirsch, 2006:63). Elke volgeling van Christus moet daarna streef om 'n verteenwoordiger en agent van God se koninkryk te wees. Hierdie agentskap moet in elke sfeer van 'n dissipel se lewe uitgeleef word omdat ons almal sendelinge is wat na die wêreld gestuur is. Om missionaal te wees beteken om sending te doen net waar jy is.

4.2.1. Oorsprong van missionale diskoers

Volgens Zscheile (2012:5) het die missionale diskoers sy oorsprong toe die kerk in die Weste begin besef het dat die verhouding tussen die kerk en sy omliggende omstandighede verander het. Hierdie proses het ook meegebring dat die kerk sy sosiale sentraliteit begin verloor het. Die kerk se identiteit sal voortaan bepaal word deur sy deelname aan die drie-enige God se sending in die totale skepping wat beteken dat die mens belangrik is in God se verlossingsplan maar nie die enigste

element daarvan is nie. Uit 'n missionale ekklesiologiese oogpunt beteken dit dat God se sending 'n kerk het en word daar afgesien van die tradisionele sienswyse dat die kerk 'n missie het. Die missionale kerk is hierom 'n produk en deelnemer aan God se sending (Zscheile, 2012:5).

Wanneer die term missionaal as beskrywend toegepas word tot die Christendom of individuele Christene, word dit beskryf as 'n leefstyl wat doelbewus eksosentries is, bedoelende dat 'n sodanige leefstyl gesentreerd is op 'n uitkyk wat na buite gerig is. So 'n leefstyl verbreek grense in plaas daarvan om dit in plek te probeer behou. Missionale Christen-wees is 'n deurlopende proses en 'n geleefde ervaring in plaas van 'n voorafbepaalde, vasgestelde ingestelheid of patrone van optrede (Zscheile, 2012:6). Dit word 'n leefstyl soos beskryf word in die woorde van St Teresa of Avila:

Christ has no body but yours, no hands, no feet on earth but yours. Yours are the eyes with which he looks compassionately on this world. Yours are the feet with which he walks to do good. Yours are the hands, with which he blesses all the world (Manneh, 2018).

Die missionale kerkdiskoers kombineer twee begrippe van God se werk in die wêreld, naamlik: dat God 'n sending het in die skepping as geheel en dat God 'n verlossingsplan het vir die skepping deur die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus. In ag genome hierdie twee perspektiewe beskryf Van Gelder (2007:85) 'n missionale verstaan van God se werk in die skepping as volg: deur die verlossende heerskappy van God in Christus Jesus poog God om sy koninkryk te laat geld in elke dimensie van die lewe sodat sy groter doel, die *missio Dei*, elke area van die skepping kan penetreer. Die wêreld is die teiken van hierdie missionale begrip en die kerk staan sentraal binne hierdie aktiwiteit. Vir die kerk om die begrip missionaal te verstaan moet dit gegrond wees in die werk van die Heilige Gees wat die kerk as gemeenskap bymekaar roep. Hierdie gemeenskap word deur die Heilige Gees toegerus en gestuur om deel te neem aan God se sending.

'n Holistiese beskrywing van gestuurdheid beteken die onderskeiding, bekendmaking en uitleef van die Bybelse waarheid dat die Evangelie die goeie nuus van God is. Hierdie boodskap word uitgedra deur die kruisiging en opstanding van Christus Jesus vir individue, vir die gemeenskap en vir die skepping. Al drie hierdie komponente is gebroke en ly as gevolg van sonde en is daarom almal ingesluit in die

verlossende liefde van God wat dit deel maak van God se omvattende sending vir sy mense (Woolnough & Ma, 2010:1).

Met die uitbreiding van pluralisme word die tradisionele deklamatoriese/konfronterende evangeliese benadering tot sending al hoe minder kultureel toepaslik. As 'n samelewing wat aansprake van absolute waarheid verwerp en aanvaar dat alle godsdienstige standpunte ewe geldig is, is daar 'n werklike behoefte om te bepaal hoe Christelike waarhede ondersoek kan word. Om dit te doen, is dit noodsaaklik om maniere te vind om die evangelie aan te bied op 'n manier wat nie 'n mens se oortuigings op 'n ander afdwing nie, maar eerder oop dialoog en respekvolle uitruil van idees toelaat (Arthur, 2015).

4.3. HISTORIESE OORSIG: MISSIONALE KERK DISKOERS

Die kerk is in sy aard missionêr en daarom is 'n ekklesiologie sonder missiologie 'n kortsigtige begrip van die kerk (Guder, 2015:5). Guder herinner sy lesers daaraan dat die vroeë kerk 'n gemeenskap van sending was. Die kerk is gestig deur bekeerlinge en gegroei deur bekeerlinge. In sy vroeë dae was die kerk omring deur die onbekeerdes, wat beteken het dat numeriese groei nodig was. Daar moes dus uitgereik word na diegene wat nog nie deel van die kerk was nie. Wanneer ons die boek Handelingte lees, sien ons hoe die kerk uitbrei van Jerusalem na Judea, dan Samaria tot aan die eindes van die aarde. Die kerk was vurig oor sending omdat dit 'n oorlewingsmeganisme was (Guder, 2015:15). Hierdie voortsetting van sending kan beskryf word as 'n spanning tussen wat God alreeds gedoen het deur Christus teenoor dit wat Hy belowe en alreeds begin het.

Die konsep van missionale kerk is dalk die beste uitdrukking van ekklesiologie om die kontekstuele uitdagings wat die era van versnelling stel, aan te spreek, veral aangesien idees soos kontekstualisering, die verwelkoming van die vreemdeling en getroue teenwoordigheid te midde van chaos, deel is van die missionale kerk, aldus Niemandt (2019:153). Vervolgens fokus die navorser op die missionale diskoers vanuit 'n Noord-Amerikaanse en Suid-Afrikaanse perspektief.

4.3.1. Noord-Amerika

4.3.1.1. Die popularisering van die term *missio Dei*

Die popularisering van die term *missio Dei* het gedurende die afgelope paar dekades geweldig momentum gekry, nie net onder missioloë nie, maar ook in die groter arena van teologie. Hierdie beweging het aanleiding gegee tot die skepping van missionale teologie as 'n area van spesialiteit. Guder (1998:4) maak die stelling dat "geen area van teologiese werk of kerklike praktyke onaangeraak is deur die teologiese agenda van die *missio Dei* nie". Die term *missio Dei* self, vertaal as óf "sending van God" of "stuur van God," word toegeskryf aan 'n artikel deur die Duitse missioloog, Karl Hartenstein, wat in 1934 gepubliseer is. Die verbinding van sending en die leerstelling van die Drie-Eenheid was 'n idee wat deur Karl Barth gevestig en deur Hartenstein verder ontwikkel is (Rozko, 2012:3).

Dit was by die Willingen Konferensie in Julie 1952 dat 'n nuwe model van sending voorgestel is wat duidelik verwoord het dat God se verlossingsaksie in die wêreld die kerk voorafgaan. Dit beteken dat die kerk homself nie as die beginpunt vir sendingaktiwiteit moet beskou nie, aldus Anderson (1961:302). Sending, voor Willingen, was voorheen geneig om gedefinieer te word in terme van die praktyke of optrede van die kerk. Willingen het sending egter stewig as 'n handeling van God geplaas. Die werk van Newbigin weerspieël hierdie verskuiwing. Volgens Anderson (1961:302) is sending nie primêr die uitoefening van die kerk wat sy eie krag en wysheid gebruik om die wêreld rondom hom te verower nie; dit is eerder die uitoefening van God se Gees om die universele werk van Christus vir die redding van die wêreld nader aan voltooiing te bring. Met ander woorde, sending is deel van God se voorafbestaande doel, 'n doel wat in die menslike geskiedenis uitgewerk word deur die krag van die Heilige Gees. Dit beteken dat sending nie iets is wat die kerk doen nie, maar iets wat God deur die kerk doen. Die bepalende frase wat later gebruik is om hierdie siening van sending te konseptualiseer, was *missio Dei* (Tennent, 2010:4). Hierdie nuwe konsep is later deur feitlik alle Christelike oortuigings omhels. Die begrip het deur byeenkomste en publikasies die arena van teologiese en kerklike besinning begin infiltrer (Bosch, 2011: 44).

Guder (2015:4) noem dat Paulus se briewe geskryf is aan die hand van sy missionêre aktiwiteite en dat die evangelieboeke ook 'n missionêre refleksie is op die

lewe en bediening van Christus. Guder gaan verder en noem dat die kerk deur sending gedefinieer word en indien dit nie die geval is nie, word die skopus van die kerk baie beperk. Nelson (2011:19) eggo hierdie siening en noem dat in plaas daarvan om sending as 'n funksie of aktiwiteit van die kerk te beskou, beskou die kerk homself nou as 'n funksie van sending, wat God se voornemens in die wêreld vervul. Deur die kerk as 'n subset of funksie onder sending te plaas, word verklaar dat sending dien as die raamwerk waarbinne die kerk sy identiteit, karakter, motivering en roeping vind. Hierdie begripsverskuiwing is gebaseer op 'n holistiese siening van die kerk, wat dit sien as deel van 'n groter missionale beweging wat besig is met God se verlossingswerk in die wêreld. Die kerk se primêre doel is om 'n aktiewe en getroue deelnemer aan daardie sending te wees, eerder as 'n instelling wat gedien moet word.

4.3.1.2. Gospel and Our Culture Network (GOCN) – die ontstaan

Nadat hy in 1974 uit sendingwerk getree het, het Newbiggin na Groot-Brittanje teruggekeer met die grootste impak op die missionale kerkbeweging, veral in Noord-Amerika, aldus Aniol (2013:2). Hy het 'n sleutelrol gespeel in die formulering van resolusies en beplanningsdokumente wat uit die Willingen-vergadering voortgespruit het. Na sy terugkeer het Newbiggin opgemerk dat die Westerse beskawing nou dieselfde soort kruiskulturele bediening vereis wat hy by Willingen voorgestaan en bereik het terwyl hy in die buiteland gedien het. Hy het aangevoer dat die Westerse kerk die globale realiteite van die post-moderne wêreld moet erken en 'n missionale strategie moet ontwikkel wat die werklikheid weerspieël (Aniol, 2013:2). Hy het gepleit vir 'n globale benadering tot sending en 'n verbintenis tot kruiskulturele dialoog, wat hy geglo het die kerk sou help om effektief betrokke te raak by sy vinnig veranderende konteks. Newbiggin het erken dat die Weste "post-Christelik" en pluralisties geword het. Hy het die kerk in die Weste aangemoedig om te streef na 'n "ware missionêre ontmoeting" met sy kultuur. Hy het die indringende vraag begin vra: "What would be involved in a missionary encounter between the gospel and this whole way of perceiving, thinking, and living that we call 'modern Western Culture'?" (Newbiggin, 1986:1).

Ten spyte daarvan dat dit nie dieselfde internasionale omvang as groot Protestantse, Katolieke en Ekumeniese konferensies het nie, was die Gospel and Our Culture

Network (GOCN) 'n katalisator vir teologiese beweging binne die bediening. As gevolg van Lesslie Newbigin se gesprek oor die Evangelie en ons kultuur in die 1980's, is die GOCN 'n uitdrukking van hierdie gesprek.

Hierdie netwerk is geïnspireer deur verskeie van Leslie Newbigin se vroeë werke, insluitend *The Open Secret* (1978), *Foolishness to the Greeks* (1986), en *The Gospel in a Pluralist Society* (1991). In *Bearing the Witness of the Spirit* (2000) verskaf George R. Hunsberger 'n omvattende ontleding van die invloed van Newbigin se teologie van kulturele pluraliteit op hierdie sendings (Jorgensen, 2004:553).

GOCN het ten doel gehad om teoloë van 'n verskeidenheid agtergronde en denominasies bymekaar te bring en om dialoog tussen hulle te bevorder. Dit het die deel van idees en die ontwikkeling van nuwe insigte en maniere van dink oor die evangelie en kultuur moontlik gemaak (Van Gelder, 2009:2). As gevolg van George Hunsberger se leierskap in die middel 1980's, is die Amerikaanse GOCN gestig. Soos die GOCN momentum gekry het, het betekenisvolle teologiese werke begin publiseer word, waarvan die belangrikste *Missional Church* (1998). Guder se boek het 'n belangrike hulpbron vir kerkleiers geword, aangesien dit 'n raamwerk verskaf het om die missionale kerk te verstaan en hoe om dit tot lewe te bring. Dit het gehelp om die GOCN se missie en praktyke te vorm en het 'n grondteks vir missionale teologie geword (Van Gelder, 2009:4).

4.3.1.3. Gospel and Our Culture Network (GOCN) - die impak

Die teologie en praktyk van die gestuurde kerk is 'n kulminasie van denkstrome wat uit die katolieke, ekumeniese en evangeliese tradisies kom (Jorgensen, 2004:553). Die netwerk is gestig om 'n platform te bied vir teoloë, geleerdes en praktisyns om die implikasies van die evangelie vir kultuur te bespreek, en om Christene te help toerus om hul geloof in hul plaaslike kontekste uit te leef. Die term missionale kerk is geskep deur die Amerikaanse Gospel and Our Culture Network (GOCN). Dit kan duidelik gesien word in die boek *Missional Church. A Vision for the Sending of the Church in North America* (Guder 1998). Hierdie boek was die resultaat van 'n driejarige studieprojek wat daarop gemik was om die situasie van die Amerikaanse kerk te analiseer en om sy uitdagings binne 'n sendingkonteks te definieer. Hierin

word missionaal gedefinieer as “the essential nature and vocation of the church as God’s called and sent people” (Guder, 1998:8).

Die boek skets ‘n nuwe manier om die missie van die kerk in Noord-Amerika te verstaan, en beklemtoon die behoefte aan ‘n missionale postuur eerder as ‘n onderhoudsgerigte een (Jorgensen, 2004:554). Dit vra die kerk om betrokke te raak by missionale aktiwiteite wat lei tot ‘n dieper begrip van God en die behoeftes van die wêreld, en om betrokke te raak by die transformasie van die samelewing. As skrywer van ‘n ander boek, *The Continuing Conversion of the Church* (Guder 2000), stel hy die vraag oor die herbesinning van teologie, evangelisasie, aanbidding, leierskap en struktuur van die kerk met betrekking tot die vernuwing van die kerk. Gevolglik is dit noodsaaklik dat kerke stappe doen teen evangelie reduksionisme. Die vroeë kerk het van ‘n beweging tot ‘n formele instelling ontwikkel (Guder, 2000:103). Konstantyn¹² se kerk het die verstaan van die evangelie as ‘n gebeurtenis vervang deur ‘n gedefinieerde geloofsstelsel gebaseer op waarhede te formuleer. Daar is gedink dat die Koninkryk van God die ewige bestaan is wat op ‘n Christen na die dood wag, en verlossing is aan individue verskaf deur die sakramente van die kerk. In die proses het die evangelie meer gefokus op individuele verlossing en minder op die kollektiewe geestelike transformasie van die mensdom. Hierdie verskuiwing weg van die holistiese evangelie van Jesus is “evangelie-reduksionisme” genoem. Gevolglik is dit belangrik dat kerke wegbeweeg van evangelie-reduksionisme en meer fokus op die transformerende krag van die evangelie, soos Jesus dit bedoel het (Guder, 2000:103).

In die eerste plek glo ‘n missionale kerk dat die Bybelse mandaat vir sendingwerk sy primêre dryfveer is. Die missionale kerk verstaan dat uitreik nie net een bediening onder baie is nie, maar die oorkoepelende idee is van wat dit beteken om ‘n kerk te wees (Aniol, 2009:3). Terwyl evangeliese kerke tradisioneel op evangelisasie en sending gefokus het, beskou die missionale kerk dit as ‘n kernelement van sy bestaan. Volgens Aniol (2009:3) beteken dit dat die missionale kerk sy missie sien as nie net iets om te doen nie, maar eerder as iets wat definieer wie hulle is en hoe

¹² Konstantyn het die Christelike geloof die hoof godsdienst van Rome gemaak en Konstantinopel geskep, wat die magtigste stad in die wêreld geword het.
<https://www.nationalgeographic.com/culture/article/constantine>

hulle hul bedieninge uitvoer. Dit is 'n holistiese benadering tot uitreik, waar evangelisasie en sending die grondslag word van alles wat die kerk doen.

Guder en ander in die GOCN het die tema gekultiveer: "re-centering mission in its God-centered purpose" (Guder, 1998:4). Dit is belangrik vir missionale denke om weer op God te fokus eerder as die kerk of die individu, want God is inherent in die middelpunt. Diegene wat in die sendingteorie glo, argumenteer dat God sy sending vir die mensdom sedert die begin van tyd vervul het, en dat die doelwitte van sy mense by daardie sending pas.

Gibbs (2000:56) som die GOCN se indikatore vir 'n missionale kerk as volg op:

- 'n Missionale Kerk is 'n kerk wat daarop ingestel is om mense te leer hoe om volgens Jesus se leringe te lewe en om die evangelie met ander te deel. Deur die Evangelie uit te leef, kan lidmate meer soos Jesus word en groei in hul geloof.
- Die Bybel is die bron van alle leerstellings, lering en onderrig vir die kerk. Dit is die uiteindelijke gesag vir die kerk en verskaf 'n basis vir hoe die kerk moet leef en optree.
- Christus se lewe van diensbaarheid, dood aan die kruis en opstanding tot nuwe lewe laat die kerk toe om beide in die wêreld te wees maar ook nie deel daarvan nie. Dit neem deel aan die lewe van die wêreld, maar nie in die sondigheid daarvan nie, en is eerder daarop gefokus om die waardes van geregtigheid en barmhartigheid wat Christus demonstreer, te beliggaam.
- Binne 'n missionale kerk word daar saamgewerk om uit te vind hoe God gelowiges roep om in die wêreld te dien en maniere waarop hulle hul gawes en hulpbronne kan gebruik om sy sending te bewerkstellig. Dit sluit in om na die behoeftes van hul gemeenskap te kyk en hoe hulle die beste in daardie behoeftes kan voorsien.
- Binne 'n missionale kerk gee gelowiges om vir mekaar, ondersteun mekaar en bid saam vir geestelike leiding. Dit behels ook dat gelowiges saam die Bybel bestudeer en mekaar aanmoedig om volgens God se beginsels te lewe.
- 'n Missionale kerk bied 'n veilige, nie-veroordelende ruimte om te praat en moeilike emosies te verwerk. Die kerk is dus 'n plek van troos en hoop. Dit

kan ook hulpmiddels verskaf om individue te help om deur hul stryd te werk en 'n pad na vrede en begrip te vind.

- Binne 'n missionale kerk is daar 'n gevoel van gemeenskap waarin mense verantwoordelik is vir mekaar uit liefde vir mekaar as gevolg van die band wat hulle deel.
- Deur byeenkomste vorm gelowiges 'n gemeenskap wat kan deel in God se liefde, genade en barmhartigheid. Deur aanbidding kan hulle lof en danksegging aan Hom bied, en op hul beurt bemagtig word om sy liefde en genade aan die wêreld te versprei.
- Missionale kerke is plekke van aanbidding en diens aan God, sowel as 'n bron van ondersteuning en gemeenskap vir lede van die geloof. Deur die beoefening van gebed, Bybelstudie en diens aan die gemeenskap, is kerke plekke waar gelowiges bymekaarkom om hulle geloof te beoefen en die teenwoordigheid van God te ervaar.
- Binne 'n missionale kerk is die Koninkryk van God 'n geestelike werklikheid wat nie volledig in fisiese vorm uitgedruk kan word nie. Gevolglik is die kerk, wat 'n fisiese manifestasie van die Koninkryk van God is, 'n onvolledige uitdrukking van die Koninkryk se geestelike aard.

Vroeër is sending gesien as een van die kerk se verskeie bedieninge; nou is sending deel van God se sending en nie deel van die kerk nie. Hirsch (2009:14) stel dit bondig dat "die kerk sending moet volg." Die idee dat die kerk deel is van sending eerder as andersom, het belangrike implikasies vir hoe missionale denkers die kerk se rol in sy kulturele konteks beskou. Hierdie idee impliseer dat die kerk nie 'n outonome entiteit is nie, maar eerder 'n integrale deel van God se sending na die wêreld. Dit stel verder voor dat die kerk moet fokus op sending as sy primêre doel, eerder as om sending as 'n opsionele of randaktiwiteit te sien. Hierdie begrip van sending en die kerk se rol daarin het verreikende implikasies vir hoe die kerk met sy kulturele omgewing omgaan.

4.3.2. Suid-Afrika

4.3.2.1. Missionale Kerk in Suid-Afrika: Beginjare

Eers ná 1998, toe die bekende boek *Missional Church* (Guder) verskyn het, word die woord missionaal deel van die kerk se woordeskat in Suid-Afrika. Burger et al. (2017:20) noem dat missionêr en missiologies toe reeds bekend was, maar missionaal was iets nuuts. Die boek het 'n nuwe manier van dink oor sending en kerk uiteengesit, en dit het vinnig 'n bekende konsep geword. Dit was 'n belangrike verskuiwing weg van die tradisionele missionêre ingesteldheid, en dit het die deur oopgemaak vir 'n nuwe soort kerk wat meer daarop gefokus was om missionaal in hul benadering te wees.

Burger et al. (2017:65) haal Marais aan wat sê dat die Suid-Afrikaanse sendingbeweging in alle erns begin het rondom 2007. Die missionale beweging in Suid-Afrika word verduidelik deurdat Marais die *Southern African Partnership for Missional Churches* (SAPMC) gebruik as 'n vertrekpunt. 'n Vennootskap is gevorm tussen tien pionier Nederduitse Gereformeerde gemeentes om die Buro vir Voortgesette Teologiese Onderwys om die SAPMC te vorm. Hierdie vennootskap het voorsiening gemaak vir die deel van hulpbronne en die nastreef van missionale doelwitte. SAPMC het leiding en ondersteuning aan die gemeentes verskaf op die gebied van teologiese onderwys, missionale praktyk en gemeentebou. Die missionale beweging in Suid-Afrika was grootliks suksesvol in sy pogings om 'n wye verskeidenheid mense te bereik.

Volgens Burger et al. (2017:65) is die Teologiese Onderwys (BUVTON, later herdoop Ecclesia en Communitas) in vennootskap met Missionale Kerke in die Verenigde State op Stellenbosch gestig onder leiding van Patrick Keifert. In 2004 het tien pionier Nederduitse Gereformeerde Kerke die SAPMC gestig ses jaar nadat *Missional Church* (Guder) gepubliseer is. Die NGK Algemene Sinode het in 2013 eenparig 'n beleidsdokument oor missionale ekklesiologie aanvaar. Oor die volgende paar jaar het die aantal vennootgemeentes van tien tot vyftig gegroei namate die tien pioniergemeentes vyf klusters in Suid-Afrika en in Namibië geplant het (Burger et al., 2017:65). Die SAPMC is geskep om 'n raamwerk vir kerke te verskaf om meer missionaal te word en om saam te werk om die Evangelie van Jesus Christus te bevorder. Die beleidsdokument is ontwikkel om te verseker dat die missionale

ekkesiologie behoorlik geïmplementeer word. Die groei van vennootgemeentes was te danke aan die suksesvolle implementering van die beleidsdokument en die verhoogde bewustheid van missionale ekkesiologie.

Burger et al. (2017:21) is van mening dat die term missionaal om die volgende redes sterk aanklank gevind het by 'n aantal mense binne die NGK. Eerstens was dit geassosieer met 'n sterk sendingaktiwiteit wat 'n deurslaggewende rol in die geskiedenis van die kerk in die NGK gespeel het. Daar was ook 'n gevoel van mislukking met betrekking tot die rol van die NGK in Suid-Afrika en 'n begeerte vir verbetering. Volgens Burger et al. (2017:21) is hierdie gevoel van mislukking is verder versterk deur die konteks van hul huidige sosio-ekonomiese situasie, waar daar 'n behoefte was aan transformasie en 'n begeerte om deel te wees van 'n missionale beweging wat sou help om hierdie transformasie teweeg te bring. Daarbenewens is die term missionaal gesien as 'n manier om die bespreking rondom die kerk se rol in die samelewing te herskep, aangesien hulle probeer het om weg te beweeg van die tradisionele fokus op evangelisasie en na 'n meer holistiese benadering tot sending. Derdens was daar die invloed van Dawid Bosch wat sendingleraar in die Oos-Kaap geword het. Sending is deur hom vanuit 'n breër perspektief beskou wat kwessies soos geregtigheid, sosiale besorgdheid en getroue getuïenis ingesluit het wat magstrukture bevraagteken het. Bosch se denkwyses het gehelp om 'n nuwe perspektief op sending te bring, een wat nie net op evangelisasie gefokus was nie, maar op die kerk se rol in die breër gemeenskap. Volgens Burger et al. (2017:21) het Bosch die belangrikheid van geregtigheid, sosiale besorgdheid en getroue getuïenis beklemtoon en gewys hoe hierdie elemente tot groter bemagtiging en impak in die samelewing kan lei. Boonop was daar reeds verskeie gemeentelike hervormingsbewegings binne die NGK werksaam voordat die term missionaal 'n modewoord en die term 'n algemene taal binne hierdie bewegings geword het.

McNeal (2009:xiv) glo dat om 'n missionale standpunt oor kerk in te neem, moet drie veranderinge gemaak word om dit te bereik: Eerder as om op hul eie kerklidmaatskap te fokus, sal 'n missionale kerk poog om hul gemeenskap te betrek en te dien. Eerder as om programme te ontwikkel, sal hulle daarop fokus om mense te ontwikkel en toe te rus vir diens. Laastens sal hulle fokus op die koninkryk van

God eerder as net die kerk, wat mense lei tot 'n dieper begrip van God se sending (McNeal 2009:xiv).

Volgens Pillay (2015:1) bestudeer universiteite en teologiese kweekskole binne die Suid-Afrikaanse konteks die impak van missionale ghoeroes soos Barth, Leslie Newbigin en Bosch. Die Fresh Expressions-beweging¹³ wat in Europa opduik, het sy weg na Afrika gevind. Fresh Expressions is 'n missionale benadering tot kerkgroei wat klem lê op die uitreik na mense in hul eie kontekste. Dit poog om die behoeftes van 'n nuwe generasie te verstaan en om geleenthede vir hulle te skep om die Evangelie op kultureel relevante maniere te ervaar, aldus Pillay (2015:1). Met ander woorde, dit gaan nie daaroor om mense in die kerk in te bring nie, maar eerder om die kerk in die wêreld in te bring - om die wêreld te transformeer om sodoende die heerlijkheid van God en Sy soewereine heerskappy oor alle dinge te weerspieël. Om dit te doen, moet die kerk by die veranderende konteks van sy kultuur aanpas, in outentieke verhoudings betrokke raak en die Evangelie beliggaam deur getuienis, diens en verkondiging (Pillay, 2015:1).

Volgens Niemandt (2019:154) is daar 'n aantal Suid-Afrikaanse kerke wat belangrike beleidsbesluite geneem het om die transformasie na 'n missionale kerk te fasiliteer en noem 'n paar, onder andere: die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Uniting Presbyterian Church of Southern Afrika, die Anglikaanse kerk met die spreukslag "Anglikaanse Vlam", Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika en Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA).

4.3.2.2. Missionale Kerk in Suid-Afrika: Tans

4.3.2.2.1. Toenemende belangstelling

Met die hernieuwe aandag wat in baie kontekste aan missionale kerke gegee word, insluitend Suid-Afrika en baie ekumeniese organisasies, word die konsep al hoe meer relevant. As sodanig kan die ondersoek na die implikasies en toepassing van 'n missionale benadering tot kerkbediening 'n waardevolle oefening wees. Aangesien die era van versnelling baie kontekstuele uitdagings bied, is die konsep

¹³ Die Fresh Expressions-beweging is 'n internasionale, nie-denominasionele, kreatiewe beweging van Christene wat poog om nuwe vorme van aanbidding te kweek vir diegene wat nie aktief in die kerk was nie of wat dit verlaat het. https://en.wikipedia.org/wiki/Fresh_expression

van missionale kerk miskien die mees effektiewe uitdrukking van ekklesiologie, aldus Niemandt (2019:153). Dit is veral waar omdat missionale kerke klem lê op kontekstualisering, die verwelkoming van vreemdelinge en getroue teenwoordigheid selfs in die aangesig van chaos. Deur 'n missionale benadering tot ekklesiologie te aanvaar, kan kerke daarop fokus om die wêreld op nuwe en kreatiewe maniere met die evangelie te betrek. Hulle kan byvoorbeeld gemeenskappe van ondersteuning en wedersydse sorg skep, doelbewus die gemarginaliseerdes en kwesbares dien en werk om verandering in hul plaaslike area teweeg te bring. Niemandt (2019:153) gaan verder en noem dat missionale kerke op so 'n wyse die evangelie uitleef op maniere wat relevant is tot hul eie konteks en 'n werklike verskil maak in die lewens van diegene rondom hulle.

Volgens Pillay (2017:2) beleef Suid-Afrika 'n missionale renaissance. Die meeste kerkleiers en kerke wil by hierdie sendingbeweging aansluit. Wat ook al hul redes is, een ding is seker: ons moet nuwe aanbiddingspraktyke aangryp. Deur nuwe aanbiddingspraktyke te verken, sal kerke in staat wees om beter met hul gemeentelede te skakel en 'n meer betekenisvolle ervaring te skep, aldus Pillay (2017:2). Dit sal help om 'n meer geestelike en betekenisvolle verhouding tussen die kerk en sy lede te bevorder, wat noodsaaklik is vir die missionale beweging. Dit is algemeen dat sending gesien word as 'n kwessie van doen, maar dit is eintlik 'n kwessie van kerkwees: besef dat God ons geroep en gestuur het om sy teenwoordigheid te wees.

Onder kerke van uiteenlopende agtergronde in Suid-Afrika was daar konsensus dat kerke betrokke moet wees by die armes, onderdrukte, MIV-pasiënte, kwesbare kinders, geslagskwessies, die bekamping van misdaad en korrupsie, en die beskerming van die omgewing sodat die kerk kan werk vir 'n gesonde en volhoubare samelewing (Van Niekerk, 2014:4). Hierdie konsensus is te danke aan die begrip dat dit kwessies is waarby die kerk betrokke moet wees as dit sy missie is om geestelike en sosiale transformasie te bewerkstellig. As sodanig het die kerk 'n verantwoordelikheid om hierdie kwessies aan te spreek op 'n manier wat ooreenstem met sy oortuigings en waardes.

Die AGS van Suid-Afrika, 'n Pinksterkerk waarvan die navorser deel is, het ook deel geword van die missionale diskoers binne Suid-Afrika en definieer die missionale kerk as volg:

‘n Missionale kerk is ‘n kerk waar alle lidmate hulself as aktiewe lede van die liggaam van Christus beskou, deur God geroep en gestuur om lig en sout te wees waar hulle ook al kom (AFM of SA, 2022).

Dit beteken dat daar van kerklidmate verwag word om proaktief te wees om hul geloof uit te leef en dit met die wêreld om hulle te deel. Die AGS van SA erken ook dat alle Christene deel is van ‘n groter missionale liggaam, wat saamwerk om die Evangelie te versprei. Dit is ‘n kerk wat na buite gefokus is, met ‘n hart vir sending en diens (AFM of SA, 2022). Lede word aangemoedig om die gemeenskap te dien en die liefde van God te bring aan almal met wie hulle in aanraking kom. Daar word ook van lidmate verwag om vrygewig te wees met hul tyd, talente en hulpbronne.

Die navorser is van mening dat gelowiges nie net geroep is om die evangelie te gaan verkondig nie, maar ook om die boodskap te wees. Dit is daarom noodsaaklik dat ons daarna streef om ‘n kerk te wees wat nederig, vrygewig en liefdevol is. Ons moet daarna streef om die liggaam van Christus in ons gemeenskappe te wees, wat bereid is om beide te dien en gedien te word.

4.3.2.2.2. Die Missionale Kerk as ontwrigtende beweging

As deel van God se sending (*missio Dei*), poog die missionale kerk om die wêreld weer as ‘n missionêre teenwoordigheid te beïnvloed. Gibbs (2000:51) beskryf dit as ‘n ontwrigtende beweging waardeur die kerk opnuut haar volle afhanklikheid van God besef. Hierdie ontwrigtende beweging is daarop gefokus om hoop en genesing na die wêreld te bring, terwyl dit verstaan dat die kerk deel is van die groter globale sending van God. Deur hierdie begrip poog die missionale kerk om verhoudings te bou en ‘n gevoel van gemeenskap te skep met diegene rondom hulle.

Aniol (2009:15) argumenteer dat kerke nou baie meer aandag gee aan die feit dat baie van hul aanbiddingsmetodologie deur kultuur eerder as die Skrif gevorm is, en hoe hulle gelowiges se aanbidding wat verlore is in baie kerke se evangelistiese herstrukturering kan herstel terwyl hulle steeds aanbidding verstaanbaar maak vir ongelowiges. Dit beteken dat kerke van naderby kyk na die manier waarop kultuur die manier waarop hulle aanbid gevorm het en hoe hulle ‘n balans kan vind tussen aanbidding op ‘n manier wat betekenisvol is vir gelowiges, asook op ‘n manier wat toeganklik is vir nie-gelowiges.

4.4. MISSIONALE EKKLESIOLOGIE

Gonzalez (2005:111) wys daarop dat kerksending gebaseer is op die innerlike stuur binne die drie-eenheid sowel as die stuur van die Seun deur die menswording. Die sending is God s'n, en al wat van die kerk verwag word, is om by God aan te sluit in sy voortdurende missie om die skepping te verlos. As sodanig skep die kerk nie sy eie missie nie, maar sluit hom eerder aan by God se doel en neem deel aan sy verlossingswerk. Whitmore (2018:2) sluit hierby aan en noem dat die *missio Dei* die sturende aard van die alomteenwoordige God bevestig. As deel van die sending erken gelowiges God se liefde en teenwoordigheid regdeur die skepping, en aanvaar ons sy uitnodiging om die drie-enige God te bevestig en te getuig deur ons dae en woorde. Omdat missionale ekklesiologie 'n samestelling is tussen die woorde missionaal en ekklesiologie wil die navorser kortliks reflekteer op hul individuele betekenis alvorens daar in meer diepte geargumenteer sal word rondom die betekenis van missionale ekklesiologie.

4.4.1. Missiologie

Missiologie is 'n tak van teologie wat fokus op die studie van sendingwerk, met 'n besondere klem op die Bybelse grondslae van sendingwerk en die praktiese toepassing daarvan (Hirsch, 2006:284). Dit behels ook om die kultuur, konteks en geskiedenis van sendingwerk te verstaan en te ondersoek hoe dit die beste in verskeie kontekste geïmplementeer kan word.

Nelson (2011:5) voer aan dat missiologie op twee verskillende maniere gedefinieer kan word. Diegene wat missiologie vanuit 'n sosiologiese perspektief beskou, beskou sending as die taak van 'n godsdienstige groep om sosiale kwessies aan te spreek en die lewenskwaliteit op 'n bepaalde plek te verbeter. Hierdie definisie van sending sluit aktiwiteite in soos armoedeverligting, toegang tot gesondheidsorg, onderwys en ander vorme van sosiale geregtigheid. Die ander siening is dat missiologie 'n kritiese, historiese en teologiese studie is van die goddelike doel van God soos verstaan deur die Christelike geloof (Hull, 2006:28). Hierdie perspektief beskou sending as die primêre aktiwiteit van God in die wêreld, en sien die kerk as deelnemend aan hierdie proses wat ook vormend van aard is. Volgens Hull (2006:28) word God se sending gesien as 'n goddelike aktiwiteit waarop die kerk reageer. Missiologie behels die studie van hoe God se plan vir die wêreld deur die

Bybel, geskiedenis en kultuur uitgedruk word. Dit kyk ook na hoe die kerk geroep is om aan daardie plan deel te neem, en hoe God se sending in die wêreld volbring kan word.

Dit is belangrik om daarop te let dat missiologie, as 'n dissipline in die akademie, geneig was om vroeg in sy geskiedenis op die menslike aspek van sending te fokus. Dit was veral gemoeid met die geskiedenis van Christelike verspreiding en die metodes waardeur die geloof versprei is (Nelson, 2006:6). Hierdie fokus het ook 'n klem op die teologiese en etiese implikasies van sending ingesluit, en 'n verkenning van hoe Christelike sending in wisselwerking met kultuur en samelewing in verskillende kontekste geskakel het. Gegewe bogenoemde, vereenselwig die navorser hom met die definisie van missiologie soos aangedui deur Hull (2006:28):

Missiologie kyk na hoe God deur individue, kulture en nasies werk, dikwels deur godsdienstige of geestelike middele, om sy doel te verwesenlik. Dit kyk ook na hoe Christene op hierdie sending gereageer het en hoe hulle probeer het om hul geloof uit te leef op 'n manier wat God eer.

Tans word dit algemeen erken dat missiologie nie bloot 'n buitepos van teologiese ondersoek is nie, nie een wat binne 'n kurrikulum gekompartementaliseer en bo-op Bybelse teologie, hermeneutiek en ekklesiologie gestapel word nie. Volgens Bosch (2011:13) is teologie intrinsiek missiologies aangesien dit gaan oor God van sending en God se sending. Alle teologiese kategorieë is dus ingrypend missiologies sowel as alle missionêre kategorieë diep teologies van aard. Hierdie siening is gebaseer op die oortuiging dat God se sending 'n weerspieëling is van God se missionale karakter, wat uitgedruk word in die drie-enige God se verhouding van liefde en gee van die self (Bosch, 2011:13). As sodanig is sending die kern van die evangelie, en dit vorm die hele teologiese raamwerk. Teologie moet dus vanuit 'n missiologiese perspektief verstaan word, en missiologie moet vanuit 'n teologiese perspektief verstaan word.

4.4.2. Ekklesiologie

Die doel van ekklesiologie is om die geskiedenis, strukture en praktyke van die kerk te ondersoek om te ontdek wat die kerk glo oor sy identiteit, doel en missie (Küng, 1967:6). Dit ondersoek hoe die kerk verwant is aan ander godsdienstige en sosiale instellings, en hoe sy leerstellings op die hedendaagse samelewing toegepas kan

word. Hooker (2009:2) verduidelik dat ekklesiologie dit is waarvoor die kerk verantwoordelik is en wat dit behoort te doen. Hierdie bespreking is gewortel in die Skrif, wat help om 'n raamwerk te bied vir die verstaan en interpretasie van die kerk se missie in die wêreld. Ekklesiologie verg ook 'n diepgaande begrip van die kultuur en konteks waarin die kerk funksioneer, sodat sy boodskap ontvang en verstaan kan word deur diegene op wie dit gerig is, aldus Van Gelder (2012:17).

Kärkkäinen (2002:14) se siening rondom ekklesiologie huldig dat die beeld van die kerk uit twee hoofkomponente bestaan. Die eerste word "paslike ekklesiologie" genoem, wat fokus op wat die kerk maak wat dit is. Die tweede word "die bediening, die struktuur en die sakramente van die kerk" genoem. Ekklesiologie dek eintlik onderwerpe soos die aard van die kerk en sy missie, sy verhouding tot die Koninkryk van God en sy begrip van die Drie-Eenheid. Die bediening, struktuur en sakramente van die kerk dek onderwerpe soos hoe die kerk georganiseer is, hoe sy sakramente bedien word en hoe sy bediening uitgevoer word.

Volgens Nelson (2011:7) behels ekklesiologie die identiteit, karakter, motivering en roeping van die kerk in 'n bepaalde konteks soos verstaan deur die Christelike geloof op 'n kritiese, historiese en teologiese wyse. Dit behels die bestudering van hoe die kerk oor tyd gegroei en verander het, hoe dit op verskeie uitdagings gereageer het, en hoe sy geloof en leerstellings sy rol binne sy eie kultuur en in die wêreld gevorm het. Dit behels ook die ondersoek van hoe die kerk die Bybel geïnterpreteer en toegepas het en hoe sy geloof sy verstaan van sy missie en doel gelei het.

Volgens die navorser gebruik God die kerk as voertuig waardeur sending vervul word. Om gestuurdheid dus ten volle te verstaan en uit te voer, moet 'n mens beide die sending en die kerk verstaan. Deur die twee dissiplines te kombineer, bied missiologiese ekklesiologie 'n holistiese benadering om die missie en doel van die kerk te verstaan. Die navorser wil binne die raamwerk van bogenoemde argumente 'n missionale ekklesiologie beskryf waarbinne missionale kerke missionale vaders en vaderfigure kan skep en ontwikkel.

4.4.3. Missionale Ekklesiologie

Nelson (2011:9) argumenteer dat God gesien is as die primêre agent in sending en daarom het sy missie of doel voorrang bo die kerk s'n in hierdie teologie - wat hoofsaaklik tussen 1952 en die 1980's ontwikkel is. Hierdie verskuiwing in

sendingteologie het die noodsaaklikheid van die kerk beklemtoon om sy missie met God se sending in lyn te bring. Dit het die kerk aangemoedig om God se missie om verhoudings tussen mense en God, tussen mense en ander mense, en tussen mense en die omgewing te herstel, te erken en op te tree. Sending was die primêre middel waardeur God se sending uitgedruk is: die Vader het die Seun gestuur, die Vader en Seun het die Gees gestuur, en die Seun en Gees het die kerk na die wêreld gestuur om die liefdessending van God uit te voer (Nelson, 2011:9).

As 'n missionale verstaan van die kerk, daag missionale ekklesiologie die kerk uit om "in werklikheid te wees wat sy deur haar aard is," om "die simbool van eenheid, die simbool van hoop en die simbool van verlossing" te word. Inderdaad, sy is die simbool van eenheid (Cushing, 1965:9). Volgens die navorser beteken dit dat die kerk 'n krag ten goede in die wêreld moet wees, wat mense uit alle vlakke van die lewe verenig en 'n impak moet hê op die gemeenskappe wat dit dien. Dit moet 'n plek van hoop en vertroosting wees, 'n plek van toevlug en genesing. Ten slotte moet dit 'n simbool van verlossing wees, wat 'n boodskap van genade en liefde verskaf aan almal wat kom. Hierdie missionale verstaan van die kerk poog om hierdie waardes te beliggaam en die status quo van die tradisionele kerke uit te daag.

4.4.3.1. Definisie van Missionale Ekklesiologie

Volgens Althouse (2009:18) is missiologiese benaderings tot ekklesiologie gebaseer op die idee dat die kerk se identiteit en doel gewortel moet wees in die missie van die drie-enige God. Die kerk is 'n weerspieëling van God se sending in die wêreld, en enige begrip van ekklesiologie moet begin met besinning oor die sending van God.

Die navorser definieer missionale ekklesiologie as 'n poging om die rol van die kerk in God se sending in die wêreld te verstaan en wat dit vereis om aan daardie sending getrou te wees. Dit ondersoek hoe die kerk 'n getuie van die evangelie moet wees en hoe dit sy roeping kan uitleef om die gemeenskap te dien, beide plaaslik en wêreldwyd.

4.4.3.2. Ontwikkeling van Missionale Ekklesiologie

In die laat 1800's het missiologie 'n tipe teologie van sending ontwikkel wat terugdateer na die laat 1700's en toe ook in die 1940's, aangesien missiologie 'n akademiese dissipline in die negentiende eeu geword het. Nuut ontwikkelde teologie van sending het daarop gefokus om sendelinge te stuur om die Evangelie te versprei, wat die grondslag gelê het vir meer moderne missiologiese teorieë en benaderings (Nelson, 2011:9). Dit is as belangrik geag vir die kerk om die evangelie aan alle nasies te versprei, en hierdie sendingpoging is gesien as 'n verlengstuk van God se opdrag om "die hele wêreld in te gaan en die Evangelie aan die ganse skepping te verkondig" (Markus 16:15).

Die Groot Opdrag is deur Jesus gegee in Matteus 28 en het gedien as die primêre teks wat sendingwerk ondersteun het. Dit is gesien as 'n oproep aan die kerk om Christelike geloof oor die hele wêreld te versprei, en daar is geglo dat die kerk proaktief moet wees om hierdie missie te vervul. Sendelinge het probeer om die Bybel as 'n gids te gebruik om hulle te help om die kulturele konteks van hul sending te verstaan, asook om 'n bron van gesag en inspirasie vir hul werk te verskaf (Nelson, 2011:10).

Deur die sturende natuur van God te erken, kan ons ons eie missionale rolle beter verstaan, en hoe ons sending deur God se sending gevorm word. Hierdie klem op die *missio Dei* het 'n stukrag verskaf vir groter teologiese besinning oor die aard van sending en die implikasies wat dit vir ons eie missionale betrokkenheid inhou. In sendingteologie, wat hoofsaaklik tussen 1952 en die 1980's ontwikkel is, word God as die primêre agent in sending beskou, en sy sending of doel geniet voorrang bo die kerk se sending, aldus Nelson (2011:10). Gevolglik het sendingteologie 'n raamwerk geword vir deelname aan sendingaktiwiteite wat op die Skrif en teologiese besinning gebaseer was.

Deur die ontwikkeling van 'n missionale hermeneutiek van die Skrif, is die oortuiging versterk dat God slegs in terme van sy missie geken word, dat God se bestaan en aard missionaal van aard is. Aangesien die kerk sy identiteit en lewe in God vind, kan sy nie ten volle verstaan word los van God se sending nie. Daar was nie meer 'n onderskeid tussen sending en kerk nie; die tweespalt tussen die twee konsepte is afgebreek in 'n intieme verhouding tussen die twee (Nelson, 2011:10). Missionale

kerke in plaaslike kontekste regoor die wêreld het die fokuspunt van bespreking oor sending geword. Hierdie verhouding is verder versterk deur die idee dat die kerk self missionaal is, die behoeftes van sy plaaslike gemeenskap erken en daarop reageer, en betrokke raak by dae van aanbidding wat God se oproep tot sending bevestig. Nelson (2011:10) noem dat hierdie missionale aard van die kerk nie net in die plaaslike konteks gesien word nie, maar ook in die globale impak daarvan, aangesien dit uitreik na en betrokke raak by ander kulture, lande en gelowe.

4.4.3.3. Missionale Ekklesiologie in Praktyk

Bosch (1991:372) noem dat die doel van sending nie vestiging van 'n Christelike ryk is nie en die voortbestaan daarvan is nie afhanklik van menslike ingryping nie. Die kerk is nie God se koninkryk nie, maar net 'n blik op wat kom. Dit is in die kerk waar gelowiges werklik die lewe van die nuwe tyd, die koninkryk daarbo, ervaar onderwyl dit erkening gee aan haar tekortkominge. Die *missio Dei* gee mense die geleentheid om te onderskei waarheen die Gees lei en om deel te neem aan die werk van God deur op 'n sinvolle wyse aan God se sending deel te neem. Dit is 'n oproep tot aksie, wat mense uitnoui om bewus te wees van die maniere waarop God reeds in die wêreld werk en om by daardie werk aan te sluit.

4.4.3.3.1. *Missio Interrupto*

Die *missio Dei* begin nie met die kerk nie en sal ook nie daarmee eindig nie omdat dit God se aksie is waardeur Hy die hele wêreld wil bereik. Cilliers (2021:25-26) verwys na die term *missio Interrupto* en noem dat dit tweeledig verstaan moet word. Dit verwys nie net na die ingryping van God se sending nie, maar dui op 'n ingryping en refleksie op die kerk se missie. Missionale ekklesiologie bou voort op die *missio Dei*. Dit beteken die aktiewe teenwoordigheid van die drie-enige God in sy skepping en die lewensveranderende uitnodiging om deel te neem aan hierdie sending van God (N'kwim, 2016:2). Hesselgrave en Stetzer (2010:24) benadruk die sentraliteit van die gestuurheid van die kerk en noem dat sending die resultaat is van God se inisiatief. Hierdie inisiatief is gewortel in God se oogmerke om die skepping te herstel en te genees deur mense in 'n versoenende verbondsverhouding met God te bring.

4.4.3.3.2. *Gemeentes as skeppings van die Gees*

'n Missionale ekklesiologie verstaan gemeentes as die skepping van die Gees. Soos

gemeenskappe deur die Gees geskep word, so ook moet gemeentes probeer om deur die Gees gelei te word (Van Gelder 2007:10.7). Missionale ekklesiologie se fokus is breër en groter as kerkuitbreiding, belangriker as die poging om groot getalle mense in die kerk te bring en groter as die oprigting van monumente. Die uiteinde van sending is dat dit gemeenskappe moet vorm wat deel in die swakheid van Christus en wat nuwe dinge moet leer en ontdek op die eskatologiese reis. Newbigin (1980:121) is van mening dat sending meer is as opofferend en in wese rewolusionêr is. Sending is 'n aksie van die Heilige Gees wat die wêreld oortuig (Johannes 16:8-11) en die kerk lei tot die volle waarheid wat nog nie bekom is nie (Johannes 16:12-15). Sending is daarom ook nie 'n aksie wat deur die krag en wysheid van die kerk plaasvind nie, maar deur die Heilige Gees wat die verlossingswerk van Christus tot vervulling bring (Newbigin 1980:121). Dit is dus duidelik dat die kerk meer die lokus van sending is as wat dit die agent van sending is. Indien die kerk verstaan word as 'n gemeenskap wat deur God gestuur word, is die kerk in essensie missionaal en haar identiteit word in die proses gevorm deur 'n Goddelike roeping en sending.

4.4.3.3.3. Dissipelskap en Heiligmaking

Die navorser is van mening dat indien die kerk se rol in die wêreld gestruktureer word deur gestuurdheid, moet dissipelskap en heiligmaking 'n intergrale deel van die proses vorm. Om Jesus te volg en heiligheid na te streef, is nie randaktiwiteite vir die piëtiste wat begeer om meer geestelik te wees ter wille van spiritualiteit nie. Die kerk moet intensioneel wees met die proses van heiligmaking en dissipelskap ten einde vaders en vaderfigure spiritueel te help vorm wat nie net 'n verskil sal maak binne hul eie familiekontekste nie, maar ook in die groter samelewing. Ons neem deel as mense wat betrokke is by 'n missie wat baie groter as ons is. Die missionale kerk is 'n konsep van die kerk wat 'n lewende, asemhalende organisme is wat die evangelie aktief uitleef en van binne af besig is met sending. Dit beteken dat gemeentede die evangelie beliggaam, en in hul gemeenskappe uitgaan om dit op outentieke maniere te deel, eerder as om bloot mense na kerkprogramme te probeer lok. Gemeenskappe moet bewus wees van kulturele verskille en dit in berekening hou met die bediening en uitdra van getuies. Christen gemeenskappe word aangemoedig om die missionêre taak uit te voer in die vorm van proklamasie,

verduideliking en toepassing van die Evangelie as die Woord van God. Missionale ekklesiologie behels geloofsvorming en spirituele ontwikkeling binne die kerk.

4.4.3.3.4. *Sending as praxis*

Kritzinger (2011: 49-53) argumenteer dat elke vorm van sending, van evangelisasie tot aardbewaring tot bevryding, 'n vorm van praxis is, saamgestel uit 'n kompleks van idees en praktyke wat voortdurend in wisselwerking tree en so vorm gee aan daardie spesifieke sendingpraktyk. Sending as praxis gaan oor konkrete transformasie, spesifiek oor transformerende ontmoetings: tussen mense, en tussen die lewende God en mense, wat daartoe lei dat mense geroep, gestuur, genees en bemagtig word. Die Heerskappy van God is 'n transformerende krag wat deur Jesus in hierdie gebroke wêreld ingekom het. Die Heilige Gees verander ons sodat ons ander mense kan ontmoet. Volgens Kritzinger (2011: 49-53) gaan God se missie oor transformatiewe ontmoetings, en missiologie is die wetenskaplike studie van sulke transformerende ontmoetings. Om dit te doen, moet jy 'n persoon se taal, persoonlike houding teenoor mense van die ander geloof, sosiale posisie in verhouding tot hulle, en ook vorige ervarings van daardie godsdienstige tradisie en spiritualiteit ken.

4.4.3.4. Karaktertrekke van Missionale Ekklesiologie

4.4.3.4.1. *Sendinggefokus*

Volgens Niemandt (2012:3) hou God se sending direk verband met die wêreld, en die kerk is bevoorreg om deel te neem aan hierdie sending van verlossing. Deur hierdie sending word die kerk die geleentheid gebied om deel te wees van iets groter as hyself, om saam met God te werk om die wêreld te herstel en te verlos. God en sy Seun is die onderwerp van die kerk se sending, wat afgelei word van hulle identiteite (Wright, 2006:66). Die kerk is 'n aktiewe agent wat uitgestuur is na die wêreld om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig en om transformasie in individue en gemeenskappe te bring. As deel van sy missionale bestaan poog die kerk om 'n lewende getuie van God se liefde, genade en geregtigheid te wees.

Thompson (2011:275) argumenteer dat die kerk uniek geposisioneer is om die sending van God uit te voer omdat dit deur Christus tot stand gebring is en deur die Heilige Gees bemagtig is om aan God se sending deel te neem. Dit is waarom

sending 'n integrale deel van die lewe van die kerk is, en waarom dit onmoontlik is om die kerk van sy sending te skei. Volgens die Cape Town Commitment (The Lausanne Movement 2011) is dit geroep om God se liefde en genade te deel, en om die goeie nuus van Jesus Christus aan alle nasies te verkondig. Hierdie sending is voortdurend aangesien dit gewortel is in die aard van God en die oproep om getrou te wees, en dit word uitgevoer deur die kerk se getroue diens en getuienis.

4.4.3.4.2. Familie van gelowiges

In die Nuwe Testament word die kerk voorgelou as 'n familie wat in essensie beteken dat die kerk deel vorm van God se huishouding. God se verlange vir 'n familie is 'n sterk, intieme verhouding. Hierdie aspek word benadruk deur Nel (2021:12) wat sê dat ouers die primêre bemiddelaars in die verhouding tussen God en families is.

Volgens Nel (2021:17) word missionale kerke ontwikkel aan die hand van die volgende:

- Die gemeente word deur God gestuur.
- Die gemeente is mense op reis met Christus. In die proses herontdek hulle hul Godgegewe identiteit, verbly hulleself in hierdie identiteit en leef hulle ook daarin uit.
- Deur geloofsvas te lewe en geregtigheid na te strewen word die gemeente intensioneel bewus wie hulle alreeds is in God.
- Die gemeente bou op Jesus Christus as hoeksteen, is kontekstueel en is daarom relevant as instelling wat hoop bring.
- Alle bedieninge word gebruik om doelgerig betekenisvol te wees binne hul konteks.

Volgens Henry (2018:7) se siening sluit die ordinansie wat die Here vir gelowiges gekies het om hom mee te onthou iets in wat ons saam geniet en eet, brood en wyn, wat simbolies is van die liggaam en bloed van ons Here. Christelike vriendskap en gemeenskap is fundamentele beginsels van missionale Christenskap. Hierdie daad om saam brood te breek dien as 'n herinnering aan die belangrikheid van Christelike eenheid en gemeenskap, 'n noodsaaklike deel van die uitleef van ons geloof.

Nel (2005:36-37) noem dat dit belangrik is dat die kerk so inklusief moontlik moet wees, nie vir haarself bestaan nie en moet kyk na die gemarginaliseerdes buite die kerkstrukture. Die kerk as gemeenskap van gelowiges is 'n belangrike skakel om jongmense te omarm en ruimte te gee binne die Christen geloofgemeenskap. Die kerk moet doelbewus daarna streef om familiebande te kweek met jongmense wat sonder 'n vaderfiguur leef (Yi & Nel, 2019:3). Dit is daarom belangrik dat vaderlose jongmense die kerk moet beleef as 'n uitgebreide familie. Root (2013:19) beaam hierdie siening en noem dat jeugbediening geskoei moet word op verhoudings bou. Die gemeente is daarom 'n belangrike kontakpunt tussen die jongmense en volwassenes (Smith & Denton, 2005:61-65).

4.4.3.4.3. Ondersoekend en dinamies

Schoeman (2020:1) argumenteer dat gemeentes die behoeftes en hulpbronne van die plaaslike gemeenskap en sy lede in ag neem om die evangelie effektief te verkondig. Hulle moet ook bewus wees van die huidige tendense in die samelewing en die bedieningsgeleentede wat hulle bied. Dit is hoekom dit belangrik is vir gemeentes om verbind te bly met hul gemeenskappe en om doelbewus te wees oor hul bediening.

As deel van die proses om die gemeente se missionale roeping te herverbeeld, is dit nodig om die volgende vrae of stellings te oorweeg:

- Wat is die gemeente se roeping vanuit 'n teologiese perspektief?
- 'n Belangrike aspek van die teoretiese begrip is die beweging van isolasie na betrokkenheid binne die gemeentelike lewe.
- Wat is gemeentelike ervaring of konteks?
- Kan gemeentes 'n toekomstige beweging voorstel? Missionale gemeentes is 'n aanduiding van die toekoms wat God in gedagte het en vra die vraag: hoe leef ons kerk tans teenoor dit wat God in gedagte het vir die toekoms?

Omdat vaderloosheid 'n groot euwel onder gemeenskappe is en oorsprong gee aan so baie ander sosiale probleme, is dit noodsaaklik dat gemeenskappe betrokke moet raak om die probleem aan te spreek. Gemeenskapsbetrokkenheid is die proses waarin gemeenskappe betrokke word in besluitneming, implementering en samewerking (Holland & Malone, 2019:1). Uit 'n missionale perspektief is die

betrokkenheid van geloofsgemeenskappe kardinaal in die stryd teen vaderloosheid. 'n Geloofsgemeenskap verwys na 'n groep mense wat aan een spesifieke kerk of godsdienstige groepering behoort en hul geloof baseer op sekere beginsels (Freeks, 2021:2). 'n Geloofsgemeenskap het 'n sterk magtsposisie en kan beskryf word as agente van transformasie. Verder kan geloofsgemeenskappe ook gesien word as agente van genesing deurdat hulle deelneem aan die skepping van 'n gesonde en lewendige gemeenskap wat God se shalom vir gemeenskappe najaag (Mashau & Mangoedi, 2015:8).

4.4.3.4.4. Inkarnierend en kontekstueel

Christelike geloof is gebaseer op die idee van inkarnasie, so dit sou heeltemal onmoontlik wees vir enige skeiding tussen die kerk en die konteks waarin dit bestaan, tensy dit natuurlik verkies om buite sy omgewing te bly, aldus Bosch (2011:173). Sweet (2009:178) ondersteun hierdie stelling en argumenteer dat die kerk 'n lewende organisme is wat voortdurend aanpas en hervorm ten einde relevant en effektief te bly in die veranderende kulturele kontekste. Dit bly nie stagnant en onveranderd nie, maar ontwikkel en transformeer homself eerder voortdurend om in die behoeftes van die mense wat dit dien, te voorsien. Volgens Kim (2010:42) is die evangelie nie 'n abstrakte konsep is nie, maar eerder 'n verhaal en 'n stel praktyke wat bedoel is om in die konteks van 'n kultuur gedeel te word. Om die evangelie en die werk van die Heilige Gees te verstaan, is dit nodig om die konteks waarin dit gedeel word, te verstaan. Wanneer 'n kerk uitsluitlik op die behoeftes van sy lidmate fokus, versuim dit om aktief by die gemeenskap en sy behoeftes betrokke te raak. Henry (2018:7) is van mening dat dit kan lei tot 'n skeiding tussen die kerk en die gemeenskap, wat dit vir die kerk moeilik maak om doeltreffend te dien en te bedien aan behoeftiges.

Sweet (2010:35) verduidelik dat 'n missionale kerk een is wat die wêreld om hom aktief betrek deur evangelisasie en sending. 'n Relasionele kerk is een wat daarop gefokus is om verhoudings met beide sy lede en sy gemeenskap te bou. 'n Inkarnasionale kerk is een wat die evangelie uitleef in sy daaglikse lewe, wat beteken dat dit in mense se lewens en ervarings ingaan, en hul kultuur en konteks verstaan om effektief te wees om die Evangelie te deel.

'n Missionaal-inkarnasionale leefstyl word deur Hirsch (2006:133,134) gedefinieer aan die hand van vier elemente naamlik: teenwoordigheid, nabyheid, kwesbaarheid en verkondiging. Om teenwoordig te wees, laat die kerk toe om verhoudings te skep, vertrouwe en begrip te bou en op 'n sinvolle manier deel te wees van die gemeenskap. Nabyheid moedig die kerk aan om beskikbaar en toeganklik vir die gemeenskap te wees, hetsy deur gereelde geleenthede of deur beskikbaar te wees om op 'n spontane wyse op behoeftes te reageer. Deur kwesbaarheid te aanvaar en te omhels, is Christene in staat om 'n lewe te lei wat gekenmerk word deur nederigheid en diensbaarheid. Dit laat hulle toe om met die dood van Christus te identifiseer en meer soos Hy te word. Verder stel hierdie kwesbaarheid hulle in staat om werklik die liefde van God te ervaar deur lyding saam, en om empatie te hê met ander wat ly. Verkondiging behels die vrymoedigheid en vertrouwe om die evangelieboodskap in beide woord en daad te verkondig. Dit is 'n manier om die Goeie Nuus met diegene rondom ons te deel en die krag van God se liefde te demonstreer om lewens te transformeer.

4.4.3.4.5. Fokus op die Drie-Eenheid

Nel (2021:74) noem dat sending uit die drie-enige God vloeit (Matteus 28:19, 1 Johannes 5:9). Hierdie aanname beteken dat die ekklesiologie een moet wees waar God die kerk die wêreld instuur deur sy Seun en Gees. Die Trinitêre verstaan van sending begin volgens Newbigin (1986:14) met die bekendmaking van die koninkryk van God deur sy Seun en die getuie van die Heilige Gees waardeur die heerskappy van God oor die mensdom en skepping tot voltooiing kom in die nuwe skepping.

Die *missio Dei* verwys na God se teenwoordigheid en universele sending sonder enige voorbehoude. As geïnkarneerde *logos* bied dit 'n besondere manier om God se teenwoordigheid te wys. In die teologie dien die "immanente Drie-eenheid" as 'n onsigbare grondslag vir *missio Dei*, aldus Suess (2003:552). Suess (2003:553) argumenteer ook dat *missio Dei* eerstens dui op God se teenwoordigheid, gebaseer op die stuur van sy *logos* en Gees. As voortsetting van die stuur van die *logos* in die werklike menslike natuur van Jesus van Nasaret, stuur die Heilige Gees homself ook na die wêreld en die kerk.

4.4.3.4.6. Relasioneel

Brouwer (2009:70) argumenteer dat *koinonia* 'n fundamentele komponent van die kerk se identiteit is. Hy stel voor dat dit nie net 'n konsep is nie, maar 'n lewenswyse wat deur die kerk omhels moet word. Hierdie verhoudingsfokus, voer hy aan, is noodsaaklik om die kerk se missie te verstaan en uit te leef. Die kerk is 'n gemeenskap wat deelneem aan iets groter as sy lede. Brouwer (2009:11) voeg by dat die kerk en al sy funksies die resultaat is van sy relasionele aard. God is 'n God van verhoudings, daarom moet die kerk hierdie eienskap van God nastreef. Deur die goddelike eenheid van die Vader, Seun en Heilige Gees, poog God om die hele skepping in 'n herstelde, verenigde verhouding met Homself te bring. Hierdeur laat Hy ons toe om die volheid van gemeenskap met ander en met Hom te ervaar. Dit vervul uiteindelik God se missie om 'n nuwe, verenigde wêreld tot stand te bring.

Volgens Bargár (2018:444-445) is die kerk 'n gemeenskap van hoop; geroep en bemagtig om die versoening en genesing wat God vir die wêreld bedoel, te verkondig en te beliggaam. Die kerk is in die eerste plek 'n gemeenskap wat getuig van die handeling van God in die verlede sowel as in die hede. Die kerk word uitgedaag om getrou en kreatief voort te gaan in Jesus se sending, met inagneming van die geleefde realiteit van mense in vandag se samelewings. Daar kan na die kerk verwys word as "teken en dienaar van God se ontwerp vir die wêreld" in die diskoers van sistematiese teologie, 'n taal wat ietwat kontrasteer met die voorheen gehuldigde "teken en instrument" terminologie. Hierdie sterk klem op relasionaliteit bring ons terug na die leerstelling van die Drie-eenheid, wat dui op 'n relasionele God.

4.4.3.4.7. Gasvryheid

Missionale gemeentes moet biddend 'n kultuur van gasvryheid probeer vestig binne die kerk. Ungerer (2021:111) gebruik Abraham as 'n klassieke voorbeeld van Ou Testamentiese gasvryheid. Good (2010:198-199) is ook in ooreenstemming met hierdie aanname en verwys na Abraham se doelbewuste pogings om te verseker dat sy besoekers meer gewaardeer voel (Genesis 18:1-15). Abraham het tot die uiterstes gegaan en sy huis en buitevestigings sodanig geposisioneer dat dit moeilik was vir vreemdelinge om dit te kan misloop. Hierdie voorbeeld van Abraham dien as 'n goeie riglyn vir missionale kerke in die volgende opsigte:

- Missionale kerke moet hulle “gasvryheidstente” oprig daar waar dit die meeste impak sal maak.
- Daar moet ‘n opgewondenheid en gestruktuteerdheid wees om gasvryheid te bewys.
- Elke vreemdeling moet benader word as ‘n engel in kamoeflering.
- Gemeentes moet ‘n kultuur ontwikkel wat ‘n sterk afkeer toon in wreedheid en vyandigheid deur gasvryheid te betoon (Ungerer, 2021:113-114).

Die Nuwe Testament gee ook sterk aandag aan die kultuur van gasvryheid as *philonexia* wat in Grieks beteken “liefde vir vreemdeling” (Middelstadt, 2014:131). Ungerer (2021:114) verwys ook na die verhaal van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:25-37) en Matteus 25:35-36 (ons gedrag teenoor ander) as tydlose voorbeelde van hoe gelowiges gasvryheid moet beoefen. Gasvryheid as ‘n belangrike element van missionale ekklesiologie word deur Migliorie (2014:263) beskryf as onderskeidende merker van menslike lewe binne die *ecclesia* omdat dit help om mure onderling tussen mense en tussen mense en God af te breek. Ungerer (2021:117) verwys na Bosch wat die kerk beskryf as ‘n alternatiewe gemeenskap waar daar nie onderskeid getref word tussen binne- en buitestaanders nie en ook as ‘n ruimte waarbinne daar liefde bewys word aan gelowiges sowel as ongelowiges.

4.4.3.4.8. Onderskeiding

Volgens Swart (2008:115) is die teologiese dissipline van onderskeiding die kernpraktyk van die missionale kerk, wat poog om die teenwoordigheid of beweging van die drie-enige God te ervaar in alles wat bestaan. Dit is ‘n praktyk om die teenwoordigheid van God in die gewone oomblikke van die alledaagse lewe raak te sien en om die aktiewe werk van die Heilige Gees in ons lewens, gemeenskappe en wêreld te erken. Swart (2008:115) gaan voort en noem dat onderskeidingsvermoë daarvoor gaan om met geloof, moed en gehoorsaamheid op God se leiding te reageer. Hierdie soort onderskeidingsvermoë poog nie net om te identifiseer wat God se wil is nie, maar om aktief daaraan deel te neem. Dit gaan daarvoor om onself oop te stel vir God se genade, en om God toe te laat om deur ons en ons optrede te

werk. Dit gaan daarvoor om te erken dat die Gees reeds in die wêreld aan die werk is en om by daardie werk aan te sluit (Swart, 2008:115).

Deur onderskeidingsvermoë vind 'n missionale kerk leiding in hoe om getrou te reageer op die goddelike teenwoordigheid asook hoe om op te tree in die wêreld (Niemandt, 2012:6). Die proses van onderskeiding sal die kerk sensitief maak vir die leiding van die Heilige Gees. Onder leiding van die Heilige Gees sal die kerk ook meer vatbaar wees vir verandering en meer effektief reageer op die behoeftes van die mense wat dit dien. Wanneer die kerk deur die Gees gelei word, sal dit meer in pas wees met die beweging van die Heilige Gees asook meer bewus wees van hoe God in die wêreld werk en wat God se voorkeur toekoms vir die kerk is (Van Gelder, 2007:107).

Heitink (2007:152) voer aan dat individue deur gemeenskaplike onderskeidingsvermoë 'n beter begrip sal kry van die Gees se wil vir die kerk, aangesien die kollektiewe wysheid van die gemeenskap groter is as die wysheid van 'n enkele individu. Deur die belangrikheid van deelname te erken, kan individue saamwerk om die Gees se wil te onderskei. Die kruis en opstanding van Jesus Christus bied aan die wêreld 'n hoop wat nêrens anders gevind word nie. Dit bring verlossing en genesing aan individuele persone, dit bring geregtigheid en billikheid aan die samelewing, en dit bied vernuwing en genesing aan die skepping. Deur hierdie waarheid te onderskei, te verkondig en uit te leef, is ons in staat om God se goeie nuus aan die wêreld te bring (Lausanne Movement, 2011:13). Volgens Kim en Anderson (2011:126) kan die onderliggende fundamente van sending onderskei word deur te luister na God se stem, die kerk, besondere kontekste, spiritualiteit en Christelike tradisie te midde van die oproep om geregtigheid en lewe. Om 'n sending werklik getrou en effektief te laat wees, is dit noodsaaklik om verskillende maniere te gebruik om God se wil vir geregtigheid en lewe te verstaan. Gebed is 'n noodsaaklike komponent in die proses van onderskeiding. In missionale kerke is gebedsritmes belangrik en hul bedieningsmetodologie word uitsluitlik deur die Heilige Gees bepaal en nie deur een of ander uitgevoerde, ietwat pragmatiese program wat in 'n ander konteks gedien het nie (Henry, 2018:7). Om werklik "getrou" aan Jesus te wees, moet 'n mens vra of en op watter wyse(s) die Gees van God betrokke is by 'n gegewe situasie. Kim (2011:263) beskou onderskeidingsvermoë as

die eerste daad van sending, en Niemandt (2015:3) beskou dit as die kernpraktyk van 'n missionale kerk.

4.4.3.4.9. Kreatiwiteit

Kreatiwiteit lei tot 'n verhoogde bewustheid van die rol van God in die alledaagse lewe en help om mense nader aan die goddelike te beweeg. Wanneer die kerk in ons gemeenskaplike verbeelding betrokke raak, is ons besig met 'n proses om iets mooi en betekenisvol te skep, wat 'n vorm van *poiesis*¹⁴ is (Bosch, 2011:367).

God is in wese kreatief; daarom is kreatiwiteit ook belangrik in 'n missionale ekklesiologie. Wanneer ons ons begrip van God beperk tot wat ons kan beheer en voorspel, versuim ons om onself oop te stel vir die moontlikhede van God se kreatiewe optrede in ons lewens. Ons is dan nie in staat om die volheid van die Gees se teenwoordigheid te ervaar en daardeur getransformeer te word nie, aldus Niemandt (2012:7). Fresh Expressions waarna die navorser vroeër in die tesis verwys het, is 'n baie goeie voorbeeld van kreatiwiteit. Dit is gebaseer op die idee dat die kerk oop moet wees vir kreatiewe en innoverende benaderings tot sending. Dit laat toe dat die evangelie gedeel word op maniere wat betekenisvol en relevant is vir die kultuur van die tyd, en maak dit dus makliker vir mense om dit te ontvang en te verstaan. Daarbenewens rus dit bekeerlinge toe met die hulpbronne wat hulle nodig het om voort te gaan om Jesus in hul daaglikse lewens te volg.

Die *missio Dei* gee mense die geleentheid om te onderskei waarheen die Gees lei en om deel te neem aan die werk van God deur op 'n sinvolle wyse aan God se sending deel te neem. Dit is 'n oproep tot aksie, wat mense uitnooi om bewus te wees van die maniere waarop God reeds in die wêreld werk en om by daardie werk aan te sluit (Williams, 2006).

Mense dra die beeld van God, wat hulle toegerus maak met die vermoë om te skep of kreatief te wees (The Lausanne Movement, 2011:23). Hulle sê voorts dat kuns in sy vele vorme 'n integrale deel van ons bestaan as mense is en iets van God se skoonheid en waarheid kan weerspieël. Van die mees omvattende verwysings oor kreatiwiteit en sending by Edinburgh 2010 word gevind in die verslag van die groep oor "Youth envisioning ecumenical mission" (Koshy, 2011:260-267), wat tot die

¹⁴ Poiesis is etimologies afgelei van die antieke Griekse term ποιῆν, wat beteken "om te maak".

gevolgtrekking kom dat mense altyd kreatief moet wees omdat dit 'n belangrike deel van hul bestaan is.

As liggaam van Christus moet die plaaslike gemeente toesien dat vaderlose adolessente saam groei, saam soek, en saam leef binne die gemeente as 'n integrale deel van die "Een Liggaam van Christus" (Yi, 2019:173). Yi (2019:174) noem ook dat die doel van jeugbediening moet wees om jongmense in so 'n mate te omarm dat hulle versekerd kan wees dat hulle 'n huis, mense en 'n plek het waar hulle kan ontdek wie hulle is en tot watter mate hulle 'n bydrae kan lewer. Deur dit te doen sal vaderlose jongmense meer gewaardeer voel.

4.4.3.4.10. Diakonia

Volgens Youn (2018:229) is die essensie van die sending van God en die sending van die kerk diakonia vir die wêreld. God se diakonia vir die wêreld het met die skepping begin, sy konkrete vorm gevind in God se verbond met Israel, en is beslissend geopenbaar in God se stuur van Jesus Christus. God het Jesus Christus aarde toe gestuur om God se reddingsgeskiedenis te vervul deur homself leeg te maak, die aard van 'n dienskneg aan te neem, homself te verootmoedig en tot die dood toe gehoorsaam te wees. Volgens Youn (2018:229) het hierdie selfontledigende, self-nederige en selfopoffering God se reddingsgeskiedenis tot sy vervulling gebring. Die diakonia-missie van die kerk is om die evangelie van die genade van God te verkondig en om die heerskappy van God op aarde uit te brei deur God se heerskappy in die openbare wêreld van die wêreld te beliggaam. Hierdie missie het niks te doen met diens vir die wêreld se dominante mag nie meen Youn (2018:231).

Teoloë dra verantwoordelikheid vir openbare diskoers. David Tracy (1987:29) het voorgestel dat teoloë drie publieke ruimtes moet toespreek: die kerk, die akademie en die samelewing, en dat hulle dialekties-analogiese taal moet gebruik om met mense oor publieke grense heen te kommunikeer. Stackhouse (1987:1-15) het beklemtoon dat die kerk en teoloë aktief moet deelneem aan belangrike sosiale kwessies binne hierdie publieke omgewing deur interdisiplinêre dialoog met ander wetenskappe. Christus het belowe om sy dissipels te ontmoet in Galilea, die land van die armes en vervreemdes, en die kerk behoort deel te neem aan die Heilige Gees se werk van diakoniasending daar. Nordstokke (2014:267) vra op sy beurt vir

die herverbeelding van diakonie, wat mense behels wat dikwels uitgesluit en benadeel word om aktiewe agente van transformasie na geregtigheid en vrede te word.

4.5. DIE MISSIONALE KERK EN DIE VORMING VAN VADERFIGURE

4.5.1. Prediking as hulpmiddel vir vorming van vaderfigure

4.5.1.1. Preekreekse

Leslie Newbigin (2011:23) noem dat dit belangrik is dat opvoeding in die Woord verband moet hou met die uitdagings van die alledaagse lewe en die werk van die kerk binne die gemeenskap. Die navorser is van mening dat die kerk nie altyd die antwoorde het vir die vinnig veranderende samelewing nie en daarom nie altyd relevant is nie. Preekreekse kan as 'n effektiewe hulpmiddel ingespan word omdat verskillende lae van realiteit uit verskeie hoeke aangespreek kan word deur die Evangelie. Missionale prediking moet gerig wees tot die wêreld en omgewing van die alledaagse lewe. Die uiteindelijke doel van preekreekse is om luisteraars te bemoedig en te versterk op 'n doelgerigte wyse (Cilliers, 2021:67).

4.5.1.2. Christus-gerigte prediking

Vaderfigure se lewens word getransformeer wanneer hy of sy God se stem op 'n deurlopende basis hoor. Deur God se stem te hoor, kan 'n persoon rigting in hul lewe ontvang, bemoedig word en hul geloof versterk word. Dit kan lei tot groter gehoorsaamheid aan God en Sy wil, wat lei tot 'n meer betekenisvolle lewe. Hierdie volharding is die basis vir die produksie van vrugte (Johannes 15:4-5). 'n Christelike geloof sonder die lewende Christus is inherent 'n Christelike geloof sonder dissipelskap. 'n Christen sonder dissipelskap is 'n Christen sonder Christus (Mayhue, 2016:153-156). Jesus roep na sy volgelinge. Deur opregte dissipelskap begin die dissipel die weë en middele van die een wat roep ten toon stel. Die dissipel word soos Christus. As gevolg hiervan begin die dissipel om die woorde van Jesus te verstaan en uit te leef. Hierdie proses van hoor en bly in Jesus lei tot 'n lewe van getrouheid, liefde en gehoorsaamheid. Dit is die ware kenmerk van 'n toegewyde Christen.

4.5.1.3. Praktiese prediking

Uit die ervaring van gewone lidmate dui Barnard en Wepener (2018:368) se studie daarop dat praktiese prediking, vurige lofprijsing en aanbidding, persoonlike oortuigings en belydenis, en die gebruik van belangrike liturgiese verhale (elemente) alles tye is waarin God ontmoet word op 'n spesiale manier. In hulle studie het hulle ook gevind dat God mense ontmoet deur die ervarings van ander gelowiges, in tye van swaarkry en nood, en deur dade van gehoorsaamheid en diens. As gevolg van die hulp aan ander in nood, besef 'n persoon die betekenis van sy/haar bestaan, as 'n goddelike boodskapper.

Praktiese prediking bied aan die gehoor konkrete voorbeelde van hoe om te leef en op te tree in ooreenstemming met die leerstellings van die geloof, eerder as abstrakte of teoretiese kennis wat dalk nie op die individu se lewe van toepassing is nie. Dit maak die inhoud makliker om te onthou en toe te pas, wat dit meer geneig maak om 'n impak op die persoon se oortuigings en gedrag te hê (Barnard & Wepener, 2018:366). Hierdie inslag in terme van prediking kan grootliks bydra tot vaders en vaderfigure se bewustheid van hul missionale roeping en die invloed wat hulle kan uitoefen in die geestelike vorming van kinders en jongmense.

4.5.2. Aanbidding as hulpmiddel in die vorming van vaderfigure

In die konteks van die missionale kerk word aanbidding gesien as 'n aksie in diens van die *missio Dei* waaraan die kerk genadiglik deelneem. Aanbidding in missionale kerke word gebruik om lidmate, vaderfigure ingesluit, toe te rus om hul gemeenskappe te dien en die liefde van God te demonstreer (Aniol, 2009:23).

4.5.2.1. Korporatiewe aanbidding

Guder (2000:96) glo dat korporatiewe aanbidding toeganklik moet wees vir mense van alle vlakke van die lewe, ongeag hul agtergrond. Daarom moet die taal, kommunikasie, musiek en simbole wat in korporatiewe aanbidding gebruik word, die waardes weerspieël van die mense wat daaraan deelneem, sodat almal deel kan wees van die ervaring. Deur nie-gelowiges toe te laat om die ware aanbidding van God te ervaar, kan hulle die ware krag en skoonheid van geloof begin verstaan. Dit kan 'n effektiewe manier wees om nie-gelowiges aan die kerk bekend te stel en hulle moontlik nader aan hul geloof te bring, aldus Stetzer (2006:260). Die navorser is van mening dat vaders wat kinders buite die huwelik verwek het, geskeide vaders asook

werklose vaders baie gemarginaliseer word omdat vaderskap uit hierdie posisie nie hoog geag word nie.

4.5.2.2. Aanbidding binne 'n veranderende kulturele konteks

Guder (2000:157) voer aan dat die veranderende kulturele konteks ook van die kerk vereis om hul aanbiddingsvorme aan te pas sodat laat-moderne gevormde Christene hul geloof outentiek en eerlik kan uitdruk. Kunsvorme soos musiek, dans en visuele kuns kan die idees en verhale van die Bybel op 'n kragtige en tasbare manier aanbied. Dit kan vaderfigure help om die teologiese waarhede in die Bybel dieper te verstaan en om op 'n emosionele manier by die verhale aan te sluit.

In wese dra aanbiddingsvorme die verbeeldingryke aspek van Bybelse waarheid oor, nie net wat Bybelse inhoud is nie, maar hoe dit in die vooruitsig gestel word. Gevolglik moet aanbiddingsvorme geëvalueer word op grond van of dit ooreenstem met God se werklikheid soos dit esteties in sy Woord gekommunikeer word. Keuses vir aanbidding moet nie bloot bepaal word deur wat aangenaam, outentiek of boeiend is nie, aldus Aniol (2013:13). Die kerk moet die kulturele konteks van sy lidmate in ag neem en onderskei hoe om God se waarheid die beste te kommunikeer op 'n wyse wat met hulle resoneer. Dit beteken om die estetika van die kultuur te verstaan en uitdrukkingsvorme te kies wat die waarheid van die Skrif op 'n sinvolle wyse weerspieël. Hierdie benadering sal help om te verseker dat die kerk God se waarheid effektief kommunikeer op 'n wyse wat toeganklik en verstaanbaar is vir die gemeente.

4.6. SLOTSOM

In hoofstuk vier het die navorser 'n historiese oorsig gegee van die oorsprong van die missionêre kerkdiskoers, beide vanuit 'n Noord-Amerikaanse en Suid-Afrikaanse perspektief. Die ontwikkeling en die betekenis van 'n missionale ekklesiologie is vervolgens bespreek. *Missio Dei*-teologie het die kerk aangemoedig om mense in hul kontekste te dien, ongeag hul godsdienstige agtergrond, en 'n holistiese benadering tot sending te volg. Volgens Youn (2018:228-239) is die missie van die kerk om 'n teken te word van die heerskappy van God in die wêreld deur die vernuwings en genesende krag van God se nuwe gemeenskap te demonstreer. Die kerk, insluitend vaders en vaderfigure, word geroep om deel te neem aan die werk

van God op elke openbare terrein van die menslike lewe. Hulle word uitgedaag om Jesus se beeld na te volg en jongmense in 'n positiewe rigting te stuur.

HOOFSTUK 5: BEVINDING OOR DIE ROL VAN DIE VADER EN KERK IN MORELE VERVAL BINNE DIE DWARSRIVIER VALLEI

5.1. INLEIDING

In hoofstuk vyf bespreek die navorser die vier hoofnavorsingsvrae, bring die teoretiese raamwerk na vore en bespreek die data uit onderhoude met die gemeenteleiers, *World Café* en fokusgroep . Die navorser bepaal hoe deelnemers oor vaders in die Dwarsriviervallei dink en ondersoek hoe hierdie oortuigings hul menings vorm oor die DRV se benadering tot die verbetering van die morele waardes van sy jongmense. In hierdie hoofstuk ondersoek die navorser hoe deelnemers aan die studie vaderskap sien en hoe hulle dit teologies in die lig van die Christelike Bybel beskou. Dit help die navorser om 'n paar strategiese stappe te ontwikkel oor hoe om die rol van die vader en die agteruitgang van jongmense te aan te spreek.

5.2. INSAMELING VAN DATA

Die navorser het drie navorsingsmetodes gebruik om die data in te samel, naamlik:

- Semi-gestruktureerde onderhoude met kerkleiers van die vyf gemeentes.
- *World-Café* met deelnemers van vier kerke (sien Addendum A).
- Fokusgroep met Pniel Congregational Kerk (sien Addendum B).¹⁵

Die semi-gestruktureerde onderhoude is gedoen aan die hand van ses vrae wat vooraf aan kerkleiers voorsien is (sien Addendum E). Die kerkleiers was ook die hekwagters vir hul verskeie gemeentelede wat deelgeneem het aan die studie.

5.3. ANALISERING EN BESPREKING VAN DATA: DIE PRAKSISSIKLUS

Gebaseer op die data-analise van deelnemers se terugvoering, het die vyf temas en verwante subkategorieë na vore gekom (sien tabel onder). Om duidelike gemeenskaplike temas en subtemas wat na vore gekom het te identifiseer en wat

¹⁵ Gemeentelede van Pniel Congregational Kerk was as gevolg van uitdagings binne die gemeente nie gereed om deel te vorm van World Cafe fokusgroep wat gedoen was op 3 Desember 2022 nie. Die navorser het Pniel Congregational Kerk as 'n aparte fokusgroep hanteer op 12 Februarie 2023 en die inligting geïnkorporeer in die res van die data.

deur navorsing bekragtig is, het die navorser die terugvoering van die respondente herhaaldelik gelees. Hierdie deeglike proses het die navorser in staat gestel om die mees prominente herhalende onderwerpe en subonderwerpe in die data te identifiseer en te artikuleer, wat gelei het tot die herkenning van die vyf hooftemas soos in die tabel hieronder aangedui.

Tabel 5.3:1 Temas en Subtemas wat uit data-analise voorgekom het

Temas	Subtemas	Praksissiklus
Persepsie van vaderrol	<ul style="list-style-type: none"> • Betrokke vaders is voordelig • Pa is die rolmodel • Vader is hoof van die huis • Vaderrol is funksie nie 'n titel • Nuwe geslag spandeer aan tyd kinders 	Agentskap
Historiese rol van die kerk ten opsigte van vaderskap	<ul style="list-style-type: none"> • Hoof van die huis • Rol van vader is goddelike roeping 	Agentskap
Probleme in die praktyk	<ul style="list-style-type: none"> • Diskonneksie tussen die Christelike reël van vaderskap en wat werklik gebeur • Dominerende rol van moeders • Vaders in gevangenis-aanhouding en egskeidings • Swak aardse vader skend kind se Godsbeeld binne Christelike konteks • Ontoereikende leiding aan vaders • Sosiale omstandighede beïnvloed gesonde vaderskap • Gebrek aan rolmodelle 	Konteks

Temas	Subtemas	Praksissiklus
Huidige rol van die kerk in die begeleiding van vaders Deelnemers se interpretasie van sekere Skrifgedeeltes	<ul style="list-style-type: none"> • Christen vaders is ondersteunend • Vaders kan leiding gee vanuit kwesbare posisie • Vaders as priesters • Vaders se geloof oorerflik • Nie-biologiese vaders vorm deel van God se plan • Christen vaders vergewe, neem terug en omarm • Geloof en daad • Christen vaders gee leiding en struktuur • Christen vaders rus kinders toe • Geen voorkeurbehandeling • Missionale bewustheid 	Teologiese refleksie
Voorstelle	<ul style="list-style-type: none"> • Fokus op gemeenskap van manne, kleingroep besprekings • Help vaders om hul goeddlike roeping te verstaan • Ouerskapsrolle is omruilbaar • Skep platvorms om vaders te bemagtig • Ondersteuning aan geskeide en enkelvaders • Ondersteuning aan enkelmoeders • Mans bedien Woord en neem verantwoordelikheid • Huweliksbegeleiding en ouerskap 	Strategieë

5.3.1. Die agentskap van vaders binne die konteks van die DRV

Met agentskap probeer die navorser vasstel hoe vaders binne die konteks van die DRV tans hul rol as God se agente (missionale leiers) in die gemeenskap, hul verhouding met jongmense en hul benadering tot morele ontwikkeling verstaan. Dus, die vraag wat ter sprake kom handel oor hoe vaders hulself waarneem en hoe hulle wil hê dat ander hulle moet waarneem (Baron, 2020:11).

5.3.1.1. Persepsie van die vaderrol

Hierdie tema toon vier sub-kategorieë.

5.3.1.1.1. Vaders se betrokkenheid is voordelig

Heelwat deelnemers is van die opinie dat 'n betrokke vader voordelig is vir die kinders en vir die breër familie. Deelnemer GV52WC9 noem:

... almal weet dat die pa die leier is in die huisgesin. Ons gemeenskappe is nog so gestruktureer dat huishoudings waar vaders sterk betrokke is meer aansien geniet.

Huishoudings waar moeders aan hoof is word dikwels beskou as kwesbaar en minderwaardig, aldus Chant (2015:21). In vergelyking met gesinne met minder betrokke vaders, is diegene met meer aktief betrokke vaders geneig om gesonder eienskappe te vertoon en beter lewensvaardighede te hê as dié met minder betrokke vaders (Parke, 2006:24). Gevolglik het gesinne met aktief betrokke vaders oor die algemeen meer suksesvolle en positiewe uitkomst as dié met minder betrokke vaders.

Deelnemer OV31FG1 noem:

Hy is baie betrokke in die lewe van ons kind en dit het 'n positiewe impak.

'n Kind se ontwikkeling en sosialisering sal waarskynlik aansienlik benadeel word in die geval van 'n gesin wat weens egskeiding, dood of ander faktore disintegreer en die kind vaderloos laat.

Deelnemer GSV46FG som haar ervaring soos volg op:

My kinders het binne 'n kort tydjie drie vaderfigure verloor. Eers die egskeiding tussen my en hulle pa, die afsterwe van my eie pa en die feit dat my broer getrou het en ook grootliks uit hulle lewe verdwyn het as gevolg daarvan. Die afwesigheid van 'n vaderfiguur is baie traumaties vir my kinders.

Die vaderrol in gesinne word in baie gevalle beskou as een wat emosionele ondersteuning en sekuriteit bied. Daarsonder kan 'n kind sukkel om gesonde verhoudings met maats te ontwikkel en om die konsep van vertrouwe te verstaan. Hulle sal ook nie die nodige leiding hê om op 'n gesonde manier volwasse te word nie. Hierdie stelling beklemtoon die studies wat toon dat kinders wat 'n aktiewe en

betrokke pa in hul lewens het, geneig is om hoër selfbeeld, beter akademiese prestasie en minder gedragsprobleme te hê. Hulle is ook meer geneig om sterk verhoudings met ander mense te vorm en meer suksesvolle loopbane te hê soos bevestig deur Eddy et al. (2013:29) en Richter en Morrell (2006:161).

Aan die ander kant kan sommige kinders wat sonder 'n vaderfiguur grootword, steeds suksesvolle en vervullende lewens lei. Deelnemer OV52FG10 noem:

My seun is nou 28 jaar oud en ek is besonder trots op hom. Ek is dankbaar teenoor my familie wat die rol van vader in sy lewe vertolk het. Ondersteuning vanuit die geloofsgemeenskap het baie bygedra tot die stabiele jongman wat hy vandag is.

As gevolg van hul sterk verhouding met hul moeders het dit nooit vir hulle saak gemaak dat hul pa afwesig was nie, aangesien dit hulle gemotiveer het om in hulself te glo ongeag die afwesigheid van die pa (Gladys, 2020:86).

Deelnemer ANG1 noem:

Wanneer pa's die Here aanneem is dinge geborge en is daar 'n opsigtelike verskil tussen huise van gelowige vaders en ongelowige vaders.

Volgens Freeks (2019:350) demonstreer gelowige vaders doelbewus Christus se liefde binne hul gesinne deur hul optrede. Wanneer vaders in verhouding is met God verhoog dit hulle vermoë om 'n sterk geloofsfundament te bou en om 'n geestelike fondament vir sy kinders te voorsien. Kinders wat 'n sterk geestelike fondament ontwikkel, sal beter toegerus wees om meer ingeligte besluite te neem, 'n meer vervullende lewe te lei en 'n hegte verhouding met God te ontwikkel (Flores, 2020:30). Hierdie verhouding sal ook 'n bron van krag en leiding verskaf tydens moeilike tye. Ouers wat 'n sterk geloofsgrondslag het, sal ook beter toegerus wees om die uitdagings van die lewe te hanteer en in hul kinders se fisiese, emosionele en geestelike welstand te voorsien.

In die studie is aangetoon dat nie alle Christen vaders rolmodelle is nie, en daar is 'n verwydering tussen wat vaders weet en wat hulle beoefen. Om die rol van 'n leier te neem en Jesus Christus te volg is deurslaggewend vir die skep van 'n liefdevolle verhouding tussen vaders en hul kinders, sê Freeks (2004:96-97). Sonder die geestelike leiding van 'n vader kan kinders nie die moed hê om die lewe se

uitdagings die hoof te bied nie. Hulle kan ook sukkel om God se wil en doel vir hulle te verstaan. Dit kan lei tot 'n gebrek aan selfvertroue en 'n gebrek aan doelgerigtheid.

Deelnemer GM32WC9 beklemtoon die impak wat sommige ongelowige vaders op huishoudings kan hê in die volgende woorde:

In sommige gevalle blyk dit te wees dat die teenwoordigheid van vaders nadelig is vir die huishoudings. Dit gebeur veral in huishoudings waar daar dwelms en drank misbruik word. Hierdie situasie gee dikwels aanleiding tot huishoudelike geweld wat nie vir enige iemand voordelig is nie.

Lipari en Van Horn (2017) bevestig hierdie opinie en noem dat dwelmmisbruik kan lei tot verminderde funksionering, afwesigheid en 'n verminderde vermoë om vir die gesin te voorsien, wat finansiële spanning tot gevolg het. Verder kan dwelmmisbruik lei tot geestesgesondheidskwessies soos depressie, wat ouerskap verder kan bemoeilik en kan lei tot 'n verhoogde risiko van mishandeling en verwaarloosing.

Deelnemer GM32WC4 noem dat indien vaders fisies aanwesig, maar emosioneel afwesig is hulle kinders in die verkeerde rigting kan stuur. Selfs al is vaders nie fisies teenwoordig in hul kinders se lewens nie, kan hulle steeds 'n sterk emosionele verbintenis met hulle hê. Trouens, navorsing toon dat emosionele verbintenis belangriker is vir kinders se welstand as fisiese teenwoordigheid (Holborn & Eddy, 2011:4). Deelnemer OV31FG1 deel hierdie sentiment in die volgende woorde:

Vaders is belangrik in die lewe van hul kinders. In my geval is ek nie getroud met die pa van my kind nie, maar hy is baie betrokke in die lewe van ons kind en dit het 'n positiewe impak.

Deelnemer GM74WC18 se ervaring kontrasteer iewat met bogenoemde en noem:

Ek het al van gevalle gehoor waar die onderhoudgeld goed genoeg is, maar dat die moeders van die kind en haar familie niks te doen wil hê met die vader van die kind nie. In baie gevalle is dit verstaanbaar aangesien sekere vaders betrokke is in bende-aktiwiteite en die moeder die kind daarteen wil beskerm.

Deelnemer GV54FG6 voel dat vroue ondanks hul seer en teleurstelling nie vaders die reg moet ontsê om betrokke te wees in die lewe van hul kinders nie. Die deelnemer noem dat die egskeding haar met bitterheid gelaat het teenoor haar kind

se vader wat tot nadeel van beide kind en vader was. Kinders moet veilig en geliefd voel. Die ontwikkeling van verhoudings met albei ouers is belangrik om te verseker dat die kind veilig en geborge voel. Om kontak met albei ouers te hê, help ook dat die kind emosionele en sielkundige ondersteuning van albei ouers ontvang. Dit is ook 'n gegewe dat nie alle vaders 'n aktiewe rol wil speel in die lewe van hul kinders nie soos verwoord deur deelnemer OV51FG2:

... kyk met hartseer terug na die onbetrokkenheid van my seun se vader in sy lewe en wil verkieslik nie daaroor praat nie.

Kinders moet kontak met beide ouers hê en daar moet sover moontlik gepoog word dat vaders betrokke is in die kind se lewe, veral gedurende belangrike oomblikke (soos byvoorbeeld skoolgeleentheid, konformasie, sportgeleentheid). OM28FG2 noem dat vaders nie hul rol moet kompliseer nie, maar *slegs daar moet wees*.

Van die deelnemers en studies het getoon dat vaders 'n belangrike rol in 'n kind se ontwikkeling speel, van die verskaffing van emosionele ondersteuning tot 'n finansiële voorsiener (Parke, 2006; Eddy et al., 2013). Volgens deelnemers is daar egter ook gevalle waar die teenwoordigheid van 'n vader 'n bron van konflik en ontwrigting van 'n gesinsdinamiek kan wees (Lapiri & Horn, 2017). Daarbenewens is daar in sommige gevalle gevind dat enkelmoederhuishoudings net so suksesvol is as dié wat deur twee ouers gelei word (Gladys, 2020:87).

Die rol van die vader word verskillend deur verskillende individue verstaan. Raakpunte tussen data en literatuur sluit in: teenwoordige vaders dra by tot die welstand van kinders en hul gesinne; gesinne sonder vaders is finansiële en emosioneel kwesbaar; vaders speel 'n sleutelrol as voorsieners; daar is sommige gevalle waar kinders suksesvol kan wees sonder 'n vaderfiguur, aangesien die moeder, kerk en gesin 'n ondersteunende omgewing bied; en vaders skep 'n omgewing wat die welstand van kinders en gesinne as 'n geheel bevorder. Dit is ook soms nadelig om 'n pa naby te hê, veral as hulle alkohol of dwelms misbruik. Daar is bewyse in data en in literatuur dat families met gelowige vaders beter daaraan toe is teenoor families met ongelowige vaders.

5.3.1.1.2. Pa is die rolmodel

Deelnemer GV52WC9 noem:

Dit is opmerklik om te sien hoe positief kindertjies van hulle vaders praat ongeag of hy 'n dwelmverslaafde, drankverslaafde of werkloos is. 'n Pa bly 'n pa.

Volgens Barker (2008:1-3) is kinders van nature geneig om die gedrag van hul ouers na te boots. As 'n vader volgens die Woord van God lewe, sal sy kinders meer geneig wees om ook God se leringe te volg terwyl hulle grootword. Dit verskaf aan hulle 'n sterk morele grondslag en 'n voorbeeld waarna hulle kan opkyk.

Vaders gee dus ondanks hul omstandighede gemoedrus en sekerheid aan kinders. Deelnemer GM46WC9 is van mening dat 'n vader aan sy kinders moet demonstreer hoe om lief te hê sodat die kind kan weet hoe hy of sy hanteer moet word. Deelnemer GM38FG3 noem:

Die pa se hoof rol is om te voorsien. Die vader tree ook op as beskermmer; nie net fisies nie maar ook emosioneel.

Volgens Arnone (2021:15) moet hierdie tradisionele rolle vervang word deur meer koesterende en emosioneel ondersteunende rolle wat sal help om gesinsverhoudings te verbeter. Aktiewe betrokkenheid deur vaders is noodsaaklik om kinders van sekuriteit, bevestiging en rigting te voorsien. Sodoende kan hulle die lewe se uitdagings en geleenthede meer effektief navigeer. Om leiding aan 'n gesin te gee, begin by die vaderfigure. Vaders moet die Bybelse konsep van vaderskap ken om effektiewe aardse vaders te wees. Deelnemer GM32WC4 beweer dat rigtinglose vaders nie in staat is om hul gesinne te lei nie. Soos Bogardus (2020) verduidelik, moet Christen vaders verseker dat dissipline Bybels toegepas word wanneer hulle hul kinders dissiplineer.

Die verskaffing van 'n positiewe rolmodel vir kinders en die funksionering van hul gesinne is 'n lewenslange taak vir vaders. Die voorbeeld wat hulle vir hul kinders stel, word oor die algemeen deur hulle nagevolg, dus moet vaders godvrugtig lewe om 'n positiewe rolmodel te wees (Atigbi, 2018). Vaders moet daarna streef om 'n goeie voorbeeld vir hul kinders te stel, beide in terme van fisiese en geestelike verantwoordelikheid.

5.3.1.1.3. Vader is hoof van die huis

Vaders word deur deelnemer ENC1, GV58WC21 en OA1 gesien as die hoof van die huis. Manlike leierskap word beklemtoon en die man as hoof van die huishouding word as 'n goddelike hiërargie gesien. OA1 noem:

Soos Christus die hoof en verlosser van die kerk is, so is die vader ook die hoof en verlosser van jou vrou en kinders.

Deelnemer ENC1 deel 'n soortgelyke siening met die volgende stelling:

In baie gevalle kan vroue selfs sterker wees as mans, maar vroue moet egter toelaat dat mans die leiding neem. Waar vroue enkel is en aan hoof staan van die huis word hulle aangemoedig om te trou omdat dit ordelik is volgens die Skrif. Hierdeur kom verlossing ("salvation") na die huis.

Vaderskap kan verskillend in verskillende kulture gedefinieer word. Volgens Meyer (2018:10) word vaderskap tipies gesien as 'n patriargale onderneming wat klem lê op die voorsiening en beskerming van kinders. Dit reflekteer ook so in die data.

Deelnemer GM38FG3 noem:

As pa verkies ek ook dat die moeder by die huis moet bly en omsien na die kinders.

Hierdie is 'n baie konserwatiewe benadering tot die rolle van vaders en moeders in vandag se samelewing. Hierdie magstruktuur is versterk deur geslagsrolle, wat vroue aan die huishoudelike sfeer toegewys het terwyl mans mag en invloed in die publieke sfeer verkry het (Connell, 2005:71). Hierdie sosiale sisteem het manlike oorheersing oor vroue gehandhaaf, wat dikwels gelei het tot ongelyke toegang tot hulpbronne en ander regte. In sekere gevalle word dit self deur kerke se ekklesiologie onderskryf (Hovorun, 2015:142). Die navorser argumenteer dat vaderskap en moederskap nie meer binêre begrippe nie, maar dat dit vloeibaar is en voortdurend ontwikkel. Vaders en moeders speel albei belangrike rolle in hul kinders se lewens, en hul rolle moet erken en gevier word ongeag geslag.¹⁶

Patriargale vaderskap kan magswanbalanse tussen die vader en moeder skep, wat daartoe kan lei dat die vader besluite en hulpbronne binne die gesin beheer. Hierdie

¹⁶ Sien tesis bladsy 44

tipe gesag kan misbruik word, wat lei tot 'n gebrek aan respek vir die ma se rol en agentskap binne die gesin, en kan lei tot 'n siklus van geweld waarin die kinders kwesbaar gelaat word (Clare, 2010:184).

Deelnemer ENC1 noem:

....'n Vader is 'n mentor en klankbord vir sy kinders.

Vaders bied beide leiding en emosionele ondersteuning aan hul kinders, en bied 'n unieke perspektief wat hulle kan help om besluite te neem en moeilike situasies te navigeer. Hulle bied 'n luisterende oor en 'n gerusstellende teenwoordigheid, wat 'n veilige ruimte bied vir kinders om hulself sonder oordeel uit te druk. Dit is egter belangrik dat vaders ook hul eie tekortkominge moet erken. Deelnemer VGK2 noem:

Vaders moet leer om eerlik te wees en hul tekortkominge te erken.

Hy haal ook vir Monoag, Simson se vader aan, wat aan die Here bely het dat hy nie weet hoe om sy kind groot te maak nie. Zscheile (2012:12) is van mening dat missionale vaders erkenning moet gee aan hulle swakhede omdat slegs ons hemelse Vader perfek is. In die proses kan vaders die respek van hul kinders kry in plaas daarvan om as 'n swakkeling gesien te word.

As hoof van die huis word vaders gesien as die voorsiener (ENC1), beskermer, versorger en raadgewer (WC4, FG2,ENC2). Meyer (2018:4) en Morrell (2006:15) argumenteer dat vaders se teenwoordigheid en betrokkenheid hul in staat sal stel om bogenoemde rolle te vertolk. 'n Aantal akademië, insluitend Nadar (2009:559) en Pillay (2013:55), voer aan dat so 'n siening teenproduktief is en dat patriargie nie 'n oplossing vir die wêreld se probleme is nie, maar eerder 'n uitdaging wat dringende aandag verg. Hierdie skrywers argumenteer dat patriargie 'n vorm van sistemiese onderdrukking is wat 'n wye en negatiewe impak op die samelewing het. Hulle stel voor dat ons eerder as om die stelsel voort te sit, aktief moet werk om dit uit te daag en af te breek om 'n meer regverdige samelewing te skep.

Data toon dat vaders as hoof van die huis as goddelike hiërargie gesien word. Vaders moet ook leiding neem binne die kerklike lewe, ten spyte van die feit dat vroue in sekere gevalle sterker leierskap toon. Vaderskap blyk gesien te word as 'n patriargale onderneming, soos bevestig deur Meyer (2018:10) en word beskou as teenproduktief deur Nadar (2009:559) en Pillay (2013:55). Daar word dus van vaders

verwag om die rol van 'n leier en beskermmer in hul gesinne te aanvaar, wat leiding en ondersteuning bied, terwyl hulle ook die goddelike hiërargie handhaaf.

5.3.1.1.4. Vaderrol is 'n funksie en nie 'n titel

Deelnemer GM32WC4 noem:

Vaders dra die beeld van God uit. God is sy Vader. As die aardse vader faal skend dit ook die beeld van God.

Deelnemer VGK2 noem dat selfs van die kerkleierskap sonder 'n vader opgegroeï het en dat in sekere gevalle mans nie weet wat dit is om 'n goeie vader te wees nie, aldus deelnemer GM74WC16. Deelnemer VGK2 noem ook dat die paar ontmoetings met sy vader nie 'n goeie herinnering is nie. Indien kinders die beeld van hul vaders in 'n negatiewe lig beskou kan dit hulle laat glo dat God ver of onbetrokke is, of dat Hy nie 'n bron van sekuriteit en vertroosting is nie. Vaderfigure moet te alle tye probeer om die beeld van ons Hemelse Vader na te boots (Zscheile, 2012:12).

Volgens Holbrook (2020) kan die verhouding tussen 'n gelowige en hul vader inderdaad 'n diepgaande uitwerking hê op die vlak van hul geloof in God. Wanneer ouers omgee en geduldig en betrokke is by hul kinders se lewens, is hulle meer geneig om te glo dat God dieselfde eienskappe vertoon. Die teenoorgestelde kan egter ook voorkom as 'n persoon gedwing word om verlossing van 'n harde, afwesige of veeleisende vader te aanvaar.

Vaders moet bewus wees van hoe hul gedrag, houdings en lewenstyl 'n invloed op die ontwikkeling van hul kinders het. Hulle moet daarna streef om 'n voorbeeld van geregtigheid en getrouheid te wees. Volgens Jordaan en Janse van Rensburg (2007:33) kan vaders hul invloed gebruik om hul kinders te vorm om volgens God se wil te lewe. Deur 'n noue verhouding met sy kinders te hê, bied die vader vir hulle 'n goeie voorbeeld en motiveer hulle om sy gedrag aan te neem, aldus Yi en Nel (2020:3).

Data en literatuur stem saam dat Christelike vaders 'n impak het op die beeld wat kinders van God het. As vaders liefdevol, vriendelik, vrygewig en vergewensgesind is, sal kinders waarskynlik 'n positiewe siening van God hê. Omgekeerd, as vaders hard, ver en onbetrokke is, kan kinders 'n negatiewe siening van God ontwikkel. Vaders speel dus 'n integrale rol om te help vorm hoe kinders God beskou.

5.3.1.1.5. Nuwe geslag spandeer meer tyd aan kinders

Deelnemer OV25WC19 noem:

...hy maak tyd vir my en toon belangstelling in dinge wat vir my belangrik is.

In 'n studie deur Van den Berg et al. (2021:28) onder jong vaders tussen 21 en 28 jaar oud, is gevind dat die rol as voorsiener die basis vorm van hul vader-kindverhouding. Die studie het egter ook gevind dat heelwat deelnemers reken dat fisiese betrokkenheid (voeding, speel, versorging) in die lewens van kinders net so belangrik is. Dit is van kardinale belang vir die gesin se emosionele en fisiese welstand dat die vader fisies teenwoordig is. Die vader se teenwoordigheid skep ook 'n gevoel van behoort en eenheid tussen lede van die gesin, aldus Freeks (2013:15). Die resultate van 'n studie wat deur Meyer (2017:6) gedoen is, dui daarop dat 'n kind se behoeftes soos koestering, liefde en versorging 'n gevoel van stabiliteit verskaf en swaarder weeg as enige finansiële behoeftes wat hy of sy mag hê.

Deelnemer WM46FG6 noem:

Ek dink nou aan 'n dag toe ek vroeg afgevat het by die werk om my kind se rugbywedstryd by te woon. Hy was oorstelp van vreugde toe hy my gewaar.

Indien die vader sy sosiale, fisiese en emosionele verantwoordelikhede teenoor sy kind wil nakom, moet hy prakties en persoonlik met sy kind omgaan. Coakley (2006:153-161) is van mening dat aktiwiteite soos deelname aan sport, gesinsuitstappies en reise belangrik is om hierdie doelwit te bereik. Al hierdie aktiwiteite vereis dat moderne gesinne meer tyd saam spandeer. Studies het getoon dat kinders met meer betrokke vaders beter akademiese en sosiale uitkomstes het, sowel as geestesgesondheidsvoordele (Holborn & Eddy, 2011:4; Linn, Wilson & Fako, 2015:13-18).

Soos aangedui deur die data en literatuur (Van den Berg et al., 2021:28), is fisiese en emosionele teenwoordigheid binne 'n gesinsverband ewe belangrik. Pa's wat tyd saam met hul kinders bestee, bou sterk bande en skep 'n atmosfeer van vertroue en begrip. Hulle demonstreer ook die belangrikheid van gesin asook daarvan om 'n aktiewe deelnemer aan die gesinseenheid te wees. Dit moedig kinders aan om 'n gevoel van sekuriteit en stabiliteit te ontwikkel, wat hulle help om beter besluite in hul eie lewens te neem. Daarom is tyd saam met kinders noodsaaklik, nie net vir vaders nie, maar vir die algehele welstand van die kinders.

5.3.1.2. Historiese rol van kerk ten opsigte van vaderskap

5.3.1.2.1. Hoof van die huis

'n Vader gee leiding en bewaar orde binne die huis. Die vader is dus verantwoordelik vir die toepassing van dissipline. Binne historiese verstaan van vaderskap is hy die een wat die gesin van 'n "dak" voorsien (CONG1). Verder word die historiese verstaan van die vaderrol ook gesien as dié van 'n voorsiener en beskermer (VGK1). In 'n studie deur Mavungu (2013:70-72) is daar tot die gevolgtrekking gekom dat vaders hulself in die meeste gevalle as voorsieners beskou. Alternatiewe vaderskapsrolle kan nie na vore kom nie as gevolg van die algemene opvatting van vaders as primêr finansiële en materiële ondersteuningsagente vir hul kinders en gesinne (Mavungu, 2013:66)

Deelnemer VGK1 noem:

Wat die pa sê is waar en sy woord is wet. Hy het 'n gesagsposisie en hy kan nie bevraagteken word nie. Pa se woord kon in die verlede nooit bevraagteken word nie en sy woord was daarom wet.

Die magposisie van vaders kan maklik misbruik word; daarom is dit ook belangrik dat vaders opleiding ontvang om magsmisbruik te voorkom (ENC2). Morrell (2006:17) benadruk die siening van deelnemer VGK1 en argumenteer dat vaderskap dikwels gesien word as 'n simbool van mag en beheer en word geassosieer met begrippe van krag, gesag en beskerming. Dit lei dikwels tot 'n streng geslagshiërgie binne die gesin, met die vader wat die dominante posisie beklee. Dit kan lei tot 'n situasie waarin die vader se wense en begeertes bevoorreg is bo dié van die moeder en kinders, wat lei tot ongelyke magsdinamika in die gesin.

Dit is die verskaffersrol van vaderskap wat 'n spesifieke konteks het wat hul agentskap aansienlik beïnvloed. Die trekarbeidstelsel in Suid-Afrika het vaders se betrokkenheid by hul kinders en gesinslewe tydens kolonialisme ontwig (Helman, 2015:64). Daar is van die pa verwag om vir hul gesinne te voorsien en geld te stuur, terwyl die ma die kinders emosioneel ondersteun en die huishouding versorg het. Die idee van voorsiening en beskerming is so geïnternaliseer dat selfs nadat kolonialisme geëindig het, vaderskapbetekenisse en ervarings steeds by hierdie idees ingebed was. Dit het daartoe gelei dat vaders as versorgers beskou word, eerder as betrokke en koesterende versorgers. In baie gevalle het dit gelei tot 'n

ontkoppeling tussen vaders en hul kinders en het dit 'n langtermyn negatiewe uitwerking op gesinne en hul verhoudings gehad.

Die meerderheid leiers van die deelnemende kerke reken dat die vader die hoof van die huis is en die rol van verskaffer vervul. Hierdie siening onderdruk alternatiewe vaderskapsrolle en plaas die vader in 'n magposisie wat maklik misbruik kan word.

5.3.1.2.2. Rol van vader is 'n "goddelike roeping"

Deelnemers spreek hulle soos volg uit:

VGK1

Kerk sien rol van 'n vader as 'n Goddelike roeping.

OA1

In die konteks van die Ou Apostel Kerk speel die priester 'n belangrike rol. Dit sluit in die huis priester (vader) en ook die verantwoordelike priester.

CONG1

Die kerk het nog altyd die rol van vaders as krities belangrik beskou. Hierdie word ernstig benadruk in die bediening van die Heilige doop wanneer die kind in die konteks van die gesin aan die vader teruggegee word as priester van sy huis.

In hul "goddelike roeping" moet vaders bewus wees dat hulle God se beeld vertoon wat beteken dat hulle liefdevol, lankmoedig en barmhartig moet optree (GM32WC21). Die uitleef van vaderskap moet geskied sonder 'n magsvertoon¹⁷ (OV18WC24) en uitgeleef word op 'n alledaagse manier, dit wil sê, in elke aspek van 'n vader se lewe (GV50WC29,GM32WC21). Die vader moet ook die leiding neem ten opsigte van gebed. Omdat vaderskap 'n "goddelike roeping" is moet vaders ook God se rol van tugtiging en dissiplinerig toepas (ANG1). Vaders in die kerk word geroep tot 'n missionale lewenstyl en hulle identiteit moet in hierdie sending gevorm en gewortel word. Volgens Andoh en Hawkson (2019) is 'n vader 'n man wat homself beskou as God se verteenwoordiger op aarde, verantwoordelik om 'n impak te maak

¹⁷ Deelnemer VGK 1 het die teenoorgestelde genoem:

Wat die pa sê is waar en sy woord is wet. Hy het 'n gesagsposisie en hy kan nie bevraagteken word nie.

op diegene wat aan hom toevertrou is. Soos vroeër deur die navorser¹⁸ genoem, word vaders geroep om die geestelike hoofde van hulle gesinne te wees en om hulle huishoudings in God se weë te lei. Hulle is verantwoordelik om onderrig te gee en 'n goeie voorbeeld vir hul kinders te stel.

Benewens die modellering van goddelike gedrag, moet vaders hul kinders toerus met die gereedskap om hul godgegewe bestemming na te streef, en moet hulle hul kinders toerus met goddelike leierskapsvaardighede. Dit sluit in om hulle te leer hoe om besluite te neem gebaseer op Bybelse beginsels, hoe om na die Heilige Gees te luister, hoe om deur moeilike situasies te werk en hoe om ander te eer en te dien. Dit sluit ook in om hulle te leer hoe om krities te dink en hoe om probleme op te los.

Daar is konsensus onder deelnemers en literatuur dui daarop dat vaderskap 'n goddelike roeping is. Vaders het 'n morele verpligting om 'n rolmodel vir hul kinders te wees, hulle te leer oor geloof, waardes en sedes, terwyl hulle ook fisiese en emosionele ondersteuning bied. Vaders het ook 'n verantwoordelikheid om hul gesinne te beskerm en te voorsien. Hierdie roeping is nie gebaseer op 'n individu se persoonlike ambisie nie, maar op 'n gedeelde toewyding aan God se doel.

5.3.1.3. Samevatting

Die rol van vaders word verskillend deur verskillende individue verstaan. Studies en literatuur dui daarop dat vaders belangrik is vir die welstand van kinders en gesinne en dat hulle deurslaggewende ondersteuning kan bied. Dit is die verantwoordelikheid van vaders om 'n positiewe rolmodel vir hul kinders te voorsien. Om 'n positiewe rolmodel te wees, moet vaders godvrugtige lewens lei. Data toon dat vaders as goddelike hiërargie beskou word en moet hulle die leiding binne die kerklike en huislike lewe neem. Vaders verskaf leiding en dissipline. Deelnemers het die belangrikheid van kwaliteitverbindings tussen vaderfigure en hul kinders as die belangrikste aspek van vaderskap beklemtoon. Vaders wat tyd saam met hul kinders deurbring, ontwikkel sterk bande en skep 'n atmosfeer van vertroue en begrip tussen hulle. Dit help kinders om 'n gevoel van sekuriteit en selfbeeld te ontwikkel. Vaderfigure bied ook aan kinders rolmodelle en moedig hulle aan om daarna te streef om die beste weergawe van hulself te wees. Dit is deur deelnemers en

¹⁸ Sien bladsy 141 in tesis

gepubliseerde literatuur bevestig dat vaderskap 'n goddelike roeping is. Vaders het 'n plig om hul kinders van waardes, sedes en geloof te leer. As sodanig het vaders 'n heilige verantwoordelikheid om 'n positiewe rolmodel vir hul kinders te wees. Die heilige roeping van vaders maak hulle by implikasie deel van God se sending (*missio Dei*).

5.3.2. Kontekstuele faktore wat vaderskap beïnvloed

Deur die persepsies van beide vaders, vaderfigure en jongmense in die DRV na te vors, sal die navorser 'n beter begrip kan kry van hoe hierdie twee groepe die probleem van morele verval ervaar, en hoe konteks hul sienings beïnvloed. Dit sal die navorser in staat stel om meer akkurate gevolgtrekkings te maak oor die grondoorsake van die probleem en hoe om dit aan te spreek.

5.3.2.1. Probleme in die praktyk

5.3.2.1.1. Diskonneksie tussen Christelike reël van vaderskap en praktyk

Deelnemer VGK1 noem:

Daar is 'n diskonneksie tussen wat genoem word en dit wat gedoen word. Die kopskuif is moeilik om te maak en daar is 'n mate van versigtigheid.

Deelnemer OA1 noem:

Vaderfigure is redelik goed ingelig rondom hulle rolle binne huisgesinne. Hulle weet wat verwag word maar doen dit nie noodwendig nie.

Dit dui daarop dat vaders nie daarin slaag om die vaderlike rol soos in die Bybel voorgeskryf word, na te kom nie. Die Bybelse verstaan van 'n vader is dat hy 'n instrument in God se hande is, daarom moet sy keuse van onderrig en dissipline in lyn wees met daardie verwagting (Munroe, 2008:18). Daar word van vaders verwag om hulle kinders lief te hê, te koester, te voorsien en te beskerm (Matteus 7:11). Hulle moet ook daarna streef om 'n rolmodel vir hul kinders te wees, deur leiding en onderrig te verskaf om hulle te help om suksesvol te wees in die lewe (Spreuke 22:6).

Die vlak van gereedheid om die vaderrol te vertolk is soos volg deur deelnemers bewoord:

Deelnemer WM59WC5:

Vaderskap is nie noodwendig iets waarvoor mans altyd gereed is nie. Vaders moet egter besef dat sy kinders uit sy lendene kom en daarom vlees is van sy vlees.

Deelnemer GM38FG7:

Mans sal weet hoe om kinders te vader wanneer die tyd aanbreek.

Deelnemer OM28FG7 het skerp op bogenoemde uitlating gereageer en noem:

...dit definitief nie die geval is nie omdat die gebrek aan 'n vaderinstink juis die probleem is.

Deelnemer GM50WC3 skryf die diskonneksie toe aan 'n gebrek aan vaderskapsvaardighede en noem:

Ek dink tog dat vaders bewus is van hulle rol maar het nie altyd die nodige vaardighede om die kennis rakende vaderskap toe te pas nie.

Volgens 'n onlangse studie is gevind dat die meeste mans minder toegerus is om ouers te wees as in die geval van moeders (Van den Berg et al., 2021:88). Wanneer versorgingswerk as 'n vrou se verantwoordelikheid beskou word, word moeders as van nature beter ouers as vaders beskou. Dit handhaaf ook ongelyke geslagsverhoudings in die huis en ongelyke versorgingspatrone. Dit bou ook voort op die idee dat vroue die primêre versorgers moet wees en verantwoordelik is vir die meerderheid van versorgingswerk. Hierdie inslag beperk die geleentheid vir mans om ewe betrokke by ouerskap- en versorgingswerk te wees en skep 'n siklus van ongelykheid.

Deelnemers GM50WC3 en GM32WC4 argumenteer dat vaders meer as net broodwinners is en dat hul emosionele afwesigheid kinders se lewe op 'n negatiewe trajek kan stuur. Hierdie siening word bevestig deur akademici (Coakley, 2006:153; Williams, 2008:11; Holborn & Eddy, 2011:4) wat selfs van mening is dat emosionele aanwesigheid 'n groter impak het as fisiese teenwoordigheid. Deelnemer OV25WC noem dat vaders nooit die vlak waartoe kinders hulle bewonder moet onderskat nie.

Data toon dat daar 'n skeiding is tussen wat Christen vaders leer en beoefen. Vir vaders om hul goddelike agentskap uit te oefen, moet hul leringe en dissipline in lyn wees met Bybelse vereistes. Deelnemers is verdeeld oor mans se gereedheid om die rol van vader te vervul. Volgens Van den Berg et al. (2021:88) is vaders minder

gereed om hul ouerrolle te vervul as moeders. Dit toon 'n behoefte om vaders toe te rus met die nodige vaardighede en hulpbronne om hulle in staat te stel om uit te blink in hul ouerskapsrolle.

5.3.2.1.2. Dominerende rol van moeders

Volgens deelnemer WC17GV58 beïnvloed die negatiewe rol van vroue dikwels die wyse waarop mans hulle vaderskapsrol vertolk:

...vroue sommige kere te prominent in die huis wil wees.

Deelnemer GV54FG6 stel dit iewat sterker en noem:

Sommige keer tree vroue op soos diktators en wil manne voorskryf. Dit verjaag dikwels die manne.

Die navorser kon nie in literatuur vasstel of die dominerende rolle van vroue binne die huishoudings die vaderrol beïnvloed nie. Hierdie bydrae van deelnemers blyk uniek te wees.

5.3.2.1.3. Vaders in gevangenis aanhouding en egskeidings

In sommige gevalle word vaders weggehou van hulle kinders as gevolg van gevangenisstraf of egskeiding (GM32WC23, GV54FG6).

Vaders in aanhouding sukkel dikwels om verhoudings met hul kinders te handhaaf. Die afstand en gebrek aan fisiese kontak kan moeilik wees om te oorkom, en die stigma van aanhouding kan moeilik wees vir kinders om te aanvaar (Hobson, 2002:6). Vaders wat in aanhouding is, kan ook probleme ondervind om op hoogte te bly van hul kinders se lewens en aktiwiteite (Mendez, 2001:2; McGrath, 2007:42). Dit kan lei tot gevoelens van verwaarloosing en skuld, wat dit vir hulle selfs moeiliker maak om verhoudings met hul kinders te handhaaf. Vaders in die tronk moet kreatiewe maniere vind om ondanks die afstand met hul kinders verbind te bly.

Deelnemer GV5454 noem:

Ná egskeiding het my bitterheid teenoor die situasie veroorsaak dat ek alles in my vermoë gedoen het om my seun weg vanaf sy pa te hou.

Wanneer 'n verhouding eindig, word die verantwoordelikhede en verwagtinge wat met daardie verhouding geassosieer word dikwels nie meer gedeel nie, wat kan lei tot gevoelens van verwarring, skuld en woede. Dit kan dit vir mans moeilik maak om

effektief saam met hul voormalige lewensmaats ouerskap uit te oefen, selfs al wil hulle (Commission of Gender Equality, 2021:24). Dit is belangrik dat beide vennote gevoelens erken en saamwerk om 'n gesonde en voordelige mede-ouerskapverhouding te skep, selfs al is dit moeilik. Hulle moet fokus op die beste belange van hul kinders en 'n ouerskapsplan skep wat vir hulle werk.

Deelnemer GV54FG6 noem:

Ek het dikwels goed genoem om hom te verkleineer en ná ons egskeiding het my bitterheid teenoor die situasie veroorsaak dat ek alles in my vermoë gedoen het om my seun weg vanaf sy pa te hou. Dit was tot nadeel van my seun, sy pa en ook myself.

Onder die redes vir die vinnige toename in egskeidings binne die Suid-Afrikaanse konteks, wys Yi en Nel (2020:2) daarop dat ontrouheid, mishandeling, alcoholmisbruik en finansiële probleme die hooforsake is. Egskeidings dra aansienlik by tot die toenemende aantal afwesige vaders. In 2015 het Statistieke SA (2015) bevind dat 56% van egskeidings plaasgevind het tussen paartjies wat kinders gehad het, met 42% van swart paartjies wat geskei het. Dit het gelei tot 'n groot aantal enkelouerhuishoudings, met moeders wat die rol van albei ouers inneem. Die gevolge hiervan is verreikend, wat die fisiese, geestelike en emosionele welstand van die betrokke kinders beïnvloed.

Egskeidings het swak verhoudings tussen ouers tot gevolg. Navorsing het bevind dat kinders van geskeide ouers meer emosionele nood ervaar en meer geneig is om misdadigheidskwessies te hê as kinders van ongeskonde gesinne. Daarbenewens kan die ouerlike konflik en ontwrigting wat met egskeiding gepaardgaan 'n negatiewe impak op 'n kind se akademiese prestasie hê (Parke, 2003:4). In sekere gevalle word die kind se vader as gevolg hiervan weggedryf. Daar is egter ook gevalle waar moeders die rol van vaders vertolk.

...moeders in hul huishoudings 'n deurslaggewende rol speel in die opvoedingstaak van die kind (CONG1).

Die literatuur en data stem saam dat vaders wat in gevangenis-aanhouding is, sukkel om betekenisvolle verhoudings met hul kinders te bou. Vaders in die gevangenis is dikwels nie in staat om emosionele ondersteuning, leiding of finansiële bystand aan hul kinders te verskaf nie. Om in kontak te bly met hul kinders kan ook moeilik wees

vir vaders in die tronk weens die moeilikheid om te kommunikeer. Dit kan lei tot gevoelens van verlatenheid en skuld teenoor kinders. Egskeidingsprosesse is dikwels omstrede en kan negatiewe emosies ontlok. Dit kan mede-ouerskap moeilik maak en kan veroorsaak dat vaders verwyderd van hul vorige lewensmaat en hul kinders voel.

5.3.2.1.4. Swak aardse vader skend kind se Godsbeeld binne Christelike konteks

Deelnemer GM32WC4 noem:

Vaders dra die beeld van God uit. God is sy Vader. As die aardse vader faal skend dit ook die beeld van God.

Deelnemer VGK2 noem dat selfs van die kerkleierskap sonder 'n vader opgegroeï het en dat in sekere gevalle mans nie weet wat dit is om 'n goeie vader te wees nie, aldus deelnemer GM74WC16. Deelnemer VGK2 noem ook dat die paar ontmoetings met sy vader nie 'n goeie herinnering is nie. Indien kinders die beeld van hul vaders in 'n negatiewe lig beskou kan dit hulle laat glo dat God ver of onbetrokke is, of dat Hy nie 'n bron van sekuriteit en vertroosting is nie. Vaderfigure moet te alle tye probeer om die beeld van ons Hemelse Vader na te boots (O'Malley, 1988:518).

Volgens Holbrook (2020) kan die verhouding tussen 'n gelowige en hul vader inderdaad 'n diepgaande uitwerking hê op die vlak van hul geloof in God. Wanneer ouers omgee en geduldig en betrokke is by hul kinders se lewens, is hulle meer geneig om te glo dat God dieselfde eienskappe vertoon. Die teenoorgestelde kan egter ook voorkom as 'n persoon gedwing word om verlossing van 'n harde, afwesige of veeleisende vader te aanvaar.

Vaders moet bewus wees van hoe hul gedrag, houdings en lewenstyl 'n invloed op die ontwikkeling van hul kinders het. Hulle moet daarna streef om 'n voorbeeld van geregtigheid en getrouheid te wees. Volgens Jordaan en Janse van Rensburg (2007:33) kan vaders hul invloed gebruik om hul kinders te vorm om volgens God se wil te lewe. Deur 'n noue verhouding met sy kinders te hê, bied die vader vir hulle 'n goeie voorbeeld en motiveer hulle om sy gedrag aan te neem, aldus Yi en Nel (2020:3).

Data en literatuur stem saam dat Christelike vaders 'n impak het op die beeld wat kinders van God het. As vaders liefdevol, vriendelik, vrygewig en vergewensgesind is, sal kinders waarskynlik 'n positiewe siening van God hê. Omgekeerd, as vaders hard, ver en onbetrokke is, kan kinders 'n negatiewe siening van God ontwikkel. Vaders speel dus 'n integrale rol om te help vorm hoe kinders God beskou.

5.3.2.1.5. Ontoereikende leiding aan vaders

Deelnemer GV50WC18 voer aan dat die programme wat aangebied word met betrekking tot vaderskap uit pas is met die behoeftes van die jonger geslag. Om missionaal te wees moet die kerk konsentreer op die ontwikkeling en toerusting van mense in plaas daarvan om programme te ontwikkel (McNeal, 2009:xiv). Deur te fokus op die ontwikkeling en toerusting van mense, kan die kerk beter in die behoeftes van sy lidmate en die gemeenskap voorsien. Dit help om 'n kultuur van missionale denke te skep en moedig lidmate aan om aktief betrokke te wees by die sending van God.

GM50 (WC18) maak die opmerking dat:

...kerke en gemeenskappe hierdie belangrike rol van vaderskap baie ligtelik opneem en nie deel maak van daaglikse gesprekke nie.

Informele gesprekke rondom die belangrike kwessie van vaderskap is ook baie beperk (VGK2). Volgens Freeks (2019:3) moet 'n mens aktief wees in sending om soos Christus te wees, wat beteken om die evangelie te verkondig waar hulle ook al gaan, insluitend die huis, kerk en gemeenskap. In hierdie praktyk word mense aangemoedig om doelbewus met mekaar te kommunikeer en te gesels ten einde die leringe van Jesus Christus en Sy liefde vir alle mense te demonstreer.

Aan die anderkant word daar ook toegegee dat mans nie die programme wat wel aangebied word goed ondersteun nie (OV25 WC15). Verder is daar ook aangedui dat mans hardkoppig is (GM38FG6). As gevolg van die samelewingsdruk op mans om sterk en onafhanklik te wees, kan dit lei tot gevoelens van skaamte of skuld as hulle om hulp vra. Omdat mans nie veronderstel is om te huil nie, voer Thobejane en Luthada (2019:11) aan dat hierdie sentiment deur ons patriargale samelewing beklemtoon word. Mans se onwilligheid om bemagtigingsessies by te woon kan dalk toegeskryf word aan die sosiale konstruksie van wat dit is om 'n man te wees: taai, onafhanklik en emosioneel beheersd, aldus Staiger et al. (2020:4).

Dit kan verder vererger word deur die stigma rondom mans wat hulp vra, aangesien dit dikwels as 'n teken van swakheid beskou word. In sekere gevalle vertolk vaders hulle rolle outomaties sonder om daarvoor na te dink (ANG3). Vaders binne die plaaslike geloofsgemeenskap is nie te gretig om te praat oor hulle tekortkominge en leemtes nie en is ook nie baie opgewonde om toegerus te word nie (VGK2). Dit kan daartoe lei dat vaders geïsoleer voel, en nie in staat is om hulp te vra wanneer dit nodig is nie. Dit kan ook 'n negatiewe impak op die vader se geestesgesondheid en welstand hê, asook op hul verhoudings met hul kinders. Dus, hoewel dit belangrik is om vaders te bemagtig, is dit ewe belangrik om te verseker dat hulle toegerus is met die ondersteuning wat hulle nodig het om hul doelwitte te bereik en beter rolmodelle vir hul kinders te word.

Volgens data en literatuur is die ontoereikendheid van programme as gevolg van 'n gebrek aan doelgerigtheid. Die rol van die vader blyk ook 'n randgesprek binne kerke te wees in die konteks van die DRV. Vaders se onwilligheid om programme by te woon kan, soos reeds genoem, toegeskryf word aan hul sosiale konstruksie wat mans uitbeeld as taai, onafhanklik en in beheer van sy emosies. Hierdie konstruksie maak dit moeilik vir mans om kwesbaar te wees en om hulp te soek. Dit is dus belangrik dat kerke die kulturele konstruksie wat met manlikheid geassosieer word erken en veilige ruimtes skep vir mans om hul gevoelens te deel en hulp te soek wanneer dit nodig is.

5.3.2.1.6. Sosiale omstandighede beïnvloed gesonde vaderskap

Dit is moeilik om jou stempel op jou kinders af te druk wanneer jou eie ouers die huis met jou deel. Deelnemer GM38FG6 noem:

... pa sê ja, oupa sê nee.

Academici (Sampson & Hertlein, 2015:4; Robinson & Wilks, 2006:169) argumenteer dat grootouers 'n groter toegeeflikheid teenoor kleinkinders toon as teenoor hul eie kinders, wat tot dissiplinêre probleme kan lei. Grootouers vind dit dalk moeilik om grense te stel en kleinkinders uit te daag wanneer dit nodig is, wat kan lei tot konflik tussen ouers en grootouers.

Deelnemer GM54WC6 noem:

Oupa doen meer met sy kleinkinders as wat die geval was met sy eie kinders. Dit blyk dat ons probeer goedmaak in die areas waar ons gefouteer het. Die

oordrewe betrokkenheid van grootouers veroorsaak in baie gevalle dat vaders hul rol abdikeer.

Richter (2006:54) noem dat grootouers die rol van sosiale vaderskap kan vertolk maar in hierdie spesifieke geval blyk dit dat hul rol die rol van 'n teenwoordige vader wil ondervang.

Die navorser voer aan dat vaderskap meer as biologiese vaders insluit, maar ook ander gesagsfigure binne die gesinsisteem wat die rol kan vervul, soos moeders.¹⁹

Vroue vind dit ook moeilik om mans op hul foute te wys (ANG1). Conell (2006:77) skryf hierdie verskynsel toe aan hegomoniese manlikheid waarbinne aanvaar word dat 'n vrou se stem nie veel gewig dra nie. Dit is duidelik dat swak berekende inmenging van grootouers negatief kan inwerk op die vaderfunksie en dat egskedings baie traumaties is vir beide vader en kind.

Uit die data en literatuur blyk dit ook dat dit 'n kind nadelig kan beïnvloed omdat verskillende gesagsfigure verskillende boodskappe aan kinders oordra. As gevolg hiervan kan die rol van ouers ondermyn word. Grootouers kan egter ook as sosiale ouers vir hul kleinkinders optree. Uiteindelik moet die grootouer die balans vind tussen die verskaffing van positiewe ondersteuning en om te veel in te meng.

5.3.2.1.7. Gebrek aan rolmodelle

Deelnemer GV58WC26 noem:

Jongmense is op soek na vaderlike rolmodelle.

Deelnemer ANG2 noem:

Daar is nie genoegsame mans binne ons gemeenskap wat kinders aantrek tot hulle nie.

Freeks (2020:3) beaam hierdie stelling en noem dat daar nie genoeg positiewe manlike rolmodelle vir jong seuns in Suid-Afrika is nie. Freeks glo dat dit belangrik is vir jong seuns om positiewe manlike rolmodelle in hul lewens te hê, aangesien hierdie rolmodelle hulle van leiding kan voorsien en as 'n bron van inspirasie kan dien. Sonder hierdie positiewe rolmodelle sal seuns dalk nie 'n gesonde gevoel van

¹⁹ Sien bladsy 34 in tesis

manlikheid ontwikkel nie en kan hulle sukkel om positiewe besluite te neem wanneer dit by hul toekoms kom.

Seuns wat sonder 'n positiewe manlike rolmodel grootword, is meer geneig om betrokke te raak by risiko-gedrag, te sukkel op skool en om gesonde verhoudings te vorm. Dit kan 'n langdurige impak op hul lewens en die lewens van diegene rondom hulle hê (Jansen, 2021:81-86). Daarbenewens merk MacMaster (2010:7) op dat bendes aan rekrute rolmodelle voorsien wat die gaping vul wat gelaat word deur die afwesigheid van vaders en broers in hul lewe. MacMaster (2010:52) haal ook Hofmeyer (1993) aan wat argumenteer dat die vernaamste oorsaak waarom jong mans by bendes aansluit toegeskryf kan word aan onverantwoordelike vaderskap. Hierdie onverantwoordelike vaderskap speel uit in die vorm van huishoudelike geweld, afwesigheid van vaders en vaders wat eenvoudig net die huishouding verlaat. Die gebrek aan positiewe rolmodelle vir jongmense skep dus die vakuum wat deur bendes gevul word.

Die feit dat baie vaders nog kinders is maak dit moeilik vir hulle om die vaderskapsrol effektief te vertolk (WM59, WC15):

... seuns sal dit moeilik vind om 'n goeie vader te wees vir hul kinders.

'n Studie deur Meyer (2018:4) dui daarop dat jong mans oor die algemeen werkloos is, en nie finansiëel of emosioneel tot die opvoeding van hul kinders kan bydra nie. Dit kan 'n generasiegaping ten opsigte van onderwys en vaardighede veroorsaak wat kan lei tot 'n siklus van armoede. Vaders moet daarna streef om emosioneel beskikbaar en teenwoordig te wees in hul kinders se lewens.

Volgens data en literatuur het jongmense nie positiewe rolmodelle in hul gemeenskappe nie. Sonder positiewe rolmodelle is jongmense meer geneig om betrokke te raak by riskante gedrag, wat kan lei tot onbeplande swangerskappe. Sonder die emosionele volwassenheid en finansiële stabiliteit om 'n kind groot te maak, is die kind meer geneig om grootgemaak te word in 'n ongesonde omgewing met 'n gebrek aan leiding en ondersteuning.

5.3.2.2. Samevatting

Daar blyk 'n verskeidenheid kontekstuele faktore te wees wat vaders óf verhoed óf ondersteun om hul vaderrolle te vervul. Literatuur toon dat politieke faktore, kulturele

faktore (labola, unbunto, ens) en ekklesiologiese faktore vaderskap belemmer terwyl dit in die DRV konteks nie die geval blyk te wees nie. Raakpunte tussen literatuur en data sluit in faktore soos egskeiding en gevangenisstraf. Unieke bydrae van die data sluit in faktore soos die diskonneksie tussen die Christelike reel van vaderskap en wat in die praktyk gebeur, die dominerende rol van vroue asook ontoereikende leiding aan vaders en vaderfigure.

Met inagneming van die beskikbare data, is dit duidelik dat daar 'n gaping bestaan tussen wat Christen vaders leer en wat hulle beoefen. Om suksesvol te wees in hul rolle as vaders, het vaders vaardighede, hulpbronne en stelsels nodig wat hulle in staat sal stel om sukses te behaal. Daar is dikwels 'n gebrek aan kommunikasie tussen vaders in die tronk en hul kinders sowel as 'n gebrek aan finansiële en emosionele bystand. Dit kan die kinders verlate laat voel en vaders met skuldgevoelens laat. Die beeld van God in die gedagtes van kinders word deur hulle vaders beïnvloed. As vaders liefdevol, vriendelik, vrygewig en vergewensgesind is, sal kinders waarskynlik God positief beskou. Aan die anderkant, as vaders beledigend, selfsugtig en onvergewensgesind is, kan kinders meer geneig wees om God negatief te beskou. Dit is belangrik vir vaders om positiewe gedrag vir hul kinders te modelleer, aangesien dit hul verhouding met God kan help vorm. 'n Gebrek aan doelgerigtheid maak programme ondoeltreffend, en vaders se onwilligheid om programme by te woon is 'n gevolg van hul sosiale konstruksie. Ten spyte van die feit dat navorsing en literatuur daarop dui dat 'n grootouer se swak berekende inmenging 'n kind negatief kan beïnvloed, kan grootouers ook as sosiale ouers vir hul kleinkinders optree.

5.3.3. Deelnemers se teologiese refleksie rakende vaderskap

Die doel van hierdie dimensie van die praksissiklus is om te probeer vasstel hoe deelnemers aan die studie vaderskap ervaar en hoe hulle teologies daarvoor besin (Bybelse refleksie). Deur vaderskap in die konteks van Bybelse literatuur te analiseer, het die navorser 'n beter begrip van die geestelike en morele implikasies daarvan verkry. Daarbenewens was die bedoeling om insig te kry in hoe individue hulself as vaders en vaderfigure ervaar, en hoe hulle vaderskap as 'n sosiale krag beskou.

5.3.3.1. Deelnemers se interpretasie van sekere Skrifgedeeltes

5.3.3.1.1. Christen vaders is ondersteunend

Deelnemer VGK3 noem:

Paulus se brief aan Onesimus. Hy smeeek by Filemon om Onesimus 'n kans te gee. Paulus as ou man skryf die brief aan hierdie jong man wat uiteindelik ook later gemeenteleier geword het. As gevolg van Paulus se liefde en ondersteuning het Onesimus ontwikkel in 'n leier. Vaders moet daar wees, ondersteunend wees en die potensiaal sien in elke jongmens sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik.

Soos Mullen (2020:73) aangetoon het, kan intensiewe ondersteuning en aandag 'n beduidende impak op jongmense se toekoms hê, veral in die konteks van kleingroepe en individue. Daar is getoon dat hierdie benaderings selfbeeld verbeter, help met probleemoplossing en betrokkenheid by sosiale aktiwiteite verhoog. Sulke intervensies is noodsaaklik om jongmense van die nodige vaardighede en ondersteuning te voorsien om suksesvolle en vervullende lewens te bou. Kortom, vroeë ingryping kan 'n groot verskil in die lewenstrajek van jongmense maak, en bied aan hulle die gereedskap en ondersteuning wat hulle nodig het om hul potensiaal te bereik. Dit blyk uit Paulus se brief aan Filemon dat hy 'n vaderlike liefde het vir Onesimus, 'n jong slaaf wat oortree het en hy herinner Filemon aan die transformerende krag van God se genade (Reis, 2015). Volgens Punt (2010:242) het Paulus omgee vir hierdie gemarginaliseerde individu wat geen stem gehad het nie. Eberhart (2013) benadruk die feit dat Paulus die goeie in Onesimus raaksien en bevestig hom. Die navorser is van mening dat jongmense op baie maniere gemarginaliseer word en dat vader figure hulle kan help om aanvaar, geliefd en bemagtig te voel.

5.3.3.1.2. Vaders kan lei vanuit kwesbaarheid

Deelnemer VGK3 noem ook:

Nog 'n voorbeeld is Simson se pa Monoag wat aan God erken het dat hy nie weet hoe om die seun groot te maak nie. Vaders moet leer om eerlik te wees en hul tekortkominge te erken. Vaders moet daarom ook leer om vaderskap te beoefen uit 'n posisie van kwesbaarheid. Deur kwesbaarheid toon vaders

eerlikheid en egtheid. Vaders ken nie alles nie en broosheid/kwesbaarheid maak dat kinders hul vereenselwig met hul vaders omdat hy deur hierdie aksie toon dat hy ook mens is. Vaders moenie die beeld van "superman" voorhou nie, maar moet daarvan bewus wees dat hulle ook kan leiding gee uit 'n posisie van swakheid.

Hirsch (2006:134) voer aan dat kwesbaarheid daarvoor gaan om oop en eerlik te wees met diegene wat ons teëkom. Kwesbaarheid stel ons in staat om opregte verhoudings en vertroue met ander te ontwikkel. Dit moedig ons ook aan om meer oop te wees vir nuwe ervarings en idees. Hierdie openheid kan lei tot groei en selfontdekking. Christene kan nader aan Christus groei as gevolg van die aanvaarding en omhelsing van kwesbaarheid. Dit laat hulle toe om meer soos Jesus te word as gevolg van 'n lewe wat gekenmerk word deur nederigheid en diens. Volgens Deffinbaugh (2009) het Monoag, die vader van Simson, geen twyfel gehad in die vermoë van God om sy gesin van 'n seun te voorsien nie. Hy het egter sy kwesbaarheid getoon deur te erken dat hy nie in staat was om Sampson in 'n goddelose wêreld groot te maak nie en het leiding by God gesoek.

Ten slotte laat kwesbaarheid ons toe om meer as ons eie grootste swakheid te wees en skep 'n veilige omgewing van vertroue waar ons kan groei en God se liefde kan ervaar.

5.3.3.1.3. Vaders as priesters

Deelnemer OA1 noem die volgende:

Tydens huweliksbevestigings word daar baie aandag gegee aan die man as priester van sy huishouding. Die pa was histories gesagsfiguur maar dit is nie altyd vandag meer die geval nie.

Dit is duidelik dat die vader as priester sentraal staan binne hierdie deelnemer se konteks. Op grond van Freeks se redenasie (2019:1) is die vader die priester en hoof van sy gesin, en moet dus die gesin regeer in ooreenstemming met 1 Korintiërs 11:3 se beginsels en regulasies. Hy moet die een wees wat die gesin na God rig en verseker dat almal God se leringe en wette volg, en dat almal op 'n manier leef wat vir God welgevallig is. Daar is ander denkstrome wat reken dat die rol van priester nie net deur spesifieke individue of geslagte vervul moet word nie (Roldan, 2004: 152; Nadar 2009:40).

Data en literatuur benadruk nietemin die belangrike rol van die vader as huispriester. As sodanig moet die vader die een wees wat sy gesin in die rigting van God lei om te verseker dat sy gesin in harmonie met God leef.

5.3.3.1.4. Vaders se geloof is oorerflik

GM38FG9 noem:

Ek dink graag aan die Abraham wat sy geloof in God gestel het. Sy seun Isak het daar vasberade geloof gesien en ook 'n man van geloof geword.

Volgens Barker (2008:1-3) moet vaders daarna streef om vir hul kinders te wys dat hulle toegewyd is daaraan om God se Woord in hul daaglikse lewens uit te leef, sodat hul kinders kan sien dat 'n toewyding aan God se wil die grondslag van 'n suksesvolle lewe is. Daarbenewens moet hulle daarna streef om verhoudings met hul kinders te ontwikkel wat gebaseer is op vertrouwe en begrip, sodat hul kinders kan voel dat hul pa iemand is na wie hulle kan opkyk en vertrou. Met betrekking tot Isak se geloof en gehoorsaamheid toe hy as 'n offer gebind is, moes dit duidelik gewees het dat hy werklik geglo het wat sy vader gesê het toe sy vader aan hom sê dat God sal voorsien (TOW, 2021). Die meerderheid van sy lewe het Isak in die voetspore van Abraham gevolg, en dieselfde geloof uitgespreek toe hy vir sy kinderlose vrou gebid het (Gen. 25:21).

Vaders moet ook proaktief in hul kinders se lewens wees en hulle aanmoedig om in hul verhouding met God te groei. Dit is ook belangrik om vir hul kinders te bid, vir hul beskerming, veiligheid en geestelike groei.

5.3.3.1.5. Nie-biologiese vaders vorm deel van God se plan

OV48FG9 noem:

Die verhaal van Jesus. Sy pa Josef het geweet dat die kind wat in die wêreld gebring sou word nie biologies sy eie kind is nie, maar tog het hy vaderskap oor Jesus uitgeoefen. Ons leer ook dat hy baie beskermend teenoor Jesus was.

Kinders het nie altyd biologiese vaders nie, en selfs sonder 'n biologiese vader kan kinders liefdevolle en koesterende verhoudings hê met een of meer volwasse mans wat hulle as hul vaders beskou (Richter & Morell, 2004:36). Hierdie mans kan 'n

belangrike rol in die kind se lewe speel deur liefde, leiding en ondersteuning te verskaf.

Lamb (2015:93) noem ook dat dit wil voorkom asof Josef vir Jesus omgee het, want hy het Jesus die Skrif geleer, getreur oor Jesus se verlies, onvermoeid gesoek om hom te vind totdat hy gevind is. Josef het in Jesus se fisiese behoeftes voorsien, hom deur die lewe gelei en hom teen gevaar beskerm (Hallowell, 2023). In Josef herinner God ons daaraan dat vaderskap nie 'n stokperdjie is nie, maar 'n roeping wat beide spiritualiteit en die lewe self insluit, aldus Bird (2023).

Josef was 'n vaderfiguur vir Jesus, wat hom gehelp het om in wysheid en statur te groei. Dit is belangrik om die bydraes van figure in die skep van 'n gesinseenheid te erken en te vier.

5.3.3.1.6. Christen vaders vergewe, neem terug en omarm

WV49FG9 noem:

My gunsteling Bybel verhaal van goeie vaderskap is dié van die verlore seun. 'n Pa wie nie moed opgegooi het nie en elke dag opgestaan het met daardie verwagting dat sy seun sal terugkeer. Sy verwagting het hom positief gehou. Dit leer ook vandag se vaders om nooit hul kinders af te skryf nie, ongeag hoe groot die teleurstelling was.

Parker (2008:39,109) voer aan dat die verlore seun gelykenis die onvoorwaardelike liefde wat 'n pa vir sy seun het, illustreer. Hy verduidelik dat God deur hierdie liefde na ons as ons Vader uitreik. In die gelykenis van die verlore seun sien ons 'n vader wat vrylik liefhet, en wat wag om sy seun huis toe te sien kom sonder om hom te verwerp. Die vader neem deel aan die behoeftes van sy seun, en versterk sy selfbeeld as gevolg van hierdie betrokkenheid.

Volgens die navorser toon die gelykenis hoe ons bereid moet wees om mekaar onvoorwaardelik te aanvaar. Hierdie gelykenis leer ons ook oor die belangrikheid van vergifnis, aanvaarding en liefde. Hierdie vader se onwrikbare geloof en onvoorwaardelike liefde is 'n kragtige les vir vaders vandag. Dit wys ons dat ongeag ons vorige foute en mislukkings, daar altyd hoop en moontlikheid is vir versoening en vergifnis. Dit is ook belangrik om te onthou dat vaders nooit op hul kinders moet moed opgee nie, selfs al lyk die kans teen hulle skraal.

Deelnemer GM50WC29 som die verhaal van die verlore seun op as:

... pa wat wag, vergewe, terugneem en omarm.

Williams (2010) is van mening argumenteer dat die daad van die vader wat na sy seun hardloop, 'n kragtige daad van liefde en lojaliteit teenoor sy seun was, en dit was 'n duidelike bewys van sy bereidwilligheid om die volle skuld vir sy seun se terugkeer te neem. Dit was ook 'n manier om die gemeenskap te wys dat die skaamte en vernedering wat hulle beplan het om op sy seun te plaas, nie nodig is nie en dat sy seun welkom tuis is.

Yi (2019:174) argumenteer dat 'n jeugbediening waarbinne jongmense omarm word hulle sal help om te ontdek wie hulle werklik is en wat hulle kan bydra. Dit sal die gevoel van waarde wat aan vaderlose jeugdige gegee word, aansienlik verbeter.

5.3.3.1.7. Geloof en daad

Deelnemer GM74WC22 reflekteer op Kolosense 3:31 en noem:

Praktiese toepassing van liefde is baie noodsaaklik. Daar moet sigbare werke wees om dit te betoon.

Vaders kan hul liefde demonstreer deur woorde van bevestiging te gebruik, vir hul kinders te bid, hul tyd en ondersteuning te gee en toegeneentheid te toon (Vaughan, 2010). Die optrede van 'n vader toon aan sy kinders dat hy na hulle luister, aandag gee aan hul behoeftes en bereid is om te help. Dit stel ook pa's in staat om 'n sterk band met hul kinders te skep, wat langdurige gevolge kan hê. Vaders moet dus daarna streef om betrokke te wees by verskeie aspekte van hul kind se lewe. Die kwaliteit van hierdie interaksie, nie die kwantiteit nie, is wat die meeste saak maak (Coakley, 2006:155). Vaders moet seker maak dat hulle teenwoordig en emosioneel beskikbaar is vir hul kind.

Volgens Farar (2003) moet vaders elke geleentheid gebruik om hul kinders van waardes, karakter en lewenslesse te leer. Deur 'n rolmodel te wees en 'n goeie voorbeeld te stel, kan vaders hul kinders help om belangrike lewenswaarhede te leer. Vaders moet ook verseker dat hul kinders verantwoordelik gehou word vir hul dade en dat hulle weet wat die gevolge van hul dade is.

5.3.3.1.8. Christen vaders gee leiding en struktuur

OV25WC27 noem:

Colossians 3:21/Ephesians 6:4 "Fathers, do not provoke your children to wrath, instead bring them up...". Proverb 1:8 "My son, hear the instruction of thy father, and forsake not the law of thy mother." Die eerste twee teksgedeeltes verwys na die rol van ouers, in spesifiek vaders. Hulle word gemaan om omsigtig om te gaan in die opbring van hul kinders. In teenstelling daarmee verwys die tweede teksgedeelte daarna dat kinders die raad en tereg wysig van ouers ter harte moet neem. Hierdie teksvers dui daarop dat beide ouers se insette in kinders se lewens belangrik is. Verder moedig dit ook jongmense aan om te luister na hul ouers. Hierdie spreuk van Salomo dui dalk ook op sy gehoorsaamheid aan sy ouers en kan self ook een van die geheime wees van sy sukses.

Missionale vaders verskaf leiding en struktuur vir hul kinders om hulle te help om wyse besluite te neem. Hulle bied ook ondersteuning en aanmoediging om hul kinders te help om toepaslike probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en die gevolge van hul optrede te verstaan. Deur hulle selfbeheersing te leer, gesag te respekteer, inagneming van ander en onderdanigheid aan God, berei hulle hulle voor vir suksesvolle lewe. By dissiplinering vorm ouers en kinders 'n onderwyser- en studenteverhouding. Dissipline is afgelei van die Griekse woord wat "om te leer" beteken (Vailaau, 2005:15). Dit leer die kind om verantwoordelik en respekvol te wees en ontwikkel 'n gevoel van selfbeheersing. Dit help ook om vertrouwe tussen die ouer en kind te bou, asook 'n sterk band van liefde. Dissipline is 'n belangrike deel van ouerskap en help om 'n kind se sukses in die lewe te verseker. Radmacher et al. (2002:965) noem dat die teksvers in Spreuke 1:8 daarop dui dat dissiplinering die verantwoordelikheid is van beide ouers. Volgens Guzik (2020) was Salomo se oortuiging dat kinders geleer moet word met leiding en onderrig, nie fisiese straf nie. Gevolglik het hy geglo kinders moet leer om te dink en gevolge te verstaan, en hulle moet leer om te gehoorsaam uit respek, nie uit vrees nie. Missionale vaders moet oop wees vir die Heilige Gees se leiding, en moet bereid wees om hul ervarings en lesse met hul kinders te deel sodat hulle kan leer hoe om hierdie leiding die beste in hul eie lewens te gebruik.

5.3.3.1.9. Christen vaders rus kinders toe

Deelnemer GM32WC28 noem:

Abraham het sy seun Ismael verwerp. Stuur hom die woestyn in met 'n sak water en brood. Dit daag ons uit met die volgende vraag. Hoe rus ons ons kinders toe in hierdie uitdagende wêreld. Is dit wat ons gee aan ons kinders genoeg vir hulle om suksesvol te wees?

Bybel kommentare (Henry:2023; Benson:2023; Ellicott:2023) toon egter nie 'n konneksie tussen die beperkte voorraad waarmee Abraham vir Hagar en Ismael die woestyn ingestuur het en hoe ouers hul kinders geestelik moet toerus nie. Al drie kommentare dui daarop dat Ismael tussen sestien en sewentien jaar oud was en suggereer ook dat Abraham hulle toegerus het met genoeg om te kom tot by hul bestemming, maar dat hulle moontlik verdwaal het. Henry (2023) noem egter dat die geestelike les daarin is dat God 'n uitkoms bied, ongeag hoe donker omstandighede lyk.

Volgens Wolter (2017) moet ouers fokus op aktiwiteite wat hul kinders se karakter en vaardighede sal ontwikkel sodat hulle in staat sal wees om die uitdagings van die lewe die hoof te bied en suksesvol te wees in die bereiking van hul doelwitte. Hierdie aktiwiteite behoort ook te help om 'n sterk verhouding met God te ontwikkel, aangesien dit die uiteindelijke bron van krag en rigting is. Dit is belangriker vir ouers om hul kinders se talente en sterkpunte te bevorder as om hulle teen die buitewêreld te beskerm. Dit sal dit makliker maak vir kinders om 'n positiewe impak op die wêreld te maak deur meer effektief te word (Wolter, 2012).

Verskeie studies het getoon dat vaders doelbewus hul kinders van die nodige vaardighede en kennis moet voorsien. Die belangrikste ding wat 'n vader egter moet doen, is om sy kinders te leer om godvrugtige lewens te lei.

5.3.3.1.10. Geen voorkeurbehandeling

Deelnemer GM46WC28 noem:

Dawid se vader Jessie het ander kinders voorgetrek en aanvanklik nie vir hom voorgehou aan die profeet nie. Het gedink dat Dawid dalk nie goed genoeg was nie. Die les hierin is dat vaders nie kinders moet bevoordeel een bo die ander nie. Kinders is almal uniek en elkeen het hul besonderse gawe.

Volgens Merriam-Webster word begunstiging gedefinieer as die praktyk om sekere mense beter as ander te behandel. Die Griekse woord vir begunstiging word letterlik in Jakobus 2 vertaal as "ontvang volgens die aangesig." Gevolglik is begunstiging die daad om mense op grond van hul voorkoms te beoordeel (Livingstone, 2018).

Volgens Siennick (2013:3) kan sekere vorme van ouerlike differensiële behandeling 'n nadelige uitwerking op die verhouding tussen broers en susters hê. Dit kan tot gevoelens van jaloesie, wrok en mededinging tussen broers en susters lei. Verder kan dit ook lei tot wedywering tussen broers en susters, wat die verhouding verder kan belemmer en selfs meer probleme kan veroorsaak. Honwane (2023) argumenteer dat wedywering onder broers en susters dikwels voorkom as gevolg van ongelyke behandeling wat kinders ontvang vanaf hul ouers. Om dit te voorkom, moet ouers daarna streef om regverdig en konsekwent te wees in hul behandeling van hul kinders. Hulle moet ook tyd neem om na hul kinders te luister en emosionele ondersteuning te bied.

Gesinsisteemteorie dui daarop dat wanneer ouers kinders ongelyk behandel, dit tot gevoelens van wrokkigheid en jaloesie tussen broers en susters kan lei (Helman, 2023). Dit kan spanning skep en die gesin se gevoel van eenheid ontwig, wat tot laer gesinsamehorigheid kan lei. Daarom is dit belangrik vir vaders om bewus te wees van hierdie potensiaal en alle broers en susters gelyk te behandel wanneer moontlik.

5.3.3.1.11. Missionale bewustheid

GV50WC29 noem:

Deuteronomium 6:8 Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. In hierdie vers maak God dit duidelik dat vaders gedurigdeur kinders bewus moet maak van God se perfekte wil vir hul lewens. Hierdie vers dui ook daarop dat vaders hul kinders op 'n eenvoudige manier kan wys wat om te doen. Die slotsom is ook dat vaders God op 'n alledaagse manier moet volg sodat hulle kinders dit kan nadoen.

Vosloo (2007:257) voer aan dat hierdie instelling die Israelitiese kinders gehelp het om God op 'n eenvoudige manier lief te hê, en hulle ook toegelaat het om God en sy liefde vir hulle op 'n tasbare manier te verstaan. Dit het dit vir hulle makliker gemaak om waarhede oor God te onthou en dit aan toekomstige geslagte oor te dra. In

vandag se konteks dring dit ouers aan om die geloofspraktiese manier te beoefen dat kinders dit sal naboots. Uiteindelik is die belangrikheid van hierdie instelling dat dit kinders toegelaat het om die tasbare liefde van God te verstaan, wat 'n belangrike les is vir enige ouer om aan toekomstige geslagte oor te dra.

Soos Barnes-Clay (2023) noem, leer kinders uit hul vader se voorbeeld, en sy betrokkenheid by hul lewens laat hom toe om hul houdings, waardes en oortuigings te vorm. Vaders moet ook daarna streef om positiewe rolmodelle vir hul kinders te wees. Vaders moet nie net fisiese, emosionele en finansiële ondersteuning bied nie, maar ook 'n model van morele gedrag demonstreer wat kinders kan volg. Daarby moet hulle ook betrokke wees by hul kinders se lewens en 'n aktiewe rol in hul opvoeding speel.

5.3.3.2. Samevatting

Literatuur en data stem oor verskeie aspekte ooreen. Guder (2015:17) en deelnemer VGK3 is van mening dat die kerk ruimte moet maak vir die gemarginaliseerdes. Vaderskap moet ook in staat wees om vanuit 'n posisie van kwesbaarheid uitgeoefen te word. Hierdie aspek vra vir die dekonstruksie van vaderskap (Meyer, 2018:10) wat die beeld dra van "superman" soos een van die deelnemers (VGK3) daarna verwys. Die voorbeeld wat vaders aan kinders stel is van onskatbare waarde (Barker, 2008:1-3, GM38FG9).

In die konteks van DRV's word geleenthede vir vaderbematiging geskep. Die "huisaltaar" of gebedstyd vorm 'n fundamentele komponent van hierdie inisiatiewe. Data dui ook daarop dat vaders nie noodwendig hul goddelike rolle verstaan nie. Die belangrikheid van sendelingvaders se doelbewuste betrokkenheid by hul gesinne word in verskeie literatuur uitgelig (Freeks, 2018; Bevans, 2016). 'n Doelgerigte ingryping van vaderfigure in die lewens van jongmense het 'n blywende impak op daardie jongmense en moedig hulle aan om hul volle potensiaal te bereik.

Dit blyk dat sosiale vaderskap 'n kragtige instrument kan wees om die afwesige vader verskynsel aan te spreek. Beide literatuur en data toon dat die vaderrol effektief deur nie-biologiese vaderfigure vertolk kan word (Coakly, 2006:155, GM74WC22). Studies (Freeks, 2019; Sweet, 2012) en data (CONG1) bevestig die belangrikheid van vaders se priesterlike rol. Kinders en jongmense se geestelike ontwikkeling word grootliks beïnvloed deur die voorbeeld wat vaders stel. Unieke

teologiese refleksies uit die data sluit in: dat vaders leiding en struktuur gee, kinders moet toerus en daarteen moet waak dat kinders voorkeurbehandeling geniet.

Vaders is verantwoordelik om godvrugtige lewens te lei wat as 'n model vir hulle kinders sowel as die breër gemeenskap kan dien. Christelike vaders en vaderfigure is slegs effektiewe leiers as hulle self deur die Heilige Gees gelei word. Vaders moet kinders geestelik ontwikkel sodat hulle positief tot die samelewing kan bydra. Daarbenewens moet vaders verseker dat alle kinders binne hul huishouding gelyke behandeling ontvang. As 'n laaste oorweging moet Christen vaders en vaderfigure 'n missionêre bewustheid ontwikkel sodat hul optrede positief sal bydra tot die ontwikkeling van kinders en jongmense se geloof.

5.3.4. Strategieë om positiewe vader/vaderfiguur betrokkeheid aan te moedig ten einde morele agteruitgang van jongmense teen te werk.

In die vierde dimensie van die praksissiklus probeer die navorser die volgende vraag beantwoord: In 'n poging om die probleem missiologies aan te spreek, hoe kan werkbare strategieë ontwikkel word ná oorweging van die self-identifikasie en rolle van vaders, kontekstuele faktore en teologiese perspektiewe op vaderskap? Dit behels 'n deeglike ontleding van die bestaande navorsing en literatuur, en die ontwikkeling van 'n strategie wat by die konteks aangepas is en die perspektiewe van vaders in ag neem.

5.3.4.1. Fokus op gemeenskap onder manne, kleingroepbesprekings

Daar word spesifieke geleenthede gereël om vaders op te voed ten einde hul rolle effektief te vertolk (OA2, ENC1). Deelnemer ENC1 noem:

Encounter Ministries fokus baie op gemeenskap onder manne ("fellowship") en maak veral gebruik van die "Fathers Matter"²⁰ reeks. Fokus op die huwelik en welstand van kinders binne huishoudings.

Deelnemer OA2 verduidelik die funksie van 'n "huisaltaar" soos volg:

²⁰ Fathers Matter is a project to support the positive, active presence of men in children's lives to benefit children, women and men themselves. <https://www.heartlines.org.za/fathers-matter/home>

Tydens hierdie geleentheid kry vaders en hulle gesin die geleentheid om rondom die Woord te vergader. Hierdie geleentheid gee ook aan die gesin die geleentheid om oor algemene huissake en verhoudings te praat.

Volgens Cousineau (2013) is dit noodsaaklik dat kinders moet sien dat hul pa se inspirasie in Christus gevind word. Dit sal hulle help om 'n sterk geestelike fondament te ontwikkel wat hulle regdeur hul lewens sal hou. Dit sal hulle ook help om 'n hegte verhouding met God en 'n morele kompas te ontwikkel om die regte besluite in die lewe te neem.

Missionale vaders moet uiteindelik ook dissipelmakers binne hul eie families en ander gesinne wees (Freeks, 2020:5). Missionale vaders het 'n spesiale rol om hul gesinne geestelik te lei, hul kinders waardes te leer en te demonstreer wat dit beteken om 'n godvrugtige lewe te lei. Dit behels die stel van grense en die verskaffing van leiding en dissipline, terwyl dit ook liefde en genade betoon. Boonop kan 'n vader help om waardes by sy kinders te vestig deur te toon dat aanbidding belangrik is in hul eie lewe aldus Freeks (2020:5).

Binne die konteks van die DRV skep kerke geleenthede vir vaders om geestelik ondersteun te word deur mansbyeenkomste en kleingroepbesprekings. Dit is duidelik uit deelnemers en literatuur dat die huisaltaar (huisbiduur) 'n effektiewe manier kan wees vir vaders om hul gesinne te dissipel. Terselfdertyd word sekere geestelike waardes ook binne die gesin deur die vader as huispriester gevestig.

5.3.4.2. Help vaders om hulle goddelikke roeping te verstaan

Die tradisionele persepsie van die vaderrol binne die kerk en gesin is aan die verander soos genoem deur deelnemer GM50WC3:

Destyds was die kerk sentraal in mense se lewens en het vaders hul goddelike roeping goed verstaan. Vandag is daar so baie ander faktore en afleidings wat veroorsaak dat vaders nie altyd hulle rol verstaan nie.

Volgens Freeks (2018:5) is dit belangrik vir 'n missionale vader om te verstaan dat die lewe nie sy eie is nie, maar dat dit 'n gawe van God is, en om vir ander en vir God te leef. Om 'n missionale ingesteldheid as pa te hê, behels om sending te doen waar jy is en om Bybels gefundeerd te bly.

So, sulke vaders moet sendinggesind en selfs dissipelmakers op beide die gesins- en gemeenskapsvlak wees. Missionale vaders stel 'n voorbeeld van liefde en diens, en inspireer sy kinders om dieselfde te doen. Hy wys dat deur sy tyd op te offer om diegene in nood te help, hy sy missie vervul om die liefde van Christus te toon, aldus Waresak (2013).

Deelnemer GM54FG5 noem:

Ek kan 'n voorval onthou waar ek geweier het om huweliksbevestiging te wees omdat die man nie baie sigbaar was in sy gesin se lewe nie.

Missionale vaders as agente van God moet betrokke wees in die lewe van hul gesinne (Freeks, 2018:5). Dit is God se bedoeling dat ouers hul geloof as gesin deel en saam sending doen deur Bybels gesond op te tree binne die gesinsituasie (Bevins, 2016). Ouers moet ook verseker dat hul kinders die Bybel geleer word en 'n goeie begrip van hul geloof het. Ten slotte moet ouers daarna streef om 'n omgewing in hul huis te skep wat bevorderlik is vir geestelike groei.

Data bevestig dat vaders onbewus is van hul rol in God se sending en nie in ooreenstemming met Bybelse beginsels leef nie. Missionale vaders leef beide na binne (na hul gesin) en na buite (na die gemeenskap). Die vaders van missionale gesinne is onbaatsugtig, vrygewig en gebroke vir beide hul kinders sowel as die gemeenskap, en leef volgens die sending van God.

5.3.4.3. Verduidelik dat ouerskapsrolle omruilbaar is

Deelnemer ANG1 argumenteer dat daar erkenning gegee moet word dat rolle tussen mans en vroue omruilbaar is en noem:

... in party gevalle word die rolle van mans en vroue soms omgeruil.

Hiermee suggureer die deelnemer dat vaderskap 'n funksie is en nie noodwendig aan 'n sekere geslag gekoppel kan word nie. Deelnemer ANG1 noem ook:

God se moederlike karakter moet meer benadruk word.

Die tradisionele geslagsrolle van man en vroue het mettertyd meer buigsaam geword. Mans neem toenemend rolle aan wat tradisioneel deur vroue beklee word, soos die versorging van kinders en die bestuur van die huishouding. Vroue neem op hul beurt rolle aan wat tradisioneel deur mans beklee word, soos om voltyds te werk

en hoër onderwys te volg. Hierdie verskuiwing in tradisionele rolle het 'n meer regverdig geslagsdinamiek in beide die werkplek en die huis geskep (Oláh et al., 2018: 46-48).

Die tradisionele posisie van vaderskap word toenemend uitgedaag deur die groeiende aantal vroue wat die arbeidsmag betree, wat 'n nuwe model van vaderskap nodig maak. Volgens Khunou (2006:42) word rolle dikwels aan versorgers in ons samelewing en sosiale beleid toegeken, maar nie aan ander nie.

Beide ouerrolle moet as omruilbaar beskou word in hierdie nuwe model van vaderskap, en hulle moet ondersteun word om buigsaam en vloeibaar in die gesinseenheid as geheel te wees. Dit is van kardinale belang dat beide die ma en pa, saam met die kind, toegang het tot hierdie nuwe model van vaderskap (Bailey, 2015:13).

Spencer (2010:5) argumenteer dat God nie gebonde is aan menslike geslagsrolle nie, en dat baie van die metafore wat gebruik word om God te beskryf, geslagsneutraal is. Deur manlike, vroulike en onsydige beelde te gebruik, help hulle om 'n vollediger begrip van die aard van God oor te dra, insluitend sy oneindige liefde en deernis.

Vaders moet die geleentheid gegun word om 'n gelyke aandeel te hê in die grootmaak van hul kinders en die versorging van die gesin. Dit sal help om te verseker dat die kinders die beste moontlike omgewing kry om in te groei en floreer. Daarbenewens sal dit 'n gesonder balans tussen werk en lewe vir beide ouers bevorder.

Data en literatuur toon dat vaders tradisioneel moederlike rolle kan aanneem, soos die versorging van kinders, terwyl moeders tradisioneel vaderlike rolle kan aanneem, soos om finansiële en emosionele ondersteuning te verskaf. Beide ouers kan huishoudelike en kindersorgverantwoordelikhede deel, en ewe betrokke wees by die opvoeding van hul kinders. Uiteindelik, wanneer ouers saamwerk om 'n gedeelde huishouding en ouerskapsreëling te skep, baat almal daarby.

5.3.4.4. Skep platvorms om vaders te bemagtig

Deelnemer ANG2 noem:

In die Anglikaanse Kerk konteks word vaders aangemoedig om hulle beskikbaar te stel vir leke-bedienaars. Die kerk het ook 'n doelgerigte program waarvolgens hulle vaders bemagtig. Hulle diensbaarheid word ook aangemoedig in die groter gemeenskap. Die kerkleierskap word aangemoedig om mense, spesifiek mans, bewus te maak van die verskynsel van gesinsgeweld.

Deur vaders in hierdie ruimtes te plaas, kan dit help om 'n positiewe voorbeeld te stel van hoe vaders in die huis behoort te wees. Dit kan ook 'n veilige ruimte bied vir mans om oor hul stryd te praat en hulle van gereedskap te voorsien om hulle te help om beter vaders te wees. Daarbenewens kan dit help om 'n sterk gevoel van gemeenskap en ondersteuning tussen vaders en hul kinders te bou.

OM40 noem:

... baie van vandag se vaders is nog self kinders en het nie die nodige vaardighede om 'n goeie vader te wees vir kinders nie. Meer volwasse mans met meer ervaring moet sulke jong vaders se hande versterk en selfs mentors vir hulle probeer wees.

Omdat tienervaders deur hul eie ouers versorg word, word dit al hoe moeiliker om hul kinders finansiëel en emosioneel te ondersteun. Benewens onderprestasie op skool, is kinders van tienermoeders dikwels betrokke by alkoholmisbruik en word hulle op 'n jong ouderdom seksueel aktief, wat hul waarskynlikheid verhoog om as tieners reeds kinders te hê (Gqola, 2009). Meer ondersteuning vir tienervaders en -moeders is nodig om die welstand van hierdie kinders te verseker. Dit kan kom in die vorm van ouerskapsklasse, berading en finansiële bystand. Boonop is groter bewustheid en opvoeding oor die risiko's van tienerswangerskap nodig.

Deelnemers GM74WC32, GM50WC32, GM83WC32, GM54WC32 is van mening dat opleidingsgeleenthede vir vaders baie gebrekkig is en indien daar wel konferensies of ander geleenthede vir bemagtiging plaasvind, is dit onbekostigbaar en buite bereik van die DRV se vaders.

Opleidingsgeleenthede en -konferensies bied aan vaders en vaderfigure 'n veilige plek om met mekaar te skakel en hul stories te deel, wat gevoelens van isolasie kan verminder en 'n bemoedigende omgewing bied om emosies en ervarings te verwerk. Hierdie tipe verbinding kan mense help om gesien en gehoor te voel, en kan 'n

gevoel van behoort en ondersteuning bied (Niemandt, 2012:5). Dit kan ook 'n geleentheid bied om by ander te leer en insig in verskillende perspektiewe te kry. Saam verteenwoordig hierdie platforms 'n kragtige instrument om 'n gevoel van verbinding en gemeenskap te bevorder, wat mense help om gewaardeer en ondersteun te voel.

Deelnemers (OM40WC14,ENC1) stel voor dat:

Meer volwasse mans met meer ervaring moet sulke jong vaders se hande versterk en selfs mentors vir hulle probeer wees.

Soos beskryf deur Santora et al. (2013:427-428), word mentorskap beskou as 'n samewerkende en persoonlike verhouding waarin 'n mentor die mentee lei tot maksimum sukses. Tucker (2007:i.i.vi) het na mentorskap verwys as 'n verhouding van mentorskap en leer. Volgens Freeks (2021:5) gaan mentorskap verder as lewensafrigting, aangesien die mentor probeer om die beste uit die mentee te haal, en die mentee se siel te koester. Dit vorm ook die mentee se karakter, en strewende om die mentee in totaliteit te ontwikkel. Dus, mentorskap is 'n algemene vorm van leiding en ondersteuning wat beide die mentor en mentee kan help om hul doelwitte te bereik.

Deelnemer ENC2 noem:

Vaderfigure binne ons gemeente is goed ingelig rakende hul rol en verantwoordelikhede. Die program wat in die gemeente gebruik word is Destiny Training.

Munroe (2008:123) voer aan dat dissiplinerende individue help om bewus te word van hul potensiaal en om te fokus op die vaardighede en bevoegdhede wat hulle moet ontwikkel om hul doelwitte te bereik. Verder help dit mense om 'n sin van aanspreeklikheid en verantwoordelikheid te ontwikkel, en om meer bewus te word van hoe hul besluite en optrede hul lewens kan beïnvloed.

Deelnemer VGK 2 noem:

Die kerk probeer om platvorms te skep vir vaderfigure... Preek gereeld oor families en God se ideaal vir hulle. Die kerk het baie beperkte visuele kommunikasie om die rol van vaderfigure te benadruk.

Guder (2000:123) noem dat deur verskillende tipes kunsvorme soos dans, musiek en visuele hulpmiddels te gebruik, is die kerk in staat om 'n boeiende en betekenisvolle ervaring vir sy lidmate te bied. Dit help om 'n dieper verband met die Bybel se verhale en idees te skep, en stel mense in staat om hul geloof op 'n meer betekenisvolle en relevante manier uit te druk. Hierdie tipe kuns het die potensiaal om gesprekke aan te wakker en geestelike refleksie te inspireer. Verder kan dit ook die deur oopmaak vir kreatiewe en innoverende vorme van aanbidding.

Volgens deelnemer VGK1 is daar ingryping in gevalle waar jongmense aan die hoof staan van huishoudings. Niemandt (2019:153) voer aan dat wanneer kerke missionaal is, hulle hulself oopstel vir die behoeftes van hul plaaslike gemeenskappe, en fokus op die verskaffing van ondersteuning en sorg aan diegene wat kwesbaar is. Dit kan 'n tasbare verskil in mense se lewens maak, asook om kerke 'n geleentheid te gee om die evangelieboodskap op 'n werklike en tasbare wyse te demonstreer.

Terwyl kerke in die DRV doelbewuste pogings aanwend om vaders te bemagtig, erken hulle dat daar nog baie tekortkominge op hierdie gebied is. Data en literatuur dui daarop dat tienervaderskap 'n groot bekommernis is, en moedig kerke aan om betrokke te raak by groter bewusmakingsveldtogte om hierdie kwessie aan te spreek. Die gebruik van ouer en meer ervare vaders as mentors vir jong vaders kan beskou word as 'n moontlike metode om ouerskapsvaardighede onder jong vaders te verbeter. Daarbenewens word kerke aangemoedig om kunsvorme (soos dans en musiek) binne hul liturgiese ruimtes te gebruik om die belangrikheid van vaderskap te onderstreep. Kerke moet dus aktief daarna streef om veilige en ondersteunende omgewings vir jong vaders te skep, sodat hulle ouerskap suksesvol kan navigeer.

5.3.4.5. Ondersteuning aan geskeide en enkelvaders

Deelnemer GM54FG5 noem:

Die kerk moet ook maniere vind om geskeide en enkelvaders by te staan sodat hulle meer betrokke kan wees in die lewe van hul kinders.

Soos vroeër verwys is dit die navorser se mening dat mans wat buite-egtelike kinders verwek, geskeide mans sowel as werklose mans, gemarginaliseer word omdat vaderskap uit hierdie situasies nie as 'n hoë prioriteit beskou word nie. Tradisionele sienings van vaderskap is gevorm deur die idee van wat 'n vader

behoort te wees in terme van die finansiële voorsiening vir sy gesin sowel as om emosioneel en geestelik teenwoordig te wees vir hulle. Hierdie gemarginaliseerde vaders is nie in staat om op hierdie maniere te voorsien nie, wat kan lei tot skuldgevoelens en isolasie. Om hulle toe te laat om die aanbidding van God te ervaar, kan hulle help om 'n gevoel van verbintenis en doelgerigtheid te voel, wat hulle nader aan hul geloof kan bring (Stetzer, 2006:260). Dit was reeds twee dekades gelede dat Van Aarde (1999:113) depatriasie van vaderskap voorgestel het. Dit is dus vir vaders moontlik om 'n regmatige plek in hul kinders se lewens te hê sonder om geld of werk te hê of getroud te wees. Die idee van mag word van vaderskap verwyder, en vaderskap kan as iets anders as 'n afdwinger van dissipline en 'n materiële voorsiener beskou word. Met hierdie konsep kan gesien word dat vaders in staat is om 'n meer direkte en persoonlike verhouding met hul kinders te hê, en dat hulle kan bydra tot hul kinders se welstand deur ondersteuning en aanmoediging te bied.

Finansiële bydrae vanaf die vaders se kant word beklemtoon. Deelnemer ANG3 noem:

Vaders moet verplig word om finansiëel by te dra tot kinders se grootmaak.

Die huidige ekonomiese klimaat wat werkloosheid meebring verhinder egter somtyds vaders om aan hul kinders se lewens deel te neem weens hul onvermoë om finansiëel by te dra (Meyer, 2018:4). Dit is as gevolg van die tradisionele idee dat vaders die broodwinners van die gesin moet wees en as hulle nie finansiële ondersteuning kan bied nie, word hulle as onvoldoende beskou. Dit kan tot skuldgevoelens en skaamte vir die pa lei, en kan 'n langtermyn sielkundige uitwerking op die kind hê. Pa's moet ondersteun word om aan hul kinders se lewens te kan deelneem, ongeag hul finansiële situasie. Hierdie teenstrydige sienings dui daarop dat die rol van vaders herdefinieer en hervorm moet word ten einde gelykheid vir beide kinders en vaders te bevorder.

Deelnemer VGK1 noem:

Kerkraadslede word aangemoedig om die vaderfiguurrol te vertolk in die afwesigheid van biologiese vaderfigure.

Soos Bowers du Toit (2014:6) beskryf, is 'n geloofskonteks wat gekenmerk word deur liefde, genade en 'n oortuiging dat elke kind na God se beeld geskape is (*imago*

Dei), een wat die begeerte van jongmense kan bevredig, erkenning gee en geliefd laat voel. 'n Gemeente kan baie bied as sy gevestigde lidmate na kinders en jongmense omsien wat nie in gesonde gesinstrukture grootword nie, soos Nel (2000:23) aanvoer. Kinders en jongmense kan van sulke lede die soort ondersteuning, liefde en leiding ontvang wat hulle nodig het om op 'n veilige manier na volwassenheid oor te gaan; hierdie mense kan selfs as alternatiewe gesinne dien. Boonop sal hierdie aksie 'n geleentheid bied om die Christelike geloof op 'n praktiese manier uit te leef.

Ten slotte kan gemeentes 'n betekenisvolle omgewing vir kinders en jongmense verskaf om op 'n positiewe manier te groei, te leer en te ontwikkel terwyl hulle ook hul behoefte aan liefde en behoort vervul.

Die geloofsgemeenskap moet ondersteuning bied waar nodig. Deelnemer GM46WC38 noem:

In die eerste plek is dit noodsaaklik dat die kerk bewus is van sulke gevalle. In sulke gevalle moet die kerkleierskap sulke gesinne onder hul vlerk neem en gereeld verneem na hul welstand. Hierdie betrokkeheid moet ook gepaard gaan met materiële ondersteuning waar nodig. Getroude paartjies van dieselfde portuurgroep moet sulke huishoudings probeer aanneem.

Volgens Lamb (2015:94) word van die kerk verwag om in te gryp, gesinne te help en te beskerm om doeltreffend as 'n ondersteuningstelsel te dien binne die huisverband. Deur sy lidmate toe te rus om gesinne en kinders wat in gevaar is te bedien en om hulle hoop op 'n beter lewe te gee, is Lamb van mening dat die kerk kan bydra tot geestelike groei en waardetoevoeging tot lewens. Die kerk kan ook dien as 'n platform om gesinne te bemagtig en aan te moedig terwyl hulle deur moeilike tye gaan. Deur 'n veilige omgewing en 'n ondersteunende netwerk te bied, kan die kerk 'n gevoel van gemeenskap en behoort vir sy lidmate bied. 'n Ondersteunende kerk en gesin kan 'n kragtige hulpmiddel wees om gesinne te help om 'n manier te vind om te oorleef en te floreer in die aangesig van uitdagings.

Driscoll (2009:65-66) is van mening dat mentorprogramme vir getroude paartjies 'n effektiewe manier is om 'n missionale kerk te bevorder omdat dit nie net die jonger geslag voorberei vir die bou van 'n sterk gesin nie, maar ook verhoudings tussen ouer en jonger geslagte bevorder. Mentorprogramme bied paartjies die geleentheid

om hul ervarings met mekaar te deel, terwyl hulle ook uit die wysheid van die ouer generasie leer. Dit stel die jonger geslag in staat om insig te verkry in die belangrikheid van familie en die rol wat dit speel in die bou van 'n sterk missionale kerk.

Daar is konsensus onder data en literatuur dat die kerk, as instrument van die *missio Dei*, die beste geskik is om enkel- en geskeide vaders te bemagtig. In die lig van swak ekonomiese vooruitsigte word voorgestel dat vaderskap ook 'n omgeekomponent moet beklemtoon. As deel van die *missio Dei* moet die kerk die behoeftes van sy gemeente sowel as dié van die breër gemeenskap erken en aanspreek om 'n positiewe impak te maak en gemarginaliseerde vaders te bemagtig. Daarom, vir die kerk om enkel- en geskeide vaders effektief te bemagtig, moet dit hulpbronne, ondersteuning en programme verskaf wat by hul behoeftes aangepas is.

5.3.4.6. Ondersteuning aan enkelmoeders

Deelnemer OV40FG11 noem:

Dit is hartseer om te sien hoe mummies al om middernag in lyne staan by teller masjiene om “all pay” gelde te ontvang. Die hartseer is dat nie-werkende vaders ook geduldig wag om voordeel daaruit te trek. Die jong moeders weet eenvoudig net nie wat van hulle verlang word nie.

In die afwesigheid van kennis sal hierdie bose kringloop aanhou herhaal, wat aanleiding gee tot rigtinglose kinders, ongewenste swangerskappe, dwelmmisbruik, swak gedrag en swak akademiese vordering (Linn et al., 2015:13-18). Sonder die regte kennis en hulpbronne word jong enkelmoeders dikwels gelaat met beperkte opsies en swak besluitnemingsvaardighede, wat lei tot die probleme wat genoem word. As gevolg hiervan is hierdie kwessies geneig om selfonderhoudend te word, met 'n gebrek aan kennis en hulpbronne wat die siklus voortsit.

Deelnemer WV49FG11 noem:

Ons strate is vol jongmense wie nie rigting het nie. Baie van hulle kom uit huise met 'n enkelmoeder. Dikwels moet hierdie moeders gaan werk om kop bo water te hou en het daarom nie die kapasiteit om na kinders om te sien nie. Die geloof gemeenskap moet probeer om ruimte te skep vir sulke kinders en daardeur sal hulle ook help om die enkelmoeders se arms te versterk.

Donnelly (2022) voer aan dat die kerke die manier waarop hulle enkelmoeders bedien moet herbedink deur Psalm 68:6 te oorweeg wat sê: "God sit die eensames in families". Om enkelma's en hul kinders te laat floreer, het hulle gesinne nodig. Om die een of ander rede kan baie enkelmoeders nie staatmaak op die deelname van hul families van oorsprong nie, of hul omstandighede is onvoldoende, ontoeganklik of ongesond (Donnelly, 2022). Diegene wat geborgenheid en sorg nodig het, word ondersteun deur God se familie, die Liggaam van Christus. Die kerk kan tasbare ondersteuning en 'n gevoel van behoort bied deur gebed en dae van vriendelikheid. Hierdie ondersteuning kan enkelmoeders help om gesonde gesinne en gemeenskappe te bou waarin hulle kan floreer. Eenmalige geleenthede soos finansiële opleiding, werksopleiding en herhalende geleenthede soos Valentynsdag-etes kan gebruik word om enkelmoeders te ondersteun. Baie vroue kan nie hierdie tipe geleenthede bywoon nie en kan ook somtyds gestigmatiseer word. Diegene wat dit bywoon en dit geniet, het steeds 'n berg uitdagings om by die huis die hoof te bied. 'n Tweede benadering behels die vorming van 'n enkelma-alleen-groep. In die algemeen kan dit lewensvatbare benaderings wees om enkelmoeders te ondersteun en aan hulle die ondersteuning te bied wat hulle nodig het om sukses te behaal (Donnelly, 2022).

Volgens die navorser moet die kerk sulke individue van leiding en ondersteuning voorsien, en 'n omgewing skep waar hulle hul vaardighede kan opbou en hul potensiaal kan ontwikkel. Die kerk moet ook verseker dat ons hierdie kinders die gereedskap gee wat hulle nodig het om sukses te behaal, soos onderwys en werksgeleenthede. Dit moet per slot van sake ook die kerk se doelwit wees om te verseker dat geen jongmense agtergelaat word nie.

Deelnemer GV54FG10 eggo bogenoemde voorstel en noem:

Ek het 'n baie moeilike tyd beleef verlede jaar. Ek het my werk verloor en ook my pa versorg. Daar was nêrens waarheen ek as enkelmammie kon gaan nie en ek het in 'n mate magteloos gevoel. Dit het ook die geleentheid geskep waar die Here met my kon praat ten opsigte van die oprigting van 'n plek waar enkelmammies bemagtig kon word. Ek wil graag sien dat die plek uitbrei tot op 'n punt waar kinders gehelp kan word met die opstel van CV'S, voorbereiding vir werksonderhoude ensovoorts.

Deelnemer GM52FG11 noem:

Die geloofsgemeenskap moet bewus wees van enkelmoeders binne en buite die kerk. Dit belangrik om ook na buite te fokus aangesien die sosiale probleme met kinders ons almal se probleem raak. Enkelmoeders moet aangemoedig word om betrokke te word binne die kerklewe en moenie toelaat dat hulle enkelstatus hulle definieer nie.

Soos Maggio (2022) verduidelik, vrees baie enkelmoeders oordeel en kritiek van ander kerkgangers omdat hul lewenstyl nie ooreenstem met die tradisionele ideale van 'n kerk nie. Hulle kan ook ontkoppel voel van die kerkgemeenskap en vrees om verwerp te word. Dit kan lei tot gevoelens van skaamte en skuld, en 'n gevoel van isolasie. Enkelmoeders kan huiwerig wees om kerk by te woon, of selfs heeltemal ophou om dit by te woon.

Daar is egter ook enkelmoeders wat kerk as 'n ondersteunende en inklusiewe gemeenskap ervaar. Hulle voel dalk dat die kerk vir hulle 'n gevoel van behoort en gemeenskap bied wat hulle andersins nie sou hê nie, soos deelnemer OV52FG10 noem:

My seun is nou 28 jaar oud en ek is besonder trots op hom. Ek is dankbaar teenoor my familie wat die rol van vader in sy lewe vertolk het. Ondersteuning vanuit die geloofsgemeenskap het baie bygedra tot die stabiele jongman wie hy vandag is.

Data en literatuur toon dat dit belangrik is om 'n omgewing van ondersteuning en begrip vir jong enkelmoeders te skep. Volgens die navorser se mening moet die kerk leiding en ondersteuning aan jongmense verskaf en verseker dat hulle alles het wat hulle nodig het om suksesvol te wees. Enkelmoeders kan vertroosting vind in die kerkgemeenskap, en die kerk kan 'n omgewing skep wat hul stryd aanvaar en verstaan. Kerke kan enkelmoeders van hulpbronne en ondersteuning voorsien om hulle op hul reis te help.

5.3.4.7. Mans bedien Woord en neem verantwoordelikheid

Deelnemer ENC2 noem:

Mans kry die geleentheid om die Woord te bedien binne die gemeente. Mans word geleer om verantwoordelikheid te neem. Soos die geval in die groter

gemeente word vaderfigure die geestelike reël van vermenigvuldigings aangeleer.

Deelnemer VGK1 noem:

In konteks van Woordbediening probeer ek as prediker gereeld preek oor vaderfigure, byvoorbeeld Simson se pa.

In die Woord van God word Monoag, Simson se vader, uitgebeeld as 'n persoon wat sy gebreke en tekorkominge erken en vir God om hulp smeek ten opsigte van Simson se versorging en opvoeding. Deur kwesbaarheid te aanvaar en te omhels, is Christen vaderfigure in staat om 'n lewe te lei wat gekenmerk word deur nederigheid en diensbaarheid. Gevolglik kom hulle nader aan Christus deur met sy dood te identifiseer en meer soos Hy te word, aldus Hirsch (2006:133).

Deur die verbintenis te maak om die Woord te predik en verantwoordelikheid te aanvaar, is mans in staat om te groei in hul geestelike lewens. Dit stel hulle in staat om 'n voorbeeld van Christelike gedrag vir hul kinders en diegene rondom hulle te word. Soos hulle in hul geloof groei, kan hulle die kennis en wysheid wat hulle opgedoen het, oordra aan diegene wat dit nodig het.

5.3.4.8. Huweliksbegeleiding en ouerskap

Deelnemer ENC2 noem:

Die rol van die vader word ook sterk beklemtoon tydens huweliksvoorbereiding, maar ook die rol van ouers as 'n kollektief.

Seager (2014:36) argumenteer dat die voorbereidingsfase vir die huwelik die perfekte tyd is om aan die man te verduidelik dat die man se geneentheid vir sy vrou Christus se liefde vir die kerk weerspieël. In die lig van die feit dat hy deur sy gedrag en gesindhede binne die huis uitbrei oor die geheimenisse van die Evangelie, behoort hy baie ernstig te wees oor sy rol en pogings. Volgens Williams (2008:8) bied vaders emosionele ondersteuning aan hul gesinne, wat noodsaaklik is vir die skep van 'n gesonde en koesterende huisomgewing.

Vaders dien ook as rolmodelle vir hul kinders en stel 'n voorbeeld van hoe om te lewe en op te tree. Deelnemer CONG1 noem:

Soos reeds genoem word die doopvont die sleutelpunt binne die liturgiese ruimte waar uiting gegee word aan die sleutelrol wat vaders as “priesters” in hul huise moet optree.

Die doop van 'n kind word beskou as 'n openbare belofte van die ouers om die kind volgens die Here se wil groot te maak (Van Dyk, 2016:13). Dit plaas 'n duidelike verantwoordelikheid op die vader om leiding te neem in gebed en aanbidding by die huis. Die vader moet ook sorg dat die kind oor die Here geleer word en in 'n godsdienstige omgewing grootgemaak word. Die vader moet 'n voorbeeld vir die kind stel deur 'n lewe te lei wat vir God welgevallig is.

Data en literatuur toon dat huweliksvoorbereiding vaders help om te verstaan hoe belangrik dit is om toegewyd te wees aan hul gesin en ouerskap, terwyl die doop dien as 'n herinnering aan hul plig om geestelike leiding aan hul kinders te verskaf.

5.3.4.9. Samevatting

Binne die konteks van die kerke binne DRV het verskeie voorstelle na vore gekom om die "afwesige vader-verskynsel" en morele agteruitgang van jongmense aan te spreek. Sekere voorstelle stem ooreen met die van die literatuur. Literatuur toon dat preekreekse (Cilliers, 2021:67), Christus-gerigte prediking (Mayhue, 2016: 153-156), praktiese prediking (Barnard & Wepener, 2018:368) en aanbidding (Aniol, 2009:23) kan help om missionale vaderfigure te vorm. Data toon dat binne die konteks van die DRV word prediking gebruik as 'n manier van geestelike vorming maar dat die platform vir mans om self die Woord te bedien ook as geestelike vorming beskou word. Data toon 'n sterk klem op die ondersteuning van enkelmoeders, enkelvaders en geskeide vaders.

Soos getoon deur data en literatuur, mag vaders tradisioneel moederlike rolle aanneem, terwyl moeders tradisioneel vaderrolle kan aanneem. Wanneer ouers saamwerk, baat almal daarby. Hierdie samewerking vereis egter dat beide partye buigsaam moet wees en bereid om kompromieë aan te gaan. Dit help ook om 'n meer gebalanseerde huishouding te skep, waar beide ouers in ouerskapspligte deel.

Die kerk moet 'n ruimte skep vir mans om die uitdagings wat hulle in die gesig staar te bespreek, en om te oorweeg hoe geslagsrolle herdefinieer kan word op 'n manier wat groter geslagsgelykheid moontlik maak. Die kerk kan ook geleenthede skep vir mans om ander mans te mentor, en hulle leiding en ondersteuning bied terwyl hulle

hierdie oorgang navigeer. 'n Sterk klem moet geplaas word op aktiewe, positiewe vaderskap wat buite die tradisionele gesinstruktuur bestaan, op vaderskap vanuit 'n kwesbare posisie, en op die erkenning van die uitruilbaarheid van moeder- en vaderskapsrolle. Vaders moet ondersteun en aangemoedig word om 'n aktiewe rol in hul kinders se lewens te neem, ongeag hul huwelikstatus of finansiële situasie. Deur hulpbronne, ondersteuning en programme te verskaf wat aangepas is vir die behoeftes van enkel- en geskeide vaders, kan die kerk hulle ook bemagtig.

Dit is noodsaaklik om die toenemende risiko van tienerswangerskappe binne die konteks van 'n missionale ekklesiologie op 'n meer robuuste manier aan te spreek, want dit het negatiewe gevolge vir beide ouers, kinders, gesinne en kerke. Tienerseuns en jongmense moet aan konferensies en bewusmakingsveldtogte deelneem. Volgens deelnemers en literatuur moet die kerk leiding en ondersteuning aan jongmense bied en seker maak dat hulle voorsien word van elke hulpbron wat hulle benodig vir hul sukses.

Volgens Statistieke Suid-Afrika woon 43,1% van jong kinders uitsluitlik by hul moeders (Shung-King et al., 2019:217). Baie enkelmoeders leef in armoede en is ekonomies onseker ten spyte van die maatskaplike welsyn en bystand wat aan hulle verskaf word. Benewens die voltooiing van skoolopleiding en die vind van werk, ondervind jong enkelmoeders finansiële probleme (Triegaardt, 2005:251). Die navorser is van mening dat die kerk toegerus is om 'n konstruktiewe bydrae te lewer tot hierdie situasie. Kerke moet oop wees vir die verskaffing van hulpbronne soos berading, werksopleiding en finansiële bystand. Hulle moet ook 'n veilige ruimte skep vir jong moeders om hul stryd te bespreek en hulp te soek. Kerkgemeenskappe kan ook aan enkelouers 'n gevoel van behoort gee, beide geestelik en emosioneel. Dit kan hulle help om meer verbonde aan hul geloof te voel en om in moeilike tye vertroosting te vind.

Die kerk kan ook enkelouers voorsien van 'n netwerk van mense wat in hulle glo. Uiteindelik kan die kerk 'n plek van hoop, ondersteuning en deernis vir jong moeders wees, wat hulle help om te floreer en 'n meer vervullende lewe te skep. Dit is deur navorsing en literatuur gedemonstreer dat kerke leiding en ondersteuning aan enkelmoeders kan bied, asook 'n omgewing skep wat hul stryd aanvaar en verstaan.

Volgens Lamb (2015:94) kan kerke as 'n ondersteuningstelsel vir gesinne dien deur 'n veilige omgewing en 'n ondersteunende netwerk te verskaf. Die kerk moet uitwaarts na die wêreld beweeg, betrokke raak by sending en evangelisasie, en ook na binne beweeg na sy lidmate, wat ondersteuning en gemeenskap bied. Die kerk moet hierdie twee kragte in balans hou om sy missie doeltreffend uit te voer. Youn (2018:238-239) redeneer dat indien die kerk sy diakoniese missie wil vervul, moet dit leer uit Jesus se primêre besorgdheid oor en omgee vir die kwesbares in die konkrete werklikheid van die wêreld.

5.4. SLOTSOM

In hoofstuk vyf het die navorser die data wat ingesamel is op grond van die praksissiklus ondersoek en ontleed, dit met die literatuur vergelyk, areas van ooreenstemming en unieke bydraes geïdentifiseer. Dit is duidelik dat deelnemers die belangrikheid van vaders se rolle erken, maar dat kennis en praktyk verwyderd is. Deelnemers maak verskeie voorstelle om die uitdaging van afwesige vaderskap en die morele agteruitgang van jongmense aan te spreek op grond van hul begrip van die agentskap van vaderskap, kontekstuele faktore wat dit kan beïnvloed, en teologiese refleksie oor vaderskap. Dit is daarom duidelik dat daar 'n dringende behoefte is om die uitdagings van afwesige vaders en die implikasies daarvan aan te spreek ten einde positiewe morele ontwikkeling onder jongemense te bevorder. Voortspruitend uit die data wat bespreek is in hoofstuk vyf maak die navorser sekere aanbevelings in die volgende hoofstuk.

HOOFSTUK 6: KONKLUSIE EN AANBEVELINGS

6.1. INLEIDING

In die eerste plek probeer die navorser in hierdie hoofstuk 'n missiologiese refleksie doen op die data wat navore gekom het uit die vorige hoofstuk. Die navorser beantwoord die vrae: Wat is die uitdagings wat die data missiologies aan die orde stel? Sien vaders in die DRV hulleself as God se agente? Daarna sal die navorser probeer voorstelle maak en opkom met praktiese strategieë en aanbevelings vir die Dwarsrivier Vallei asook vir verdere studies om die uitdaging van vaderskap en morele verval van jongmense aan te spreek.

6.2. MISSIOLOGIESE REFLEKSIE: VADERSKAP EN MORELE AGTERUITGANG VAN JONGMENSE

6.2.1. Benadruk die priesterskap van alle gelowiges

Volgens die data wat ingesamel is, speel vaders 'n deurslaggewende priesterlike rol in gesinne en geloofsgemeenskappe. Die priesterlike rol word op twee maniere deur deelnemer OA1 verwys: binne die kerkstruktuur en as die priester van die huis. Beide rolle beklemtoon die priester se rol as hekwagter, en sy optrede speel 'n beduidende rol in die geestelike ontwikkeling van die gesin.

Sweet (2012:174) argumenteer dat verskeie protestantse denominasies die konsep van 'priesterskap van alle gelowiges' bevorder. Baie van hierdie kerke is nie in staat om daardie werklikheid te ervaar nie, aangesien leierskap daarop aandring dat slegs betaalde personeel en geestelikes gesalf word om te lei. Gevolglik belemmer hekwagters ware transformasie en missionale ervaring. Oor die algemeen moet kerkleiers bemagtiging balanseer met 'n soliede hekwagstelsel wat werklike verandering moontlik maak. Rodrán (2004:152) ondersteun die siening en verduidelik dat daar in die geïnstusionaliseerde kerk 'n duidelike verskil tussen geestelikes en leke is, wat dit verhoed om die priesterskap van alle gelowiges effektief te verwesenlik.

Dit is belangrik vir die vader om leierskap by die huisaltaar (huisgodsdienst) te neem aangesien hy as die priester in die gesin optree. Sy hoofsaak is om geestelik met sy

gesin bymekaar te kom en die huisaltaar te vestig (Deelnemer GM83OA2). Hy moet sy gesin leer dat God groter planne vir hulle as gesin en vir elke individu het. Die vader se rol as 'n priester in die gesin is om te lei in gebed, geestelike leiding en onderrig te bied, en 'n atmosfeer van eerbied en respek teenoor God te kweek. Hy moet ook geestelike groei en ontwikkeling in sy gesinslede aanmoedig en bevorder (Bergh, 2002:168). Die pa se rol as 'n priester in die gesin is soortgelyk aan 'n vuurtoringbaken, wat die pad na God verlig en volgens die navorser leiding en ondersteuning bied langs die pad. Die vader se rol is nie net om sy eie gesin te lei nie, maar ook om 'n baken van geestelike leiding in die breër gemeenskap te wees. Sy invloed moet nie net binne die gesin gevoel word nie, maar ook binne die gemeente en breër gemeenskap. Sodoende kan die vader jongmense help om hul weg na God te vind en leiding en ondersteuning te gee.

Volgens Luther het alle gelowiges direk deur Christus toegang tot God. (Yarnell, 2013:2). Volgens Bosch (2011:215) was die konsep van die priesterskap van alle gelowiges bedoel om Christene se verantwoordelike sin en roeping om God te dien te herstel, om aktief aan God se wêreldwerk deel te neem en om die idee uit te daag dat gewone gelowiges bloot "minderjariges" of "onvolwasse voorwerpe" is. Hierdie idee is nie ten volle verwesenlik nie. Roldán (2004:152) wys daarop dat universele priesterskap 'n ongerealiseerde historiese konsep bly. Geïnstitutionaliseerde kerke verdeel geestelikes van leke, wat verhoed dat alle gelowiges hul priesterskap vervul. Soos Van Aarde (2017:2) verduidelik, word elke Christen geroep om sy beurt as priester te dien.

Die navorser is van mening dat vaders daarna moet streef om 'n voorbeeld van deugsame gedrag te stel en hul gesinne aan te moedig om hul geloof te beoefen. Deur hul gesinne in gebed en aanbidding te lei, kan vaders help om 'n gevoel van heiligheid en geestelike leiding by hul gesinne te vestig. Vaders het die unieke geleentheid om geestelike rolmodelle vir hul gesinne te wees. Deur hul gesinne in gebed en aanbidding te lei, kan vaders 'n omgewing skep wat bevorderlik is vir geestelike groei en hul gesinne leer hoe om hul geloof op 'n betekenisvolle en outentieke manier te beoefen. Die uitdaging van die missionale kerk binne die DRV is om vaders sodanig toe te rus dat hulle priesterskap sal uitoefen binne privaat en openbare ruimtes. Die data toon egter dat priesterskap binne die konteks van die DRV beperk is tot die huis en kerk en dat daar ook 'n duidelike ondersgeskiktheid is

tussen die priester by die huis teenoor die priester binne die konteks van die kerk. Die priesterskap van alle gelowiges beklemtoon ook die idee dat alle Christene deel is van dieselfde priesterskap, ongeag geslag, ras of klas.

6.2.2. Omarm vroue-leierskap in kerke

Sekere deelnemers is sterk van mening dat mans aan leiding van gesinne moet staan, beide op materialistiese en geestelike vlak (Deelnemers ENC1,GM38). Volgens Meyer (2018:3) is die idee van 'n goddelike hiërargie gebaseer op die oortuiging dat God mans in 'n hoër posisie as vroue geplaas het. Nadar (2009:554) benadruk hierdie siening en verwys na die Promise Keepers Movement waar mans die absolute hoof van die huishouding is. Vroue moet hul mans ondersteun en eer, sodat hulle die gesagsfiguur in die huis kan wees. Hierdie siening het gelei tot 'n vorm van patriargie waarin mans as die primêre besluitnemers in die gesin gesien word en vroue en kinders as sekondêr en onderdanig aan mans gesien word. Dit kan lei tot 'n gebrek aan respek vir vroue en kinders en 'n miskenning van hul opinies en outonomie. Vaderskap kan volgens hierdie siening slegs plaasvind vanuit 'n magsposisie wat leierskap vanuit 'n posisie van kwesbaarheid onderdruk (Meyer, 2018:4).

Koenig-Visagie en Van Eeden (2013:11) argumenteer dat hierdie patriargale teologie 'n weerspieëling is van tradisionele geslagsrolle wat al vir eeue bestaan. Dit word gesien as 'n manier om beheer te behou en te verseker dat vroue onderdanig bly aan hul manlike eweknieë. Dit help ook om die idee te versterk dat mans die broodwinners moet wees en die rol van die hoof van die huishouding moet aanvaar. Volgens Claasens en Viljoen (2012:146) word die emosionele rol van die vrou in die Afrikaner Christelike konteks gesien as een van onbaatsugtigheid, aangesien daar van haar verwag word om 'n sorgsame ma, vrou en skoondogter te wees wat die behoeftes van haar gesin bo haar eie stel.

Mshweswe (2020:4-5) argumenteer dat die beliggaamde betekenis van manlikheid in Suid-Afrika beduidende implikasies inhou vir gesinsgeweld. Dit hou 'n kultuur van oorheersing en beheer oor vroue voort, wat lei tot hoër koerse van intiemepaargeweld. Deur die kulturele konstruksie van manlikheid te verstaan, kan intervensies fokus op die uitdagende van skadelike oortuigings en gedrag, wat uiteindelik huishoudelike geweldsyfers verminder en vir geslagsgelykheid pleit.

Die kerk moet die bydraes wat vroue tot die kerk en die samelewing lewer, erken en waardeer. Vroue moet toegelaat word om in leiersposisies in die kerk te dien en as gelykstaande aan mans beskou te word. Dit sal help om te verseker dat die kerk God se wil weerspieël en die gawes eer wat God aan al sy mense gegee het.

6.2.3. Vaders binne 'n vaderfiguurparadigma

Vaders is in hierdie studie bespreek, maar in die konteks van die vaderfiguurparadigma, waarin vaders ingesluit is as een van vele figure van vaderskap. Hierdie paradigma dui daarop dat vaders nie die enigste bron van vaderskap is nie, maar ook moeders en ander familielede. Dit dui ook daarop dat vaders nie die enigste bron van vaderliefde is nie. Ten slotte dui dit daarop dat vaders nie die enigste bron van vaderlike leiding is nie, maar ook ander mansfigure soos ooms en oupas. Data reflekteer dat deelnemers meestal na mans en biologiese vaders verwys wanneer daar gereflekteer word oor die vaderrol. Van die deelnemers in die studie is egter ook van mening dat die vaderrol vertolk kan word buite die tradisionele verstaan van 'n vader.

Die feit dat die groep oor hul eie "vaderlike" rol as moeders en as Christene kon praat, demonstreer dat die konteks hulle toegelaat het om anders te dink. Hierdie konteks het hulle toegelaat om tradisionele geslagsrolle uit te daag, en om hul rolle anders te beskou. Volgens hulle teologie verwys hulle slegs na "mans"-tekste wanneer die vaderrol in hulle Bybelse nadenke bespreek word. Dit wil voorkom asof hulle nog nie 'n beduidende skuif gemaak het met betrekking tot die betekenis van manlike vaders in hul Bybelse refleksie nie? Dit kan wees as gevolg van 'n gebrek aan begrip van die belangrikheid van die vaderrol in hul teologie, of dit kan as gevolg van hul patriargale ingesteldheid wees. Of dalk het hulle net nie die vaderrol genoeg in hul Bybelse refleksie ondersoek nie. Wat ook al die rede is, is dit duidelik dat verdere verkenning nodig is om die rol van die vader in die teologie beter te verstaan.

6.2.4. Missionale vaderskap as opofferende en onselfsugtige handeling

Freeks (2019:1) beskryf missionale vaderskap as 'n lewenstyl van opoffering, toegewy aan die welstand van gesinne en kinders, en 'n verbintenis tot die versorging van diegene rondom jou. Dit is 'n lewenstyl van opofferende liefde, wat as 'n rolmodel funksioneer en die liefde van Christus vir kinders beliggaam. Dit is 'n

lewenstyl van doelbewuste dissipelskap, wat die kinders leer hoe om as Christene te lewe en hulle te help om geloof in hul lewens te integreer. Dit is 'n lewenstyl van diens, wat 'n mens se gawes gebruik om die kerk en die gemeenskap te dien. Dit is 'n lewenstyl van hoop, om te glo dat God se genade verlossing en herstel na die wêreld sal bring.

Die een-en-twintigste eeu het vinnige veranderinge meegebring, maar min kerke is bereid om dit te hanteer of in staat om dit te hanteer. Christene, aan die ander kant, verwar ewige waarhede in die Skrif dikwels met 'n bestendigheid van vorm wat verandering in die kerk weerstaan, met die veronderstelling dat die kerk 'n plek van stabiliteit en kontinuïteit is (Brewster & Brown, 2013:121). Hierdie aanname ignoreer die werklikheid van die kerk se geskiedenis, wat gekenmerk is deur baie veranderinge oor die eeue. Die kerk moet bereid wees om verandering te omhels as dit relevant wil bly in vandag se samelewing. Dit lei tot 'n neiging om die inkarnasionele imperatief om op te offer vir die behoeftes van 'n veranderende samelewing, uit die oog te verloor, waaronder vaderloosheid een van die mees prominente is.

Handeling 1:8 is 'n opdrag van Jesus aan sy dissipels om uit te gaan en die Evangelie te versprei, sodat ander Jesus kan leer ken en deur Hom gered kan word. *Missio Dei* is God se goddelike plan vir hierdie sending, waarin dit sy bedoeling is om sy kerk te gebruik om hierdie sending uit te voer (Buys & Jansen, 2015:228). Dit beteken dat die kerk waarvan vaders en vaderfigure deel is gestuur word om 'n lig vir die wêreld te wees, om hoop te bring en om diegene in nood te help.

As deel van hul pogings om bewustheid te verhoog van die kritieke rol van mans in die versekering van huishoudelike en gemeenskapswelstand, behoort gemeentes ook met ander instansies saam te werk. Die talle neerhalende en seksuele opmerkings wat mans maak teenoor vroue wat verbygaan, kan byvoorbeeld as abnormaal geleer word. Boonop kan hulle die druk waaronder mans dikwels geplaas word om geld te hê as voorvereiste om in 'n verhouding met vroue te wees uitdaag (Kabongo, 2022:112). Hierdie druk kan lei tot gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid en lae selfbeeld by mans. Vroue kan help om hierdie narratief uit te daag deur die belangrikheid van eienskappe soos karakter, integriteit en vriendelikheid in verhoudings te beklemtoon. Daarbenewens kan hulle mans

aanmoedig om hul passies na te streef en om trots te wees op hul werk, ongeag hoeveel geld hulle verdien.

Die konsep van missionale lewe is 'n oproep tot aksie, om die evangelie van Jesus Christus na ons naaste en na die wêreld te neem. Dit is 'n begrip dat ons lewens gekenmerk moet word deur 'n begeerte om die liefde van Jesus met diegene rondom ons te deel, en om die boodskap van die evangelie te bring aan diegene wat verlore is en wat redding nodig het. Missionale vaders leef hulle geloof uit op 'n manier wat vir hulle kinders tasbaar en sigbaar is, en hulle dra die belangrikheid daarvan oor om ander te help en om hul geloof uit te leef. Missionale vaders wys vir hul kinders dat geloof nie 'n private saak is nie, maar een wat met ander gedeel en gevier moet word.

6.2.5. Posisioneer kerk as shalomsoekende agent

Die kerk moet nie meer gesien word as 'n plek om op Sondag by te woon nie, maar eerder as die volk van God wat na die wêreld gestuur is om agente van transformasie en versoening te wees. Vaders as deel van die gelowiges word geroep om agente van geregtigheid en barmhartigheid te wees, en om saam met die drie-enige God in sy missie te wees om 'n gebroke wêreld te verlos. Missionale vaders streef daarna om hul kinders groot te maak om mense van doel en karakter te word, toegerus om God en ander te dien. Vaders word geroep om geestelike leiers van hul gesin te wees, deur voorbeeld te lei en 'n goeie voorbeeld vir hul kinders te stel. Missionale vaders word opgeroep om aktief na geleenthede te soek en daaraan deel te neem om hul gemeenskap te dien en God se liefde en genade aan ander te demonstreer.

As mense wil God hê dat ons in vrede en sonder vrees moet lewe. Dit is egter nie 'n werklikheid vir baie vroue in Suid-Afrika nie; elke dag word hulle daaraan herinner dat hulle moontlik in hul eie huise vermoor kan word (Fagbadebo, 2021:2). Dit is die gevolg van die geslagsgebaseerde geweld (GBV) wat algemeen in die land voorkom. Deelnemers GM32WC9 en ANG2 het hierdie kwessie bespreek ook binne die konteks van die DRV. Dit is 'n komplekse kwessie wat 'n omvattende oplossing vereis, en dit verg die toewyding van alle belanghebbendes, insluitend die missionale kerk. 'n Sleutelement van die *missio Dei* is gelowiges se betrokkenheid

by sosiale verantwoordelikhede in die samelewing. Bosch (1991:405) verduidelik dat dit meer as evangelisasie behels.

Gesinsgeweld is nie 'n geïsoleerde gebeurtenis nie, maar eerder 'n gedragspatroon wat gebruik word om 'n ander persoon te beheer. Dit kan fisiese, sielkundige en seksuele mishandeling insluit, sowel as finansiële en emosionele mishandeling. Die misbruiker kan dreigemente, intimidasie en ander vorme van dwang gebruik om mag en beheer oor die slagoffer te behou (Karystianis et al., 2019:2). Gesinsgeweld kan 'n blywende en vernietigende uitwerking op slagoffers hê, insluitend depressie, angs en lae selfbeeld. Dit is belangrik om die tekens van gesinsgeweld te herken en op te tree om slagoffers te help.

Volgens Chisale (2018: 1-2) is vroue dikwels slagoffers van emosionele, fisiese en seksuele geweld aan die hand van hul intieme maats, wat uiteindelik ook kinders negatief beïnvloed binne die gesinsverband. Baie van die slagoffers is verbonde aan 'n geloofsgemeenskap. Die navorser is van mening dat Christen vaders en vaderfigure 'n kragtige voorbeeld vir jongmense kan wees en hulle kan help om God se liefde en vrede te verstaan. Hulle kan ook help om 'n meer vreedsame en harmonieuse samelewing te skep deur vriendelikheid en begrip aan ander te toon. Die shalom van God is nie net 'n toestand van fisiese, emosionele en geestelike welstand nie, maar ook 'n toestand van harmonieuse verhoudings tussen mense, tussen mense en die natuur, en tussen God en die mensdom. Dit is 'n toestand van harmonie en volledigheid, en weerspieël die wese van God self (Sherman, 2022:14). Die kerk word geroep om 'n shalom-soekende agent te wees, omdat dit sy verantwoordelikheid verstaan om 'n krag ten goede in die wêreld te wees. Dit sluit in die verkondiging van die evangelie, die onderrig van mense in God se liefde en die pleit vir geregtigheid en gelykheid. Deur sosiale optrede poog die kerk om 'n wêreld te skep waar alle mense in vrede kan leef en die oorvloedige lewe kan ervaar wat God vir hulle wil hê.

6.2.6. Missionale Ekklesiologie relasioneel in stede van hiërargies

Die drie-enige God wat alles geskep het wat bestaan, is verantwoordelik vir God se sending. Dit beklemtoon die belangrikheid van verhouding en konneksie in sending. Die doel van sending is nie net om fisiese bystand te verleen nie, maar ook om verhoudings en gemeenskap tussen mense te bevorder. (Niemandt, 2012:5) Dit

gaan oor die ontwikkeling van betekenisvolle verhoudings wat die genesing en heelheid van gebrokenheid fasiliteer. Dit poog om mense en gemeenskappe te transformeer deur die krag van liefde. Verder gaan dit daarvoor om positiewe verandering in mense se lewens te skep en om gebroke verhoudings te herstel. Dit gaan uiteindelik oor die herstel van verhouding met God. Ons hou verband met die Drie-eenheid deur die Vader as Skepper, die Seun as Verlosser aangesien hy sy bloed vir ons gegee het, en die Heilige Gees as Heiligmaker aangesien hy in ons woon (Flett 2010:6). McNeal (2009:23) verklaar dat 'n kerk wat 'n missionale perspektief omhels, een is wat die evangelie sien as meer as net 'n stel oortuigings en praktyke, maar eerder 'n lewenswyse wat bedoel is om met die wêreld gedeel te word.

Gevolgtrek moet Christelike gemeenskap 'n relasionele en missionale gemeenskap wees om beskou te word as 'n gemeenskap wat in gemeenskap met die drie-enige God leef (Breedt & Niemandt, 2013:1). Hierdie relasionele en missionale gemeenskap moet nie verwar word met 'n hiërargiese en geïnstitutionaliseerde benadering tot die Christendom nie. Dit moet eerder gesien word as 'n gemeenskap waarin elke individu gewaardeer en gerespekteer word as deel van 'n groter geheel. Saccone (2009:14) voer aan dat mense relasionele wesens is aangesien God ook as 'n relasionele wese bestaan. Omdat ons na God se beeld gemaak is, begeer God dat ons dieselfde tipe verhouding sal geniet as wat Hy ervaar (Vader, Seun, Gees).

Volgens Sweet (2009:112) is relasionele bewussyn 'n begrip van die belangrikheid van die ontwikkeling van verhoudings met ander ten einde die evangelie te deel. Dit moedig mense aan om te fokus op die ontwikkeling van verhoudings met ander eerder as bloot op prediking of proselitisering. Relasionele bewussyn is noodsaaklik om 'n missionale kultuur te skep en die kerk te mobiliseer vir diens. Dit behels die skep van 'n gevoel van gedeelde doel en visie, die bou van verhoudings en die deelname aan betekenisvolle dialoog. Relasionele bewussyn help om 'n gevoel van behoort te skep en eenheid onder gelowiges te bevorder.

6.2.7. Gebruik kunsforme as bewusmaking

Die missionale kerkdiskoers vra vir 'n verskuiwing in fokus weg van 'n kerk wat gebaseer is op die handhawing van die status quo en eerder 'n kerk te word wat aktief besig is met gestuurdheid. Deur die kerk se praktyk en aanbidding te

herstruktureer, het dit die potensiaal om 'n eksterne fokus te skep, eerder as 'n na binne gerigte een, wat voordelig sal wees om 'n sterker gemeenskap te skep en meer mense by hul geloof te betrek (Baron & Maponya, 2020: 5). In kerke binne die DRV is daar baie min bewusmakingsinisiatiewe rakende positiewe vaderskap, en in die meeste gevalle bly dit 'n randgesprek. Die navorser is van mening dat meer innoverende benaderings, veral binne die aanbidding en liturgiese ruimtes die boodskap van positiewe vaderskap sal versterk.

Die kerk behoort 'n plek van geestelike groei te wees, waar lidmate vaardighede en kennis kan opdoen wat hulle in staat sal stel om God te dien en effektiewe getuies te wees (Guder, 2015:74-75). Die kerk moet ook 'n plek van gemeenskap wees, wat aan sy lede 'n ondersteunende en bemoedigende omgewing bied. Die verskillende kerktradisies het 'n aansienlike hoeveelheid 'insluiting'-simbole en -narratiewe, maar in baie gevalle kies kerkleierskap aspekte van hierdie tradisies wat uitsluiting en vervreemding bevorder. Dit kan gesien word in die uitsluiting van sekere minderheidsgroepe, of in die interpretasie van sekere heilige tekste. Dit kan 'n vyandige omgewing skep vir gemarginaliseerde groepe, en kan verhoed dat hulle 'n gevoel van behoort en geborgenheid in die kerk ervaar. Die navorser is van mening dat die beeld van 'n tradisionele gesin geskeide vroue en mans, ongetroude vaders, tienerouers en selfs selfdegeslagouers marginaliseer. 'n Missionale aanbidding moet God se natuur as sender erken sowel as sy uitnodiging om die skepping te herstel en sy 'voorkeur en beloofde toekoms' te herstel, soos Niemandt (2019:156) uitwys.

Missionale aanbidding moet gevorm word deur die behoeftes van die wêreld rondom ons, en moet daarna streef om 'n plek van geestelike transformasie te wees. Dit moet ook 'n plek van aanmoediging en ondersteuning wees, waar mense kan groei in hul verhouding met God en met ander. Visuele elemente het meer kompleks en meesleurend geword, wat gebruikers 'n groter gevoel van betrokkenheid en betekenis bied. Dit het die manier verander waarop boodskappe gekommunikeer word, met beeldmateriaal wat dikwels as die fokuspunt van 'n boodskap gebruik word (Schattauer, 1999:17). Dit is belangrik om daarop te let dat visuele elemente soos illustrasies, skilderye en beeldhouwerke 'n blywende indruk kan maak. Hulle is ook waardevolle hulpmiddels om komplekse idees en boodskappe op 'n bondige en maklik verstaanbare wyse oor te dra, wat dit 'n effektiewe metode van kommunikasie maak. Gegewe die impak wat kunsvorme op die geestelike vorming van mense, stel

die navorser voor dat kerke verskillende kunsvorme (soos dans, musiek, foto's) in samewerking met instellings soos die huwelik en kinderdoop/toewyding moet gebruik om positiewe vaderbetrokkenheid te bevorder.

6.2.8. Vaderskap vanuit ekonomiese kwesbaarheid

Meyer (2018:7) argumenteer dat patriargale samelewings mans tradisioneel beskou as die hoof van die huishouding en die primêre broodwinner, 'n tradisionele siening wat ondersteun word deur godsdienstige leerstellings en miskien 'n produk van die feit dat die gesin die eenheid was van die samelewing in die 21ste eeu. Hierdie siening is ondersteun deur die kulturele norme van die tyd, wat mans in mags- en gesagsposisies geplaas het, en daar is dikwels van vroue verwag om tuis te bly en die huis en kinders te versorg. Hierdie siening is ook ondersteun deur godsdienstige leerstellings, wat geleer het dat mans die leiers is en vroue die volgelinge volgens Ademiluka (2021:1).

Daar word van die pa in Suid-Afrika, soos in baie ander lande, verwag om sy gesin finansiëel te onderhou. Die meerderheid mans ervaar ontmagtiging en word weens hul finansiële omstandighede uitgesluit van die voorregte verbonde aan dominerende en suksesvolle manlikheid en ouerskap (Meyer, 2018:6). Hierdie finansiële uitsluiting beteken dikwels dat mans nie aan die verwagtinge van vaderskap kan voldoen nie. Hulle is ook nie in staat om vir hul kinders te voorsien nie, wat lei tot 'n gebrek aan emosionele en sielkundige ondersteuning. Gevolglik ervaar mans in Suid-Afrika dikwels gevoelens van magteloosheid en hopeloosheid. In DRV kan die werkloosheidsyfer in sekere gebiede so hoog as 60% wees (Imbali, 2022). Uiteindelik laat hierdie gebrek aan finansiële insluiting baie mans kwesbaar voel en is hul nie in staat om hul kinders te ondersteun nie, wat lei tot 'n vernietigende impak op hul sielkundige en emosionele welstand. Die missiologiese vraag is dus: kan finansiële bydrae bepaal of mans deel kan vorm van die *missio Dei*?

Volgens 'n studie (IOL, 2023) wil ekonomies kwesbare mans vir hul kinders voorsien, maar prioritiseer hulle dit om in hul kinders se ekonomiese behoeftes te voorsien bo die voorsiening van ander behoeftes. Dit is belangrik dat mans betrokke is by nie-finansiële rolle vir hul kinders deur middel van psigo-opvoedkundige programme en

studies. Hierdie programme moet daarop fokus om mans te leer oor emosionele geletterdheid, en die belangrikheid daarvan om emosionele ondersteuning aan hul kinders te bied. Boonop moet hulle die belangrikheid daarvan beklemtoon dat vaders tyd saam met hul kinders deurbring en saam met hulle aan aktiwiteite deelneem. Vir finansiële kwesbare vaders moet hul missionale rol daarop fokus om emosionele ondersteuning en leiding aan hul kinders te bied. Hulle moet die belangrikheid beklemtoon om met hul kinders verbind te bly en hulle 'n gevoel van veiligheid en stabiliteit te gee. Daarbenewens moet hulle betrokke raak by aktiwiteite saam met hul kinders, soos lees, speletjies speel en gesprekke voer wat emosionele groei aanmoedig.

Daar is getoon dat vaders wat aktief aan hul kinders se lewens deelneem, meer effektiewe kommunikasie het, minder konflikprobleme het, meer bekwaam voel as ouers en meer geneig is om sterker verhoudings met hul kinders en hul gesin te hê. Vaders voel minder afhanklik van ander en het meer vertrouwe in hul vermoëns as gevolg daarvan (Circle, 2017:4-5). Ten slotte moet vaders aangemoedig word om 'n aktiewe rol in hul kinders se emosionele welstand te speel, ongeag hul finansiële situasie.

6.2.9. Verstaan konteks van jongmense

Volgens Keum (2013:27) is jongmense soekend na 'n nuwe soort gemeenskap wat meer outentiek en minder institusioneel is. Hulle wil iets hê wat nouer aan hul lewens gekoppel is en wat hulle 'n gevoel van behoort bied. Die teenwoordigheid van Jesus in 'n gemeente kan tot twee resultate lei: stagneer of transformeer. Die missie van God word op 'n verskeidenheid maniere uitgedruk, en plaaslike gemeentes is in 'n unieke posisie om betrokke te raak by gemeenskappe wat transformasie benodig. Deur hul betrokkenheid kan hulle praktiese hulp sowel as geestelike leiding bied.

'n Missionale kerk bestaan om deel te neem aan die sending van God, wat begin het met die skeppingsdaad. Dit verkondig 'n nuwe manier van dink oor die hele skepping, insluitend mense, die aarde se wesens en die geskape heelal self (Bevans & Schroeder, 2004:376; Niemandt, 2015:3). Masala en Aziz (2020:2) haal Kato (1985) en Roetzel (1985) aan wat argumenteer dat die Bybel geskryf is as gevolg van kontekstualisering, en die skryf daarvan is gevorm deur die kontekstuele realiteite van die wêreld in die Nuwe Testament. Ten einde die Bybelse boodskap in

die taal van die dag oor te dra, was die skrywers van die Bybelse boodskap bewus van die kontekstuele realiteite rondom hulle en hul lesers. Volgens Shepherd (2010:151) is jongmense geneig om meer oop te wees om ander waardes en lewenswyses te volg, wat dit noodsaaklik maak vir die kerk om kontekstueel relevant te wees.

Hoe kan hierdie uitdaging aangespreek word? Volgens Mullen (2020:89) moet die kerk 'n omgewing skep waar jongmense welkom voel, gerespekteer word en hul twyfel en opinies kan uitspreek sonder vrees vir oordeel of straf. Die godsdienstige en geestelike leiding wat aan jongmense verskaf word, moet die holistiese konteks waarin hulle groei in ag neem, sodat hulle minder godsdienstige absolutisme ervaar. Jeugbediening moet fokus op die bou van verhoudings tussen jongmense en die onderrig van leerstellings op 'n manier wat 'n gevoel van behoort bevorder. Deur 'n begrip van die huidige menslike ervaring deur kontekstualisering, kan Christene die Christelike geloof in 'n bepaalde opset verstaan (Bevans, 2016:3). Die navorser is van mening dat die kerk kontekstueel relevant kan wees vir jongmense in die 21ste eeu, en dat dit 'n groot rol kan speel in die geestelike vorming van jongmense en die teenwerk van morele agteruitgang.

6.3. TOEKOMSTIGE NAVORSING

- Navorsing moet uitgebrei word na kleiner kerkgroeperings binne die konteks van die DRV sodat hulle stem ten opsigte van afwesige vaderskap en die morele agteruitgang van jongmense gehoor kan word.
- Daar moet gekonsentreer word op die toename in voortydige swangerskappe en moontlike oplossings daarvoor uit 'n missionale perspektief.
- Verdere navorsing is nodig vir die ontwikkeling van 'n missionale ekklesiologie wat vaderskap vanuit 'n posisie van kwesbaarheid aanspreek.
- Soos vroeër genoem, het die gesinstruktuur nuwe vorme aangeneem. Dit sluit in saamgestelde gesinne, nie-tradisionele

gesinne en selfdegeslag-verhoudings. Onder voorgesette studies sal dit interessant wees om te kyk hoe hierdie gesinne vaderskap sal sien en beskryf.

6.4. OORSIG VAN HOOFSTUKKE

In hoofstuk een probeer die navorser die leser bekendstel aan die navorsingsomvang en teikenpopulasie. Ten einde 'n beter begrip van vaderloosheid en morele degenerasie onder jongmense te kry, doen die navorser 'n literatuuoroorsig. Literatuur vind 'n korrelasie tussen vaderloosheid en morele degenerasie. 'n Gedetailleerde beskrywing van die probleem, die navorsingsvraag en sekondêre vrae word verskaf. Daar word verduidelik dat daar drie paradigmas van navorsing is: positivisme (in 'n modernistiese raam), sosiale konstruktivisme (in 'n postmoderne raam) en kritiese realisme. Verder probeer die navorser verduidelik hoe die studie die samelewing, sending en ekklesiologie gaan beïnvloed. 'n Bespreking van die etiese implikasies van die studie word ook verskaf om te verseker dat deelnemers se regte gerespekteer word en hul data toepaslik gebruik word.

